

**BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE – 'N GEREFORMEERD
KERKREGTELIKE STUDIE**

deur

J.H. Howell

(B. Rek; Th.B; Th.M.)

**BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE – 'N GEREFORMEERD
KERKREGTELIKE STUDIE**

J.H. Howell

Proefskrif voorgelê vir die graad Philosophiae Doctor in Kerkreg aan die
Noordwes-Universiteit (Potchefstroomkampus)

Promotor: Prof. A le R du Plooy

2004

Potchefstroom

VOORWOORD

Dank aan ons hemelse Vader. Dit staan voorop in my gemoed by die afhandeling van hierdie stuk navorsing. Sonder die diepe wete dat Hy die krag en bystand en genade en volharding gee, sou die finale produk, met al sy moontlike gebreke, nie gerealiseer het nie.

'n Mens se vrou en kinders is jou naby-mense wat werklik weet hoeveel tyd en afknyptydjies en familietyd opgeoffer en ingeploeg word. Dankie vir julle begrip en liefde. My vrou, Ina, vir wie jy is, en my kinders, Johan, Fanus, Anel en Mart-Mari, vir julle liefde en "daarwees". Vir julle elkeen is ek die Here innig dankbaar.

My ouers aan beide kante, pa en ma Johan en Marthie en pa en ma Fanie en Annatjie, die Here het julle as fondamentleggers in my lewe gebruik. Dankie vir julle liefde en ondersteuning.

Aan elkeen van die gemeentes waar ek gedien het, naamlik die Gereformeerde Kerke Potchefstroom-Suid, Brakpan-Suid en Heidelberg – dankie vir die geleentheid om verder te kon studeer en om uiteindelik ook in staat te wees om iets op skrif te kon stel.

'n Woord van innige dank aan daardie teologiese leermeesters wat die onvoorwaardelike buig voor God en sy Woord as hoogste beginsel vir gelowigwees en vir die teologie by my help inprent het.

Aan prof. Dries du Plooy as promotor vir die gesprekke en tyd wat hy ingeploeg het, is daar my hoogste waardering. Dankie aan prof. Thys Syffert wat die taalversorging vir my behartig het. Groot dank ook aan die personeel van die teologiese biblioteek en van die Ferdinand Postma biblioteek vir hulle hulp en insette.

My alma mater, die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys, se beurs het dit ook vir my help moontlik maak om hierdie studie af te handel. Baie dankie daarvoor.

My bede is dat hierdie studie, ten spyte van gebreke en tekortkominge, 'n bydrae sal lewer tot die opbou en bewaring van die kerk van ons Here Jesus Christus en in die besonder vir die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, wat ek innig lief het.

OPSOMMING

In die Gereformeerde kerkregtelike tradisie bind gelowiges hulleself op grond van hul gemeenskaplike geloof en belydenis aan bepaalde sake. Die kernvraag wat in hierdie studie aan die orde kom, is: Hoe bind gelowiges hul aan kerklike besluite en wat is die implikasies van sodanige binding? Die sentrale teoretiese argument van hierdie studie, is: Die onderlinge onderneming tussen gelowiges tot die binding aan kerklike besluite is 'n vrywillige *verpligting*, aangesien gelowiges hulleself gesamentlik en individueel as gebonde beskou aan die Skrif, belydenis en kerkorde op grond waarvan kerklike besluite gesamentlik geneem word.

Hoofstuk 2 ondersoek die oorsprong en begroning van die binding aan kerklike besluite. Daarna volg 'n kort historiese oorsig van die vorming van die begrip "binding aan kerklike besluite". Vervolgens word die omvang van die binding aan kerklike besluite ondersoek en die rol van wesentlike en middelmatige sake nagegaan.

In hoofstuk 3 word gefokus op die wyse waarop gelowiges hulle aan die belydenis bind, asook op die stryd rondom belydenisbinding. Verder word gekyk na die belangrikheid van kerkverband en die negatiewe gevolge wanneer die binding aan kerklike besluite negeer word. In die laaste plek word die wyse waarop kerke hul aan die kerkorde (behoort te) bind, ondersoek en die positiewe gevolge van sodanige binding aangetoon.

Hoofstuk 4 belig die kernprobleme wat aanleiding gee tot 'n verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite. Daarna word die agtergrondgeskiedenis van afwykende binding aan kerklike besluite kortliks bespreek. Verder word die stryd in Suid-Afrika rakende die binding aan kerklike besluite, in die besonder binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, belig.

In hoofstuk 5 word wanbegrippe oor die binding aan kerklike besluite uitgewys. Vervolgens word die besondere aard van die binding aan kerklike besluite behandel. Daarna word die eise en verpligtinge wat voortvloei uit die binding aan kerklike besluite aangetoon, asook die positiewe gevolge wanneer die binding aan kerklike

besluite gehandhaaf word. Laastens word die verantwoordelikheid om die binding aan kerklike besluite uit te bou en onder die aandag te bring, beklemtoon.

ABSTRACT

According to the tradition of the Reformed church polity, believers commit themselves on grounds of their common faith and confession to certain matters. The critical question which has to be answered in this study, is: To what extent do believers commit themselves to the decisions of the church and what are the implications of such a commitment? The central theoretical argument of this study is: The mutual agreement between believers to commit themselves to decisions of the church is 'n voluntary commitment, because believers consider themselves as devoted to the Scriptures, confession and churchorder on which grounds decisions of the church are taken.

Chapter 2 investigates the origin and leading thought of the binding and commitment to decisions of the church. Then there is a short historical overview on the shaping of the concept "binding and commitment to decisions of the church". Subsequently the scope of this binding agreement to decisions of the church as well as the role of fundamental and indifferent matters are explored.

Chapter 3 focuses on the way in which believers commit themselves to the confession and also on the conflict surrounding the binding agreement to the confession. Furthermore the importance of church denomination and the negative consequences when the binding agreement to decisions of the church are ignored, are examined. In the last instance, the way in which churches should bind themselves to the churchorder and the positive results of such a binding, are investigated.

Chapter 4 highlights the main problems which lead to a misconception in the understanding of the binding agreement to decisions of the church. Then the history of deviation from the binding agreement to the decisions of the church, is reviewed. Furthermore the conflict in South-Africa about the binding to the decisions of the church, especially within the Reformed Churches in South-Africa, is looked at.

In chapter 5 the misconceptions about binding to the decisions of the church are pointed out. Next, the distinctive character of the binding to the decisions of the church is dealt with. Subsequently the demands and commitments which arise from

the binding to the decisions of the church are explored, as well as the positive results obtained when maintaining the binding agreement to the decisions of the church. The final part emphasizes the responsibility to extend and to bring to the attention of believers the concept of binding to the decisions of the church.

SLEUTELTERME VIR INDEKSERING

Binding.....Binding
Kerklike besluite.....Decisions of the church
Wesentlike sake.....Fundamental matters
Middelmatige sake.....Indifferent matters
Belydenis.....Confession
Kerkverband.....Church denomination
Kerkorde.....Churchorder

2.2.1.1.	Samevatting	9
2.2.2.	Die praktyk en toepassing van die binding aan kerklike besluite vanuit die Woord	9
2.2.2.1.	Samevatting	19
2.3.	BEGRIPE UIT DIE WOORD WAT DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE BEVESTIG	20
2.3.1.	Binding	21
2.3.2.	Eenheid	21
2.3.3.	Trou	22
2.3.4.	Verpligting/gebondenheid	23
2.3.5.	Broederliefde	23
2.3.6.	Besluit	24
2.3.7.	Opbou	24
2.3.8.	Orde	25
2.3.9.	Gesag	25
2.3.10.	Eerlikheid	26
2.3.11.	Vrede	26
2.3.12.	Samevatting	27

2.4.	ENKELE KARDINALE AFLEIDINGS UIT DIE WOORD TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE	28
2.5.	'N KORT HISTORIESE OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE VORMING VAN DIE BEGRIP "BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE"	28
2.5.1.	Die tydperk van die Nuwe Testament tot en met die Reformasie en die binding aan kerklike besluite	29
2.5.1.1.	Samevatting	32
2.5.2.	Die tydperk van die Reformasie tot en met vandag en die binding aan kerklike besluite	33
2.5.2.1.	Samevatting	37
2.6.	DIE OMVANG VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE	38
2.6.1.	Inleiding	38
2.6.2.	Uitgangspunte	40
2.6.2.1.	Samevatting	42
2.6.3.	Wesentlike sake	42
2.6.3.1.	Samevatting	45
2.6.4.	Middelmatige sake	45
2.6.4.1.	Wat is middelmatige sake?	48
2.6.4.2.	Afwykinge van middelmatige sake	49
2.6.4.3.	Binding aan middelmatige sake	50
2.6.4.4.	Middelmatige sake en usansie	53
2.6.4.5.	Samevatting	53
2.7.	SLOTSOM	54

HOOFSTUK 3: BELYDENIS, KERKVERBAND, KERKORDE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITTE	56
3.1. INLEIDING	56
3.2. DIE ROL WAT DIE BELYDENIS SPEEL BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITTE	58
3.2.1. Inleiding	58
3.2.2. Wat is 'n belydenis?	59
3.2.3. Belangrikheid en doel van 'n belydenis	60
3.2.4. Die wyse waarop gelowiges binne kerkverband hulle aan die belydenis bind	64
3.2.4.1. Die gelowige en belydenisbinding	64
3.2.4.2. Die ondertekeningformulier en belydenisbinding	65
3.2.4.3. Die verstaan van belydenisbinding	69
3.2.4.4. Gebrek aan belydenisbinding	73
3.2.4.4.1. Samevatting	74
3.2.5. Die stryd rondom die belydenis en die binding aan kerklike besluite	75
3.2.5.1. Die stryd in die verlede rondom die binding aan die Nederlandse Geloofsbelydenis	75
3.2.5.1.1. Samevatting	77
3.2.5.2. Die stryd in die verlede rondom die binding aan die Heidelbergse Kategismus	77
3.2.5.2.1. Samevatting	79
3.2.5.3. Die stryd in die verlede rondom die binding aan die Dordtse Leerreëls	80
3.2.5.3.1. Samevatting	81

3.2.5.4.	Die voortgaande stryd oor die binding aan die belydenisskrifte	81
3.2.5.4.1.	Samevatting	86
3.2.6.	Gevolge wat 'n belydenis het vir die binding aan kerklike besluite	86
3.2.6.1.	Samevatting	90
3.3.	DIE ROL VAN DIE KERKVERBAND BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	91
3.3.1.	Inleiding	91
3.3.2.	Definisies van kerkverband	92
3.3.3.	Wat kerkverband nie is nie	95
3.3.3.1.	Samevatting	97
3.3.4.	Ontstaan en doel van kerkverband en die gronde waarop 'n kerkverband gebou is	97
3.3.4.1.	Samevatting	103
3.3.5.	Die wesentlike vir die instandhouding van kerkverband	104
3.3.5.1.	Samevatting	108
3.3.6.	Gevolge van kerkverband vir die kerke	108
3.3.6.1.	Samevatting	115
3.3.7.	Gevolge wanneer kerke binne kerkverband hulle nie bind aan kerklike besluite nie	115
3.3.7.1.	Samevatting	116
3.4.	DIE ROL VAN DIE KERKORDE BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	116
3.4.1.	Definisie en omskrywing van die rol van 'n kerkorde	116
3.4.1.1.	Samevatting	118

3.4.2.	Wat 'n kerkorde nie is nie	119
3.4.2.1.	Samevatting	121
3.4.3.	Ontstaan en doel van 'n kerkorde	121
3.4.3.1.	Samevatting	129
3.4.4.	Die verhouding belydenis en kerkorde en die binding aan kerklike besluite	129
3.4.4.1.	Samevatting	133
3.4.5.	Stryd rondom die verstaan van binding aan die kerkorde as deel van die binding aan kerklike besluite	134
3.4.5.1.	Samevatting	136
3.4.6.	Die wyse waarop kerke binne kerkverband hul aan die kerkorde bind	136
3.4.6.1.	Samevatting	142
3.4.7.	Die gevolge van binding aan 'n kerkorde vir die binding aan kerklike besluite	143
3.4.7.1.	Samevatting	145
3.5.	SLOTSOM	146
HOOFSTUK 4: DIE STRYD EN VERDEELDHEID OOR DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE		148
4.1.	INLEIDING	148
4.2.	KERNPROBLEME RONDOM DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	148
4.2.1.	'n Verkeerde verstaan van kerkverband, belydenis en kerkorde en die binding aan kerklike besluite	148
4.2.2.	'n Verkeerde verstaan van die binding aan Skrif, belydenis en kerkorde en die binding aan kerklike besluite	151

4.2.3.	’n Verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite kan tot eiewillige optrede lei	154
4.2.4.	Skrifhantering lei tot uiteenlopende sienings oor die binding aan kerklike besluite	156
4.2.5.	Die wetenskap as oorsprong van afwykende sienings oor die binding aan kerklike besluite	161
4.2.6.	Afwyking van voorheen aanvaarde vaste vertrekpunte en die binding aan kerklike besluite	163
4.2.7.	Optredes en gesindhede wat die siening van binding aan kerklike besluite negatief kan beïnvloed	164
4.2.8.	Samevatting	166
4.3.	DIE AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN AFWYKENDE OPTREDES TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE	167
4.3.1.	Die Rooms-Katolieke Kerke en die Wederdopers in die tyd van die Reformasie en die binding aan kerklike besluite	167
4.3.1.1.	Samevatting	169
4.3.2.	Gereformeerde Kerke in Nederland en die binding aan kerklike besluite	169
4.3.2.1.	Nederland voor 1618 en die binding aan kerklike besluite	169
4.3.2.1.1.	Samevatting	178
4.3.2.2.	Nederland ná 1618 en die binding aan kerklike besluite	178
4.3.2.2.1.	Samevatting	180
4.3.2.3.	Die Afskeiding van 1834 en die binding aan kerklike besluite	180

4.3.2.3.1. Samevatting	183
4.3.2.4. Die Doleansie van 1886 en die binding aan kerklike besluite	183
4.3.2.4.1. Samevatting	187
4.3.2.5. Stryd om kerkherstel in die negentiende eeu in Nederland en die binding aan kerklike besluite	188
4.3.2.5.1. Samevatting	190
4.3.2.6. Die stryd rondom ds. Geelkerken en die binding aan kerklike besluite	190
4.3.2.6.1. Samevatting	191
4.3.2.7. Die Vrymaking van 1944 en die binding aan kerklike besluite	191
4.3.2.7.1. Samevatting	193
4.3.2.8. Kuitert en die rapport "God met ons" en die binding aan kerklike besluite	194
4.3.2.8.1. Samevatting	196
4.3.3. Frankryk en Engeland en die binding aan kerklike besluite	196
4.3.3.1. Samevatting	198
4.4. Die stryd in Suid-Afrika rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite	198
4.4.1. Tendense wat 'n invloed mag uitoefen op die verstaan van die binding aan kerklike besluite	198
4.4.1.1. Inleiding	198
4.4.1.2. Liberalisme en die binding aan kerklike besluite	199
4.4.1.3. Kollegialisme en die binding aan kerklike besluite	202
4.4.1.4. Independentisme en die binding aan kerklike besluite	203
4.4.1.5. Die postmodernisme met sy relasionele waarheidsbegrip en die binding aan kerklike besluite	204

4.4.1.6.	Eenheid ten koste van die waarheid en die binding aan kerklike besluite	207
4.4.1.7.	Samevatting	209
4.4.2.	Oproep tot wysiging of afskaffing van die belydenis en die kerkorde en die binding aan kerklike besluite	209
4.4.2.1.	Oproep tot wysiging of afskaffing van die belydenis	210
4.4.2.2.	Samevatting	213
4.4.2.3.	Oproep tot wysiging en afskaffing van die kerkorde	214
4.4.2.2.1.	Samevatting	215
4.4.3.	Die spesifieke situasie binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) ten opsigte van die binding aan kerklike besluite	216
4.4.3.1.	Binding aan kerklike besluite binne die GKSA in die gedrang	216
4.4.3.3.1.	Samevatting	225
4.4.3.2.	Bevraagtekening van die eie aard van die binding aan kerklike besluite binne die GKSA	226
4.4.3.2.1.	Snyman se kritiese evaluering van die GKSA	226
4.4.3.2.2.	Ander teoloë se (soms implisiete) kritiese evaluering van die GKSA	227
4.4.3.2.3.	Tendense afleibaar uit die bevraagtekening van die binding aan kerklike besluite	229
4.4.3.2.4.	Samevatting	230
4.4.3.3.	Motivering van die bevraagtekening van die binding aan kerklike besluite	231
4.4.3.3.1.	Samevatting	232

4.4.3.4.	Probleme rondom die interpretasie van die binding aan kerklike besluite	233
4.4.3.4.1.	Samevatting	235
4.5.	SLOTSOM	235
HOOFSTUK 5:	DIE BETEKENIS EN BELANGRIKHEID EN TOEPASSING VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	237
5.1.	INLEIDING	237
5.2.	DEFINISIE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	237
5.3.	WANBEGRIP OOR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	241
5.3.1.	Die binding aan kerklike besluite is nie sinodalisme nie	241
5.3.2.	Binding aan kerklike besluite is geen willekeurigheid nie	242
5.3.3.	Binding aan kerklike besluite is nie onvoorwaardelik nie	244
5.3.4.	Binding aan kerklike besluite is nie ongegrond nie	245
5.3.5.	Binding aan kerklike besluite is nie ratifikasie nie	246
5.3.6.	Samevatting	251
5.4.	DIE BESONDERE AARD VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	252
5.4.1.	Honorering van kerklike besluite	252
5.4.2.	Binding aan die Woord	253
5.4.3.	Binding aan die belydenis	254

5.4.4. Binding aan die kerkorde	256
5.4.5. Binding aan ander kerklike besluite	259
5.4.6. Samevatting	261
5.5. GELDIGE EISE EN VERPLIGTINGE WAT VOORTVLOEI UIT DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE	262
5.5.1. Geen willekeurige optrede nie	262
5.5.1.1. Samevatting	263
5.5.2. Geregverdigde verwagtinge ten opsigte van die binding aan kerklike besluite	263
5.5.2.1. Samevatting	266
5.5.3. Die hantering van afwykende optrede ten opsigte van die binding aan kerklike besluite	266
5.5.3.1. Afwykings ten opsigte van die binding aan kerklike besluite en die individu of plaaslike kerk	266
5.5.3.1.1. Uitgangspunt	266
5.5.3.1.2. Reg en plig van die beswaarde	268
5.5.3.1.3. Verbind tot die kerklike weg	270
5.5.3.1.4. Bewyslas lê op die beswaarde	273
5.5.3.1.5. Onderskeid in die hantering van beswaardes	273
5.5.3.1.6. Redes gegee vir besluit(e) deur vergaderings of deur meerdere vergadering(s)	276
5.5.3.1.7. 'n Mislukte appèl, asook geen verdere geleentheid tot appèl nie	276
5.5.3.1.8. Waar 'n kerk of kerkverband nie die kenmerke van die ware kerk vertoon nie	279
5.5.3.1.9. Optrede wanneer 'n appèl slaag	280
5.5.3.1.10. Samevatting	281

5.5.3.2.	Afwygings ten opsigte van die binding aan kerklike besluite en meerdere vergaderings	282
5.5.3.2.1.	Samevatting	290
5.5.3.3.	Advies van meerdere vergaderings en die binding aan kerklike besluite	291
5.6.	DIE GEVOLGE WANNEER DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE GEHANDHAAF WORD	292
5.6.1.	Binding aan kerklike besluite dien die orde in die kerk	292
5.6.2.	Binding aan kerklike besluite dien die onderlinge rus en vrede binne kerkverband	293
5.6.3.	Binding aan kerklike besluite versterk die onderlinge eenheid en samewerking tussen kerke	293
5.6.4.	Binding aan kerklike besluite dien die getuieniskarakter van die kerk teenoor die wêreld	295
5.6.5.	Binding aan kerklike besluite werk willekeur teen	295
5.6.6.	Binding aan kerklike besluite werk dwaalleer teen	296
5.6.7.	Binding aan kerklike besluite werk independentisme teen	297
5.6.8.	Binding aan kerklike besluite bevorder die uitbou en verdieping van teologiese insigte	297
5.6.9.	Samevatting	298

5.7.	DIE VERANTWOORDELIKHEID OM DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE UIT TE BOU EN ONDER DIE AANDAG TE BRING EN TE HOU	299
5.7.1.	Die waarde en die belangrikheid van die binding aan kerklike besluite	299
5.7.2.	Honorering van die eis om binding aan die besluite van kerklike vergaderings	301
5.7.3.	Samevatting	301
5.8.	SLOTSOM	301
	HOOFSTUK 6: FINALE SAMEVATTING	303
	BIBLIOGRAFIE	304

HOOFSTUK 1

ALGEMENE ORIËTERING

1.1. ORIËTERING EN PROBLEEMSTELLING

1.1.1. ORIËTERING

In die Gereformeerde kerkregtelike tradisie word dit as noodsaaklik en belangrik geag dat kerke hulleself op grond van hul gemeenskaplike geloof en hul gemeenskaplike belydenis aan bepaalde sake as gebonde sal beskou (Bouwman, 1928:325).

In die eerste plek is daar die onderlinge verband tussen plaaslike kerke omdat hulle hulself in een kerkverband aan mekaar verbind het. Hierdie onderlinge eenheidsband tussen plaaslike kerke rus op die gemeenskaplike geloof in die Drie-enige God (Bouwman, 1934:10). Net soos gelowiges op 'n bepaalde plek verplig is om hulle in een kerk te vergader (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28), so is die verskillende plaaslike kerke geroep om hulle aan mekaar te verbind. Deur die kerkverband wat die kerke só gesamentlik vorm, bring hulle die eenheid in Christus tot openbaring en staan hulle mekaar by in die hantering van gemeenskaplike verantwoordelikhede en probleme ten opsigte van die roepingsvervulling van die kerk van Christus op aarde.

Kerke wat hulself ter wille van die realisering van die gemeenskaplike roeping van die kerk op aarde in een kerkverband aan mekaar verbind het, verbind hulself daarmee saam ook vrywilliglik aan die Woord van God, aan die belydenis van die kerk en aan die kerkorde wat die kerke tesaam ter wille van deugdelike kerkregering en goeie orde in die kerke opgestel het (Du Plooy, 1982:217).

In terme van die kerkorde self het die kerke onderling ooreengekom en teenoor mekaar onderneem en afgespreek dat hulle mekaar volgens hierdie ordereëling in die kerkregering sal bystaan en ondersteun (kerkorde GKSA artikel 86). Sodoende het die kerke hulself vrywilliglik, maar ook volgens die oortuiging van hulle gewetens, daartoe verbind om die belofte gestand te doen en om nie af te wyk van dit waarop hulle onderling ooreengekom het nie (Spoelstra, 1989:471).

Die kerkorde handel in een van sy dele oor die kerklike vergaderings (kerkorde GKSA artikels 29-52). Ter wille van die goeie orde en opbou van die kerke het die kerke

hulself daartoe verbind om besluite van kerklike vergaderings te onderhou, omdat hulle onderling onderneem om die besluite van kerklike vergaderings in die lig van die Woord van God en onder leiding van die Heilige Gees te neem. Indien kerke van die besluite van kerklike vergaderings wil afwyk óf hulle nie daarmee kan vereenselwig nie, is daar ordelike reëlings in bepaalde artikels van die kerkorde geformuleer waarvolgens die kerke daardie besluite kan verander óf kan skrap (kerkorde GKSA artikels 31, 46 & 86).

Die stimulus tot hierdie studie is veral daaraan toe te skrywe dat daar duidelike tekens is dat sommige kerke en individue skynbaar nie meer die nodige erns maak met hulle binding aan mekaar, die binding aan die belydenis, die binding aan die kerkorde en aan besluite van kerklike vergaderings nie. (Vergelyk Coertzen, 1992:772; Handeling Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:52; Handeling GKSA, 1997:64 & Handeling GKSA, 2000:163.)

1.1.2. PROBLEEMSTELLING

In die lig van die voorafgaande oriëntering (par. 1.1.1) kan gevra word: Wat gebeur wanneer kerke en individuele gelowiges hulself nie meer as gebonde beskou aan kerklike besluite nie? Daar is aanduidings in die notules van kerklike vergaderings dat daar verskillende standpunte en gebruike bestaan in die verstaan en hantering van hierdie saak. (Vergelyk Handeling Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:52; Handeling GKSA, 1997:64 & Handeling GKSA, 2000:163.) Uit die Handeling van hierdie vermeldde sinodes is dit duidelik dat die binding aan kerklike besluite binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) in die brandpunt staan.

Gevolgtik behoort die kerke hulself oor die volgende te verantwoord: Is besluite van meerdere vergaderings werklik van soveel belang vir die kerke? Hierdie en ander vrae moet ondersoek word. Is 'n kerkorde en kerklike besluite nie 'n hindernis vir die voortgang van die Koninkryk nie? (Vergelyk Handeling Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:146; Handeling GKSA, 2000:379 & Fourie, 1997:8.)

Ook oor die volgende sake ontstaan daar vrae wanneer die binding aan kerklike besluite ter sprake kom:

- Behoort daar teen diegene opgetree te word wat hulle nie as gebonde beskou aan kerklike besluite nie, en indien wel, op watter wyse?
- Op grond van watter gesag kan beweer word dat kerklike besluite bindend van aard is? En dra alle besluite dieselfde bindende gesag (Calvyn, 1991:1497, 4.10.30)?

Verder sou gevra kon word: Sou 'n bepaalde Skrifbeskouing 'n bepaalde rol speel ten opsigte van die vraag na die binding aan kerklike besluite (Snyman, 1992:355; Strauss, 1989c:276; Van der Linde, 1975:35)? En daarmee saam: Speel die postmodernistiese gees waarbinne ons tans lewe ook 'n rol by die verstaan van die binding aan kerklike besluite (Schulze, 1981:93-102; Vergeer, 1999:12-14 & Vorster, 1999:10-12)?

Samevattend kan die probleemstelling soos volg geformuleer word: Is die binding aan kerklike besluite van belang vir kerke binne kerkverband? En speel die binding aan kerklike besluite werklik 'n belangrike rol in die kerklike lewe? Indien wel: Watter rol speel die kerkverband, die belydenis en die kerkorde by die binding aan kerklike besluite? Wat die hantering van binding aan kerklike besluite betref: Bestaan daar hieroor spanning onder die kerke? En: Affekteer die hantering van die binding aan kerklike besluite die eenheid binne die kerke? Wat het die geskiedenis volgens die reformatoriese tradisie oor die binding aan kerklike besluite geleer? En hoe behoort kerke die situasie te hanteer waar die binding aan kerklike besluite bevraagteken word?

1.2. DOELSTELLING EN DOELWITTE

Die oorkoepelende doelstelling van hierdie studie is om vas te stel watter rol die binding aan kerklike besluite in die kerk van Jesus Christus behoort te speel en watter besondere eise en verantwoordelikhede die binding aan kerklike besluite aan gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband stel.

Die spesifieke doelwitte van hierdie studie is:

- om vas te stel wat die oorsprong, onderbou en omvang van die binding aan kerklike besluite is;
- om die rol van die kerkverband, belydenis en kerkorde in die binding aan kerklike besluite te ondersoek;

- om die lig te laat val op die stryd en verdeeldheid rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite en
- om die betekenis, belangrikheid en toepassing van die binding aan kerklike besluite te ondersoek.

1.3. SENTRALE TEORETIESE ARGUMENT

Die onderlinge onderneming tussen gelowiges tot die binding aan kerklike besluite is 'n vrywillige *verpligting*, aangesien gelowiges hulleself gesamentlik en individueel as gebonde beskou aan die Skrif, belydenis en kerkorde op grond waarvan kerklike besluite gesamentlik geneem word.

1.4. METODOLOGIE

Hierdie teologies kerkregtelike studie word gedoen vanuit die gereformeerde tradisie. Die navorser neem as voorveronderstelling dat die Bybel die organies geïnspireerde Woord van God is. Eksegese van die Bybel sal geskied volgens die grammaties historiese metode soos dit binne die gereformeerde tradisie beoefen word (Coetzee, 1988:19-38).

Om al die doelwitte te bereik, sal van literatuurstudie gebruik gemaak word. Die metode van analise, sintese, vergelyking en evaluering sal deurgaans tydens hierdie proses van literatuurstudie gebruik word.

Die studie word gedoen vanuit 'n Gereformeerde kerkregtelike hoek.

In hoofstuk 2 word die oorsprong, onderbou en omvang van die binding aan kerklike besluite ondersoek. Daarná word die rol van die belydenis, kerkverband en kerkorde in die binding aan kerklike besluite in hoofstuk 3 nagegaan. Voorts word in hoofstuk 4 gekyk na die stryd en verdeeldheid rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite. In hoofstuk 5 word gepoog om die betekenis en belangrikheid en toepassing van die binding aan kerklike besluite aan te toon.

Vervolgens word die oorsprong, onderbou en omvang van die binding aan kerklike besluite ondersoek.

HOOFSTUK 2

DIE OORSPRONG, ONDERBOU EN OMVANG VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

2.1. INLEIDING

Die kernvraag ter sprake, is of daar enige aanduidings in die Woord voorkom waarop die eis tot die binding aan kerklike besluite gegrond kan word. In hierdie studie sal daar aangetoon word dat sodanige begroning ten opsigte van die binding aan kerklike besluite van vergaderings wel uit die Woord bewysbaar en aantoonbaar is. Voorbeelde uit die kerklike praktyk van die Nuwe Testament word ter staving behandel. 'n Kort, oorsigtelike verduideliking van relevante woorde uit die Skrif wat by die binding aan kerklike besluite ter sprake is, word daarna gedoen. Laastens word daar ondersoek ingestel na die sake waaraan gelowiges hulself as gebonde behoort te beskou teenoor dié sake waaraan hulle hulself nie as gebonde behoort te beskou nie.

2.2. DIE BEGRONDING UIT DIE WOORD TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

2.2.1. DIE REG TOT EN BEGRENsing VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE UIT DIE WOORD

Vir die reg tot en begrensing van die binding aan kerklike besluite uit die Woord, sal die woorde van Jesus Christus aan Petrus en aan sy kerk in onderskeidelik Matteus 16:19 en Matteus 18:18 kortliks ondersoek word.

Matteus 16:19 (1933-vertaling) lees soos volg:

“En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

In Matteus 18:15-18 (1933-vertaling) staan daar:

¹⁵“En as jou broeder teen jou sondig, gaan bestraf hom tussen jou en hom alleen. As hy na jou luister, dan het jy jou broeder gewin;

¹⁶maar as hy nie luister nie, neem nog een of twee met jou saam, sodat in die mond van twee of drie getuies elke woord kan vasstaan.

¹⁷En as hy na hulle nie luister nie, sê dit aan die gemeente; en as hy na die gemeente ook nie luister nie, laat hom vir jou wees soos die heiden en die tollenaar.

¹⁸Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.”

Die besluite waarna Matteus 16 en 18 verwys, handel oor die tug wat oor kerklidmate toegepas kan en behoort te word. Die Here gee aan die ampsdraers in die kerk die bevoegdheid en die verantwoordelikheid om deur die toepassing van die sleutels van die hemelryk toe te sien dat lidmate se optrede tot opbou en tot voordeel van sy kerk op aarde is. Die eer van God en die heil van sy kerk en van die sondaar is dus hier ter sprake (kerkorde GKSA artikel 71). God gee aan die ampsdraers van sy kerk die reg om met die Woord as basis, besluite te neem oor die lewe en die optrede van kerklidmate (Du Plooy, 1998:54-55, 59, 64).

Wat veral na vore kom en vir hierdie studie van belang is, is die *potestas* (bevoegdheid) wat die Here Jesus aan Petrus en aan die ander apostels (Matt. 16:19), maar ook aan die kerk as geheel gee (Matt. 18:18) en in besonder aan die ampsdraers, om te mag bind en te mag ontbind. Floor (1981:68) merk op: “Die hantering van die term sleutels wys op volmag en op iemand wat kan beskik oor die toegang tot die huis en oor alles wat binnekant gebeur.” Die bevoegdheid om die sleutels van die hemelryk toe te pas (om die tug toe te pas) word aan die kerk en aan sy voorgangers toevertrou (Grosheide, 1922:220). Met hierdie bevoegdheid word die hemele op aarde toegesluit en oopgesluit. Jesus Christus Self ken hierdie bevoegdheid aan sy kerk op aarde toe. Aangesien hierdie bevoegdheid van God kom, mag dit niks anders as God se wil volgens sy Woord soek nie.

Christus gee aan sy kerk op aarde die reg en die bevoegdheid om bindende besluite te mag neem wat 'n persoon in of uit die Koninkryk van God sluit. Só ontvang die kerk van die Here die groot verantwoordelikheid om besluite te kan en te moet neem wat die ewige saligheid van mense raak. Die Koning van die kerk gebruik sy kerk om sy gesag op aarde te bedien deur besluite te neem en deur te voer wat God se wil op aarde moet reflekteer en waarvan die weerklank in die ewigheid neerslag vind (Matt. 28:20; Op. 3:7).

Grosheide (1922:201) beskryf hierdie bevoegdheid (*potestas*) soos volg: "Bij de εκκλ. is sprake van het ontvangen van *sleutels*, d.w.z. het hebben van macht over iets. Wie den sleutel heeft, kan toegang verlenen of weigeren, Jes. 22:22; Op. 1:18; 3:7. Staat het *wezen* van de sleutels dus met de εκκλ. in verband, de sleutels zelf zijn geen sleutels der εκκλ., maar van het k.d.h. (koninkryk van die hemele – JHH). Daartoe geven ze toegang, daar houden ze buiten, vergelyk 23:13." " ... *binden en losmaken* ziet op ongeoorloofd en geoorloofd verklaren" (Grosheide, 1922:220). Die bevoegdheid wat God aan die kerk opdra, raak dus die in- of uitsluiting van die koninkryk van die hemele.

Indien Christus aan sy kerk (ampsdraers) die reg gee om bindende besluite te neem wat die ewige saligheid van sy lidmate raak, kan daaruit afgelei word dat alle besluite wat die kerk deur sy ampsdraers neem, bindend is. Noodwendig word veronderstel dat daardie besluite op die Woord gegrond is, aan die Woord getoets is, biddend onder leiding van die Heilige Gees geneem is en die opbou en voordeel van die kerk van die Here ten doel het. Grosheide (1922:202) stel dit soos volg: "Daarmee is tevens gezegd dat, wat Jezus hier tot Petrus spreekt, nie allen gemeenteleden of zelfs allen ambtsdragers geldt, maar bepaald den apostelen. Zij ontvangen openbaringen ter leiding der εκκλ., wij zijn aan hun openbaringen, *in de Schrift* (kursivering – JHH) geboekstaafd, gebonden. Het uit het k.d.h. sluiten, zowel als het ongeoorloofd verklaren dient te geschieden naar de door apostelen gegeven regels."

Die woorde "bind" en "ontbind" (Matt. 16:19; 18:18) is in die latere Joodse geskifte terme wat vir "verbieden" of vir "geoorloofd" gebruik word. Grosheide (1922:202) wys daarop: "Verklaren die discipelen iets ongeoorloofd, dan zal dat ook in den hemel gelden, d.w.z. dan zal dat ook inderdaad ongeoorloofd zijn. Zij wijzen dus niet

alleen aan, hoe men in het k.d.h. komt, ook hoe men handelen moet." Visser (1978:83) konkludeer ná die bestudering van die betekenis van die woorde "bind" en "ontbind" soos volg: "In die gedeeltes gaan dit dus om die dissiplinêre, regterlike *bevoegdheid* wat op die aarde uitgeoefen en in die hemel bevestig word. Dit gaan dus in hierdie uitsprake om sowel *potestas docendi* as *potestas dissiplinae*." (Vergelyk ook Floor, 1981:69.)

Christus gee aan sy kerk die opdrag om besluite te neem waaraan gelowiges hulle moet bind, hetsy deur sekere dinge te moet doen óf deur sekere dinge te vermy óf nie te doen nie. Met die bevoegdheid wat Christus toeken, moet opgetree word om bindende besluite (op grond van die Woord) te neem wat uitgevoer moet word, aangesien die wyse waarop gelowiges hulle aan daardie besluite bind, hulle in- of uitsluiting van die koninkryk van die hemele raak.

'n Ondersoek na die betekenis van "wat jy ook" (op die aarde mag bind) van Matteus 16:19 en die "alles" (wat julle op die aarde bind) van Matteus 18:18 sluit vanselfsprekend net daardie dinge in wat die toets van God se Woord kan deurstaan. Calvyn (1984:358), in sy ontmaskering van die pous (wat aan homself magte toegeken het wat die grense van God se Woord oorskry het), stel dit duidelik wanneer hy sê dat Jesus geensins elke leerstelling goedgekeur het nie, behalwe diegene wat uit sy mond voortgekom het. Daarmee het Hy ook gesê dat Hy alleen daardie besluite goedkeur waar Hyself voorgegaan het deur sy Woord en Gees. Alleen wanneer 'n mens niks anders verkondig as wat uit God se Woord kom nie en poog om getrou alles te doen wat Hy beveel, kan 'n mens seker wees dat God se gesag nie aangetas sal word nie.

Du Plooy (1998:54-55) vat Calvyn se siening en interpretasie van Matteus 16:17-19 en 18:17(18?) ten opsigte van die gesag van die kerk soos volg saam: "Calvin's interpretation of St. Matthew 16:17-19 and 18:17 gives us the meaning of the *potestas ecclesiae*. This ministerial authority or potency of the church is threefold: *potestas doctrinae*, *potestas iurisdictionis* and *potestas in legibus ferendis*. The *disciplina ecclesiae* is part of the *potestas iurisdictionis*, the latter being the responsibility to govern the church. The administering of the keys of the kingdom is therefore more than church discipline, but church discipline, on the other hand, is always the administering of the keys of the kingdom. According to Calvin, it must be

borne in mind that Christ's purpose in giving the church these *potestates* is to build up the church, not to destroy it (*Institutes* IV, 8, 1; IV, 11, 1; IV 10; Plomp, 1969:63, 73)."

2.2.1.1. SAMEVATTING

- Die kerk (deur sy ampsdraers) het die bevoegdheid van Jesus Christus ontvang om bindende besluite te mag neem oor wat vir die lidmate van die kerk geoorloof is en wat nie.
- Kerklike besluite moet te alle tye die toets van God se Woord deurstaan.

2.2.2. DIE PRAKTYK EN TOEPASSING VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE VANUIT DIE WOORD

Vir die praktyk en toepassing van die binding aan kerklike besluite uit die Woord, word die optrede van die kerklike vergadering in Handeling 15 ondersoek:

In Handeling 15 word beskryf hoedat Paulus en Barnabas en 'n paar ander gemeentelidde deur die gemeente van Antiochië afgevaardig word om Jerusalem te besoek om daar saam met die apostels en die ouderlinge van die gemeente in Jerusalem te vergader om hulle oor die krisis in die jong kerk van Christus te adviseer. Die krisis van 'n moontlike kerkskeuring het ontstaan weens die onderlinge stryd tussen 'n Joodse wettiese groep en 'n groep uit die heidene wat los gestaan het van die besnydenis en die ander Joodse wette (Coetzee, 1975:28-29). Die vergadering het in Antiochië saamgekom (vers 6) saam met die afgevaardigdes (vers 2). Hulle het bepaalde sake in diepte bespreek (vers 7), 'n voorstel gemaak (vers 19-20) en daardie voorstel as besluit van die vergadering in 'n skrywe oorgedra (vers 23-29) aan die gemeente in Antiochië. Die besluit wat hulle geneem het, het hulle gemotiveer as geneem onder leiding van die Heilige Gees (vers 28) deurdat hulle van die gelowiges van al die kerke onder die heidennasies (Hand. 16:4; 21:25) verwag het om hulself net ten opsigte van bepaalde spesifieke sake as gebind te beskou. Dan sou hulle goed doen (vers 29) (in die oë van die Here).

Du Plooy (1979:83-101) gee 'n dieptebeskouing oor die rol wat Handeling 15 in die kerkregering speel. Hy wys daarop (1979:94) dat "hulle taak was om die openbaring

van God onder die leiding van die Gees te ondersoek, en om standpunte van die vergadering te weeg en te sif totdat hulle oortuig is wat God se wil oor die besondere saak is". Hy beklemtoon die feit dat enige kerklike vergadering se taak "daarin bestaan dat dit die Woord wat alleen gesagvol is, moet bedien" (1979:94). Voorts beklemtoon Du Plooy (1979:96) die noodsaak dat kerke mekaar se hulp en insig moet opsoek ten opsigte van probleme wat nie plaaslik afgehandel kan word nie of probleme wat die universele kerk raak. Die besluit wat geneem is, was dan ook gesagvol, omdat dit met die Heilige Gees se wil ooreengestem het (Du Plooy, 1979:99). Die gesag van die meerdere vergadering is dus altyd bedienende gesag wat niks anders is as die Woord van God wat deur kerklike vergaderings bedien moet word nie (Du Plooy, 1979:101).

Die vermelde werkswyse om te kom by die punt dat daar bindende besluite vir die kerke wat verteenwoordig word, geneem word, gee die nodige riglyne vir die wyse waarop kerke in kerklike vergaderings (klassies en sinodes) behoort byeen te kom. Handeling 15 gee die *locus classicus* vir die Godgegewe reg tot die hou van sinodes, waar bindende besluite vir die kerke wat saam vergader, geneem mag word.

Daar bestaan wel argumente voor en teen die gebruikmaking van Handeling 15 as bewysplaas en as voorbeeld van die eerste sinode of kerklike vergadering. (Vergelyk Jacobs, 1927:56; Jansen, 1924:42; Kleynhans, 1973:137 & 1985:2.) Veral Jacobs (1927:56-57) spreek hom sterk uit teen die siening dat Handeling 15 beskou kan word as die "bloudruk" vir toekomstige sinodes en meen dat die kerklike besluite wat vandag geneem word totaal verskil van die besluite wat tydens die sogenaamde "apostelkonvent" geneem is. Jansen (1924:42) wys egter daarop dat daar nie uit hierdie Skriftuurlike gegewens afgelei moet word dat die besluite wat meerdere vergaderings neem onfeilbaar is nie, maar dat kerklike besluite wel bindend van aard is. Die verskil tussen die besluite wat tydens die "apostelkonvent" geneem is en die besluite wat meerdere vergaderings vandag neem, is dat die besluite van die apostels onfeilbaar en bindend was. Kerklike besluite wat vandag geneem word, is nie onfeilbaar nie, maar wel bindend, omdat die kerke daardie besluite gesamentlik geneem het.

My oortuiging is dat Handeling 15 wel riglyne bied waarvolgens afleidings gemaak kan en moet word vir die wyse waarop kerklike vergaderings besluite moet neem en

daardie besluite moet uitvoer. Handeling 15 verskaf die riglyn waarvolgens kerke behoort op te tree om besluite te neem wat as bindend beskou moet word deur die kerke wat daardie besluite gesamentlik geneem het. Verskeie toonaangewende kerkregkundiges deel hierdie siening, soos Kleynhans (1973:137) dit ook aantoon.

Ook elders wys Kleynhans (1973:281) daarop dat veral Voetius die besware van die independentistiese groepe weerlê het wat nie Handeling 15 as bewysplaas vir die instel van meerdere vergaderings wou aanvaar nie. Hy (Voetius) het wel erken dat daar verskille was tussen die apostelkonvent en latere sinodes, maar die verskille was net ten opsigte van bykomstige sake (*accidentalia, circumstantialia*). Daarom beskou hy die gedrag van die apostoliese kerk in Handeling 15 as normatief vir die kerkregering in latere tye. Kleynhans (1985:2) merk verder op: "In Hd. 15 is ons by die wortels van die presbiteriale kerkregering. Die feit dat die kerk deur die Woord en die Gees, en deur die diens van ampte regeer word; dat kerke mekaar opsoek wanneer sake plaaslik nie afgehandel kan word nie; en dat besluite vas en bindend is wanneer dit op gesag van die Skrif rus en onder leiding van die Heilige Gees geneem is, word hier duidelik geïllustreer (vergelyk Du Plooy 1982:224-241; Flemming 1972:572, 573)."

Uit Handeling 15 is dit duidelik dat kerke déél het aan mekaar (kerkverband) en dat die kerke saam besluite moet neem. Die kerke het hulleself nie uit eie beweging of willekeurig en op eie inisiatief in kerkverband gevoeg nie. Oor tyd het God sy kerk gelei om hierdie onderlinge eenheid met mekaar te soek (Coetzee, 1965:277-279; Du Plooy, 1982:258 & Kleynhans, 1985:4-5).

Dit is daarom tot voordeel van die kerke om in sinodes byeen te kom. Kuyper (1931/1932:4) wys op die belangrikheid van sinodes, wanneer hy op grond van Handeling 15:2,4 en 6 aantoon dat sinodes belangrik is vir die welsyn of welwese (*melius esse*) van die kerk, alhoewel nie vir die wese (*esse*) van die kerk nie. Daarom hou 'n plaaslike kerk, wat nie saam met die ander kerke in sinode byeenkom nie, nie op om ware kerk van die Here te wees nie. Die "deel wees" van 'n sinode bepaal nie die kerk se wese nie, maar stel hom in staat om homself beter te regeer volgens die eis van die Woord. Sinodes moet dan ook gehou word, aangesien die hou van meerdere vergaderings 'n noodwendigheid en 'n noodsaaklikheid is waarvan die positiewe goddelike reg in Handeling 15 bevestig is (Du Plooy, 1979:104-105). God

verplig dus die kerke om gesamentlik oor sekere sake besluite te neem. Daarom is die hou van sinodes 'n Goddelike ordinansie.

Wanneer kerke in kerkverband dan byeen kom, kom hulle nie bloot byeen om mekaar oor sekere sake te adviseer nie. Die besluite wat hulle gesamentlik neem, moet deur die onderskeie plaaslike kerke eerbiedig en uitgevoer word. Hierdie reg om bindende besluite te mag neem, is nog altyd deur kerke erken (Du Plooy, 1979:123-128).

Verskeie gereformeerde kerkregkundiges het in die verlede hul mening uitgespreek rondom die verstaan van die reg van sinodes om bindende besluite te mag neem:

Hoedemaker (1904:157) toon uit Handeling 15 aan dat dit duidelik is dat sake wat nie alleen die plaaslike kerk nie, maar die kerk in sy geheel raak, deur 'n "meer uitgebreide vergadering" vasgestel moet word. Jansen (1952:135) beskou die vergadering te Jerusalem as die bloudruk ("een oorspronkelijk voorbeeld") van 'n meerdere vergadering. Kleynhans (1985:150-151) meen ook dat Jansen (1952: 136) sterk aansluiting vind by Voetius as hy onderskei tussen die *jus divinum positivum*, die positiewe goddelike reg wat in Handeling 15 voorgeskryf word, en die *jus divinum permissivum*, die goddelike reg wat met betrekking tot die sinodes aan die kerke toegestaan word. Jansen (1952:136) misken die Independent se mening dat die genome besluite van die Jerusalemse vergadering alleen adviserend en nie bindend was nie. Hy staaf sy mening met 'n beroep op Handeling 15:28, waar die besluite as 'n las (*baros*) op die kerke gelê word en op Handeling 16:4, waar hierdie besluite as verordeninge (*dogmata*) beskryf word wat al die gemeentes van Jerusalem en Antiochië, asook in Sirië en Cilicië moes nakom (Hand. 15:41).

Grosheide (1948: II, 65) wys daarop dat hier nie bloot raad of advies gegee is nie, maar bindende voorskrifte deur 'n gesagvolle vergadering. Flemming (1972: 572, 573) merk hierop op: "Die besluit dra gesag omdat die sinodale vergadering gesag het. Die gesag berus nie primêr in die plaaslike kerke wat hul godgegewe gesag meebring nie, maar dit berus in die wil van God, die *jus divinum positivum* van die meerdere vergadering. Dit is nie 'n afgeleide gesag nie, maar 'n oorspronklike gesag deur God gegee. Daarom is die besluit nie bloot advies nie, maar uitspraak, beslissing en voorskrif. Die besluit is amptelik. Die gesagsoefening is wel broederlik

en nie heersend nie, maar tog amptelik, beslissend en moet daarom gehoorsaam word, omdat die Woord van God daarin spreek . . . Die gesag van die meerdere vergadering berus primêr op die *positiewe goddelike reg* van die vergadering om die Woord van God te verklaar en te bely sodat dit by wyse van 'n besluit aan die kerke opgelê kan word met die oog op hul eenheid in Christus Jesus". (Vergelyk ook Van der Linde 1965: 151; Du Plooy 1979: 122, 123; Geldenhuys 1951: 197 & Spoelstra 1977: 1, 2, 16.)

Praamsma (1949: 503) stel die Gereformeerde standpunt duidelik (op grond van Handeling 15) teenoor die standpunt van die Independentente, naamlik: "... dat het houden van sinodes niet alleen geoorloofd, maar ook geboden was, en dat haar besluiten, nadat ze genomen waren, rechtskracht hadden voor de afzonderlijke kerken, die in de Synode vergaderd waren. Ze hebben de synodevergaderingen niet gezien als vergaderingen van kerkelijke bestuurscolleges, maar van de kerken zelf, die daarom uiteraard aan haar eigen besluiten gebonden waren".

Uiteraard is dit van belang dat die grense van sinodes se gesag duidelik afgebaken behoort te wees. Anders mag dit gebeur dat kerke in sinodokrasie verval wat maar bloot 'n verskuiwing van die mag van die pous is na die mag van die sinode. Die uitgangspunt bly dat daar in en deur die kerke (hetsy deur die plaaslike kerke of deur sinodes) met die Woord geregeer word (kerkorde GKSA artikel 36).

Wat die omvang en die aard van sinodes se mag betref, interpreteer Kleynhans (1985:151) vir Voetius (1885:IV, 224) asof hy van mening is dat sinodes se mag wesentlik dieselfde is as die mag van die plaaslike kerk. Hy onderskei ten opsigte van die "sinodale mag" (*potestas synodica*) 'n drieërlei faset en praat van die leermag (*potestas dogmatica*), regeermag (*potestas regiminis*) en tugmag (*potestas jurisdictionis*) van die sinode. Op die vraag of hierdie "drievoudige bevoegdheid" ook die sinode toekom (*An potestas ecclesiastica, synodalis sit dogmatica, et ordinativa seu regiminis, et disciplinaris?*) antwoord hy bevestigend. Aangesien die drievoudige mag die afsonderlike plaaslike kerke toekom, daarom te meer hoort hierdie gesag by die groter getal kerke soos hulle onderling in verband tree by wyse van 'n sinode.

Die gevaar verbonde aan hierdie standpunt, is dat die sinode gesien kan word as 'n "struktuur" wat saamgestel word uit die kumulatiewe afgeleide gesag van die

onderskeie plaaslike kerke wat saamgekom het. Hoe meer kerke volgens hierdie standpunt byeenkom, hoe groter is die gesag van die besluite wat sodanige meerdere vergadering neem. Hierdie siening is egter in direkte stryd met die beginsel soos dit in kerkorde GKSA artikel 36 gestel is, naamlik dat 'n plaaslike kerk en meerdere vergadering oor een en dieselfde gesag beskik. Die plaaslike kerk en die meerdere vergadering moet beide die gesag van Jesus Christus, naamlik Woordgesag, bedien. Kerke kom dus saam in 'n meerdere vergadering, nie omdat daar met groter gesag besluite geneem kan word nie, maar sodat die groter getal kerke wat byeen is, met groter insig uit die Gesagsbron (die Woord van God) besluite kan neem (Du Plooy, 1979:126-128).

Hiermee saam geld die beginsel soos gestel in kerkorde GKSA artikel 30, naamlik dat meerdere vergaderings alleen sake mag behandel wat nie op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie, asook sake wat by meerdere vergaderings tuishoort. Alleen oor sodanige sake het meerdere vergaderings die bevoegdheid om gesagvolle besluite te mag neem.

Kleynhans (1985:151) toon verder aan dat Voetius 'n mening gee oor die vraag "*hoe ver*" die sinodale gesag strek. "Sy standpunt is dat die mag van die sinode *in gewone gevalle nóg oor nóg buite* die plaaslike gemeente (*non supra aut extra ecclesiam particularem*) uitgeoefen word, behalwe (*nisi*) in sekere *algemene* en *buitengewone* gevalle. Kleynhans se konklusie dat die sinodale bevoegdheid wel *oor* en *buite* die plaaslike kerk geldig kan word wanneer 'n abnormale toestand intree of wanneer gemeenskaplike sake dit noodsaak, behoort met groot omsigtigheid hanteer te word. Waar 'n meerdere vergadering op 'n hiërargiese wyse ingryp op die terrein van die plaaslike kerk, kan die gevolge wat daaruit voortvloei tot groot skade in kerk en koninkryk lei. Sodanige optrede is in stryd met kerkorde GKSA artikels 17, 36 en 84.

Christus dra nooit sy gesag oor aan die kerke wat saamkom in 'n sinode nie en die sinode het ook geen eie gesag van Christus ontvang nie (Spoelstra, 1992:913; Smit, 1985:60). Die besluite wat 'n meerdere vergadering of sinode neem, moet God se wil verwoord en moet daarom die toets van God se Woord deurstaan. Christus regeer dus steeds Self sy kerk, maar Hy maak in hierdie regering gebruik van kerke (gelowiges) en kerklike vergaderings wat onder leiding van die Heilige Gees besluite moet neem. Bouwman (1934:190) toon aan: "Men was het eens in deze beginselen:

Alle kerkelike macht berust bij de kerken zelve, onder Christus het eenige hoofd, en wordt plaatselijk uitgeoefend door den kerkeraad, terwijl deze kerken samen voor bepaalde zaken haar macht samenbrengen op de synode.”

Die kerke was destyds genoodsaak om besluite te neem oor sake wat groot verwydering kon veroorsaak tussen die Joodse christene en die christene uit die heidendom. Hierdie besluite het die voortgang en die uitbreiding van die kerk van die Here geraak. (Vergelyk Kuyper, 1931/1932:6.) Die doel van hierdie besluite wat die kerke tesame geneem het, was dus niks anders as om die kerk van innerlike siekte te bevry nie. Met 'n verkeerde wettiese leer, wat afwyk van die Skrif self, sou sommige christene vanuit die Jodendom ondraaglike laste op die gewetens van die christene uit die heidendom lê wat onberekenbare skade sou doen aan die saak van die Here en vir die uitbreiding van sy kerk op aarde. Daarom moes daar onder leiding van die Heilige Gees besluite geneem word wat alleen God se wil vir sy kerk op aarde moes weergee. (Vergelyk ook Du Plooy, 1979:84-101.)

Die verteenwoordigers van die kerke van Antiochië en Jerusalem, tesame met die apostels, het nie bloot besluite geneem na eie goeddunke nie. Hulle het eers na lang en deeglike bespreking van die saak by 'n voorstel gekom wat hulle toe gesamentlik as besluit aanvaar het. Wanneer hulle die besluit skriftelik aan die gemeentes onder die heidennasies bekend maak, stel hulle dit duidelik dat: “Die Heilige Gees en ons het besluit ...” (Hand. 15:28). Die grondleggers van die kerk van die Nuwe Testament (die apostels wat Jesus Christus volgens Matt. 16:18 aangewys het) het saam met medegelowiges onder leiding van God, die Heilige Gees, by besluite uitgekom. “The words ‘it seemed good to the Holy Spirit, and to us’, with which the terms of the council’s decision are introduced, emphasize the church’s rôle as the vehicle of the Spirit. So conscious were they of being possessed and controlled by Him that He was given prior mention as chief Author of their decision” (Bruce, 1981:315). Daarom het die kerke aan wie hierdie besluite bekend gemaak is deur die gestuurde (gevolmagtigde) afgevaardigdes van die kerk in Jerusalem (Hand. 15:22) die besluite wat geneem is, as bindende besluite aanvaar. Hulle het die reg van die kerke (gelowiges van verskillende kerke tesame met die apostels) erken om besluite te mag neem wat hulle voortaan sou moes uitvoer.

Wat verder uit Handeling 15 na vore kom, is dat daar op hierdie vergadering nie onnodige besluite geneem is nie. Die vergadering het slegs besluite geneem oor noodsaaklike sake wat die voortgang van die Here se kerk op aarde kon benadeel (die wettiese seremoniële eise wat die Jode gestel het) of oor sake wat strydig is met God se Woord en wil (onsedelikheid). Daarom lees ons in Handeling 15:28: " Die Heilige Gees en ons het besluit om geen verdere las op julle te lê as net hierdie noodsaaklike dinge nie ..."

Sommige van hierdie besluite was dan ook net vir 'n tyd lank geldig. Sodra die onrustigheid in die kerke rondom die vleis wat aan afgode geoffer is en bloed en diere wat gewurg is, afgeneem het (Hand. 15:29) het Paulus geleer (Rom. 14:14) dat niks vanself onrein is nie (Calvin, 1984:79). Soos Kuyper (1931/32:16-18) dit stel: "Op zichzelf zouden deze dingen (soos bepaal op die apostelkonvent te Jerusalem, volgens Hand. 15 – JHH) *res mediae*, *adiaphora* zijn, die alleen nagelaten moesten worden terwille van anderen. Het zouden, zooals Calvijn zich uitdrukt, geen *lex religiosa* zijn, maar een *lex politica*, een wet met het oog op den omgang met anderen. Vandaar dat dit aposteldecreeet een *praeceptum temporale* was, en voor ons vervallen is. Wel gaf Paulus het decreet aan de gemeenten, om het te onderhouden, maar toe het gevaar voorbij was, zou hij zelf zich van het apostelbesluit hebben losgemaakt, waarbij men zich dan beroept op Rom. 14:2-7, 1 Cor. 8:8, Titus 1:15. De *necessitas* zou dus zijn een *necessitas accidentalis* om de eenheid der kerk te bewaren, maar niet een *necessitas essentialis* ... Zeer zeker mag een synode zulke beslissingen die niet rechtstreeks uit God's woord voortvloeien, tijdelijk vaststellen, maar nooit als een *necessitas* voor God." (Vergelyk Grosheide, 1948:67.)

Calvyn (1984:93-94) sê oor die onderskeid wat daar tussen genome besluite bestaan die volgende: "The best and strongest bond to keep and foster peace among the churches, was to keep that which was set down by the apostles. When Paul taketh great pains about that, he taketh great heed lest through his fault there arise any trouble. And let us remember that that continued but for a time. Because, so soon as he seeth the danger of offence cease, he doth quite unburthen the churches, and setting apart the decree, he maketh that free which the apostles had there forbidden. And yet doth he not cancel or violate by that abrogation that which the apostles had decreed, or contemn the authors themselves; because they were not

determined to establish a perpetual law, but only to mitigate for a short time that which might hurt weak consciences ...” Paulus doen groot moeite om nie die gelowiges se gewetens te bind in sake wat nie die toets van God se Woord kan deurstaan nie. Menslike besluite en eise mag nie gelowiges se gewetens beswaar nie. Alleen God se Woord mag gewetens bind (Calvin, 1984:94-95). Ook Kuyper (1931/1932:20) wys daarop “dat bij deze speciale verordeningen onderscheid moet worden gemaakt, tusschen hetgeen daarin jure divino was en de conscientie bond (n.l. het verbod van de hoererij), en datgenen, wat slechts een tijdelijk karakter droeg, een lex temporalis.”

In Handeling 15 was die een besluit (die besluit om onsedelikheid te vermy) een wat altyd geldend was, naamlik die dinge wat Kuyper (1931/32:18) beskryf as dinge wat “*semper et ubique*” geld.

En tog, al was al die besluite wat geneem is, nie altyd geldend van aard nie, was die kerke verplig om die besluite uit te voer. Die besluite het bindende krag vir die kerke gehad. Die kerke kon nie maar self besluit om óf die besluite uit te voer óf nie uit te voer nie, of om net sommige van die besluite uit te voer nie. “Het cum auctoritate wordt met nadruk gezegt. Ieder heeft zich daaraan te onderwerpen, mits de beslissingen niet in strijd zijn met God’s woord, en ook uit eerbied voor de synode, die een *ordinatio Dei* is” (Kuyper, 1931/1932:5). Die besluite wat geneem is, was met ander woorde *nie blote algemene advies* wat die kerke na willekeur kon opvolg of negeer nie. Die besluite wat geneem is en aan hulle deurgegee is, was *bindende* besluite. Kuyper (1931/1932:20) wys daarop “dat de decreet niet wordt uitgevaardigd als een advies, maar als een beslissing, die de kerken bindt, zooals blijkt uit de uitdrukking van het decreet zelf en nog sterker uit het feit, dat Paulus de verordeningen van het convent mededeelt als dogmata om ze te onderhouden ...”

Ook Van der Walt (1971:28) toon aan dat, alhoewel hier nie heersende gesag was nie, die gesag tog amptelik was en as noodsaaklik gehoorsaam moes word. Daarmee saam wys hy daarop: “Die las wat die sinode oplê is noodsaaklik (vs. 28) maar nie altyd en oral geldende gebooie van God nie, want dit word nie as ‘n altyd en oral geldende las opgelê nie (Rom. 14 en 1 Kor. 8). Die besluit gryp in bepaalde omstandighede binne bepaalde gemeentes in, want dit word geadresseer aan ‘die

broeders uit die heidene in Antiochië en Sirië en Cicilië'. So bewaar die sinode sowel die eenheid in die waarheid as die eenheid in die liefde."

Kerke is dus verplig om besluite wat hulle gesamentlik neem, uit te voer, aangesien hulle hulself vrywilliglik daartoe verbind het om daardie gesamentlike genome besluite uit te voer. Hulle verbind hulself daartoe om op grond van die onderlinge ooreenkoms wat hul met mekaar het (die kerkorde) die besluite wat hulle gesamentlik tydens meerdere vergaderings geneem het, te honoreer. "Van een opgedwongen heerschappij der synode is geen sprake. Evenals ieder geloovige, die lid wordt eener kerk zich vrijwillig moet verbinden, om zich aan de tucht des kerkerads te onderwerpen, zoo berust de macht van de synode daarop, dat de kerke zelve zich vrijwillig verbonden hebben om de besluiten der meerdere vergaderingen te gehoorzamen. Het is een libera subjectio" (Kuyper, 1931/1932:36).

Selfs wanneer die plaaslike kerk nie gelukkig is met 'n besluit nie, mag hy nie daardie besluit ignoreer nie. "De synodes bezitten niet een autoriteit jure suo, maar ontleenen die aan de opdracht van de kerken, die zich vrijwillig in haar lastbrieven verbinden, om zich aan de beslissingen der meerderheid te onderwerpen. Zelfs wanneer de synode een besluit neemt, dat tegen de zin der plaatselijke kerk ingaat, dan geschiedt dat niet invita ecclesia. Het is een subjectio libera. In de tweede plaats is de macht de synodes geen jus privativum. De plaatselijke kerk wordt van de potestas niet beroofd. Zij wordt zelfs versterkt door de medewerking der zusterkerken" (Kuyper, 1931/1932:39).

Die voorbeeld en die eise van Handeling 15 stel ook vandag sekere eise aan kerke oor die wyse waarop hulle die besluite van kerklike vergaderings deurvoer. Dit is belangrik dat kerke hulself as gebonde beskou aan die besluite van meerdere vergaderings en dat kerke daardie besluite daadwerklik uitvoer. Bouwman (1934:20) wys daarop dat die besluite wat op die sogenaamde "Apostelkonvent" volgens Handeling 15 geneem is, "bindende kracht bezat", omdat: "De vergadering te Jeruzalem was overtuigd, dat dit de wil des Heeren was, dat de Geest van God hen geleid had om dit besluit te nemen, zoodat hun besluit als een de gemeente bindend besluit, een dogma (Handeling 16:4), kon worden gekwalifiseerd" (Bouwman, 1934:189).

Kuyper (1932/1933:4) stel die beginsels vir die wyse waarop die besluite van sinodes hanteer behoort te word soos volg: Wanneer 'n sinode Skrifgebonde besluite neem, is daardie besluite bindend en gesagvol. Tog mag geen besluit van 'n sinode gelyk gestel word aan die Woord nie. Daarom is gelowiges verplig om *orgehoorsaam* te wees aan besluite van 'n sinode wat in stryd is met God se Woord. Tog mag sinodes besluite neem wat God nie regstreeks in sy Woord gee nie (soos blyk uit Handeling 15). Die verskil met die Rooms-Katolieke Kerk bestaan daarin dat Rome die besluite van kerklike vergaderings, *sowe!* as die besluite wat direk uit die Woord kom of afleibaar is, as gewetensbindend beskou (Pont, 1985:528; Praamsma, s.a.:32).

Bouwman (1934:52, 53) lei uit Matteus 18 en uit Handeling 15 die volgende af en vat soos volg saam oor die bindende krag van kerklike besluite: "De bindende kracht der kerkelijke besluiten rust op schriftuurlijke en op kerkelijke gronden. Volgens Matth. 18 : 20 en Hand. 15 : 22-29 en 16 : 4 heeft de gemeente zich te voegen naar de leiding des kerkerads, en behooren de plaatselijke kerken zich te onderwerpen aan de besluiten, die de kerken gemeenschappelijk in afhankelijkheid van den koning der kerk genomen hebben. God wil dat in de kerk alle dingen eerlijk en met orde geschieden. Gelijk het lichaam één is met de leden des lichaams, en alle leden moeten samenwerken tot het welzijn des lichaams, zoo moeten ook de afzonderlijke kerken medewerken dat het geheele lichaam der kerk zijn wasdom en opbouw bekomme ... En de kerken, die zich aan de kerkenordering vrijwillig gebonden hebben, kunnen en mogen zich niet willekeurig aan de autoriteit der meerdere vergadering onttrekken. De broedertrouw en de gehoorzaamheid aan Jezus Christus, den Koning der kerk, eischt het om de kerkelijke verordeningen op te volgen."

2.2.2.1. SAMEVATTING

- Handeling 15 word beskou as die *locus classicus* vir die Godgegewe reg tot die hou van sinodes, waartydens bindende besluite deur die kerke wat saam vergader, geneem mag word.
- Besluite wat geneem word, is nie blote advies nie, maar bindende besluite wat uitgevoer moet word deur die onderskeie kerke wat verteenwoordig word.
- Die bindende aard van besluite word beperk deurdat dit die toets van God se Woord moet deurstaan.

- Besluite wat onder leiding van die Heilige Gees geneem word, het die opbou en die voordeel van die kerk (en sodoende die eer van God) ten doel.
- Sommige besluite geld slegs tydelik, terwyl ander besluite tydloos is en altyd geld.
- Alle besluite wat sinodes neem, moet deur die onderskeie gelowiges eerbiedig word, aangesien hulle hulself daartoe verbind het om daardie besluite uit te voer.

2.3. BEGRIPPE UIT DIE WOORD WAT DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE BEVESTIG

Wanneer kerke saamkom om bindende besluite te neem op grond van die eenheid in dieselfde geloof wat hulle met mekaar deel, gaan die vrywillige onderlinge binding juis gepaard met begrippe soos geloof en liefde. Smit (1992:512-513) wys soos volg op hierdie onderliggende faktore: "Die bindingskrag van kerkregering word deur faktore soos *geloof* en *liefde* bepaal. In geloof aan die Woord aanvaar die kerk met liefde wat in die kerkregering bepaal word. Nie die *swaardmag* nie, maar die *Woordmag* heers in die kerk (Smit, 1985:291; vergelyk Kamphuis, 1966:8). Waar reg uit geloof en liefde gehoorsaam word, heers dit oor die *hart*, maar waar reg uit formele plig nagevolg word, heers dit slegs oor die uiterlike handeling van mense (Smit, 1985:293; 1984b:21-23; Rugters, 1894:22-25)."

Spoelstra (1989:190) vul hierby aan met die volgende opmerking: "Waarheid, eerlikheid en betroubaarheid bepaal dus dat die kerke afsonderlik en in hulle vergaderings hierdie ooreenkoms moet nakom."

Sommige van die woorde (begrippe) uit die Woord, wat Smit (1992:512-513) en Spoelstra (1989:190) onder andere noem, en wat onderliggend is aan die verhouding wat daar tussen kerke bestaan wat hulleself vrywilliglik onderling aan mekaar verbind het, sal kortliks ten opsigte van hulle belang vir die binding aan kerklike besluite ondersoek word:

2.3.1. BINDING

Matteus 16:19 gebruik die woord "binding" as volg: "En Ek sal jou die sleutels van die koninkryk van die hemele gee; en wat jy ook op die aarde mag bind, sal in die hemel gebonde wees, en wat jy ook op die aarde mag ontbind, sal in die hemel ontbonde wees." Die betekenis van die woord "binding" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "binding" (**δέω**) word onder meer verklaar as "the rabbinic terminology for declaring forbidden or permitted, and hence for removing or imposing an obligation ... and another ... use ... is for imposing or removing a ban" (Kittel, 1985:148). Volgens Louw en Nida (1988, 1:476) "**δέω** may be rendered as 'to cause it to be necessary for'", asook (1988, 1:477) "to cause someone to be under the authority of someone or something else – 'to restrict, to place under (the jurisdiction of)' ... to exercise authority over something on the basis that it is not legitimate – 'to prohibit, to not allow, to not permit'".

Die woord "binding" in die begrip "die binding aan kerklike besluite" dui op die reg om met gesag te mag besluit wat verbode en wat toelaatbaar is. Sodanige gesamentlike besluit(e) deur die kerke moet (op grond van die onderlinge band of "binding" wat daar tussen kerke in kerkverband bestaan) uitgevoer word.

2.3.2. EENHEID

Efesiërs 4:13 gebruik die woord "eenheid" soos volg: " ... totdat ons almal kom tot die eenheid van die geloof en van die kennis van die Seun van God, tot 'n volwasse man, tot die mate van die volle grootte van Christus ..." Die betekenis van die woord "eenheid" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "eenheid" (**εὐότης**) verklaar Louw en Nida (1988, 1:613) as "a state of oneness – 'unity, oneness.' ... In some languages it may be strange to speak of 'that oneness in our faith.' The closest equivalent may be 'we believe just as though we were all one person' or 'we believe in one and the same way'". Bouwman (1934:188) trek hierdie lyn deur wanneer hy opmerk dat die oorsprong van die

sinode geleë is in die bewustheid van die eenheid van die gemeentes en gelowiges in Christus. Gelowiges is immers geroepe om hulle gawes gewilliglik en met vreugde tot die nut en saligheid van medegelowiges aan te wend (Heidelbergse Kategismus, Sondag 21, V/A 55). Die kerke moet die eenheid in Christus ook met ander kerke soek en handhaaf en deur die saam bepaalde orde na te kom, die reg van God help handhaaf, die kennis van God en sy wil verdiep en die opbou van die gemeente dien. Spoelstra (1967:33) beklemtoon ook die noodsaaklikheid van die onderhouding van die kerkverband en dat kerkrade "op grond van en ter wille van die eenheid in Christus ... met mekaar 'n vrywillige en verpligte eenheid op 'n kerkordelike basis" moet onderhou.

Die woord "eenheid" raak die begrip "die binding aan kerklike besluite", aangesien gelowiges hulself aan mekaar verbind juis omdat hulle op een en dieselfde wyse glo (soos aangetoon in hul belydenis). Hulle eenheid is "in Christus" en daarom is hulle verplig om vrywilliglik die onderlinge eenheid met mekaar te onderhou deur hulself as gebonde aan kerklike besluite te beskou.

2.3.3. TROU

Matteus 23:23 gebruik die woord "trou" in Jesus se veroordeling van die Skrifgeleerdes en Fariseërs soos volg: "... en die swaarste van die wet laat julle ná: die reg en barmhartigheid en die trou." Die betekenis van die woord "trou" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "trou" (**πίστις**) word onder meer verklaar as "trustworthiness" (Kittel, 1985:849). Louw en Nida (1988, 1:377) omskryf een faset van hierdie woord as "the state of being someone in whom complete confidence can be placed – 'trustworthiness, dependability, faithfulness'".

Die woord "trou" raak die begrip "die binding aan kerklike besluite", aangesien gelowiges hulleself vrywilliglik aan mekaar in kerkverband verbind het en bepaalde ondernemings op grond van die Woord aan mekaar gegee het. Hulle is daartoe verplig om trou te bly aan hulle onderlinge ondernemings teenoor mekaar wat voortvloei uit die ondernemings wat hulle (op grond van die eis van die Woord) teenoor God maak (Hendriksen, 1982:831-832).

2.3.4. VERPLIGTING/GEBONDENHEID

Lukas 17:10 gebruik die woord "verpligting/gebondenheid" soos volg: "... wanneer julle alles gedoen het wat julle beveel is, sê dan: Ons is onverdienstelike diensknegte, want ons het gedoen wat ons verplig was om te doen." Die betekenis van die woord "verpligting/gebondenheid" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "verpligting/gebondenheid" (**οφείλω**) word onder meer verklaar as "to owe, be under obligation" (Kittel, 1985:746). Louw en Nida (1988, 1:671) verklaar die woord as "to be obligatory in view of some moral or legal requirement – ought, to be under obligation".

Die woord "verplig/gebonde" is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband hulleself vrywilliglik aan mekaar verbind het en hulself só verplig het om op 'n bepaalde wyse teenoor mekaar op te tree. Hierdie ooreengekome wyse van optrede word gewoonlik in 'n gesamentlike opgestelde kerkorde vasgestel (Visser, 1999:2).

2.3.5. BROEDERLIEFDE

Hebreërs 13:11 gebruik die woord "liefde" soos volg: "Die broederliefde moet bly." Die betekenis van die woord "broederliefde" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "broederliefde" (**φιλαδελφία**) word verklaar as "the love which Christians cherish for each other as brethren" (Kittel, 1985:22). Louw en Nida (1988, 1:293) omskryf hierdie woord as "affection for one's fellow believer in Christ – 'love for one's fellow believer, affection for a fellow believer'".

Die woord "broederliefde" raak die begrip "die binding aan kerklike besluite", aangesien gelowiges wat mekaar as medegelowiges liefhet, uit die aard van hul liefde vir mekaar, hulself as gebonde beskou aan hul gesamentlike genome besluite en sal gevolglik daardie besluite honoreer.

2.3.6. BESLUIT

Handelinge 11:29 gebruik die woord "besluit" (ooreenkom) soos volg: "En die dissipels het besluit dat iedereen van hulle na sy vermoë iets sou stuur tot versorging van die broeders wat in Judea woon." Die betekenis van die woord "besluit" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord om (saam) "te besluit (**ορίζω**) word onder meer verklaar as "to appoint, determine" (Kittel, 1985:728). Louw en Nida (1988, 1:368) verklaar die woord as "to come to a definite decision or firm resolve – 'to decide, to determine, to resolve'".

Die woord "besluit" (ooreenkom) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges gesamentlike besluite neem met die onderlinge veronderstelling dat hulle daardie besluite sal honoreer.

2.3.7. OPBOU

Efesiërs 4:11-12 gebruik die woord "opbou" soos volg: "En Hy het gegee sommige as apostels, ander as profete, ander as evangeliste, ander as herders en leraars, om die heiliges toe te rus vir hulle dienswerk, tot opbouing van die liggaam van Christus." Die betekenis van die woord "opbou" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "opbou" (**οικοδομή**) word onder meer verklaar as "the act of one who promotes another's growth in Christian wisdom, piety, happiness, holiness" en "spiritual furtherance is primarily in view" (Kittel, 1985:678). Louw en Nida (1988, 1:677) verklaar die woord as "to increase the potential of someone of something, with focus upon the process involved – 'to strengthen, to make more able, to build up'".

Die woord "opbou" is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges mekaar in die geloof opbou en mekaar juis in hierdie geloofsopbou bystaan wanneer die ingestelde dienste (ampte) hulle in besluitneming voorgaan tydens hierdie opbouproses.

2.3.8. ORDE

1 Korintiërs 14:40 gebruik die woord "orde(lik)" soos volg: "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan." Die betekenis van die woord "orde(lik)" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "orde" (**τάξις**) word deur Louw en Nida (1988, 1:613) verklaar as "a proper and correct order – 'right order, good order, in order, in an orderly manner'".

Die woord "orde" is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges (binne 'n bepaalde kerkverband) teenoor mekaar onderneem om die orde onder hulle te handhaaf deur volgens gesamentlike genome besluite op te tree.

2.3.9. GESAG

2 Korintiërs 13:10 gebruik die woord "gesag" as volg: "... volgens die gesag wat die Here my gegee het om op te bou en nie om af te breek nie." Die betekenis van die woord "gesag" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "gesag" (**εξουσία**) word onder meer deur Kittel (1985:238) verklaar as "the power of rule or government (the power of him whose will and commands must be submitted to by others and obeyed)". Louw en Nida (1988, 1:476) verklaar die woord as "the right to control or govern over – 'authority to rule, right to control'".

Die woord "gesag" is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges wat die voordeel van die kerk van die Here soek, gesamentlike genome besluite (deur aangewese diensknegte van die Here) wat die opbou van die kerk dien, sal erken en honoreer.

2.3.10. WAARAGTIGHEID (EERLIKHEID)

Matteus 22:16 gebruik die woord "waaragtigheid" soos volg: "En hulle stuur hul dissipels saam met die Herodiane na Hom en sê: Meester, ons weet dat U waaragtig is en die weg van God in waarheid leer en U aan niemand steur nie, want U sien nie die persoon van mense aan nie ..." Die betekenis van die woord "waaragtig" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "waaragtig" (**αληθως**) word onder meer deur Kittel (1985:38) verklaar as "trustworthy" en "sincere". Louw en Nida (1988, 1:747) verklaar die woord as "pertaining to being truthful and honest – 'truthful, honest, a person of integrity'".

Die woord "waaragtig" (waarheid) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges in navolging van hulle Here dit aan Hom en aan mekaar verskuldig is om in waarheid (eerlikheid) hul onderlinge ondernemings teenoor mekaar na te kom.

2.3.11. VREDE

Efesiërs 4:1-3 gebruik die woord "vrede" soos volg: "Ek vermaan julle dan ... om te wandel waardig die roeping waarmee julle geroep is ... terwyl julle mekaar in liefde verdra en ernstig strewe om die eenheid van die Gees te bewaar deur die band van die vrede." Die betekenis van die woord "vrede" wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", word kortliks verklaar:

Die Griekse grondwoord vir "vrede" (**ειρήνη**) word onder meer deur Kittel (1985:210) verklaar as "the avoidance of discord ... staying out of stupid controversies ... concord ...".

Die woord "vrede" is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite" omdat gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband dit aan mekaar verskuldig is om die onderlinge vrede onder mekaar na te jaag op die wyse waarop hulle gesamentlike genome en ooreengekome besluite uitvoer. Die nienakoming van gesamentlike genome besluite versteur die onderlinge vrede onder gelowiges in kerkverband.

2.3.12. SAMEVATTING

- Die woord "bind" (**δέω**) in die begrip "die binding aan kerklike besluite" dui op die reg om met gesag te mag besluit wat verbode en wat toelaatbaar is.
- Die woord "eenheid" (**ενότης**) in die begrip "die binding aan kerklike besluite", gaan oor gelowiges se eenheid "in Christus" wat hulle verplig om vrywilliglik die onderlinge eenheid met mekaar te onderhou deur hulself as gebonde aan kerklike besluite te beskou.
- Die woord "trou" (**πίστις**) raak die begrip "die binding aan kerklike besluite", aangesien gelowiges daartoe verplig is om trou te bly aan hulle onderlinge ondernemings teenoor mekaar wat voortvloei uit die ondernemings wat hulle teenoor God maak.
- Die woord "verplig/gebonde" (**οφείλω**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband hulleself vrywilliglik aan mekaar verbind het en hulself só verplig het om op 'n bepaalde wyse teenoor mekaar op te tree.
- Die woord "broederliefde" (**φιλαδελφία**) raak die begrip "die binding aan kerklike besluite", aangesien gelowiges wat mekaar as medegelowiges liefhet, hulself as gebonde beskou aan hul gesamentlike genome besluite en sal gevolglik daardie besluite honoreer.
- Die woord "besluit" (ooreenkom) (**ορίζω**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges gesamentlike besluite neem met die onderlinge veronderstelling dat hulle daardie besluite sal honoreer.
- Die woord "opbou" (**οικοδομή**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges mekaar in die geloof opbou en mekaar juis in hierdie geloofsopbou bystaan wanneer die ingestelde dienste (ampte) hulle in besluitneming voorgaan tydens hierdie opbouproses.
- Die woord "orde" (**τάξις**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges (binne 'n bepaalde kerkverband) teenoor mekaar onderneem om die orde onder hulle te handhaaf deur volgens gesamentlike genome besluite op te tree.
- Die woord "gesag" (**εξουσία**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges wat die voordeel van die kerk soek, gesamentlike genome besluite sal erken.

- Die woord "waaragtig/eerlik" (waarheid) (**αληθως**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges verplig is om in waarheid (eerlikheid) hul onderlinge onderneming teenoor mekaar na te kom.
- Die woord "vrede" (**ειρήνη**) is belangrik vir die begrip "die binding aan kerklike besluite", omdat gelowiges binne 'n bepaalde kerkverband dit aan mekaar verskuldig is om die onderlinge vrede onder mekaar na te jaag op die wyse waarop hulle gesamentlike genome en ooreengekome besluite uitvoer.

2.4. ENKELE KARDINALE AFLEIDINGS UIT DIE WOORD TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

- Die eksegeese van bepaalde Skrifgedeeltes (soos Matt. 16:19; 18:18 & Hand. 15), asook van bepaalde begrippe uit die Woord, toon aan dat die binding aan kerklike besluite op en in die Skrif gegrond is.
- Gevolglik moet kerke binne kerkverband hulle bind aan die besluite wat hulle gesamentlik geneem het.
- Die binding aan kerklike besluite (en die bindende optrede wat daaruit voortvloei) is onontbeerlik vir die bestaan (en voortbestaan) van kerkverband.
- Die verpligting wat die Woord oplê ten opsigte van die binding aan kerklike besluite (wat die toets van die Woord deurstaan) plaas 'n groot verantwoordelikheid op kerke teenoor mekaar, maar veral teenoor Jesus Christus, die Koning van die kerk, aangesien sy doel vir en met sy kerk gesamentlik gesoek moet word.

2.5. 'N KORT HISTORIESE OORSIG TEN OPSIGTE VAN DIE VORMING VAN DIE BEGRIP "BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE"

Die bedoeling van hierdie historiese oorsig is geensins om 'n volledige of 'n grondige weergawe te gee of om 'n omvangryke bronnestudie te doen van die vormingsgeskiedenis van die begrip "binding aan kerklike besluite" nie. Slegs enkele pennestrepe word getrek in 'n poging om die hooflyne van die historiese ontwikkeling van die begrip weer te gee.

2.5.1. DIE TYDPERK VAN DIE NUWE TESTAMENT TOT EN MET DIE REFORMASIE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Met Christus se koms na die aarde het die Woord vlees geword en onder ons kom woon (Johannes 1:14). In Johannes 3:16 hoor ons wat die doel van sy vleeswording was: "Want so lief het God die wêreld gehad, dat Hy sy eniggebore Seun gegee het, sodat elkeen wat in Hom glo, nie verlore mag gaan nie maar die ewige lewe kan hê." Johannes die Doper was die een wat die pad vir die Here moes kom reguit maak (Joh. 1:23). Hy was die wegbereider wat die mense van sy tyd moes voorberei op die koms van Jesus Christus na die aarde. En nadat Jesus Homself deur Johannes laat doop het (Matt. 3:16), het Johannes (Joh. 1:36) vir Jesus later aangewys met die woorde: "Daar is die Lam van God!"

Jesus het, om die Goeie Boodskap van God se liefde en genade deur sy geliefde Seun aan sondaarmense bekend te maak, terwyl Hy op aarde was, vir Homself dissipels bymekaar gemaak en hulle toegerus om hierdie boodskap ná sy kruisiging en opstanding uit te dra en te verkondig. Matteus 4:18-22 verwoord die roeping van die eerste dissipels (Mark. 1:16-20; Luk. 5:1-11). Die vier Evangelies beskryf onder andere hoedat Jesus die dissipels orals met Hom saamgeneem het en hulle deeglik vir hulle toekomstige taak toegerus het. Nadat Judas vir Jesus verraai het, het daar 'n apostel gekort om die twaalfal voltallig te maak. Daarom het die gemeente in Jerusalem onder leiding van die Heilige Gees vir Mattias as twaalfde apostel in Judas se plek aangewys (Hand. 1:12-26).

Die dissipels het Jesus se opdrag aan hulle uitgevoer deur na die nasies te gaan en hulle sy dissipels te maak deur hulle in die Naam van die Vader, die Seun en die Heilige Gees te doop en te leer om alles te onderhou wat Hy hulle beveel het (Matt. 28:19-20). Oral waar die apostels gekom en die Woord van God verkondig het, het mense tot geloof en tot bekering gekom. Reeds in Handeling 11:30 word vermeld dat daar gou reeds ouderlinge in die gemeente in Jerusalem was. Die apostels het op elke plek waar mense op grond van die Evangelieverkondiging tot geloof gekom het en 'n gemeente kon vorm, ouderlinge verkies (Hand. 14:23) om die dienswerk in die gemeentes voort te sit. Hierdie dienswerk moes voortbou op die prediking van die apostels en die profete (Hand. 2:16-36; Rom. 10:13-17; 2 Pet. 1:21 & 2 Tim. 3:16-17). Die ouderlinge

moes bly by die waarheid van die Woord en dit oordra soos die apostels dit aan hulle verkondig het (Hand. 14:21-28; Bouwman, 1928:136). Christus het hulle immers aan sy kerk gegee om die gelowiges vir hulle dienswerk toe te rus en vir die opbou van die liggaam van Christus (Ef. 4:12). Soos die apostels, was die ouderlinge gebind aan die waarheid van God se Woord, asook aan die besluite wat op grond van die Woord geneem is (Hand. 15:28-29).

Ná Christus se lewe op aarde het God dus gesorg dat sy Woord deur die apostels uitgedra word en dat daar kerke op grond van die Woordverkondiging gestig is. Die gestigte kerke moes hulleself van hul ontstaanstyd voortdurend verweer teen allerlei vorme van dwaalleer wat gedreig het om inslag in die kerke te vind (1 Kor. 5; 2 Kor. 11; Gal. 2 en 3; Ef. 5; Kol. 2; 1 Tim. 1). Teen die dwaalleer moes hulle gedurig met die Woord as wapen stry (Ef. 6:17; 1 Tim. 3:16). Die Woord, soos dit deur die apostels verkondig is, was die enigste bindende maatstaf vir wat reg en verkeerd is. Gevolglik moes alle genome besluite die toets van die Woord deurstaan.

Die kerk van die Nuwe Testament was dus gegrond en gebou op die prediking van die apostels en die profete. Die kerke het hulle aan die Woord verbind en onder leiding van die Heilige Gees en die apostels besluite geneem wat vir al die kerke bindend was (Hand. 15:25-29; Gal. 2:6-10). Later het die apostels die Woord (die Nuwe Testament) op Skrif gestel en voortaan sou die geskrewe Woord as enigste maatstaf geld vir dit wat as bindend in die kerke aanvaar word.

Nadat die apostels almal gesterf het, het die kerke probeer om hulle eenheid in die verstaan van die Woord te bewaar deur in 'n bepaalde streek die gesag van 'n biskop te erken (Berkhof, 1950:25-26; Spoelstra, 1989:9). Hierdie verkose biskop moes die kerke daarin voorgaan om by die waarheid van die Woord te bly. Die kerke het die biskop aanvanklik gesien as gelyk aan al die ander predikante, maar tog het hulle opgesien na sy leiding weens die besondere gawes wat hy ontvang het tot voordeel van die kerke in die geheel (*primus inter pares*). Die apostoliese vader Ignatius, wat in 115 n.C. 'n marteldood gesterf het, het hierdie siening ondersteun (Bakhuizen van den Brink I, 1965:61). Vir hom het die Woord as enigste gesagbron gegeld en hy het erken dat die Woord orde en dissipline noodsaak, maar tog het hy een van die opsieners of ouderlinge (later 'n biskop)

in die kerk die middelpunt van die gemeentelike lewe gemaak (Ignatius, 1953:50-52, 62). (Vergelyk ook Zuidam & Britz, 1997:182, 183.) Hierdeur het Ignatius die saadjie geplant vir die toekomstige ontwikkeling van die pousdom.

Mettertyd sou die siening rondom hierdie leidinggewende biskop begin verander. Die bindende gesag van kerklike besluite het al meer begin sentreer rondom die gesag wat daar aan die biskop as persoon toegeken is. Sy gesag was nie meer daarin gesetel dat hy die Woord gesagvol gebring het nie, maar in die feit dat hy die besondere amp as biskop beklee het. Die uiterste vorm van hierdie ontwikkeling was die gesag wat later aan die pous toegeken is as hoogste aardse gesag in die Rooms-Katolieke Kerk (Bakhuizen van den Brink I, 1965:216-221). Hy is beskou as die verteenwoordiger van Christus op aarde wat onfeilbare uitsprake kon maak wanneer hy *ex cathedra* oor 'n saak beslis het of standpunt ingeneem het.

Irenaeus, die eerste groot erkende teoloog van die Vroeë Kerk, wat in 178 n.C. biskop van Lyon geword het, het groot klem gelê op die waarheid volgens die Woord van God (Irenaeus, 1953:414-415; Berkhof, 1950:53). Hy beklemtoon dat nie die gesag of besluite van kerke of kerklike vergaderings nie, maar dat alleen die Skrif die maatstaf vir waarheid bly (Zuidam & Britz, 1997:187). In die tweede eeu na Christus het gelowiges, soos blyk uit die geskrifte van Ignatius, Irenaeus en Clemens, steeds die Bybel as die gesagvolle openbaring van God beskou waarin hulle God Self hoor praat het (Zuidam & Britz, 1997:191). Gevolglik sou alleen daardie kerklike besluite wat die toets van die Woord deurstaan as bindend gehou word.

Vandat keiser Konstantyn die Christelike godsdiens begin aanhang het, het die kerklike situasie begin verander. In 325 n.C. het hy die eerste ekumeniese konsilie (kerklike vergadering) in sy ryk saamgeroep. Voor hierdie vergadering was daar wel provinsiale konsilies wat as meerdere vergaderings gefunksioneer het. Voortaan sou die karakter van die konsilies egter verander. Die konsilies is al meer gesien as "hoëre besture" in stede daarvan dat hulle as meerdere vergaderings funksioneer het. Tot nog toe was die kerk 'n geestelike eenheid van gelyke gemeentes en biskoppe. Konstantyn het die kerk egter mettertyd as staatskerk begin manipuleer waarbinne hyself as aardse regeerder die hoogste

gesag gehad het. Tegelykertyd het die biskop van Rome sy gesag in die weste begin uitbrei, sodat hy geleidelik as die leier van die biskoppe erken is. Dieselfde het in die ooste gebeur waar die biskoppe in groot stede met groot gemeentes hulle gesag uitgebrei het (Berkhof, 1950:67; Walker *et al.*, 1997:75-77 & 269-270).

Afgesien van die gesag wat in persone en 'n besondere ampte gesetel was, het die konsilies ook gesagvolle besluite geneem wat deur die kerke as bindend beskou is. In die Rooms-Katolieke Kerk was dit later só dat daar nie meer alleen op grond van die Woord gewetensbindende besluite geneem is nie. Ook die besluite wat die pous geneem het of die kerklike besluite deur konsilies het dieselfde gesag gehad as die besluite wat op die Woord gestaan het (Berkhof, 1950:112-116; Walker, 1997:428). Uiteindelik het die Rooms-Katolieke Kerk die stadium bereik waar hy in sy stryd teen die Reformasie (wat die kerk teruggeroep het na die Woord) by die punt gekom het dat: "Het concilie bond zich geheel aan de paus, zonder dat de paus aan het concilie was gebonden. Aan het slot vroeg het concilie om de pauselijke bekrachtiging zijner besluiten" (Berkhof, 1950:198). (Vergelyk ook Praamsma, 1979:342-343.) Die bepaling van wat waarheid is, was dus geheel en al in 'n persoon gesetel en gevolglik sou daar mettertyd (selfs ook na die Reformasie) al meer dwaalleer in daardie kerk kom. Die pous en die konsilies het bepaal wat waarheid is. Aan hulle besluite moes die kerke hulle bind (Grosheide *et al.*, s.a.:269-270).

2.5.1.1. SAMEVATTING

- Jesus Christus het aarde toe gekom as die Woord wat vlees geword het om aan diegene wat glo die ewige lewe te gee en hulle van die gevolge van die sonde te verlos.
- Ná sy kruisiging en opstanding het Jesus se dissipels die Goeie Boodskap uitgedra en verkondig, asook ouderlinge verkies en gemeentes gestig.
- Nadat die apostels almal gesterf het, het die kerke probeer om hulle eenheid in die verstaan van die Woord te bewaar deur in 'n bepaalde streek die gesag van 'n biskop te erken.
- Die Rooms-Katolieke Kerk het later die hoogste aardse gesag aan die pous toegeken as die verteenwoordiger van Christus op aarde.

2.5.2. DIE TYDPERK VANAF DIE REFORMASIE TOT EN MET VANDAG EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die Reformasie was 'n breuk met die gesag van die Roomse pous en konsilies wat besluite strydig met die Woord geneem het, aangesien die pous die plek van Christus as Hoof van die kerk ingeneem het (Coertzen, 1992:44). In die Rooms-Katolieke Kerk was daar sedelike afwykings; die Woord was nie meer die enigste maatstaf vir die waarheid nie; die amp van die Bedienaar van die Woord het totaal ontaard; bygeloof het hand oor hand toegeneem; die leer van die kerk was deurtrek met dwaling; die sakramente was vervals; die kerkregering het verval in tirannieke gesag deur die pous en kerkleiers (Polman, s.a.b.:167). Die reformatore, wat erns gemaak het met God se Woord en wil, kon hierdie situasie nie langer verduur nie, maar moes dit daadwerklik aanspreek. Hul bedoeling was geensins om hulleself van die kerklike gemeenskap te onttrek of om ware gelowiges toetrede tot hul eie gemeenskap te weier nie. Hulle wou ook nie 'n nuwe kerk vorm nie, maar wou die bestaande kerk terug na die Woord toe hervorm (Hodge, 1979:88). Die reformatore het dus nie die eenheid van die kerk misken nie, maar wou die eenheid in waarheid soek. Calvyn (1991:1460, 4.9.13) het trouens gemeen dat daar geen beter en betroubaarder geneesmiddel is om leerverskille op te los nie as wanneer 'n konsilie van regsinnige biskoppe oor 'n saak beslis nie. Gelowiges (ook diegene wat oor besondere gawes van geleerdheid beskik) het dus tesaam die waarheid gesoek. Uit die gesamentlike binding aan die waarheid sou daar eenheid voortvloei.

Gereformeerde gelowiges het gevolglik plaaslike kerke gestig, wat later gesamentlike kerkordes daargestel het en mekaar aangemoedig en vermaan het om voor niks anders as die Woord te buig nie (deur onderlinge tug toe te pas) (Hodge, 1979:91). Hierdie geleidelike reformasieproses het gelei tot 'n terugkeer na die binding aan kerklike besluite wat ooreenstem met die Woord van God. Daarteenoor het die reformatore die "amptelike besluite" van die pousdom verwerp as hulle oortuig was dat daardie besluite met God se Woord en Gees in stryd was (Calvyn, 1991:1378, 4.6.4; Spoelstra, 1992:903). Vir Calvyn (1991:1448, 4.9.2) en die ander reformatore was die Heilige Skrif die enigste, absolute norm om vas te stel wat die ware leer is. Hy het baie moeite gedoen om

saam met medegereformeerdes by die punt te kom dat hulle almal die waarheid dieselfde verstaan en omskryf het, sodat almal hulle daaraan gebonde geag het (Praamsma, s.a.:70).

Daar was ook uiteenlopende menings onder die onderskeie reformatore ten opsigte van die geldigheid van die reg in die kerk. Luther (Bouwman, 1928:26-29; Botha, 1993:2 & Plomp, 1967:10) wou byvoorbeeld geen vasgestelde kerkreg in die kerk hê nie en beskou dit as 'n middelmatige saak, aangesien die verkondiging van die heil in Christus vir hom alles in die kerk oorheers het. Daarom laat hy die kerkregering oor in die hande van die landvors (Walker *et al.*, 1997:440). Calvyn (1984c:474) daarenteen wys daarop dat God 'n God van orde is (1 Kor. 14:40) wat alles, ook die kerk, ordelik geskep het. Die plaaslike kerk wat deeglik georganiseerd is en homself regeer volgens die kerkorde waarvoor hy saam met die ander ooreengekom het, is aan die een kant selfstandig, maar aan die ander kant ook een met die ander kerke wat dieselfde waarheid volgens die Woord aanhang. Calvyn (1991:1376, 4.6.2; 1380, 4.6.5) (asook die ander reformatore) het homself as gebonde beskou aan kerklike besluite wat die toets van die Woord deurstaan het.

Onder gereformeerdes was daar noodwendig ook bepaalde onderlinge verskille. In 'n brief aan die vlugtelinggemeente in Londen, gee Calvyn (Coertzen, 1987:39) duidelike riglyne oor die wyse waarop gelowiges hul onderlinge verskille moes hanteer: "As mens bewus is van 'n ander vorm wat beter is, is dit geoorloof om eers met die predikante daarvoor te gaan praat en jou gevoel bekend te maak. Intussen moet jy jou hou by die plaaslike gebruike wat nie in stryd met die Woord van God is nie, sonder om nuwighede te propageer. In die strewe om nuwe gebruike in te voer, moet dit altyd gepaard gaan met bedagsaamheid en beskeidenheid terwyl 'n kerkraad in sy beoordeling van sondige pogings ook met verdraagsaamheid moet optree."

Aan die een kant was daar tussen gelowiges en kerke 'n groot mate van vryheid, maar tog was daar geen willekeur nie. Calvyn (1991:1497, 4.10.30) keur alleen daardie menslike instellings goed wat op God se gesag gegrond is en aan die Skrif ontleen is en beskou dit dan ook as Goddelik. Hy wys verder daarop dat dit nie God se wil was om in die uiterlike dissipline en seremonies uitdruklik voor te

skryf wat ons in die kerk moet volg nie, omdat Hy voorsien het dat dit van die tydsgewrig afhang en omdat Hy geoordeel het dat een vorm nie by alle tye pas nie. Verder behoort gelowiges hul toevlug te neem tot die algemene reëls wat God wél gegee het en waaraan alles wat die orde en betaamlikheid van die kerk raak, getoets moet word. Waar die voordeel van die kerk dit vereis, moet instellings ooreenkomstig die gewoontes van elke volk en tyd aangepas en verander word en nuwes ingestel word. Hy wys ook daarop dat vernuwing nie ondeurdag óf onverwags óf om oppervlakkige redes deurgevoer moet word nie. Die liefde behoort die finale deurslag te gee om te oordeel of iets skadelik of stigtelik vir die kerk is (Spoelstra, 1989:467; Strauss, 1989b:89). Botha (1993:10) toon dat Calvyn altyd die vryheid van keuse temper, aangesien oor alle sake vanuit die Woord geoordeel moet word om te bepaal of dit reg is. Daarom dat die reformatore soveel klem gelê het op die suiwerheid van die leer en het hulle ook van al die lidmate, maar veral van die predikante, verwag om volkome met die kerklike belydenis in te stem (Botha, 1997:1295).

Calvyn (1991:1283, 4.1.12) het die eenheid van die kerk geweldig sterk beklemtoon en selfs daarop gewys dat die een of ander fout in die bediening van die leer of die sakramente en ander sake waarvoor kerke mag verskil, nie tot gevolg mag hê dat die geloofseenheid verskeur mag word nie. Hy was bereid "om sewe oseane te deurkruis" om leerverskille met ander gereformeerdes uit te stryk. "Eenheid beteken nie noodwendig om tot in detail enerse en gelykluidende standpunte te huldig nie" (Spoelstra, 1989:303). Calvyn het dan ook van Luther verskil oor die Nagmaal, die hemelvaart en die kerkregering (Spoelstra, 1989:303).

Tydens die Reformasie was daar 'n groot vrees vir enige hiërargie onder die gelowiges wat weggebreek het van die Rooms-Katolieke Kerk om die kerke van die Reformasie te stig. Die Reformasie het juis sy ontstaan en momentum gekry vanweë die besluite van die pouse en konsilies wat in stryd was met God se Woord, maar wat die Rooms-Katolieke Kerk steeds as gewetensbindend aan gelowiges opgedring het (Calvyn, 1991:1448-1463, 4.9.1-4.9.14; Botha, 1997:1311). Die Reformasie het gelowiges verlos van gewetensdwang ten opsigte van besluite en gebruike en seremonies wat teen die Woord van God stry. En tog het hierdie "bevryding" van gewetensdwang geensins ingehou dat

die gelowiges en kerke van die Reformasie enige menslike willekeur sou duld nie, aangesien die eenheid (binding) onder die kerke (en reformatore) in die waarheid van die Woord geleë was. Oor die waarheid van die Woord kon daar geen willekeur wees nie. Daarom het die belydenis so 'n belangrike rol gespeel en het hulle mekaar as gebonde aan die belydenis (leer) beskou (Botha, 1982:36, 38; Rutgers, 1889:56-57). Die gelowiges en kerke van die Reformasie het dus aan mekaar die vryheid verleen om hul eie besluite te neem ten opsigte van middelmatige sake. Waar die kerke gesamentlik op grond van die Woord besluite geneem het, was die kerke verplig om sodanige besluite te honoreer.

Die wyse waarop die kerke van die Reformasie hierdie onderlinge binding gesien en hanteer het, het later sy neerslag gevind in die Dordtse Kerkorde van 1618/19 (vergelyk artikels 17, 31, 53, 54, 84 & 86). Die basis daarvan is reeds gelê in 1568 (tydens die Konvent van Wesel) wat plaasgevind het een-en-veertig jaar nadat Luther in 1517 die magtige damwal van menslike hiërargie van die Rooms-Katolieke Kerk deurbreek het met sy oproep tot die terugkeer na die Woord van God (Rutgers, 1889:1-41; Spoelstra, 1966:27-30). Reeds te Wesel het die Nederlandse predikante besluit om nie gewetensbindende besluite te neem oor middelmatige sake nie (Pont, 1981:76). Saam het hulle ook gemeen dat "eenparige toestemming" nie net in die leer nie, maar ook met betrekking tot die orde en die kerkregering nodig is (Spoelstra, 1989:470).

Veral Calvyn (met behulp van die Akademie te Genève waar baie teoloë hul opleiding by hom ontvang het, asook deur sy wydverspreide briefwisseling) het 'n groot rol gespeel om die gedagtes van die Reformasie oor 'n wye gebied te laat deurwerk (Bakhuizen van den Brink III, 1967:166-169). Alle bindende besluite wat in die kerk geneem word, moes vir hom die toets van God se Woord deurstaan (Calvyn, 1991:1497, 4.10.30). Die kerkorde wat hy in 1541 vir Genève opgestel het (*Ordonnances Ecclesiastiques*), asook die Kerkorde van die Franse Gereformeerde Kerke van 1559 (*Discipline Ecclesiastique*) het as onderbou gedien vir die beginsels wat by die konvent te Wesel (1568) en ook later by die sinode te Emden (1571) en deur latere sinodes tot en met die finale beslag van die kerkorde op die sinode van Dordrecht van 1618/19 vasgemaak is (Spoelstra, 1966:27-30).

Tog het al die kerke in Nederland nie hierdie kerkorde net só aanvaar nie (Bakhuizen van den Brink III, 1967:278). Die beginsels soos vervat in die Dordtse Kerkorde van 1618/19 is steeds 'n samevatting en grondslag van alle goeie gereformeerde kerkreg soos gegrond in Skrif en belydenis. Dieselfde kerkorde dien as grondslag vir die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (Spoelstra, 1966:27-30).

Onder die kerke van die Reformasie was daar die diepe besef van onderlinge eenheid, ook oor landsgrense heen. Tydens die Sinode van Dordrecht (1618/19) was daar drie-en-twintig buitelandse teoloë uit Engeland, Duitsland en Switserland teenwoordig (Bakhuizen van den Brink III, 1967:278). Saam het hierdie verteenwoordigde kerke deur middel van hul afgevaardigdes hul onderlinge eenheid in die waarheid van God se Woord gesoek. Wanneer die kerke voortaan gesamentlik tydens kerklike vergaderings besluite sou neem, het hulle daardie besluite getoets aan God se Woord. Besluite wat dáárdie toets deurstaan het, het die kerke as bindend beskou en uitgevoer.

2.5.2.1. SAMEVATTING

- Die Reformasie was 'n breuk met die gesag van die Roomse pous en konsilies wat besluite strydig met die Woord geneem het.
- Die onderskeie reformatore het wel ten opsigte van sekere sake onderling van mekaar verskil, maar het hul onderlinge verskille volgens bepaalde riglyne hanteer.
- Die reformatore het baie klem gelê op die suiwerheid van die leer en het van al die lidmate, maar veral van die predikante, verwag om volkome met die kerklike belydenis in te stem.
- Die Reformasie het gelowiges verlos van die gewetensdwang wat die Rooms-Katolieke Kerk op hulle geplaas het, maar tog geen willekeur geduld nie.
- Waar die kerke van die Reformasie gesamentlik op grond van die Woord besluite geneem het, was die kerke verplig om sodanige besluite te honoreer.

2.6. DIE OMVANG VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

2.6.1. INLEIDING

Kerke en individue behoort hulself deeglik te verantwoord oor die grense van die binding aan kerklike besluite. Waaraan behoort kerke en individue hulself as gebonde te beskou en waaraan nie? Die uitgangspunt behoort immers te wees dat alleen dit wat God se Woord as bindend stel, gewetensbindend is en as sodanig hanteer behoort te word. Die Woord bind vanselfsprekend en die bindingskrag daarvan is onbeperk.

Skrifbeskouing speel hier uiteraard 'n groot rol. Gelowiges wat dieselfde Skrifbeskouing deel, behoort die Woord op dieselfde wyse te verstaan en te interpreteer. Hulle behoort by dieselfde antwoorde uit te kom oor wat as bindend beskou word al dan nie. Gereformeerde gelowiges gaan op grond van hul belydenis uit van die vertrekpunt dat die Bybel die onfeilbare Woord van God is en die enigste rigsgnoer vir die lewens van gelowiges is (Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2-7). Die Gereformeerde Skrifbeskouing en Skrifhantering van die Bybel as die onfeilbare Woord van God kom duidelik na vore in die verstaan van die Skrif soos dit neerslag vind in die Drie Formuliere van Enigheid (naamlik die Heidelbergse Kategismus; Nederlandse Geloofsbelydenis & Dordtse Leerreëls).

Besluite oor wesentlike sake, wat vanselfsprekend bindend is, is besluite oor sake waarvoor die grond die Woord van God self is. Oor sodanige besluite, waarvoor die riglyne duidelik in die Skrif te vind is, is daar weinig probleme in die kerklike praktyk. Die probleem ontstaan by die verstaan van middelmatige sake en wanneer daar 'n verskil van mening ontstaan oor dit wat as wesentlike (gewichtige) en oor dit wat as middelmatige sake beskou word. (Vergelyk par. 2.6.3, 2.6.4 & Bouwman, 1934:50.)

Middelmatige sake is daardie sake of besluite wat nie noodwendig met 'n direkte Skrifwoord gestaaf kan word nie. Kerkorde GKSA artikel 62 kan as voorbeeld geneem word (Anon, 1998:26). Hierdie artikel van die kerkorde wys daarop dat dit aan die vryheid van kerke oorgelaat moet word om die Nagmaal te hou op die wyse wat volgens die oordeel van die plaaslike kerkraad tot die beste stigting sal dien. Die praktiese gebruike wat by elke plaaslike kerk van toepassing is (buiten die

uitwendige seremonies wat in die Woord van God voorgeskryf word), word aan die oordeel van daardie kerk oorgelaat.

Middelmatige sake kan verder in twee kategorieë verdeel word. Eensyds is daar middelmatige sake waaraan kerke hulleself tot 'n sekere wyse van optrede verbind; andersyds word dit geheel en al oorgelaat aan die vryheid van elke bepaalde kerk. Daar bestaan dus sekere middelmatige sake waaroor die kerke gesamentlik sekere bindende besluite geneem het. Kerke moet daardie besluite ter wille van die goeie orde (1 Kor. 14:40) uitvoer en honoreer op grond van die vrywillige onderlinge onderneming waarmee die kerke hulself aan mekaar in 'n kerkverband verbind het. (Vergelyk kerkorde GKSA artikel 86; Spoelstra, 1989:470-475 & Visser 1999:321-322.) Volgens die vrywillige onderlinge onderneming tussen die kerke in kerkverband, onderneem hulle teenoor mekaar om sekere dinge op 'n bepaalde ooreengekome wyse te hanteer, sodat die opbou, die eenheid en die algehele voordeel van die kerke daardeur gesoek word.

Middelmatige sake waaroor kerke self kan besluit, is daardie sake waaroor kerke tydens meerdere vergaderings nie besluite geneem het nie (vanweë die eie aard daarvan, naamlik deurdadig sake is wat tuishoort op die tafel van die plaaslike kerkraad), of sake waaroor die kerke onderling op meerdere vergaderings ooreengekom het om dit vir besluitneming aan die vryheid van die kerke self oor te laat (kerkorde GKSA artikel 30).

Kerke behoort by die neem van besluite ook die kerklike usansie te respekteer. Usansie is volgens die HAT (1976:933) 'n "gewoonte" of 'n "gebruik". In kerklike terme kan usansie gedefinieer word as 'n gebruik wat homself oor tyd as 'n goeie kerklike gebruik bewys het en wat die voordeel van die kerk en koninkryk ten doel het. (Vergelyk kerkorde GKSA artikel 63 waarvolgens die kerke onderlinge reël om minstens elke drie maande die sakrament van die Nagmaal te vier.)

Die hantering en die verstaan van wesentlike en middelmatige sake se belangrikheid vir die binding aan kerklike besluite sal voorts onder die soeklig geplaas word.

2.6.2. UITGANGSPUNTE

Alle reëlings en besluite wat in die kerk van die Here geneem word, moet die opbou en voordeel en stigting van die kerk ten doel hê. Coertzen (1991:137) wys op Bucer se beklemtoning daarop dat alles wat in die kerk gereël word daarop gemik moet wees dat "die Woord, die sakramente en die dissipline van Christus met meer majesteit bedien word". Daardie kenmerke wat die ware kerk van die valse kerk onderskei (vergelyk Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 29) en wat die wese van kerkwees bepaal, moet versterk en uitgebou word deur elke besluit wat kerke neem en deur elke reëling wat kerke onderling met mekaar tref.

Gelowiges deel dieselfde geloof in Jesus Christus. Daarom voeg gelowiges hulle saam om as kerk van die Here hulle geloof in die praktyk van die lewe uit te lewe. Hierdie eenheid in die geloof moet gehandhaaf word, selfs te midde van onderlinge verskille. Die eenheid in die geloof kan te midde van 'n groot verskeidenheid van uiterlike sake bestaan, sonder dat die geloofseenheid as sodanig in die gedrang kom. Calvin (1991:1283, 4.1.12) wys daarop dat "al die hoofpunte van die ware leer ... nie net een vorm (het – JHH) nie" en dat "sekere aspekte daarvan ... so noodsaaklik is om te ken dat dit vas en ontwyfelbaar by almal moet wees ... maar dan is daar ook ander aspekte wat, hoewel hulle onder kerke verskil, nie die geloofseenheid verskeur nie" (Plomp, 1969:259-263).

Kuyper (1932/33:12) stel die beginsel: "... in necessariis unitas in adiaphoribus libertas". Hy stel die basis vir kerkverband as "... de consensus van de confessie, de liturgie en de K.O." Daarom kan Spoelstra (1989:467) ook opmerk: "Dinge wat "vreemd" voorkom, hef nie eenheid tussen kerke noodwendig op nie. Kerke wat die essensiële aspekte van ware geloof omhels (Heid Kat S 21), deel in 'n eenheid wat oor lands-, kultuur- en kerklike verskille heenreik. Eenheid vereis nie formele eenheid, eenvormigheid en een instituut nie."

Dit is dan ook van groot belang dat kerke onder mekaar duidelikheid moet hê oor daardie sake wat noodsaaklik of onveranderlik is en waarvan afwyking daarvan tugwaardig is. Daarmee saam moet kerke kan onderskei watter sake van minder noodsaak is, maar wat tog steeds nuttig is, omdat dit die goeie orde en stigting van die kerke dien. Vanaf die vroegste tye het die kerke onder mekaar ooreengekom dat

daar sekere sake is wat wat weens die aard daarvan nie noodsaaklik is vir ons saligheid nie, volgens die gebruike van volke verskil, van tyd tot tyd aangepas en afgeskaf kan word en dat daar selfs nuwes in die plek daarvan gestel kan word (Coertzen, 1991:139).

Die ware liefde vir Christus en sy kerk behoort altyd 'n groot rol te speel wanneer bepaal word of iets tot voordeel of tot nadeel van die Here se kerk op aarde is. Veral ten opsigte van daardie sake wat nie direk uit die Woord van God afleibaar of aantoonbaar is nie, behoort die liefde die bepalende faktor te wees wanneer besluite val om bestaande reëlings of besluite te wysig, sodat sodanige wysiging in die besondere tyd of tydsomstandighede tot die beste voordeel van die kerk sal wees.

Wat duidelik is, is dat selfs die besluite oor middelmatige sake van belang is (Pont (1985:525) wat sentrum en periferie onderskei, maar wat byvoeg dat die periferiese steeds van belang is). Du Plooy (2001:7) wys op die spanning waartoe die groot verskeidenheid van standpunte en menings binne selfs 'n bepaalde kerkverband kan aanleiding gee. Hy onderskei ook tussen die "fundamentele en nie-fundamentele" en beklemtoon dat daar vir mekaar ruimte gelaat moet word "vir middelmatige verskille, nuanserings, veranderinge en vernuwings". Du Plooy (2001:7) meen ook: "Die gereformeerde kerke oor die wêreld beleef tans en toenemend 'n spanning tussen die eis tot eenheid en die eis tot die handhawing van die waarheid. Dit moet in gedagte gehou word dat die eenheid deel van die waarheid is, en dat die waarheid die grondslag vir ware eenheid is. Die oplossings van spanninge in hierdie verband lê nie in repeterende afskeidings of skeurings nie, ook nie in die aanvaarding van pluralisme nie. Die eis van die Skrif is dat ons oor die sake van eenheid en waarheid in die gees van liefde besin en diskusseer."

Elke besluit wat kerklike vergaderings neem, behoort die opbou van die kerk ten doel te hê. Hovius (1962:7) stel dit soos volg: "... aedificatio ecclesiae suprema lex, mits deze veranderingen weer niet strijden tegen de geboden des Heren, tegen de inzettingen van Christus."

Spoelstra (1989:189) wys ook op die belang van rus en vrede waartoe goeie kerklike besluite moet meewerk: "Belydenisuitsprake en Skriftuurlike voorskrifte in kerkorde oor tugoefening is bindend, terwyl goeie kerklike orde altyd rus en vrede in die

gemeente op die oog sal hê en nie allerlei 'beuselagtighede' (Calvyn) sal voorskrywe nie."

2.6.2.1. SAMEVATTING

- Alle onderlinge reëlins wat getref en besluite wat in die kerk van die Here geneem word, moet die opbou en voordeel en stigting van die kerk ten doel hê.
- Die eenheid in die geloof moet te midde van onderlinge verskille gehandhaaf word.
- Kerke moet onder mekaar duidelikheid hê oor daardie sake wat noodsaaklik of onveranderlik is en waarvan afwyking daarvan tugwaardig is, teenoor die sake wat van minder noodsaak is, maar wat tog steeds nuttig is omdat dit die goeie orde en stigting van die kerke dien.
- Ware liefde vir Christus en sy kerk sal altyd 'n groot rol speel wanneer bepaal word of iets tot voordeel of tot nadeel van die Here se kerk op aarde is.
- Selfs besluite oor middelmatige sake is van belang vir die kerk van die Here.
- Goeie kerklike besluite sal tot die onderlinge rus en vrede in die kerke meewerk.

2.6.3. WESENTLIKE SAKE

Wesentlike sake kom direk uit die Skrif. Dit sluit ook alle sake in wat op grond van direkte Skrifgegewens uit die Skrif afgelei kan word. Die volgende is 'n voorbeeld van 'n afleiding uit die Skrif: Daar staan nie in die Woord dat jy nie dwelms mag gebruik nie, maar tog sê God volgens Eksodus 20:13 dat jy nie mag moord pleeg nie. Daaruit kan met goeie reg afgelei word dat 'n mens nie jou lewe in gevaar mag stel of jou liggaam mag benadeel deur onder andere die gebruik van dwelms nie.

Wesentlike sake is daardie sake wat die waarheid van die Woord en die geloof in God raak. In hierdie sake bind ons onself onvoorwaardelik. Uiteraard speel Skrifbeskouing 'n kardinale rol om by dieselfde siening en verstaan van wesentlike sake uit te kom.

Hovius (1962:13) dui op die sake wat die Konvent van Wesel (1568) as wesentlike sake beskou het: "Die dinge echter, welke van een andere aard zijn, omdat zij óf in Gods Woord óf in het gebruik en het voorbeeld der Apostelen óf in de voortdurende en op ernstige en noodzakelijke redenen steunende gewoonte der kerken gegrond zijn, daarin zal men niet lichtvaardig van de gemene overeenstemming der kerken en de ingewortelde gewoonte afwijken." Gereformeerdes erken dus dat daar onveranderlike prinsipiële sake is en dat daar voortdurend gewaak moet word teen menslike besluite of bepalings wat hierdie besluite of sake probeer wysig, aangesien dit die grondslag (volgens Skrif en belydenis) vir die kerk en vir sy orde op aarde daarstel.

Wesentlike sake het te doen met die sogenaamde "goddelike reg" (Nauta, 1971:19) wat die grondreg van die kerk daarstel, wat uit die Skrif kom en afgelei word en daarom ook as gewetensbindend gehou word. Hierdie sake is selfs deur die vroegste kerklike vergaderings uit die Skrif beslis (Spoelstra, 1989:191).

Calvyn (1991:1488, 4.10.22; 1991:1497, 4.10.30) noem hierdie beginsels wat direk in die Skrif aan die kerk voorgehou word, "*essentia*" (of beginselsake) wat selfs indirek uit die Skrif afgelei kan word solank daardie afleidings die toets van die Skrif kan deurstaan. Daaruit kan afgelei word dat besluite wat strydig is met die Woord en belydenis wesentlik nie oor regsgeldigheid beskik nie. 'n Wesentlike saak, byvoorbeeld die kruisiging en die opstanding van Jesus uit die dood, raak die wese van die Evangelie. Indien 'n kerk of individu die belangrikheid van 'n wesentlike saak ontken, mag die ander kerke sulke optrede nie ignoreer deur nie daarteen op te tree nie.

De Waard (1992:564) poneer dat die essensiële leerstellings in die verlede in die Vroeë Kerk bepaal is deur die biskoppe se leiding te soek en deur die belydenisskrifte na te volg. Die hedendaagse groot diversiteit in menings, asook onderlinge verskille in die kerk, maak egter dat hierdie eenvoudige wyse van beoordeling en leidinggewing om tussen wesentlike en middelmatige sake te kan onderskei, nie meer voldoende is nie.

Watter sake kan dan as wesentlike en daarom as gewetensbindende sake beskou word? Wesentlike of gewetensbindende sake is daardie sake wat die

geloofsbelydenis raak of die gebruike wat op die Skrif en voorbeeld van die apostels gegrond is. Bouwman (1934:49) praat van gewigtige sake wat die algemene belang raak, wat in die leer of voorbeeld van die apostels 'n vaste grondslag het en wat om noodsaaklike en onvermydelike redes van krag is.

'n Voorbeeld van 'n "vaste gebruik in die kerk" wat in die verlede as 'n wesentlike saak beskou is, is die sogenaamde "vrouekiesreg" waaroor die Algemene Sinode van Utrecht (1923, Art. 127) 'n beslissing moes vel. Aangesien hierdie saak al die kerke binne die kerkverband geraak het, moes die Algemene Sinode (al die kerke tesaam) oor hierdie saak beslis. Die gronde wat Bouwman (1934:39) gee waarom al die kerke tesaam oor die vrouekiesreg moes besluit, is omdat al die kerke deur hierdie besluit geraak sou word. Daar was verskil van mening of dit Skriftuurlik regverdigbaar was; daarom (ter wille van die goeie orde volgens 1 Kor. 14:33) mag 'n plaaslike kerk nie maar eiewillig oorgaan tot die invoering van die vrouekiesreg sonder om die oordeel van al die ander kerke daaroor in te win nie. As hierdie saak Skriftuurlik regverdigbaar was, moes alle kerke die vrouekiesreg invoer, maar indien nie, moes kerke wat dit reeds ingevoer het, daaroor vermaan en bestraf word. In die geval waar elke plaaslike kerk toegelaat sou word om afsonderlik hieroor te besluit, sou dit kon lei tot praktiese moeilikhede en tot groot regsonsekerheid.

Bouwman (1934:39) wys ook op die rapport van die adviserende kommissie tydens die sinode van Utrecht (1923:230) oor die sing van gesange in die kerk, wat soos volg lui: "Wanneer een kerkeraad besloot om een gezangen-bundel in te voeren bij den eeredienst, zou dit besluit alleen geldig zijn voor zijn eigen gemeente, maar zou wel degelijk in strijd zijn met de eischen van het kerkverband, daar de vraag of, en zoo ja, welke gezangen in de kerken behooren gezongen te worden, een vraag is, die een gemeenschappelijk belang der kerken raakt, en daarom ook door de kerken gemeenschappelijk behoort beslist te worden." Die kerke het die sing van gesange in die kerk duidelik as 'n wesentlike saak beskou.

Calvyn (1991:1462, 4.9.14; 1991:1752, 4.17.48) het die drink van die wyn tydens Nagmaal as 'n wesentlike saak beskou. Hy het die foutiewe gebruik by die Rooms-Katolieke Kerk, dat alleen die priester (en nie die "gewone" lidmate nie) tydens die Nagmaal mag wyn drink, uitgewys en beklemtoon onder andere uit die Skrif die wesentlike aard van die drink van die wyn: "Ten eerste voer hulle die reddenasie aan

dat ons nie uit 'n enkele optrede 'n reël moet aflei waardeur die kerk vir ewig gebind word nie. Maar hulle lieg tog wanneer hulle sê dat dit 'n enkele daad is want Christus het nie alleen die drinkbeker vir hulle aangegee nie, maar ook bepaal dat die apostels dit in die toekoms so moes doen. Dit is trouens woorde van iemand wat 'n bevel gee wanneer Hy sê: 'Drink almal uit die beker'. En Paulus vertel ook dat dit so gedoen is sodat hy dit as 'n vaste instelling kan aanprys." My oortuiging is dat Calvyn die beker as deel van die uiterlik ingestelde seremonies (kerkorde GKSA artikel 62) ook as belangrik beskou het, aangesien hy die beker (soos deur die Skrif aangetoon in Matt. 26:27) as vanselfsprekend aanvaar het. Hy noem as't ware die wyn "die beker" (soos die Skrif trouens ook doen). Die een hoort by die ander. Vorm en inhoud pas by mekaar. (Vergelyk ook Meijer, 2001:11.)

2.6.3.1. SAMEVATTING

- Wesentlike sake is sake wat direk uit die Skrif kom en wat met Skrifbewys gestaaf kan word. Dit sluit ook al daardie sake in wat op grond van direkte Skrifbeginsels uit die Skrif afgelei kan word en wat daarom ook as gewetensbindend gehou word.
- Wesentlike sake is daardie sake wat die geloofsbelijdenis raak en gebruikte wat op die Skrif en voorbeeld van die apostels gegrond is, wat die algemene belang raak en wat om noodsaaklike en onvermydelike redes van krag is.

2.6.4.MIDDELMATIGE SAKE

2.6.4.1. WAT IS MIDDELMATIGE SAKE?

Middelmatige sake is sake wat nie direk uit die Skrif of uit die belijdenis af te lei is nie. Bouwman (1934:49) gee die volgende definisie van middelmatige sake: "*Middelmatige dinge* zijn dus die dinge, die niet uitdrukkelijk in Gods Woord worden voorgeschreven, of berusten op een duidelijk voorbeeld der apostelen of met noodzakelijke redenen uit Gods Woord worden afgeleid." Hierdie sake sluit dikwels onderlinge ordereelings in.

Die Konvent van Wesel (1568) het riglyne daargestel vir die opstel van ordereelings in die kerk, naamlik dat alle sake wat van nature middelmatig is en nie in die leer of

voorbeeld van die apostels gegrond of om enige noodsaaklike en onvermydelike rede gehandhaaf behoort te word nie, nie voorskriftelik gestel mag word en die kerke se vryheid inperk nie. Sodoende word enige gewetensdwang en alle oorsake tot twis vermy. Die kerke moet toegelaat word om te doen wat tot die beste voordeel van die plaaslike kerk en sy omstandighede is, totdat die kerke gesamentlik oor daardie betrokke sake besluite geneem het. Wesel (1568) het dan ook 'n aanduiding gegee van wat onder "middelmatige sake" verstaan word: "Onder zulke middelmatige zaken rekenen wij, dat men bij de doopsbediening de doopelingen een of meermalen met water besprengt; dat men den doop bedient voor of na de predikatie, en daartoe neemt zekere getuigen of dat aan de ouders alleen en aan de geheele gemeente de zorg bevolen blijft over de gedoopte kinderen. In de avondmaalsbediening, of met zittende zal bedienen, of onder het staan of gaan den drinkbeker zal uitreiken; of men onder de bediening de Schrift zal voorlezen of Psalmen zingen, en wat meer van zulke zaken voorkomt, over welk middelmatig gebruik, als de zaak het vereischt, het onervaren volk ook zal onderwezen worden" (Pont, 1981:76).

Spoelstra (1989:488) gee 'n kort oorsig oor die heersende siening oor middelmatige sake tydens die 16de eeu: "In die 16de eeu toe die kerkordelike ooreenkoms ontwikkel het, het die vryheid en selfstandigheid van die plaaslike kerke in middelmatige dinge absoluut voorop gestaan (De Jongh 1918:163v, kyk by artt 30, 56, 62). Die Nederlandse en Vlugtelingkerke in Engeland (a Lasco) het byvoorbeeld liturgiese wisselwerking beoefen, maar alhoewel die Engelse kerke die Nederlandse kerkorde 1578, 1581 onderskryf, kon hulle dit nie toepas nie. Die owerheid het dit belet en hulle onder die Londense biskop geplaas (De Jongh 1918:180). Calvin het hom met die Anglikaanse Kerk (Cranmer) een gevoel, ten spyte van hulle episkopaalse regeringsvorm. Sinode Middelburg 1581 bepaal gevolglik verdraagsaamheid ten opsigte van buitelandse kerke in sake wat nie tot die essensie van geloof behoort nie."

Bucer meen middelmatige of nienoodsaaklike sake is daardie sake wat wel as nuttig getipeer sou kon word omdat dit die gang van die noodsaaklike orde in die gemeente reël. Hy meen dat daar ten opsigte van die orde 'n groot verskeidenheid bestaan en dat die bestaande orde ook na die eis van omstandighede verander kan word (Van't Spijker, 1972:34-36).

Calvyn (1991:1500, 4.10.32) se mening oor middelmatige sake is dat hierdie dinge nie met bygelowigheid onderhou moet word óf dat van ander te streng verwag word dat hulle dit nakom nie, óf dat gemeen moet word dat diens aan God beter is wanneer 'n klomp seremonies nagekom word nie en dat een kerk nie 'n ander moet verag weens 'n verskil in uiterlike dissipline nie. Besluite of instellings oor middelmatige sake mag ook nie soos 'n ewige wet hanteer word nie, maar moet gerig wees op die stigting van die kerk. Wanneer dit tot voordeel van die kerk is, moet sodanige instelling ook weer gewysig kan word sonder dat iemand daardeur aanstoot neem. Calvyn (1991:1494, 4.10.27) wys daarop dat vooraf getoets moet word of 'n reëling werklik vir "ons saligheid noodsaaklik is".

Jansen (1924:49-50) vat die Gereformeerde standpunt met 'n verwysing na die beroemde Sinode van Dordrecht (1618/19) se twintigste sitting saam deur aan te toon dat middelmatige sake (*adiaphora*) geheel anders hanteer behoort te word as wesentlike sake. Op die uitvoering en toepassing daarvan mag daar nie so streng aangedring word nie. Hy haal uit die twintigste sitting van die Sinode van Dordrecht 1618/1619 waar dit handel oor die toelating van kandidate tot die Woorddiens, die volgende aan: "*Maar zij heeft ook besloten dat deze dingen niet zoo strikt aan alle kerken opgelegd zouden moeten worden, maar dat het voldoende was, indien zij ernstig zullen worden aanbevolen.*" Op grond hiervan merk Jansen (1924:50) op: "Derhalve sommige dingen werden slechts aanbevolen, andere slechts als raadgevingen toegevoegd; weer andere worden aangeraden om in dezen staat van zaken voorzichtig of zoo geduld of zoo gedaan te worden, om grootere en verdere onaangename dingen, welke anders nauwelijks vermeden konden worden, te voorkomen; nog andere dingen worden wel aan sommige kerken, welke in dezen of dien toestand verkeeren, 't zij om ze toe te laten 't zij om ze te doen, opgelegd, doch niet in het generaal aan alle voorgeschreven; nog weer andere worden verordend, maar dan zoo, dat niet alle uitzondering of vrijstelling, of matiging uitgesloten is, indien namelijk de classis of de kerkeraad zulk een raad noodig zal oordeelen ... Zoodat ik met dit woord wil zeggen, dat niet alle synodale besluiten en bepalingen inzake middelmatige en voorbijgaande dingen fundamenteele en evenmin strafbare wetten der kerkregeering zijn, hoewel ze terecht bepaald zijn."

Hovius (1962:7) dui ook die onderskeid tussen wesentlike en middelmatige sake soos volg aan: "...het jus divinum positivum ... is onveranderlijk; daaraan mag niet

getornd word, want het kom tot ons met goddelijk gezag en is daarom conscientie-bindend. Het tweede, het jus divinum permissivum, valt onder het aspect der betrekkelikhed; het mag en moet veranderd word as het heil der kerk dit eist of als de omstandigheden dit noodzakelijk maken; aedificatio ecclesiae suprema lex, mits deze veranderingen weer niet stryden teen de geboden des Heren, teen de insettingen van Christus."

Du Plooy (2001:7) gee 'n ander blik op middelmatige sake aan die hand van "nie-fundamentele" verskille wat daar tussen kerke of binne 'n kerkverband mag bestaan wanneer hy opmerk dat daar genoeg ruimte binne kerkverband behoort te wees vir "middelmatige verskille, nuanserings, veranderinge en vernuwings. Voortdurende reformasie, veranderinge of aanpassings is immers deel van ons tradisie, terwyl stagnasie en formalisme wesentlike gevare is".

Gereformeerde kerkregtelikes onderskei deurgaans tussen wesentlike en middelmatige sake. Kruger *et al.* (1966:43) meen: "Daar kan alleen 'n mate van vryheid ten opsigte van middelmatige dinge wees." Küng (1978:292) praat van "that which has only conditional validity" en van "differences that are tolerable" en "the points at which we should be broad-minded and tolerant". Calvyn (1991:1497, 4.10.30) meen dat die Here Jesus ten opsigte van uiterlike dissipline en seremonies nie uitdruklike voorskrifte gegee het wat ons moet navolg nie, omdat dit van die tydsgewrig afhang en een vorm nie by alle tye pas nie. Daarom behoort die algemene reëls wat Hy gegee het, gevolg te word om vas te stel wat ordelik en betaamlik is. Verder moet instellings verander en herroep word en nuwes ingestel word waar dit tot voordeel van die kerk is. Tog mag veranderinge en wysigings nie om oppervlakkige redes aangebring word nie. Voorts moet die liefde hierdie proses kenmerk, sodat dit nie tot skade nie, maar tot stigting van die Here se kerk dien.

In middelmatige sake mag gelowiges se gewetens nie gebind word nie. Tog bind besluite oor middelmatige sake steeds gelowiges se wyse van optrede aangesien hulle vrywilliglik teenoor mekaar ooreengekom en onderneem het om hierdie spesifieke sake op 'n bepaalde wyse te hanteer. Pont (1985:525) maak die volgende belangrike opmerking wat die hantering van middelmatige sake raak: "Dat dit (die feit dat dit middelmatig is – JHH) nie beteken dat die periferiese van minder belang is nie."

2.6.4.2. AFWYKING VAN MIDDELMATIGE SAKE

Omstandighede buiten die kerke se beheer het ook soms in die verlede aanleiding daartoe gegee dat sekere artikels van die kerkorde nie oral ewe gemaklik toegepas kon word nie. Veral waar die owerhede dit vir die kerke onmoontlik gemaak het om streng by die kerkordelike bepalings te bly. Rutgers (1890:41) bevestig dat kerke mekaar in sulke omstandighede ook ter wille was. Hy wys daarop dat die toesig oor die belydenis baie streng was, maar dat daar nie soveel klem gelê is op die nakom van die kerkorde nie, sodat daar geen formalisme of reglementêre presiesheid was nie. Aan die ander kant het hulle nie eiesinnigheid, willekeur, bandeloosheid of wanorde verdra nie. "Maar wanneer de orde, de rust en de welstand der Kerken geen gevaar liepen; wanneer die integendeel nog bevorderd werden door eene kleine afwijking van de ordinantiën; dan werd zulke afwijking niet verkeerd geacht, en dus niet slechts geduld, maar ook goedgekeurd." Tog wys Rutgers (1890:41) daarop dat die kerke "zullen 'arbeyden' of 'neersticheijt doen', om deze artikelen te onderhouden".

Wanneer daar in die kerk oor middelmatige sake verdraagsaamheid ontbreek, kan dit aanleiding gee tot regskenking en die oorsaak wees dat mense gewetensknegte word van menslike idees en bevindings (Spoelstra, 1989:189). Gevolglik sal daar onrus onder gelowiges en in die kerke wees wat nie tot stigting en opbou van die kerk van die Here is nie. Die goeie orde sal ook hierdeur in gedrang kom (Rutgers, 1922:141).

In die kerke se geskiedenis kom die onverkwiklike werklikheid telkens na vore dat daar baie tyd en energie bestee word om middelmatige sake as bindende of as fundamentele sake voor te hou. Van der Vyver (1958:121) wys byvoorbeeld op ds. Dirk Postma se misnoegdheid met die kerklike situasie van sy tyd: "Met diepe ontroering en in die hoop dat 'de eenvoudige mededeeling maar enige vrucht drage' klae Postma oor die verdeeldhede tussen gelowiges 'die het in hoofzaak eens zijn'. Hulle word, volgens Postma, uitmekaar gehou 'van wege verschil in zaken die tijdelijk zijn en het geloof der regtvaardiging niet raken' m.a.w. dit is 'n stryd om bysake en nie om fundamentele sake nie. En daarby word dit gevoer met 'verbittering tegen elkander' en met 'verfoeijen degenen die hierin van hen verschillen'. Postma se

diagnose van die twissiekte was nogal raak en suiwer. Heel dikwels het dit gepaard gegaan met kleinlikhede.”

Van Rooy (1997:2) wys ook op die versoekings en op die moontlike gevolge wanneer middelmatige sake nie as sodanig hanteer sou word nie: “Die eerste versoeking is om van middelmatige sake wesentlike sake te maak. Dan kan molshope berge word en baie energie gebruik word in ’n vurige diskussie oor onbelangrike sake, soos wat dikwels in kerklike tydskrifte gebeur. Die tweede versoeking is om te dink dat jou interpretasie noodwendig reg en Skriftuurlik begrond is en dat die wat van jou verskil, weet dat jy reg is en dat hulle bloot moedswillig is. In hierdie laaste geval word die ander persoon se goeie trou bevraagteken.”

Alle middelmatige sake kan ook nie oor dieselfde kam geskeer word nie, aangesien daar ’n verskil bestaan tussen middelmatige sake wat bindende krag het en dié wat nie bindende krag het nie.

Daar behoort daarteen gewaak te word om die oordeel oor middelmatige sake geheel en al afhanklik te maak van die gewete van die individu. Só ’n benadering druis in teen die wese van die eie aard van die kerkverband waarvolgens kerke en individue teenoor mekaar onderneem om (na deeglike besinning en onder leiding van die Heilige Gees) sekere sake op ’n spesifiek ooreengekome wyse te hanteer.

2.6.4.3. BINDING AAN MIDDELMATIGE SAKE

Middelmatige sake is nie onbelangrike sake nie, aangesien dit nie sake is waarvoor daar willekeurige besluite geneem kan of mag word nie. Coertzen (1991:139) wys daarop dat Calvin se standpunt oor die veranderbaarheid van kerklike reëlins beteken het dat Christene hierdie reëlins maar “mag verag, verontagsaam of in hoogmoedigheid en wederstrewigheid mag skend nie. Christene moet die wette gebruik juis omdat hulle verplig is om die liefde onder mekaar te koester. Sou die nakoming van ’n bepaalde wet vergeet word, sou dit nie as sodanig ’n sonde wees nie. Die geval is egter anders as dit uit veragting geskied”.

Reeds op die Konvent te Wesel (1568) is die volgende besluit: “Geen kerk in het bijzonder zal dit middelmatig gebruik vermogen weg te doen, tenzij om zeer

gewigtige oorzaken, die van de Provinciale Synode alvorens moeten zijn toegestemd" (Pont, 1981:76). Bouwman (1934:51) wys ook op die eenheid wat daar tussen die kerke bestaan wat gevolge vir hulle vrywillige onderlinge binding inhou. Hulle mag hulle nie maar willekeurig aan die gesag van meerdere vergaderings onttrek nie, aangesien broedertrou en gehoorsaamheid aan Jesus Christus van hulle vereis om die ooreengekome kerkorde na te kom.

Coertzen (1992e:727) beklemtoon dat kerke wat saam op 'n bepaalde orde besluit het, dit aan mekaar verskuldig is om daardie orde te eerbiedig. "n Kerk moet met baie groot verantwoordelikheid optree as hy bepalinge formuleer wat nie direk op die Skrif steun nie, maar wanneer hulle geformuleer is, is hulle bindend op die lede van die betrokke kerkverband." Hierin ondersteun Kruger *et al.* (1966:502) hom soos volg: "In die oorspronklike teks van die artikel (kerkorde GKSA artikel 85 – JHH) beperk die woord 'ritus', wat gebruik word, reeds die middelmatige dinge tot *seremonies en kerklike gebruike*. Dit gaan dus nie oor die belydenis of regering van die kerk of sedelike lewe nie. Dit gaan slegs oor sake wat in die Skrif glad nie nader bepaal word nie. Maar selfs dan nog is byna geen enkele saak 'middelmatig' nie. Wat op een plek as middelmatig beskou mag word, is op 'n ander plek nie middelmatig nie; wat op die een tydstip middelmatig mag wees, is op 'n ander tydstip weer nie middelmatig nie. Ds. Jansen sê tereg in hierdie verband: dinge is adiaphora (middelmatig) wanneer daar geen algemene reël vir alle tye, plekke en persone gegee is nie. Dit beteken volstrek nie dat elke persoon of elke kerk in 'n saak waarvoor die Skrif nie 'n uitdruklike bepaling het nie, na willekeur kan handel nie. Die plaaslike kerk moet ook die sake, met inagneming van plaaslike omstandighede, reël. Daar moet ook rus, vrede en orde in die kerk ten opsigte van die middelmatige dinge wees, maar waar ander gebruike elders bestaan, mag dit nie as 'n grond van veroordeling gebruik word nie."

Tog mag kerke of individue nooit misbruik maak van die standpunt dat iets maar bloot "n middelmatige saak" is nie. 'n Middelmatige saak laat nie die deure oop vir eie vrye willekeur en bloot eensydige menslike menings en standpunte nie. Hieroor maak Kruger *et al.* (1966:503) die opmerking: "Middelmatige dinge moet nooit struikelblokke word wat roepingsvervulling ten opsigte van wesensbelangrike sake strem of verydel nie." Hy gaan voort (1966:508): "Die Kerkorde wil nie in middelmatige sake die gewetens bind nie. Wanneer 'n kerkraad egter eiemagtig

sekere bepalings van die Kerkorde minag, neem hy 'n independentistiese houding in, waardeur die kerkverband verbreek word. Ook by die afwyking van 'n bepaling moet dit nog gaan om die belang van die kerke en om die handhawing van goeie orde. Bo alles gaan dit om die eer van God en die heil van die kerk van die Here." Meijer (2001:5) wys ook op die moontlike misbruik van die term "middelmatige saak" deur sekere teoloë om in sekere sake "aan die lig van die Skrif te ontsnap" met die woorde: "Gelukkig, 'n middelmatige saak; niemand kan my bind nie." (Vergelyk ook Spoelstra, 1989:469.)

Dit mag ook wees dat daar sekere omstandighede in die kerk van die Here ontwikkel wat daartoe mag aanleiding gee dat 'n middelmatige saak juis vanweë die omstandighede nie langer as sodanig hanteer behoort te word nie en nie meer aan die vryheid van kerke oorgelaat behoort te word nie. Vergelyk hiervoor die situasie wat in Handeling 15 beskryf word en waar daar sekere voorskriftelike (bindende) besluite geneem word oor die eet van vleis wat aan afgode geoffer is en oor die eet van bloed en diere wat verwurg is. Hieroor merk Smit (1984:22) op: "Die rol van die situasie, die kairos, die oomblik wat ryp geword het, kan nie oorbeklemtoon word nie. Dit blyk telkens uit die historiese oorsig. In statu confessionis nihil est adiaforon. Die abnormale situasie maak juis dat standpunte en reëlins wat in normale omstandighede adiafora of neutrale sake sou wees, nie meer onskadelik of neutraal is nie."

Die uitgangspunt van die kerke behoort dus te wees: Oor middelmatige sake wat aan die vryheid van die kerke oorgelaat word, moet die kerke kyk watter reëlins of besluite tot die grootste stigting van die plaaslike kerke sal dien. Ten opsigte van middelmatige sake waarvoor die kerke saam besin en besluite geneem het, moet daardie besluite eerbiedig word totdat die kerke gesamentlik besluit het om anders daarvoor te besluit, of om dit aan die vryheid van die kerke oor te laat om daarvoor te besluit. Die eenheid van gelowiges in Christus en die liefde vir die Here en vir mekaar, asook die opbou van die kerke moet bepalend wees wanneer die kerke oor sodanige sake besluite neem. "Dinge wat nie wesenlik is en dus die eenheid in belydenis raak nie, mag nie verwydering bring nie" (Van der Linde, 1983:275). Johnson (1909:74) merk oor hierdie sake op (wat ook hoofsaaklik in die kerkorde van 'n kerkverband opgeneem word): "... regulations touching *ceremonies, rites, or discipline and peace*; and that in making of these the church must conform to the

general rules divinely given. He teaches that these regulations are to be regarded for the sake of order and decorum and not for God's authority in them."

2.6.4.4. MIDDELMATIGE SAKE EN USANSIE

Daar bestaan ook 'n kategorie van middelmatige sake wat bindend van aard is, omdat dit sake of besluite is wat oor tyd 'n goeie kerklike gewoonte blyk te wees. Hier gaan dit oor sake wat nie met Skrifbewys gestaaf kan word nie, maar wat goeie (kerklike historiese) wortels het en die voordeel en opbou van die kerk ten doel het. Die woord "usansie" dui op hierdie goeie kerklike gebruik of gewoonte (HAT, 1976:933) waaraan kerke hulle bind, alhoewel dit 'n bloot middelmatige saak is. Maré (1991:87) stel die beginsel rondom die hantering en verstaan van sodanige kerklike usansie (hy praat van "tradisie") soos volg: "Dit (die feit dat gewetens slegs deur die Skrif gebind mag word - JHH) neem dus nie weg dat 'n kerkorde ook bepalinge sal hê wat gemeenskaplike sake sal reël wat prosedure en organisatoriese aangeleenthede wil orden nie. Hierdie kategorie van bepalinge kan 'n sterk band met die tradisie van 'n kerkgroepering hê. In Bybelse beginselsake moet tradisie uitgeskakel word, maar in sg. *adiaphora* sal tradisie beslis meesprek."

Bouwman (1934:49) haal uit die Konvent te Wesel aan dat "... die dinge echter, welke van andere aard zijn, omdat zij óf in Gods Woord óf in die voortdurende en welgegronde gewoonte der kerken gefundeerd zijn, zal men niet lichtvaardig van de gemeene overeenstemming en de ingewortelde gewoonte afwijken". Die "welgegronde gewoonte der kerken" en "ingewortelde gewoonte" is niks anders as kerklike usansie nie. Jansen (1924:47) praat van sake wat "... in de voortdurende en welgegronde gewoonte der kerken gefundeerd waren ... mocht men niet lichtvaardig van ... het aloude gebruik der kerken afwijken." Noodwendig moet daardie sake wat deur kerklike usansie bepaal word, soos alles in die kerk van die Here, deurgaans aan die beginsels van die Woord getoets word (Strauss, 1989b:96).

2.6.4.5. SAMEVATTING

- Middelmatige sake kan nie direk uit die Skrif of uit die belydenis afgelei word nie.

- In middelmatige sake mag gelowiges se gewetens nie gebind word nie. Tog bind besluite oor middelmatige sake steeds gelowiges se wyse van optrede, aangesien hulle vrywilliglik teenoor mekaar ooreengekom en onderneem het om hierdie sake op 'n bepaalde wyse te hanteer.
- Middelmatige sake is nie onbelangrike sake nie, aangesien dit nie sake is waaroor daar willekeurige besluite geneem kan of mag word nie.
- Alhoewel middelmatige sake aan die vryheid van die kerke oorgelaat moet word, mag daar omstandighede in die kerk van die Here ontwikkel wat daartoe aanleiding gee dat 'n middelmatige saak vanweë die omstandighede nie meer as sodanig hanteer of aan die vryheid van kerke oorgelaat behoort te word nie.
- Daar bestaan 'n kategorie middelmatige sake wat bindend van aard is, omdat dit oor tyd 'n goeie kerklike gewoonte (kerklike usansie) blyk te wees.

2.7. SLOTSOM

Met hierdie hoofstuk is gepoog om aan te toon dat die saak van die binding aan kerklike besluite Skrifgegrond is. Jesus Christus het aan sy kerk op aarde die gesag gegee om bindende besluite te mag neem met die voorwaarde dat daardie besluite die toets van die Woord deurstaan.

Die kerke mag in die lig van Matteus 16 en 18 en Handeling 15 kerklike vergaderings hou wat Woordgetroue besluite onder leiding van die Heilige Gees neem. Sodanige besluite is bindend vir die kerke wat teenoor mekaar onderneem het om daardie besluite uit te voer. Die kerke moet daarteen waak om onnodig besluite te neem en behoort onderskeid te tref tussen besluite wat slegs tydelik van aard is en daardie besluite wat tydloos is en ewig geld.

Deur 'n ondersoek van bepaalde begrippe uit die Woord is aangetoon dat die begrip "binding aan kerklike besluite" nie vreemd aan die Skrif is nie, maar juis op en in die Skrif gegrond word. Daarom moet kerke binne kerkverband hulle bind aan hul gesamentlike genome besluite. Kerke binne kerkverband het die verantwoordelikheid teenoor mekaar en teenoor Jesus Christus, die Koning van die kerk, om ter wille van die voordeel van die kerk op aarde hul aan kerklike besluite te bind.

Alle kerklike besluite moet die opbou, voordeel, stigting, eenheid, orde en onderlinge rus en vrede binne die kerke van die kerkverband ten doel hê. Om dit te kan bereik, behoort kerke in liefde teenoor mekaar op te tree. Die kerke behoort onder mekaar ooreen te kom oor die wyse waarop hulle hulself as gebonde beskou aan besluite wat wesentlik (gewetensbindend) van aard is in onderskeid met die wyse waarop hulle hulself as gebonde beskou aan besluite wat middelmatig van aard is.

In die volgende hoofstuk sal die onderlinge verhouding tussen kerkverband, die belydenis en die kerkorde ondersoek word, asook die rol wat kerkverband, belydenis en kerkorde by die binding aan kerklike besluite speel.

HOOFSTUK 3

BELYDENIS, KERKVERBAND, KERKORDE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

3.1. INLEIDING

Daar bestaan 'n noue verbintenis tussen belydenis, kerkverband, kerkorde en die binding aan kerklike besluite. Die belydenis bied die grondslag op grond waarvan kerke hulself in 'n kerkverband verbind. Kerke wat saamkom in kerkverband stel weer 'n gesamentlike kerkorde op ter wille van die ordelike toepassing van die Christusregering binne die kerke.

In die eerste plek bind die individuele gelowige homself op grond van sy gewete voor God aan 'n gesamentlike belydenis (soos vervat in opgestelde belydenisskrifte) wat hy met medegelowiges deel. Met sy belydenis verbind die gelowige homself tot 'n spesifieke verstaan van God en God se wil volgens die Woord (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2-7). Gevolglik kom gelowiges, wat dieselfde belydenisgrondslag met mekaar deel, saam as lidmate van 'n plaaslike kerk (vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28).

Terwyl 'n plaaslike kerk nog op sy eie voortbestaan en voordat hy homself vrywilliglik tot 'n spesifieke kerkverband gevoeg het, kan daardie kerk besluite neem op grond van die Woord en sy vasgestelde belydenisgrondslag soos wat hy op daardie spesifieke tydstip meen vir hom en sy eie situasie die beste blyk te wees ter opbou en ter stigting. Sodra die plaaslike kerk hom egter by 'n bepaalde kerkverband voeg, mag hy nie sonder inagneming van die besluite wat hy saam met die ander kerke geneem het, willekeurig besluite neem wat alleen maar sy eie voordeel en stigting soek nie. Die plaaslike kerk het homself juis aan ander kerke binne die kerkverband verbind, sodat hulle mekaar daarin kan bystaan om besluite te neem wat die wil van Jesus Christus, die Koning van die kerk vergestalt deur die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde te deurstaan (Bouwman, 1934:12-17).

Kerke wat op dieselfde belydenisgrondslag staan, soek mekaar se gemeenskap op en verbind hulleself aan mekaar op grond van die waarheid wat hulle saam

bely (Du Plooy, 1982:214, 217). Die kerke staan mekaar ook by in die uitvoer van gesamentlike genome besluite. Sodra afsonderlike plaaslike kerke hulle bymekaar gevoeg het binne 'n kerkverband, rus daar op die kerke afsonderlik en gesamentlik die eis om op grond van die onderlinge liefde en trou en waarheid wat daar tussen hulle bestaan, hulle te hou aan die besluite wat hulle gesamentlik tydens kerklike vergaderings geneem het (kerkorde GKSA artikel 31). Die kerke kom juis byeen om besluite te neem oor kerklike sake waarvoor hulle nie alleen kan besluit nie of wat tuishoort op die tafel van 'n meerdere vergadering (kerkorde GKSA artikels 30, 33 & 41).

Daarom kom die onderskeie plaaslike kerke wat hulleself vrywilliglik in 'n kerkverband gevoeg en aan mekaar verbind het, saam om 'n gesamentlike kerkorde op te stel. Die kerke onderneem teenoor mekaar om voortaan ter wille van die goeie orde en die stigting en die opbou van al die betrokke kerke binne die bepaalde kerkverband, op die onderling ooreengekome wyse (soos gereël en vasgestel in die kerkorde) op te tree. Die gesamentlike besluite wat die kerke binne kerkverband tydens kerklike vergaderings neem om die orde vir optrede binne die kerke te reël, is dus bindende besluite (kerkorde GKSA artikel 31). Die kerke het hul daartoe verbind om die gesamentlike genome besluite uit te voer en slegs op die ooreengekome wyse daaraan te verander (kerkorde GKSA artikels 31 & 46).

Kerke wat saamkom in kerkverband neem dus gesamentlike besluite oor hul belydenisgrondslag, oor die ordereëlings wat hulle onderneem om onder mekaar te handhaaf (die kerkorde), asook oor alle ander sake wat die lewe van die kerke op aarde raak (vergelyk par. 3.2.4; 3.3.4 & 3.4.3). Die kerke in kerkverband is daaraan gebonde om die besluite wat hulle gesamentlik geneem het, uit te voer. Eerstens verbind die kerke hulself aan 'n bepaalde belydenisgrondslag en daarmee saam verbind hulle hul aan mekaar op grond van dieselfde belydenisgrondslag. Voorts stel die kerke tesaam 'n bepaalde kerkorde op en neem gesamentlike besluite oor ander sake wat hulle nie alleen kan afhandel nie of wat tuishoort op die tafel van 'n meerdere vergadering (kerkorde GKSA artikel 30). Die kerke onderneem teenoor mekaar dat hulle alleen deur gesamentlike besluitneming in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde veranderings aan die

belydenis en kerkorde en ander gesamentlike genome besluite sal aanbring (kerkorde GKSA artikels 31 & 46).

Alle besluite wat kerke gesamentlik binne kerkverband geneem het, is bindend en moet met ander woorde deur die onderskeie kerke uitgevoer word (kerkorde GKSA artikel 31). Tog bestaan daar 'n definitiewe rangorde wat die graad van die binding aan kerklike besluite betref. Nie alle genome besluite is gewetensbindende besluite nie. Alleen daardie besluite wat op die Skrif staan of wat direk daaruit afgelei kan word, het gewetensbindende en onfeilbare gesag (Du Plooy, 1988:10). Maar, ook al die ander kerklike besluite wat kerklike vergaderings neem, is bindend en gesagvol. Die gereformeerde beginsel (Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 29 & 32, asook kerkorde GKSA artikel 31 oor die gesag van kerklike besluite) is die volgende: Besluite wat kerklike vergaderings neem, is bindend en moet uitgevoer word, tensy aangetoon kan word dat daardie besluite in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde en dáárom gewysig behoort te word. Besluite van vergaderings het dus bindende, maar nie onfeilbare gesag nie (Kruger *et al.*, 1966:282; Spoelstra, 1989:189 & Visser, 1999:348).

3.2. DIE ROL WAT DIE BELYDENIS SPEEL BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

3.2.1. INLEIDING

Die siening van die rol en die betekenis van die belydenis is bepalend vir die wyse waarop gelowiges hulle as gebonde aan kerklike besluite beskou. Afsonderlike plaaslike kerke kom saam en vorm 'n bepaalde kerkverband op grond van hulle eenheid in die leer (belydenis) van God se Woord.

Die begrip "belydenis" word hier gebruik vir die belydenis (dogma) soos wat dit neerslag vind in die spesifieke belydenisskrifte (die sistematiese formulering van die dogma) van 'n bepaalde kerkverband. Gereformeerde gelowiges onderskryf die belydenisskrifte van Nicea, Athanasius, die Apostoliese Geloofsbelydenis, asook die Heidelbergse Kategismus, die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls (Anon, 1987:482-603).

3.2.2. WAT IS 'N BELYDENIS?

Die belydenis speel 'n bepalende rol in die besluite wat gereformeerde kerke neem, aangesien die gereformeerde beginsel gehandhaaf word dat alle genome besluite die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde moet kan deurstaan (Handelinge GKSA, 2000:380; Meijer, 1995:113, 122; Pont, 1981:15 & Spoelstra, 1988:47).

'n Belydenisskrif is 'n kort en samevattende formulering van die waarheid van die Woord (Bouwman, 1928:324; Du Plooy, 1988:10; Van Bruggen, 1980:7 & Velthuysen, 1982:59).

Van Rooyen (1948:2) beantwoord die vraag oor wat 'n geloofsbelydenis is, soos volg: "Dit is 'n geskrif van leerstellige aard, waarin 'n kerk of groep van kerke op kort, kernagtige, eenvoudige en tog beredeneerde wyse uitdrukking gee aan die geloofsoortuiging wat daar ritsel in die hart van dié kerk of kerke. Langs dié weg gee so 'n kerk, volgens die apostoliese woord, rekenskap van die geloof en die hoop wat in hom aanwesig is."

Duvenage (1971:21-22) wys op die oorsprong van die begrip "belydenis": "Die basiese en letterlike betekenis van die Griekse woord homologein (w.w.) of homologia (s.w.), kragtens sy samestellende dele van homo wat "dieselfde" of "tegelyk" en logein wat "spreek" beteken, is ooreenstemming, akkoord, erkenning. In juridiese en politieke sin het dit ook ooreenkoms of verdrag beteken ... Homologia verteenwoordig die instemming of consensus waarin die Christelike gemeenskap 'n eenheid gevorm het, daardie kern of hart van die basiese oortuiging wat die Christene onderskryf en openlik betuig het – *die eenheidsmotief*. Die homologia was die instemming en erkenning van die individu se lojaliteit jeens Jesus Christus en verteenwoordig as sodanig 'n *persoonlike* geloofsbelydenis." (Vergelyk ook Koopmans, 1939:16 & Venter, s.a.:3-4.)

'n Belydenisskrif stel ook die waarheid teenoor die dwaling en wil niks anders sê as wat God Self volgens sy Woord sê nie (Feenstra, 1947:8-9) en is die simbool van 'n spesifieke kerk of kerke se geloof waardeur hulle hul van ander kerke onderskei

(Hoeksema, 1943:9-10). Op grond van die belydenis as "akkoord van kerklike gemeenskap" (Spoelstra, 1989:297) neem die kerke kerkordenende besluite (Pont, 1982:1, 3, 15; Velthuysen, 1985:373, 375) sodat sowel belydenis en kerkorde vir daardie kerke wettige gesag het (Nauta, 1969:50).

Die belydenis het dus 'n belangrike rol te speel waar kerke besluite neem, aangesien kerke hulle aan die belydenis verbind, asook aan besluite wat op grond van die belydenis geneem is.

3.2.3. BELANGRIKHEID EN DOEL VAN 'N BELYDENIS

Die vraag wat hier beantwoord moet word, is: Waarom is daar iets soos 'n belydenis? Die belydenis het as hoogste doel om die kerke se gesamentlike verstaan van die Woord oor God en sy wil saam te vat. Kerke bind en verbind hulle juis aan mekaar omdat hulle die Woord op dieselfde wyse verstaan en interpreteer. Hulle gesamentlike verstaan van die Woord vind neerslag in die vasgestelde belydenis (vergelyk par. 3.2.2).

Gevolgtrek is dit belangrik dat gelowiges hul verantwoord oor die belangrikheid en doel van die belydenis. Die belydenis dien immers as *norma normans* waaraan alle genome besluite getoets behoort te word (Bavinck, 1967 IV:401-402). Die belydenis dien as krag teen innerlike swakhede soos moedeloosheid, ontrou en verbittering (Cloete, 1984:109). Hy wat weet wat hy glo en waarom hy só glo, kan die aanvalle van die duivel weerstaan, aangesien hy vashou aan die objektiewe waarhede van die belydenis soos gegrond in die Woord van God. Daarom was daar reeds vanaf die vroegste tye gepoog om die geloof in vaste vorme te giet wat rigting en leiding aan die gelowige op aarde bied vir die uitleef en beskerming van die geloofslewe (Pont, 1982:6; Van Genderen, 1971:15 & Van der Vyver, 1958:233).

Die belydenis gee leiding om "met oortuiging" weerstand te bied teen bedreigings van buite, aangesien dit as onderskeidingsteken dien teen dwaalleer en ander vervolging (Bosman *et al.*, 1987:124; Bouwman, 1928:324; Cloete, 1984:109; Du Plooy, 1991:91 & Pont, 1982:6). Die belydenis bied die raamwerk uit die Woord waardeur die leer van die Woord positief gestel word en dien as maatstaf waarteen

die dwalings en afwykings van buite getoets kan word. "By elke belydenisvorming vind daar 'n skeiding van die geeste plaas" (Durand, 1984:47).

Die belydenis help om die eenheid binne die plaaslike kerk en binne die kerke in kerkverband te bewaar, aangesien die belydenis die saambindende faktor is op grond waarvan die onderskeie plaaslike gelowiges hul geloofseenheid met mekaar vind en onderhou (Bouwman, 1928:324; Cloete, 1984:109; Hoeksema, 1943:11, 12 & Pont, 1982:6). Elke kerk of 'n groep kerke behoort daarop te let dat 'n belydenis met groot omsigtigheid binne 'n spesifieke situasie gevorm behoort te word, aangesien 'n belydenis bedoel is om nie slegs onder enkele kerke nie, maar om wêreldwyd onder alle eensgesinde kerke weerklank te vind (Durand, 1984:47).

Die belydenis getuig van die grond van die geloof, naamlik die versoening in Christus en is dus altyd in die eerste plek 'n *geloofsbelydenis* (Cloete, 1984:109; Platinga, 1978:7). Hierdie geloofsbelydenis sentreer rondom die kerk se belydenis oor Wie Jesus Christus is (Matt. 16:16; Van der Westhuizen, 1982:63). "De kern van de oudchristelijke belijdenis is de christologie" (Van Genderen, 1971:13). (Vergelyk ook Venter, s.a.:20.)

Die belydenis toon die "regte" leer volgens die Woord aan en staan teenoor die "verkeerde" leer en verseker sodoende geregtigheid (die regte wyse van optrede ooreenkomstig die Woord) vir diegene wat aan die belydenis vashou (Cloete, 1984:109). Die belydenis bied dus 'n basis waarnatoe as objektiewe waarheid hervorm behoort te word, sou die kerk op die een of ander wyse van die waarheid van die Woord afwyk (Van Genderen, 1971:20).

Die belydenis is 'n samevatting van die hoofwaarhede van die Skrif wat bekend staan as die leer van die kerk (Bouwman, 1928:324; Coertzen, 1989:75; Pont, 1982:9 & Praamsma, 1946:7). Die Woord bly dus altyd die toetssteen en die maatstaf waaraan die belydenis voortdurend getoets behoort te word (Bouwman, 1928:324). Du Plooy (1988:3) wys op die siening van die Reformasie oor die belydenis dat dit "net 'n antwoord of verwoording (is) van wat die Skrif oor homself sê". (Vergelyk ook Duvenage, 1971:23, 31.) Heyns (1927:22) toon die eiesoortigheid van die Gereformeerde verstaan van 'n belydenis soos volg aan: "... in haar Belijdenisschriften hebben wij de officieele Geloofsleer der Gereformeerde Kerk. Een

Geloofsleer als deze heeft dus te putten uit die Belijdenisschriften, en mag niet anders bedoelen dan haar inhoud met eenige toelichting en uitbreiding weer te geven en met bewijzen uit de Schrift te staven. Anders zou zij zich geen Gereformeerde Geloofsleer kunnen noemen.”

Die belydenis is die onderskeie plaaslike kerke, asook die kerkverband, se getuienis van dit wat hulle glo teenoor die wêreld (Platinga, 1978:7; Pont, 1985:526 & Van Bruggen, 1980:8). Hulle bely hulle verstaan van die waarheid van die Woord waardeur hulle as kerke ook van ander kerke onderskei word (Hoeksema, 1943:11).

Die belydenis toon die leerstellige grense aan waaraan die onderskeie plaaslike kerke binne die kerkverband hulle verbind (Bosman *et al.*, 1987:124; Pont, 1982:8 & Rotterdam, 1914:XII). Die onderskeie ampsdraers (en ook gelowiges tydens hulle aflegging van geloofsbelydenis) onderteken *plegtig* die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap onder mekaar (Van Genderen, 1971:15, 31). Diegene wat hierdie belydenis nie kan onderskryf nie, kan nie 'n lidmaat van daardie kerk wees nie (Heyns, 1927:22).

Die belydenis wat getrou aan die Here se Woord is, dien die opbou van die kerk van die Here op aarde, aangesien “door de vastheid en eenigheid der belijdenis wordt de vrijheid van de leden der kerk verzekerd, die anders door de zogenoemde leervrijheid zou worden onderdrukt” (Bouwman, 1934:563). Daarteenoor sal 'n belydenis wat afwyk van die Woord uitloop op leervryheid wat weer aanleiding sal gee tot afbreuk en verwoesting van die kerk van die Here.

Die belydenisskrif plaas geen gewetensdwang buite die Skrif om nie (Bouwman, 1934:563). Aan die ander kant dien die belydenis wel as die kerk se gewete en word deur Van der Westhuizen (1982:62,67) die kerk se “gewetenstruktuur” genoem. Binne die raamwerk van die belydenis kan die leer van die Woord met 'n vrye gewete deur die kerke en individuele gelowiges gehandhaaf en verkondig word.

Die belydenis dien as die bron en maatstaf vir die kerkregering van die kerke binne kerkverband. Du Plooy (1988:10) wys op die parallelle ontwikkeling van die belydenis en die kerkreg in die sestiende en sewentiende eeu in Nederland, wat uitgeloop het op die formulering van die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Dordtse Leerreëls en

dat beide hierdie dokumente in mekaar veranker is. Wie die belydenis as bron en maatstaf vir die kerkregering (kerkorde) erken, ontken geensins die Woord as enigste ware bron van die kerkreg nie, aangesien die belydenis self die Woord as enigste geldige bron en maatstaf vir die waarheid erken en bely (Du Plooy, 1995:148).

Die belydenis ontstaan weens die verliggende werk van die Heilige Gees. Die rol van die Heilige Gees by die daarstel van 'n belydenis kan beswaarlik geïgnoreer of ontken word (Du Plooy, 1988:10; 1995:148). Die kerk het immers die Gees van die waarheid (Joh 14:17) ontvang wat die kerk "in die hele waarheid lei" (Joh 16:13). Reeds in Handeling 15 het die diensknegte van die Here vanuit verskillende gemeentes saamgekom om onder leiding van die Heilige Gees tesaam besluite te neem oor die betekenis van die Woord van God wat later in belydenisskrifte saamgevat is (Van der Linde, 1983:180; Van der Vyver, 1958:233).

Die belydenis se inhoud moet b  die historiese situasie van 'n spesifieke tydstep in die geskiedenis uitstyg soos wat die Woord en sy inhoud vir alle tye geld, alhoewel die Woord aanvanklik tot spesifieke mense in 'n spesifieke tyd en binne spesifieke omstandighede gerig is (Van Genderen, 1971:11). Durand (1984:45) stel dit soos volg: "Hoewel 'n belydenisskrif aktueel moet wees, hang die kwaliteit van 'n belydenis nie in die eerste plek af van sy aktualiteit nie. Ware kwaliteit lê daarin dat 'n belydenisskrif bo die historiese situasie sal uitstyg en nog van belang sal wees wanneer die wiel van die geskiedenis voortgerol het en nuwe omstandighede geskep is. Dit beteken dat 'n belydenisskrif alleen gemoed moet wees met die sake wat ten nouste aansluit by die kern van die Godsopenbaring in Jesus Christus. 'n Belydenis mag hom nie bemoei met beuselagtighede nie."

Die belydenis dien as re l van die geloof en die lewe van die kerk en toon die weg aan tot gehoorsaamheid aan die opdragte van die Here volgens sy Woord. Daarom is die belydenis so belangrik vir die toerusting van lidmate (Duvenage, 1971:21, 30). Kerke wat erns maak met hul belydenisskrifte, sal moeite doen om hulle kinders, asook alle ander lidmate, grondig daarin te onderrig en verseker dat alle lidmate deeglik met die inhoud daarvan vertrou is (Hoeksema, 1943:11; Van Genderen, 1971:20).

Uit die voorafgaande gegewens is dit duidelik dat die belydenis 'n belangrike rol in die kerk van die Here speel en die opbou van die kerk dien.

3.2.4. DIE WYSE WAAROP GELOWIGES BINNE KERKVERBAND HULLE AAN DIE BELYDENIS BIND

3.2.4.1. DIE GELOWIGE EN BELYDENISBINDING

Die wyse waarop gelowiges hulself aan die belydenis bind, het belangrike gevolge vir hul verstaan van binding aan kerklike besluite. Hul siening van die geldigheid van die belydenis, asook binding aan die belydenis volgens óf die *quia* óf die *quatenus*-standpunte, is wesentlik belangrik vir hulle verstaan, hulle beleving en hulle uitlewing van kerkverband en vir die mate waarin hulle hul bind aan kerklike besluite.

Die kerk van die Here is 'n heilige vergadering wat bestaan uit die versameling van gelowiges wat hulle by hierdie vergadering aangesluit het en hulle daarmee verenig om die eenheid van die kerk te bewaar deur hulle aan sy leer en tug te onderwerp, asook om onder die juk van Christus te buig en die opbou van medegelowiges met hul gawes te dien. (Vergelyk Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28.) Gelowiges kom dus saam rondom die Woord en die leer van die Woord en vorm só kerk.

'n Persoonlike geloof in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker (Joh. 3:16; 1 Joh. 5:1) gaan kerkvorming vooraf. Die individu verbind homself in beginsel eers vooraf op grond van die geloof aan God in Jesus Christus voordat hy homself aan gelowiges in 'n kerkgemeenskap kan verbind (Matt. 16:16-19).

Sy geloof in God deur Jesus Christus lei daartoe dat die gelowige homself aan 'n bepaalde belydenis verbind, aangesien daardie belydenis sy geloof in God volgens die Woord verwoord (Duvenage, 1971:21, 22; Feenstra, 1947:8, 9). Op grond van die eenheid in belydenis verbind die gelowige hom dan ook tot 'n groep gelowiges wat saamkom in 'n spesifieke plaaslike kerk. Daar lê hy belydenis van geloof af deurdat hy onder andere "glo en bely ... dat die Ou en Nuwe Testament die Woord van God en die volkome leer van die saligheid is, soos dit ook in die Belydenisskrifte van die Gereformeerde Kerke uitgedruk word en in die kerk hier geleer word" en dat dit "u voorneme (is) om deur die genade van God in hierdie leer tot die einde van u

lewe standvastig te volhard" (Formulier vir die aflegging van belydenis van geloof by die GKSA; Anon, 1987:608-611). Die gelowige verbind homself in sy gewete voor God en teenoor God om sy geloof getrou aan die Woord, soos uitgedruk deur die belydenis, uit te lewe. Daarom verbind hy homself aan die belydenis en onderneem hy ook teenoor sy medegelowiges om die belydenis te honoreer.

Persoonlike individuele binding aan die belydenis lei dus tot gesamentlike binding met medegelowiges aan die belydenis, wat verder lei tot gewetensbinding aan die belydenis op grond van die onderlinge onderneming (belofte) wat gelowiges aan mekaar gee. Dit gebeur soos volg: Die *persoonlike gewetensbinding* aan die belydenis tydens die aflegging van geloofsbelydenis bring gelowiges tot 'n gewetensbindende verbondenheid aan die Skrif en belydenis (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 28; kerkorde GKSA artikels 55 & 61) wat die gevolg is van die onderneming wat hy teenoor God en sy medegelowiges aflê. Die individuele gelowige belof tydens die aflegging van geloofsbelydenis dat hy homself as persoonlik gebonde beskou aan die Skrif en belydenis en aan die kerklike besluite wat die toets daarvan deurstaan.

3.2.4.2. DIE ONDERTEKENINGSFORMULIER EN BELYDENISBINDING

Ook wanneer 'n ampsdraer in die amptelike dienswerk bevestig sou word, onderneem hy plegtig voor God en die gemeente om hom aan die leer volgens die belydenis (asook aan die kerkorde) te verbind in die uitoefening van sy ampwerk (Ondertekeningformuliere van ampsdraers binne die GKSA; kerkorde GKSA artikels 53 & 54). Hy onderneem om die Skrif op 'n bepaalde wyse te hanteer (Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2-7) en ook om homself aan die belydenis te verbind *omdat* (die sogenaamde *quia*-standpunt) dit in alles met die Woord van God ooreenstem (Anon, 1987:638-666).

Die Gereformeerde Kerke onder die Kruis in Suidelike Nederland, het reeds op die provinsiale sinode van Armentières (1563) besluit dat die predikante, ouderlinge en diakens die vasgestelde belydenis moes onderteken (Bouwman, 1934:567). Tydens die sinode van 1565 te Antwerpen het hierdie kerke bepaal dat die geloofsbelydenis van die kerke met die aanvang van elke sinode voorgelees moes word om daardeur

hul eenheid te betuig, asook om te kan beraadslaag of iets nie verander of verbeter moes word nie (Bouwman, 1934:567).

Die Konvent van Wesel (1568) het die eerste sinode van die Nederlandse Gereformeerde kerke voorafgegaan. Op hierdie konvent het hulle dit nodig geag dat voornemende predikante in die vervolg gevra sou word om mondelings hul instemming met die leer volgens die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus te betoon (Bouwman, 1934:567; Jansen, 1923:237). Op die eerste algemene sinode te Emden (1571) word besluit dat predikante, ouderlinge en diakens die belydenis moes onderteken om daarmee hul eenheid met die leer te bevestig en om sodoende die eenheid in die leer vir die toekoms te waarborg (Jansen, 1923:237). Gevolglik het die provinsiale sinodes van Noord- en Suid-Holland gesorg dat alle ampsdraers die belydenis onderteken. Die klassis van Walcheren het verder gegaan en 'n formulier opgestel wat deur hul predikante onderteken moes word, waarin hulle "gelooven en bekennen mits dezen, dat de voorschreven belijdinghe des geloofs ... den woorde Gods in allen stukken ghelijckformigh is" en belowe om hul leer daarvolgens te rig en wat daarmee in stryd is te weerstaan (Bouwman, 1934:567-568). Die volgende algemene sinode (1586) het 'n strafbepaling bygevoeg dat diegene wat die leer nie onderskryf nie en daarin volhard, uiteindelik uit die diens geskors sou word.

Aanvanklik was daar nie 'n algemene ondertekeningformulier beskikbaar of in gebruik deur al die kerke nie. Die eerste ondertekeningformulier wat die binding aan beide die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus vereis het, is opgestel deur die klassis van Alkmaar op 21 September 1608, wat dan ook as die "moederformulier" van alle opvolgende formuliere beskou word (Bouwman, 1934:570; Jansen, 1923:237). Hierdie formulier het 'n verklaring van instemming met die Nederlandse Geloofsbelydenis en die Heidelbergse Kategismus bevat, asook 'n belofte om hierdie leer te verdedig en alle dwalinge te verwerp. Hier het die kerke die reg opgeëis om predikante te verplig om die belydenis van die kerke te onderteken. Voorheen het ampsdraers net mondelings hul instemming met die belydenis betuig. Later moes hulle bloot die belydenis onderteken. Nou moes hulle vir die eerste keer 'n formulier onderskryf om die *aard* van hul verbintenis aan die belydenis te verklaar.

Die Zeeuwsche sinode (1610) het 'n ondertekeningformulier opgestel waarvolgens elke predikant ook onderneem om hom teenoor die klassis te verantwoord oor sy siening van die leer (belydenis) van die kerke (Bouwman, 1934:571). Die provinsiale sinode van Gelderland (1612) het ook die reg van ondersoek deur die kerklike vergaderings, asook die onderwerping aan die kerkorde bygevoeg. Ook die Suid-Hollandse sinode van Delft (1618) het 'n konsepformulier ter oorweging aan die sinode van Dordrecht (1618/19) voorgelê. Bouwman (1934:573) wys daarop dat die ondertekeningformulier wat deur die sinode van Dordrecht (1618/19) opgestel is, elemente uit al die vermelde formuliere geneem het. Hierby is ook die Dordtse Leerreëls gevoeg as die derde van die "Drie Formuliere van Eenheid" waaraan die persoon wat dit onderteken, homself verbind. Die sinode van Dordrecht (1618/19) het op sy 162'e sitting op 16 Mei besluit dat hierdie ondertekeningformulier moes wees "een accuraat formulier van onderteekeninghe der Confessie, Catechismo en die synodale verclaringhe waarmede alle Kerchendienaren hun overeenstemminge in de rechtgevoelende leere claelicke betuygen" (Bouwman, 1934:573). (Vergelyk ook in die verband Jansen, 1923:238.)

Die ondertekeningformulier van Dordrecht (1618/19) bevat die volgende elemente:

- 'n Plegtige verklaring van instemming dat die leer in alles met God se Woord ooreenkom;
- 'n belofte om die leer soos in die Drie Formuliere van Eenheid saamgevat, getrou voor te staan en te bevorder en alle dwalinge teen te staan;
- die verpligting om in geval van twyfel alle besware voor 'n kerklike vergadering te toets en om homself te onderwerp aan die oordeel van daardie vergadering, en
- die verbintenis om homself gewilliglik te onderwerp aan 'n ondersoek deur die vergadering, terwyl hy die reg tot appèl behou indien hy meen dat hy onbillik behandel is of dat die uitspraak van die kerklike vergadering nie regverdig is nie (Bouwman, 575-580; Jansen, 238-239).

In 1816 word hierdie ondertekeningformulier in Nederland deur 'n ander formulier vervang waarin staan "dat wij de leer, welke overeenkomstig Gods Heilig Woord in de aangenomen formulieren der Ned. Herv. kerk is vervat, ter goeder trouw

aannemen en van harte geloven". In 1855 verander die sinode die woorde na 'n onderskrywing van "den geest en de hoofzaak der leer" (Bouwman, 1934:580-581). Die woorde "ooreenkomstig" en "in gees en hoofsaak" het 'n streep deur die binding aan die belydenis geplaas, aangesien die binding aan die belydenis nie meer was "omdat" (*quia*) die belydenis met die Woord ooreenstem nie, maar "in soverre" (*quatenus*) die belydenis met die Woord ooreenstem. Die binding aan die belydenis was nou afhanklik gestel van die persoonlike en willekeurige verstaan van die betrokke predikant of ampsdraer. Die Nederlandse Gereformeerde kerke het ook op die opeenvolgende sinodes verdere wysigings aan die ondertekeningformulier aangebring, sodat Bouwman (1934:581) opmerk: "Dit formulier is zoo rekkelijk gesteld dat mannen van alle richtingen haar kunnen ondertekenen, maar ook zoo geredigeerd, dat alle predikanten gebondend zijn aan de verordeningen der Kerk."

Rullmann (1916:47) beskryf hoedat die sinode van die Hervormde Kerk in Nederland die *quatenus*-standpunt insake die belydenis en die binding aan die belydenis (soos vervat in die Reglement van 1816) geleidelik en met groot omsigtigheid in die kerke gevestig het. (Vergelyk ook Bosman *et al.*, 1987:10 & Du Plooy, 1991:77.) Gevolglik is ds. De Cock "die opkwam voor de handhaving van de Gereformeerde Belijdenis" (1916:127) uit die amp afgesit, aangesien leervryheid die oorhand gekry het in die kerke en diegene wat aan die belydenis wou vashou, as rusverstoorders gebrandmerk is (Rullmann, 1916:211). Hierdie optrede van die sinode het gelei tot die Afskeiding van 1834.

Ook diegene wat agtergebly het in die Hervormde Kerk in Nederland en steeds die Gereformeerde belydenis liefgehad het en wou handhaaf, sou uiteindelik tot reformasie en losmaking uit die sogenaamde "sinodaalverband" kom (Rullmann, 1917a:149), aangesien die "aanknoopingspunt tusschen de verschillende Gereformeerde gemeenten nooit is geweest de *organisatie* of een *bestuur*, maar de *belijdenis*" (Rullmann, 1917a:205). (Vergelyk ook Coetzee, 1970:13; Duvenage, 1965:574; Feenstra, 1947:10-11; Van de Linde, 1983:180; Van der Merwe, 1969:33, 37 & Van der Vyver, 1958:138, 287.) Hierdie losmaking van die Hervormde Kerk in Nederland het gelei tot die Doleansie van 1886. Maar ook daarna sou die stryd om kerkherstel in die Hervormde Kerk in Nederland voortduur, omdat die kerke afgewyk het van die *quia*-standpunt van binding aan die belydenis om die *quatenus*-standpunt, wat die binding aan Skrif en belydenis op losse skroewe plaas, na te volg

(Rullmann, 1917b:6-7, 10, 27-28, 89-90, 96, 129, 228 & 236). Rullmann (1917b:348) skryf hierdie toedrag van sake daaraan toe "dat het valsche Kerkbestuur door de voorstanders der leervrijheid was ingevoerd en werd gehandhaafd juist om de valsche leer ruimte en veiligheid te waarborgen".

Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika (GKSA) het aanvanklik die ondertekeningformulier van predikante van die sinode van Dordrecht (1618/19) gebruik by die bevestiging van predikante, professore en proponente (kerkorde GKSA artikels 53 & 54). Die sinodes van Bethulie (1936) en Bloemfontein (1939) het ook gewysigde formuliere opgestel wat basies met Dordrecht (1618/19) ooreengestem het. Die sinode van 1967 het later 'n ondertekeningformulier vir ouderlinge en diakens daargestel. Waar nodig het sinodes klein wysigings aangebring om die formulier se bewoording by die onderskeie ampte aan te pas (Spoelstra, 1989:299).

3.2.4.3. DIE VERSTAAN VAN BELYDENISBINDING

Bouwman (1934:568) toon uit 'n skrywe van 1574 aan hoedat die "vaders van die Gereformeerde kerken" die ondertekening van die belydenis verstaan het: "Het was een van harte instemmen met de eeuwige waarheden, die daarin werden geleerd, en een verklaren tevens, dat men bereid was die waarheid met zijn bloed te bezegelen, iets wat in die dagen waarlijk geen ijdele klank was." Oor die verstaan van die ondertekeningformulier van Dordrecht (1618/19) merk Bouwman (1934:576) op: "Zij verklaarden oprechtelijk en in goede conscientie voor den Heere, dat al de artikelen en stukken der leer, in de drie Formulieren voorkomend, in alles met Gods Woord overeenkomen. De belijdenis was de uitdrukking van hul levend geloof." Kruger *et al.* (1966:332) praat van die "*innerlike aanvaarding*" dat die belydenis in volle ooreenstemming met die Woord is, en voeg by: "Die ondertekening is die objektiewe bevestiging van die innerlike aanvaarding en dit bevestig die voorneme om die suiwerheid van die leer, die eenheid in die kerk (gemeente) en kerkverband te handhaaf." Spoelstra (1989:300) sê: "Om te onderteken is om te onderskryf en vorm 'n plegtige onderneming in 'n openhartige verklaring. Hiermee verseker die ondertekenaar die kerk (gelowiges) wat hy dien en die kerke in kerkverband dat sy innerlike geloofsoortuiging in die Drie Formuliere van Eenheid verwoord is. Indien iemand dus teen sy betewete só 'n plegtige verklaring sou aflê, is hy oneerlik en pleeg hy bedrog." (Vergelyk ook Botha, 1982:41; 1997:1310 & Kuyper, 1883:vii.)

Binding aan die belydenis behoort dus sodanig te wees dat gelowiges nie aan die willekeur van individuele ampsdraers oorgelewer word nie (Van Dijk, 1970:52; Van Genderen, 1971:37). Ampsdraers moet oortuig wees dat die belydenis met die Woord van God ooreenstem en erken met die binding aan die belydenis dat die uitlê van die Woord nie 'n bloot persoonlike mening en subjektiewe interpretasie kan of mag wees nie (Van der Linde, 1983:180). Sodoende word die gewetens van gelowiges bevry van die subjektiewe menings van individue wat nie die toets van die Woord deurstaan nie (Van der Vyver, 1958:138, 233). Kerke behoort steeds aan mekaar ruimte te gee vir verskille in interpretasie van die Woord in die raamwerk van die binding aan die belydenis (Duvenage, 1971:32-33; Polman, 1973:11; Van der Westhuizen, 1982:71 & Van Genderen, 1971:47). In hoeverre daar ruimte gegee behoort te word, is noodwendig 'n saak waaroor die kerke onderling ooreen behoort te kom (Du Plooy, 1991:81).

Kerke in die gereformeerde denke bind hulle aan die belydenis as toets vir die uitleg van die gepredikte Woord (Kruger *et al.*, 1966:332). Die belydenis help verseker dat gelowiges die Woord reg verstaan en verklaar (Bouwman, 1934:559). Indien enige persoon meen dat die belydenis van die Woord afwyk, kan die persoon die kerklike weg van gravamen (beswaarskrif) volg om die afwyking van die Woord aan te dui (Pont, 1981:243; Praamsma, s.a.:21). Waar die afgevaardigdes van die kerke tydens meerdere vergaderings ná deeglike oorleg bevind het dat sodanige afwyking grond het, behoort die kerke gesamentlik die nodige regstelling aan die belydenis aan te bring. Waar kerke wysigings aan die belydenis wil aanbring, behoort hulle met groot omsigtigheid op te tree, aangesien die geskiedenis aantoon dat die kerke by die daarstel van hul belydenis nie ligtelik en ondeurdag by belydenisponering gekom het nie. Diegene wie se beswaarskrifte afgewys is en wat steeds meen dat die belydenis nie met die Woord ooreenstem nie, behoort hulle óf by die besluit van die kerklike vergadering neer te lê óf hulle by 'n "suiwerder openbaring" van die kerk van Jesus Christus op aarde te voeg (Hoeksema, 1943:11).

Ondertekenaars van die belydenis behoort hulself van harte te bind en dus innerlik as gebonde aan die inhoud van die belydenis te beskou. Gevolglik moet hulle hulself daadwerklik aan die belydenis verbind. Kruger *et al.* (1966:332) sê: "Die ondertekening is die objektiewe bevestiging van die innerlike aanvaarding en dit

bevestig die voorneme om die suiwerheid van leer, die eenheid in die kerk (gemeente) en kerkverband te handhaaf." Ampsdraers behoort die belydenis dus as hulle eie te aanvaar, as hul eie antwoord op die Woord van God, voordat hulle hierdie aanvaarding met 'n handtekening onderaan die ondertekeningformulier bevestig (Pont, 1982:3,21; 1985:532; Nauta, 1971:113 & Van Prinsterer, 1948:57). Indien die belydenis nie meer in die harte van ampsdraers en lidmate leef as hul eie belydenis nie, sal die belydenis uiteindelik bloot as 'n dooie dokument met nie veel meer as van historiese waarde beskou word nie (Polman, s.a.a.:22). (Vergelyk ook Van der Vyver, 1958:287 & Van Genderen, 1971:37.) Waar ondertekenaars van die belydenis hulle in die praktyk nie meer daaraan bind nie, behoort daar met die leertug teen hulle opgetree te word (Botha, 1997:1292).

Kerke bind hulle aan die belydenis (leer) met die oortuiging dat die belydenis met die Woord van God ooreenstem (Kruger *et al.*, 1966:333; Pont, 1982:25 & Coetzee, 1970:13). Die belydenis is immers 'n kort samevatting van die inhoud van God se Woord (Pont, 1985:532). Vir die gelowiges wat vashou aan die waarheid van God se Woord, vervang die belydenis nooit die Woord nie, maar is weerklank en naspreke van die Woord self (Praamsma, s.a.:32; Rotterdam, 1914:XIII). Kerke bind hul dus kragtens die onderlinge verband waarin hulle met mekaar tree om die belydenis as gesagvol te aanvaar omdat dit rus op die gesag van die Woord en altyd toetsbaar is en bly aan die Woord (Van der Walt, 1963:44, 53). Die belydenis probeer juis verseker dat gelowiges hul verbind aan die waarheid van die Woord (Van Genderen *et al.*, 1961:39; Venter, s.a.:38 & Visser, 1986:29).

Wanneer gelowiges hulle aan die belydenis bind, beteken dit geensins dat die belydenis bokant die Skrif verhef word nie (Venter, s.a.:38; Van der Merwe, 1969:33). Diegene wat die belydenis slegs as 'n samevatting van die Skrif en op die regte wyse hanteer, sal nooit die belydenis as norm bó of langs die Skrif beskou nie (Pont, 1982:19). Die belydenis kan immers nooit bo of selfs langs die Skrif staan nie, maar vloei daaruit voort en rus daarop en moet telkens daaraan getoets word (Bavinck, 1967 I:6-7; Rotterdam, 1914:XIII & Van Genderen, 1992:78-84). Van der Walt (1963:53) stel dit soos volg: "Trou aan die Belydenis beteken trou aan die Skrif. Slegs dan is daar ontrou, wanneer 'n konflik met die Belydenis ook 'n konflik met die Skrif meebring." Belydenisbinding het niks met gewetensdwang te doen nie, aangesien die Skrif en die Skrif alleen die *norma normans* is en bly (Van Genderen,

1971:26). "... de belijdenis staat niet naast, veel minder boven, maar diep onder de Heilige Schrift; deze is alleen ... onvoorwaardelijk tot geloof en gehoorsaamheid bindend, onveranderlijk, maar de confessie is en blijft altijd examinabel en revisibel aan de Schrift; zij is geen norma normans, maar hoogstens norma normata, geen norma veritas, maar norma doctrinae in aliqua ecclesia recepta, ondergeschikt, feilbaar, mensenwerk, onvolkomene uitdrukking van wat de kerk uit de Schrift als Goddelijke waarheid in haar bewustzijn opgenomen heeft en thans op gezag van Gods woord tegenover alle dwaling en leugen belijdt" (Bavinck, 1967 IV:401-402). Gevolglik sal diegene wat die binding aan die Skrif (die waarheid) ter wille van ekumeniese eenheid (of om watter ander rede ook al) relativeer, sekerlik nie skroom om van die belydenis af te wyk nie (Van Genderen, 1971:5). Daarom is dit belangrik dat die kerke onder mekaar ooreenkom oor hoe hulle die binding aan die belydenis verstaan en daardie verstaan vasmaak in die ondertekeningsformulier van sy ampsdraers (Van Genderen, 1971:48).

Kerke verbind hulle daarom aan 'n belydenis, omdat hulle besef dat geen kerk sonder 'n belydenis kan bestaan en voortbestaan nie (Nauta, 1969:86). Wat daaruit voortvloei, is dat die kerke hulleself daartoe verbind om die aangenome belydenis te handhaaf en te beskerm (Pont, 1985:527). Noodwendig sal daar waar die gesag van die Skrif nie meer erken en gehandhaaf word nie, die gesag van die belydenis ook in die gedrang kom (Van Genderen, 1971:5). Kerke behoort daarteen te waak om ter wille van die ekumeniese strewe na eenheid hul belydenisgrondslag ter wille van 'n valse eenheid prys te gee (Van Genderen, 1971:5). Coetzee (1970:17, 24) wys op die jammerlike gevolge vir die kerke (soos die herlewing van ou ketterye en deformatsie) wanneer die kerke die binding aan hul belydenis laat vaar.

Binding aan die belydenis is "puur en simpel" en nie slegs "in hoofsaak" of "in substansie" nie (Nauta, 1969:90). Indien die binding aan die belydenis op enige ander wyse sou geskied, sal dit die deur ooplaai vir subjektiewe willekeur wat die belydenis uiteindelik as blote historiese dokument in die kerk se geskiedenis sal laat figureer (Nauta, 1971:113). Dit neem nie die reg weg (die sogenaamde *ius discretionis*) om op die ooreengekome wettige wyse (soos in die kerkorde GKSA artikels 31 & 46 gereël) beswaar te maak indien die belydenis op 'n bepaalde punt van die Skrif sou afwyk nie (Nauta, 1969:90). Die kerke kan saam tydens 'n

algemene sinode besluit om die belydenis op sodanige punt te wysig waar die Skrif die spesifieke wysiging noodsaak (Rotterdam, 1914:XIII).

Die binding aan die belydenis hou in dat kerke alleen binne die grense van die belydenis met ander kerke binne kerkverband afsprake kan maak. Sodra daar buite die belydenis om afsprake tussen kerke aangegaan word, verloor die belydenis sy waarde en hou op om as basis vir die gemeenakkoord tussen kerke te funksioneer (Praamsma, s.a.:90). Waar eenheid belangriker as die waarheid van die Woord is en 'n gees van verdraagsaamheid die belangrikheid van 'n belydenis ondermyn, sal kerke en individuele gelowiges die binding aan 'n belydenis nie belangrik ag nie en sal die kerkverband uiteindelik verbrokkel (Van der Vyver, 1958:233; Van Genderen, 1971:5). Dit staan immers 'n plaaslike kerk en individuele gelowiges vry om hul by 'n besondere kerkverband op grond van sy besondere belydenis te voeg. Sodanige binding vereis getrouheid aan die belydenis, tensy afwyking van die Skrif volgens die kerklike weg aangetoon word. Andersins behoort die plaaslike kerk of individuele gelowige hom by 'n kerkverband te voeg waar die belydenis meer getrou aan die Skrif is (Van Lis, s.a.:40).

3.2.4.4. GEBREK AAN BELYDENISBINDING

Gelowiges se gesamentlike belydenis oor Jesus Christus bied die diepste grond vir die binding aan die belydenis. Venter (s.a.:21) wys tereg op die belangrikheid van die kerk se belydenis oor Jesus Christus: "Sy gesag as kerk staan of val met sy belydenis oor Jesus as die Christus." Die belydenis dat Jesus Christus die Hoof van die kerk is, is die mees wesentlike belydenis waarby die kerk van die Here óf staan óf val en wat niks meer of niks minder is as 'n binding aan die Woord van die Hoof van die kerk nie (Visser, 1986:29). Gevolglik mag hy wat homself verbind nie die binding aan die belydenis beskou as 'n gekwalifiseerde binding waarvolgens die belydenis bloot as 'n historiese dokument gesien en gehanteer word nie. Alhoewel die belydenis 'n historiese dokument is, geld die waarheid daarin vervat vir alle tye, omdat dit met die onveranderlike Woord van God ooreenstem (Brown, 1988:163).

Bouwman (1934:559) wys daarop dat die gevolg van 'n gebrek aan belydenisbinding aanleiding gee tot leervryheid by predikante wat weer tot nadeel is van die kerk in sy geheel. Daarom is dit belangrik dat ampsdraers hulle aan die belydenis

onderwerp omdat dit *in alles* en nie net in *gees en waarheid* met die Woord van God ooreenkom nie (Bouwman, 1934:575; Duvenage, 1971:33; Nauta, 1969:90 & Van Lis, s.a.:40). Kerklike vergaderings het gevolglik die verantwoordelikheid om toe te sien dat ampsdraers hulself as gebonde beskou aan die leer van die Woord soos dit in die belydenis bely word (Bouwman, 1934:577; Praamsma, s.a.:19). Wanneer kerklike vergaderings dan besluite neem of uitsprake maak, moet daardie besluite of uitsprake ooreenstem met die belydenis om as gesagvolle en bindende besluite hanteer te mag word (Venter, s.a.:21). Waar die leer van die kerk nie gehandhaaf word nie, sal die kerk van die Here verword (Botha, 1997:1292; Coetzee, 1970:24).

Waar gelowiges hulle nie volgens die Skrifbeskouing van die belydenis (wat die sogenaamde "*quia*-standpunt" onderskryf) as gebonde aan die belydenis beskou nie, "kan daar weinig sprake wees van enige juridies-kerkregtelike binding" tussen die onderskeie kerke binne die bepaalde kerkverband (Du Plooy, 1991:75; Van der Merwe, 1969:33). 'n Sogenaamde "*quatenus*-binding" aan die belydenis is so goed as geen binding nie en sal die deur ooplaat vir subjektivisme en relativisme in die verklaring en uitleg van die Woord en sal die belydenis in die praktyk "op non-aktiwiteit en non-effektiwiteit" stel (Duvenage, 1971:32, 33; Polman, 1973:11; Van der Linde, 1983:180 & Van der Vyver, 1958:138, 141).

3.2.4.4.1. SAMEVATTING

- 'n Persoonlike geloof in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker lei daartoe dat die gelowige homself aan 'n bepaalde belydenis en tot 'n spesifieke plaaslike kerk en kerkverband verbind.
- Die individuele gelowige beloof tydens die aflegging van geloofsbelydenis dat hy homself as persoonlik gebonde beskou aan die Skrif en belydenis en aan die kerklike besluite wat die toets daarvan deurstaan.
- Wanneer die individuele gelowige in die amptelike dienswerk bevestig sou word, onderneem hy plegtig voor God en die gemeente om hom aan die belydenis te verbind in die uitoefening van sy ampwerk *omdat* die belydenis in alles met die Woord van God ooreenstem.
- Die ondertekenaar van die bevestigingsformulier bevestig met sy ondertekening sy innerlike aanvaarding dat die belydenis in volle ooreenstemming met die Woord is en gee sy voorneme om die suiwerheid

van die leer, asook die eenheid in die kerk (gemeente) en kerkverband te handhaaf.

- Ondertekenaars van die belydenis behoort hulself van harte en daadwerklik te bind en dus innerlik as gebonde aan die inhoud van die belydenis te beskou.
- Binding aan die belydenis is "puur en simpel" en nie slegs "in hoofsaak" of "in substansie" nie.
- 'n Sogenaamde "*quatenus*-binding" aan die belydenis is so goed as geen binding nie en laat die deur oop vir subjektivisme en relativisme.

3.2.5. DIE STRYD RONDOM DIE BELYDENIS EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

3.2.5.1. DIE STRYD IN DIE VERLEDE RONDOM DIE BINDING AAN DIE NEDERLANDSE GELOOFSBELYDENIS

Sijbrants (in lewe predikant van die St. Jacobikerk te Utrecht) wou reeds in 1586 te Utrecht homself met sy ondertekening slegs voorwaardelik ("voorsover" oftewel "in soverre") aan die Nederlandse Geloofsbelydenis en aan die Heidelbergse Kategismus as belydenis verbind (Tazelaar, 1899:37). Hy het met ander woorde alreeds die sogenaamde "*quatenus*" standpunt oor die binding aan die belydenis bepleit. Hierdie standpunt staan reglynig teenoor die standpunt wat die ou vaders op die Sinode van Dordrecht 1618/19 ingeneem het. "Deze toch beteekent zoo goed als niets. Zij ondermijnt het gezag der belijdenis, in plaats van het te bevestigen. Dat "in zoo verre" spreekt uit, dat er in de belijdenis ook stukken zijn, die niet met Gods Woord overeenkomen. En deze mogen in eene belijdenis niet geduld worden, aangezien zij in alle deelen den Woorde Gods conform moet zijn" (Tazelaar, 1899:37).

Daarom het die kerke hierdie afwykende siening van die binding aan die belydenis nie aanvaar nie. Oor die aard van die binding aan die belydenis was daar in die kerk se verlede groot stryd en meningsverskil. Ook in die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bestaan daar sedert die tweede helfte van die vorige eeu meningsverskil hieroor (Du Plooy, 1991:75; 2001:7 & Van der Merwe, 1969:36). Die kerk se roeping bly steeds om end-uit die goeie stryd om die behoud van die belydenis te stry. Van Goor (1946:9) wys daarop dat hierdie stryd in die verlede met groot opoffering gepaard gegaan het en dat die nageslagte die groot verantwoordelikheid het om met

die swaard van die Woord vir die waarheid van die Woord te bly sry (soos in die belydenis saamgevat), omdat ons dieselfde as ons voorgeslagte glo.

Die onderskeie dele (onderdele) waaruit die belydenis bestaan en waarop die belydenis gebou is, het 'n bepaalde geskiedenis. Die spesifieke sake wat daarin ter sprake kom, was aktueel by die opstel daarvan en daaroor het die opstellers uit die Woord antwoorde geformuleer en spesifieke woorde gekies en die belydenis in sy spesifieke vorm gegiet om die dwaalleer ten beste teen te spreek (Rotterdam, 1914:IX). Daarom behoort daar nie op 'n lukraak wyse wysigings aangebring te word voordat die geskiedenis en die agtergrond van elke artikel en die bepaalde woordgebruik grondig nagevors en die afwyking uit die Skrif Self aangetoon kan word nie.

Die uitgangspunt by die opstel van die Nederlandse Geloofsbelydenis was dat dit as 'n belydenisskrif van die kerke se verstaan van die Skrif (in teenstelling met ander kerke en sektes) in die wêreld moes getuig. Hierdie belydenis was dus nie as leerboek vir die kinders of katkisanse van gelowiges opgestel nie, maar as 'n getuienis na buite (Rotterdam, 1914:XII).

In die hantering van die belydenis mag geen ampsdraer of gelowige daarom binne die kerkverband besware teen die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis publiseer of sekere artikels daarvan probeer verdag maak nie (kerkorde GKSA artikels 53-55). Die eerbare wyse van optrede in die geval van onsekerheid of waar moontlike afwyking van die Skrif vermoed word, is om die kerklike weg noukeurig na te volg (kerkorde GKSA artikels 31 & 46). Verkeerde optrede deur ampsdraers in hierdie verband behoort tot hul daadwerklike afsetting uit die amp te lei en die toepassing van die kerklike tug soos in die geval van gelowiges wat nie in die besondere ampte staan nie (Van der Merwe, 1969:37).

Veranderings aan die Nederlandse Geloofsbelydenis behoort dan ook met groot omsigtigheid en ordelikheid gepaard te gaan (Coertzen, 1989:77). Om die belydenis te verander, behoort die geskiedenis wat die formulering van die onderskeie artikels voorafgegaan het, behoorlik nagevors te word sodat daar nie ten onregte gemeen word dat 'n sogenaamde "nuwe" ontdekking gemaak is wat van die bestaande belydenis afwyk nie (Van der Merwe, 1969:36). Diegene wat wel aan die belydenis

wil verander, moet uit die Woord Self die noodsaak vir sodanige verandering aantoon. Wie wil verander, moet deeglik rekening hou met die werk van die Heilige Gees in die kerk. Vir meer as vier eeue het hierdie belydenis die toets van die Woord onder leiding van die Heilige Gees deurstaan. Daarom is enige voorgestelde verandering aan die belydenis afhanklik van deeglike en grondige eksegeese van die Woord (Van Genderen *et al.*, 1961:30). Wie op 'n Skrifkritiese wyse met die Woord omgaan, sal noodwendig by 'n ander verstaan van binding aan die belydenis uitkom (Van der Merwe, 1969:36).

Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n botydlike geskrif in dié sin dat dit niks anders wil wees nie as 'n napraat van die onveranderlike Woord van God (Coetzee, 1970:23). Wanneer die Here se kerk sy geloof bely, is daar geen sprake van die sameflansing van 'n aantal formele dogmatiese sisteme nie, maar die belydenis wil alleen sê: "Só sê die Here volgens sy Woord." Die Here se wil staan immers vas en geld onveranderlik vir alle tye. Daarom kan sy kerk die dwaalleer van ouds, wat vandag waarskynlik in 'n nuwe gedaante te voorskyn tree, met dieselfde wapentuig en antwoorde uit die Woord as in die verlede bestry (Van Bruggen, 1980:16; Van der Merwe, 1969:36).

3.2.5.1.1. SAMEVATTING

- Sijbrants wou homself reeds in 1586 slegs voorwaardelik aan die Nederlandse Geloofsbelydenis en aan die Heidelbergse Kategismus verbind.
- Die kerke het van die begin af die voorwaardelike binding aan die belydenis nie aanvaar nie.
- Besware teen die inhoud van die Nederlandse Geloofsbelydenis mag alleen op die ooreengekome kerklike wyse hanteer word.
- Die Nederlandse Geloofsbelydenis is 'n bo-tydelike geskrif deurdat dit niks anders wil wees nie as 'n napraat van die onveranderlike Woord van God.

3.2.5.2. DIE STRYD IN DIE VERLEDE RONDOM DIE BINDING AAN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Die Heidelbergse Kategismus is 'n belydenisskrif wat gerig word op die onderrig van die kinders van verbondsouers (verbondskinders) en het vanaf sy ontstaanstyd juis

gepoog om hulle wat bymekaar hoort, saam te bind op grond van dieselfde dierbare geloof wat hulle volgens hierdie belydenis bely (Tazelaar, 1899:21).

Taco Sijbrants, in lewe predikant van die St. Jacobikerk in Utrecht (vergelyk par. 3.2.5.1), wou reeds in 1586 die "*quatenus*"-standpunt ook ten opsigte van die binding aan die Heidelbergse Kategismus handhaaf, aangesien hy homself bereid verklaar het om die belydenis te onderteken alleen "voorzoover zij den Woorde Gods conform waren" (Tazelaar, 1899:37). Sy uitgangspunt was dus dat alle dele van die belydenis nie noodwendig met die Woord ooreenstem nie.

Tog is die krag van die Heidelbergse Kategismus juis geleë in sy verbondenheid aan die Woord van God, aangesien die belydenis niks anders wil bely as wat die Woord leer nie (Doekes, 1963:14; Tazelaar, 1899:13-15). Daarom is kategismusprediking niks anders as die verkondiging van die Woord nie (Van Veldhuizen, s.a.:7-8; kerkorde GKSA artikel 68).

Die belydenis lê dan ook die band van eenheid tussen die kerke van vandag met die kerk deur die eeue (Doekes, 1963:15). Hierdie eenheidsband van die belydenis is 'n botydlike band wat die kerke aan die kerk van die Ou en die Nuwe Testament verbind (Coetzee, 1970:23).

Waar die eenheidsband tussen kerke as 'n *sine qua non* geleer word en die sogenaamde ekumeniese strewe verabsoluteer word, sal die waarheid ongetwyfeld al meer uit die prentjie verdwyn (Doekes, 1963:18). Diegene wat kerklike eenheid bo alles najaag, beskou die binding aan die belydenis (onder andere die Heidelbergse Kategismus) as 'n struikelblok in die weg na kerklike eenheid (ekumene). Daarom is daar ook vandag vanuit sekere geleedere druk om af te sien van die Heidelbergse Kategismus as 'n formulier van eenheid. Doekes (1963:17) het reeds 40 jaar gelede gewys op die aantyging dat die Kategismus voortgekom het uit 'n fundamentalistiese Skrifbeskouing wat slegs enkele kerkverbande nog handhaaf. Diegene wat hulleself as gebonde aan die belydenis beskou, sal waarskynlik al meer en meer geïsoleer word.

Gelowiges wat die binding aan die belydenis handhaaf, sal egter die ordelike kerklike weg volg om besware teen die belydenis voor te lê (Doekes, 1963:19). 'n Deeglike

ondersoek na die onderbou en geskiedenis wat die formulering van elke deel van die belydenis bepaal het, behoort enige revisie van die belydenis vooraf te gaan (Coetzee, 1970:24; Van der Merwe, 1969:36).

Waar kerke die bestryding van of wysiging aan die Kategismus op 'n onordelike wyse toelaat, sal dit uiteindelik lei tot die afskaffing van die belydenis (Rullmann, 1917:114). Uit die kerk se geskiedenis blyk dit dat die toelating en gevolg van 'n "liberale hantering" van die belydenis gelei het tot die beëindiging van die prediking uit die Kategismus en gevolglik tot die onderwaardering van die Kategismus as belydenisskrif van die kerke en tot die verval in die leer van die kerk (Rullmann, 1917:114). Die teenoorgestelde is natuurlik ook waar (Schulze, 1988:28). Daarom het gereformeerde kerke in die verlede die leertug toegepas in gevalle waar predikante van die belydenis afgewyk het (Schotel, 1863:192, 195).

Van veral die Rooms-Katolieke Kerk was daar later onder andere in die Paltz (die bakermat vir die ontstaan van die Heidelbergse Kategismus in 1563), met die oorgang na die Roomse godsdiens met die koms van 'n Rooms-Katolieke landvors, veral tot en met 1720, maar selfs ook daarná, sterk teenstand teen hierdie belydenisskrif in sy geheel. Vraag en antwoord 80 wat die mis van die Rooms-Katolieke Kerk as 'n vervloekte afgodery bely, het veral hewige reaksie ontlok en gereformeerde gelowiges is selfs hieroor vervolgd en hulle kinders van hulle weggeneem om hulle in die Roomse leer op te voed (Schotel, 1863:126). Aan die einde van die sewentiende en begin van die agtiende eeu was daar geweldig baie geskifte wat standpunt ingeneem het óf vir óf teen die Kategismus (Schotel, 1863:197).

3.2.5.2.1. SAMEVATTING

- Die Heidelbergse Kategismus is gerig op die onderrig van verbondskinders en poog om hulle wat bymekaar hoort, saam te bind op grond van dieselfde dierbare geloof wat hulle bely.
- Taco Sijbrants wou reeds in 1586 die "*quatenus*"-standpunt ten opsigte van die binding aan die Heidelbergse Kategismus handhaaf.
- Waar die sogenaamde ekumeniese eenheidstrewes verabsoluteer word, sal die waarheid ongetwyfeld al meer uit die prentjie verdwyn.

- Waar kerke die bestryding van of wysiging aan die Kategismus op 'n onordelike wyse toelaat, sal dit uiteindelik lei tot die afskaffing van die belydenis.

3.2.5.3. DIE STRYD IN DIE VERLEDE RONDOM DIE BINDING AAN DIE DORDTSE LEERREËLS

In 1816 in Nederland is die ondertekeningformulier van ampsdraers afgeskaf. Daardie ondertekeningformulier het die Dordtse Leerreëls as belydenisskrif erken (op grond van die *quia*-standpunt). Gevolglik het daar leervryheid binne die kerke posgevat (Berkhof, 1950:288; Kruger *et al.*, 1966:30-31). Coetzee (1970:13) toon die gevolg hiervan aan: "Die konsekwensie is dat die belydenis op non-aktiwiteit gestel word; die weg tot onbeteuelde subjektivisme is oop – elkeen neem uit die Skrif en belydenis wat hom pas, met 'n verbygaan van die res."

Die afskaffing van die ondertekening van die belydenis in Nederland het onder andere gevolg op die wanpersepsie dat die belydenis met sy ondertekening bó die Skrif gestel word (Van Genderen, 1971:48). Die ondertekeningformulier het dit baie duidelik gestel dat die belydenis altyd aan die Skrif toetsbaar is en stel geensins die belydenis aan die Skrif gelyk nie. Hieruit blyk die belangrikheid daarvan dat die kerke hulleself deeglik moet verantwoord oor wat hulle onder binding aan kerklike besluite (soos die belydenis en die kerkorde) verstaan wanneer hulle die ondertekeningformulier onderteken.

Deur die ondertekeningformulier te onderskryf, aktualiseer die ondertekenaar daadwerklik, maar ook vrywilliglik, die belydenis as sy eie en erken daarmee van harte dat die belydenis volkome met die Woord van God ooreenstem. Hy verbind hom daaraan om *soos die kerk* te bely en om tydens sy dienswerk en prediking binne die grense van die belydenis te bly (Botha, 1997:1302; Pont 1981:242). Sodoende sal die aktualiteit en die botydlike aard en karakter van die belydenis steeds duidelik sigbaar in die kerk en samelewing aanhou skitter (Coetzee, 1970:23).

Indien die ondertekenaar van die ondertekeningformulier later besware teen enige deel van die Dordtse Leerreëls sou ontwikkel, het hy deur sy ondertekening onderneem om sy beswaar (gravamen) op die ordelike kerklike wyse deur die kerke

gesamentlik te laat toets. Dit is die koninklik ooreengekome weg van onderlinge afspraak en goeie trou wat deur alle ondertekenaars en deur die onderskeie kerke gevolg behoort te word. Aan hierdie onderlinge ooreengekome weg en prosedure het die Remonstrante en hulle navolgers hulle nie gesteur nie, wat daartoe gelei het dat hulle die Dordtse Leerreëls (soos opgestel tydens die sinode van Dordtrecht 1618/19) in praktyk bloot geïgnoreer het (Praamsma, s.a.:21).

3.2.5.3.1. SAMEVATTING

- In 1816 in Nederland, met die afskaffing van die ondertekeningformulier wat die Dordtse Leerreëls volgens die *quia*-standpunt onderskryf, het daar leervryheid binne die kerke posgevat.
- Die afskaffing van die ondertekening van die belydenis in Nederland het onder andere gevolg op die wanpersepsie dat die belydenis bó die Skrif gestel word.
- Die ondertekenaar van die ondertekeningformulier onderneem om sy moontlike toekomstige besware teen die belydenis op die ooreengekome kerklike wyse te laat toets.

3.2.5.4. DIE VOORTGAANDE STRYD OOR DIE BINDING AAN DIE BELYDENISSKRIFTE

Kerke voeg hulle bymekaar op grond van dieselfde belydenis wat die botydlike waarheid van die Woord van God saamvat. Eenheid op grond van die Woord het die kerke juis daartoe gebring om 'n gesamentlike belydenis daar te stel (Praamsma, s.a.:18). Die groot klem by 'n belydenis behoort op die vastheid en die duur daarvan te wees en nie op die dinamiese en die veranderlike nie (Coetzee, 1970:23). Juis in die onveranderlikheid van dit wat die kerke saam op grond van die Woord bely, vind hulle hul eenheid en kan hulle hulle geloof openlik verdedig en daarvan rekenskap gee (Van Prinsterer, 1948:XIII). Die eiesoortige "persoonlikheid" en "karakter" van die betrokke kerke word in hul gesamentlike belydenis weerspieël (Coetzee, 1970:23). En daardie belydenis bly lewend en aktueel net soos die dwaalleer van teenstaanders van die ware geloof ook telkens weer in 'n ander gewaad die waarheid van die Woord (soos in die belydenis saamgevat) probeer aanval en verdag maak (Van Wyk, 1974:22, 27).

Kerke bind hulle aan mekaar op grond van die belydenis omdat die belydenis met die Woord van God ooreenstem (*quia*-standpunt). Daarmee sê die kerke nie dat hierdie binding dieselfde is as die binding aan die Skrif nie, aangesien die belydenis aan die Skrif toetsbaar en appellabel is (Van der Merwe, 1969:37; Botha, 1997:1292).

Die "*quia*-standpunt" vereis geensins absolute en onvoorwaardelike binding aan die belydenis nie, maar stel wel 'n definitiewe wyse vas (die sogenaamde "kerklike weg" soos vasgelê in 'n gesamentlike kerkorde) waarvolgens die belydenis aan die Woord getoets moet word indien vermoed word dat die belydenis van die Woord afwyk (Coetzee, 1970:19). Binding is in eintlike sin dus geen binding aan die belydenis nie, maar alleen binding aan die Woord (Coetzee, 1970:20).

Gelowiges wat verskille teen die belydenis (op grond van die Woord) wil inbring, moet dus die kerklike (koninklike) weg volg. Dit hou in dat bedenkinge teen die belydenis ná diepe worsteling vanuit die Woord aangetoon en voor die nodige kerklike vergaderings getoets behoort te word (Praamsma, s.a.:21; Van der Merwe, 1969:37 & Van Genderen *et al.*, 1961:30). Wanneer daar wysigings aan die belydenis aangebring word, moet die eenheid van die belydenis in gedagte gehou en as sodanig hanteer word, sodat die impak wat enige wysiging op die geheel het, deeglik verreken word (Visscher, 1905:18).

Die belydenis mag nie gerelativeer of bloot tot 'n kernbelydenis verskraal word nie. Coetzee (1970:17) wys daarop dat Ridderbos die binding aan die belydenis as 'n wesenstrek van die kerk beskou. Tog mag die kerke binne die grense van die *quia*-standpunt vir mekaar ruimte laat, solank dit nie aanleiding gee tot teologiese interpretasies wat in stryd is met die belydenis self en in wese die *quia*-standpunt loën nie (Du Plooy, 1991:81; Coetzee, 1970:18). "Ons moet waak dat die belydenis sy outoriteit nie ontnem sal word as akkoord van kerklike gemeenskap nie. Dit is die uitdrukking van wat die kerk omtrent bepaalde punte as waarheid glo. Vir die goeie gang en die opbou van die kerklike lewe is dit 'n onmisbare vereiste dat die eenheid, die suiwerheid in leer, diens en tug in die belydenis tot uitdrukking sal kom. Daarmee moet die lede van die kerk hul instemming betuig en daaraan moet hulle hul onderwerp" (Coetzee, 1970:22). Binding aan die belydenis is dus nie bloot 'n formele ondertekening van 'n ondertekeningformulier nie, maar veronderstel die

daadwerklike aanvaarding van die belydenis as die ondertekenaar se eie en persoonlike belydenis (Van der Vyver, 1958:287; Coetzee, 1970:22).

Diegene wat egter die belydenis (Drie Formuliere van Eenheid) as akkoord van kerklike gemeenskap prysgee, verbreek daarmee die onderlinge bande tussen kerke. Waar die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap gehandhaaf word as eie belydenis en nie bloot as "die belydenis van ons voorvaders" nie, sal daar eenheid tussen kerke wees. Van der Linde (1975:32, 40) het aangetoon dat die Gereformeerde Kerke in Nederland reeds *de facto* met die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika bande verbreek het deur nie meer die belydenis (Drie Formuliere van Eenheid) as akkoord van kerklike gemeenskap te aanvaar nie. Die kerke in Nederland het nie meer die leertug toegepas nie en in plaas daarvan om die kerklike weg (soos in die kerkorde vasgestel) te volg en besware aan die Woord te toets, het die teenstanders van die belydenis daarin geslaag om dit as 'n sogenaamde tydgebonde geskrif verdag te maak en ter syde te laat stel (Van der Linde, 1975:33). 'n Kennisgebrek van die inhoud van die belydenis het hierdie proses verhaas (Van Rooyen, 1948:1).

Daarom is dit belangrik dat huigelagtige instemming met die belydenis sover moontlik teengewerk moet word, aangesien dit tot leervryheid en uiteindelik tot kerklike verval en die verbreking van kerklike eenheid sal lei. Diegene wat die binding aan die belydenis probeer verwater, probeer dan ook dikwels om die belydenis te verdeel in sake wat sogenaamd "fundamenteel" is en in sake wat "middelmatig" van aard is (Van der Walt, 1963:46). Kry hulle hierdie sienswyse oor die belydenis eers onder die kerke gevestig, laat dit die weg oop om self te besluit oor wat sogenaamde fundamentele en oor wat middelmatige sake is. Gevolglik word die weg oopgemaak waarvolgens die betrokke kerkverband waarskynlik tot 'n blote modaliteitkerk sal verwater (Coetzee, 1970:16; Meijer, 2001:5).

Waar kerklike vergaderings weet dat daar afgevaardigdes teenwoordig is wat die belydenis nie onderskryf nie, maar tog hulle valse verklaring van instemming met die belydenis aanvaar, plaas dit 'n groot vraagteken oor die kerklike vergadering se erns om die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap te handhaaf en hanteer hulle die openlike verklaring as 'n blote koue formaliteit (Van der Linde, 1975:34; Van

Genderen, 1971:37). Daarteenoor sal kerke wat erns maak met hul belydenis, die leertug onverswak bly handhaaf (Botha, 1997:1290; Coetzee, 1970:21).

Ongelukkig bewys die praktyk dat die teologie soms van die belydenis afwyk, maar steeds die indruk probeer skep dat die belydenis onderskryf en gehandhaaf word. Dit gebeur onder andere waar sodanige teoloë bepaalde Bybelse begrippe soos verlossing, openbaring, versoening, ensovoorts wél gebruik, maar die begrippe met 'n eiesoortige inhoud (vreemd aan die belydenis) vul (Craffert, 2002:81; Rullmann, 1917b:89-90 & Van Genderen *et al.* 1961:39). Tendense wat by hierdie teoloë te bespeur is, is die strewe na "dekonfessionalisering" wat 'n poging is om die belydenis te probeer verdag maak; 'n poging om alles wat in die verlede as vasstaande beskou is, te betwyfel en 'n poging om die gesag van die Woord te bevraagteken, wat noodwendig sal lei tot twyfel oor die belydenis (Coetzee, 1970:15).

Muller (2002:11-13), een van die eksponente van die sogenaamde "Nuwe Hervorming", poog om aan te toon hoedat die Apostoliese Geloofsbelydenis al meer deur gelowiges bevraagteken word. Hy redeneer "dat al meer Christene al minder geestelike voeding put uit die ortodokse Christendom, soos uitgedruk in die Apostoliese geloofsbelydenis". Voorts gebruik hy terme soos "n aanvegbare saak" waaroor "politieke konsensus" bereik moes word en wat "vreemd is aan die postmoderne wêreld" en dat van sekere dele van die belydenis "glo al minder byvoorbeeld dat dit letterlik verstaan moet word".

Hierdie siening van die belydenis is sekerlik 'n vanselfsprekende gevolg van Muller en die sogenaamde "Nuwe Hervormers" se siening van die Woord van God. Wolmarans (2002:64-65) meen byvoorbeeld dat 'n postmoderne siening van die Bybel "meer aanvaarbaar" is, aangesien dit sê dat die Bybel "mensewoorde oor God" bevat wat 'n mens goed moet ondersoek om "God se voetspore" daarin te vind. Craffert (2002:74-77) wys onder andere daarop dat 'n postmoderne wêreldbeeld "dit erken daar is nie net een korrekte manier om die wêreld en die werklikheid te verstaan nie" en beseft word "dat elke voorstelling van God, die mens of die werklikheid maar net menslike voorstellings is". Spangenberg (2002:109) vat onder andere in sy diskoers oor "Die Bybel en die Nuwe Hervorming" saam dat "ons die betrokke Bybelboek ook lees *soos 'n mens enige ander literatuur lees*" (kursivering – JHH). Die sogenaamde "Nuwe Hervormers" se standpunte en sienings oor die verstaan van die Woord van

God kan nie anders nie as om hulle uit te bring by 'n ander siening oor die verstaan van die belydenis as wat Gereformeerde gelowiges onder andere bely in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2 tot 7 (Anon, 1987:487-490).

Waar teoloë die Woord aan menslike oordeel onderwerp, sal die belydenis nie die toets kan deurstaan nie. Hierdie teoloë beskou die handhawing van die leer van die belydenis as 'n inperking van die vryheid van die teoloog. By hulle is daar ook dikwels 'n oordrewe strewe na ekumeniese eenheid wat daartoe lei dat hulle die verskille in belydenis relativer en die eenheid eensydiglik as vereiste bó die waarheid stel (Coetzee, 1970:14; Van Genderen, 1971:5; Van Prinsterer, 1948:186 & Venter, s.a.:53). Wanneer persone die gesag van die belydenis bevraagteken of daarteen in opstand kom, eis gereformeerdes tereg dat die beswaardes uit die Woord die gronde vir hul voorgestelde afwyking moet aantoon, aangesien (kerkorde GKSA artikel 46) die bewyslas om te verander altyd op die beswaarde rus (Coetzee, 1970:18; Visser, 1999:335).

Daar moet voorts 'n duidelike verstaan wees van die onderskeid in afwyking van die ekumeniese belydenisskrifte (Apostolicum; Nicea & Athanasius) en in die afwyking van die reformatoriese belydenisskrifte (die Drie Formuliere van Eenheid, naamlik die Nederlandse Geloofsbelydenis; Heidelbergse Kategismus & Dordtse Leerreëls). Waar afgewyk word van die Drie Formuliere van Eenheid, kan dit aanleiding gee tot kerkskeuring. Waar afgewyk word van die ekumeniese belydenisskrifte is dit 'n vorm van kettery (Van Genderen, 1971:18; Van Rooyen, 1948:1).

Daarom is dit belangrik dat gelowiges opoffer en stry vir die behoud van en binding aan die onderskeie belydenisse, aangesien kerkskeuring en kettery teen die kerk se kenmerke van eenheid en waarheid stry. Die voorvaders van die reformasie het onder die geklank van die suiwer Woord van God groot opofferings deurgegaan en deurstaan omdat hulle onvermoeid die waarheid soos in die belydenis vervat, bly handhaaf het (Van Goor, 1946:9).

Die wyse waarop gelowiges die belydenis verstaan en hulle daaraan bind, kan volgens Brown (1988:163) aan die hand van verskillende benaderings en modelle verklaar word. Die een benadering beskou die belydenis as 'n weergawe van die Skrif en is daarom bindend en normatief. 'n Ander benadering beskou die belydenis (en

die Skrif) as 'n bloot historiese dokument. Dan is daar ook nog die model waarvolgens die belydenis omvattend oor die Skrif bely. Daarteenoor staan die model wat slegs op een bepaalde waarheid konsentreer. Diegene wat die belydenis nie as normatief en bindend beskou nie of die belydenis as 'n blote "tendensgeskrif" probeer inspan, sal die vrugte pluk van 'n kerk wat as 'n modaliteitskerk sy eiesoortigheid prysgee (Coetzee, 1970:16).

Onder sommige geleerdes is daar 'n drang te bespeur na die vorming van nuwe (sogenaamde "aktuele") belydenisse. In die proses wil hulle die bestaande belydenisse verskraal en verander en kan hulle maklik vergeet dat die belydenis 'n eenheidsdokument is waarvan die een deel nie van die res losgemaak kan word nie (Van der Walt, 1963:46). Van Wyk (1974:29) wys wel daarop dat die diepste dryfveer vir "aktuele" belydenisse nie noodwendig die verandering van die bestaande is nie, maar dikwels 'n poging is om oor "onbelede" sake 'n belydenis te formuleer. Die wesentlike gevaar van sogenaamde aktuele belydenisse is egter dat die maatskaplike en sosiale euwels van die dag, asook 'n soeke na sosiale geregtigheid, die tydlose waarhede van die bestaande belydenisse verdring en verskraal (Van Genderen, 1971:51).

3.2.5.4.1. SAMEVATTING

- Kerke voeg hulle bymekaar op grond van die onderskrywing van dieselfde belydenis wat die bo-tydelike waarheid van die Woord van God saamvat.
- Die "quia-standpunt" stel die wyse vas waarvolgens die belydenis aan die Woord getoets moet word indien vermoed word dat dit van die Woord afwyk.
- Gelowiges wat op grond van die Woord verskille teen die belydenis wil inbring, moet die kerklike (koninklike) weg volg.
- Diegene wat die belydenis as akkoord van kerklike gemeenskap prysgee, verbreek daarmee die onderlinge eenheidsband tussen die kerke.
- Huigelagtige instemming met die belydenis lei tot leervryheid en uiteindelik tot kerklike verval en die verbreking van kerklike eenheid.
- Waar teoloë die Woord aan menslike oordeel onderwerp, sal ook die belydenis nie die toets kan deurstaan nie, maar beskou word as 'n inperking van die vryheid van die teoloog.

- By sommige geleerdes is daar 'n drang na die vorming van nuwe (sogenaamde "aktuele") belydenisse en 'n poging om die bestaande belydenisse te verskraal en te verander.

3.2.6. GEVOLGE WAT 'N BELYDENIS HET VIR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

'n Belydenis wat die kerke saam opgestel het (en waaraan die kerke saam besluit het om hulle daaraan as gebonde te beskou) bind gelowiges en plaaslike kerke saam in 'n kerkverband en dien as basis van die gemeenakkoord wat daar tussen hulle bestaan (Duvenage, 1971:27; Kruger *et al.*, 1966:331). Visser (1986:29) wys daarop dat die kerkverband staan of val met belydenis en met belydenisbinding. Die belydenis bind ook kerke vanoor die hele wêreld aan mekaar (Bam, 1984:111). Hierdie is 'n vrywillige binding tussen gelykgesinde gelowiges (Van Toorenenbergen, 1895:XIII). Tog moet daar enersyds daarteen gewaak word dat die binding aan die belydenis op absolute eendersheid dui en andersyds verseker word dat daar nie "kerklike modaliteite met verskillende geloofstradisies wat in praktyk vir mekaar geslote is, in een sinodale verband ontstaan nie" (Strauss, 1997:175). Die belydenis is dus gesaghebbend, maar spreek nie die absolute laaste woord nie, aangesien die laaste woord deur die Woord Self gespreek word (Van Genderen, 1971:41). Waar die belydenis nie gehandhaaf word nie, sal die kerk in homself verdeeld wees.

'n Belydenis, wat uiteraard 'n vorm van 'n kerklike besluit is, gee voorts die grond vir samewerking tussen gelowiges en plaaslike kerke binne kerkverband. Die kerke verbind hulleself daartoe om op grond van die waarheid van die Skrif (soos saamgevat in die belydenis) met mekaar saam te werk (Kruger *et al.*, 1966:331). Deur hulle tesame aan die belydenis te bind, tree kerke met mekaar in 'n vertrouensverhouding en onderneem daarmee teenoor mekaar om saam te werk en om die belydenis as die gesagvolle basis vir samewerking te erken (Bouwman, 1934:564).

Vir die gelowiges van plaaslike kerke binne kerkverband is die belydenis 'n bindende dokument solank daardie belydenis geldig is en aanvaar word (Bouwman, 1934:565; Praamsma, s.a.:21 & Van Prinsterer, 1948:IX). Geen kerk kan immers kerk wees en as kerk bestaan sonder 'n geldige belydenis nie (Nauta, 1969:86). Daardie belydenis

moet ook 'n belydenis "in praktyk" wees, anders ontstaan daar 'n modaliteitskerk (Van der Merwe, 1973a:3). Dit beteken dat daar geen vrysinnigheid geduld mag word wanneer daar aan die belydenis gebind word nie. Binding aan die belydenis kan nie tegelykertyd "ja" en "nee" wees nie, aangesien die binding 'n belydenis is oor wie Jesus Christus is en oor die binding aan Hom. Gevolglik mag die kerk "ook van haar kant zulke leden ... binden aan hun binding ... Die kerk mag haar leden, *moet* haar leden herinneren aan de binding waarmee zij zich gebonden hebben, om elke idee, elke praktyk van vrijblijvendheid uit te sluiten" (Van Dijk, 1970:52).

Binding aan 'n belydenis sny alle willekeur en alle sienings wat van die Woord afwyk, by die wortel af, aangesien die binding aan die belydenis 'n onvoorwaardelike binding is (Bouwman, 1934:575). Die belydenis het dan ook wettige gesag vir alle kerke wat die belydenis onderskryf (Nauta, 1969:50). Tog hou die bewering nie steek dat die binding aan 'n belydenis die vryheid van die teologie bedreig nie, aangesien die belydenis tereg slegs die Woord Self as begrening vir die teologie daarstel (Du Plooy, 1991:71-95).

Veral die ampsdraers van die onderskeie plaaslike kerke moet hulself besonderlik aan die belydenis bind en die belydenis daarom van harte onderskryf. Die kerke wat hulleself binne kerkverband aan mekaar verbind op grond van hul gesamentlike belydenis, moet die versekering ontvang dat die Bedienaars van die Woord in die belydenis opgelei word en onvoorwaardelik *as eie belydenis* omhels (Kruger *et al.*, 1966:331; Van der Vyver, 1958:139). Waar voorgangers hulleself nie as gebonde aan die belydenis beskou nie, sal die ander lidmate gou hulle voorbeeld navolg en vrysinnigheid en willekeur sal oorneem in die kerk van die Here. Daarom is dit wesentlik belangrik vir die regte bestaan en voortbestaan van die kerk van die Here dat ampsdraers hulle onderwerp aan die oordeel van die kerklike vergaderings oor kwessies wat die belydenis raak, aangesien die kerk daartoe geroep is om as "pilaar en grondslag van die waarheid" (1 Tim. 3:15) op te tree (Bouwman, 1934:577).

Diegene wat die voorregte van ampsdraer wil behou, maar nie die belydenis van harte onderskryf en as eie belydenis vashou nie, tree huigelagtig op (Nauta, 1969:50). Die "koninklike en kerklike weg" wat gevolg behoort te word, is om enige bedenkinge bekend te maak en deeglik te laat toets (Praamsma, s.a.:21). Indien daar steeds nie tot 'n vergelyk gekom word nie, behoort sodanige ampsdraers die

eerbare weg te volg deur hulle bande met die betrokke kerkverband te verbreek en by 'n kerkverband aan te sluit waar hul insigte oor die verstaan van die Woord en die belydenis gedeel word (Van Lis, s.a.:40).

Die eenheid in belydenis het 'n groot en bepalende rol te speel in die eenheid wat daar onder die kerke bestaan (Deddens, 1990b:137). Van der Westhuizen (1982:64) maak die stelling: "Die eenheid kom uit die Belydenis." Wanneer kerke hulle eenheid in belydenis in die praktyk van hulle kerkwees uitleef deur hulle as gebonde aan die belydenis te beskou, is hulle waarlik een. Veral in tye waartydens daar diepliggende verskille oor die verstaan van die Woord (leerverskille) bestaan, bied die belydenis die grond vir die eenheid tussen kerke (Van Genderen, 1971:44).

Voorts gee die belydenis die Skriftuurlike grondlyne vir die daarstel van 'n kerkorde (Du Plooy, 1988:3), terwyl die kerkorde weer die wyse voorhou waarvolgens die belydenis oor die Christusregering van die kerk in die praktyk grondvat (Du Plooy, 1988:10). Smit (1983:85) sê tereg dat die Skrif ten opsigte van die gesag die *norma normans* (normerende norm) is, die konfessie is die *norma normata* (genormeerde norm) en die kerkorde is die *norma ministrans* (bedienende norm).

Die belydenis help ook om dwaalleer te voorkom en te bestry. Feenstra (1947:9) wys dan ook daarop dat: "Een kerk zonder belijdenis zou zijn een prooi van allerlei dwalingen en ketterijen." (Vergelyk ook Du Plooy, 1991:91 & Van der Vyver, 1958:233.) Daarmee saam sorg die belydenis dat die kerk oor die eeue sy Skrifgegronde belydenis onveranderlik handhaaf. So verseker die kerk dat hy nie oorgelewer word aan die leerstellige grille en beskouings van 'n bepaalde tyd nie (Van Prinsterer, 1948:XIII). Dieselfde dwalinge kom dan ook dikwels in 'n verskuilde gedaante keer op keer in die verloop van die geskiedenis na vore (Feenstra, 1947:9). Telkens kan met die belydenis teen sodanige dwalinge standpunt ingeneem word, aangesien God se wil onveranderlik teenoor die dwaalleer staan en daardie dwaalleer telkens ontmasker en teenspreek.

Bowenal bind die belydenis gelowiges aan die Skrif. 'n Skrifgefundeerde belydenis poog nie om naas of langs die Skrif enige gesag te hê nie, maar bind onvoorwaardelik aan die Skrif as die enigste gesagbron vir gelowiges en die kerke. Alle gesag wat die belydenis dus sou hê, is Woordgesag (aangesien die belydenis

naspreking is van die Woord) (Hoeksema, 1943:11). Daarom mag die belydenis nie verkeerdlik aan die Skrif gelyk gestel word nie, aangesien: "Maatstaf is hier Gods Woord, en dat Woord alleen" (Praamsma, s.a.:32). Die belydenis wil immers niks anders doen as om die Woord aan die woord te stel nie (Du Plooy, 1991:91).

Gevolgtlik bepaal die belydenis (leer) die kerkwees van die kerk, aangesien die regte binding aan 'n Skrifgetroue belydenis lei tot 'n suiwere lewenswyse. Waar die leer afgeskaf en aan die vryheid van elkeen oorgelaat word, sal die kerk verword en nie meer waarlik kerk wees nie (Pont, 1991:100). Daarom behoort daar duidelikheid by die ondertekenaars van die belydenis te wees oor wat presies die binding aan die belydenis behels (Van Genderen, 1971:48).

Laastens kom die belydenis tot uiting in die ooreengekome liturgie tussen die kerke binne kerkverband. Van der Merwe (1973a:6) wys op die noue verband wat daar tussen liturgiese ontwikkeling en leerstellige ontwaking bestaan. Waar daar aan die liturgie gepeuter word, raak dit die leer van die kerk en was die gevolg in die geskiedenis dikwels afskeiding en verbreking van kerklike eenheid (Van der Merwe, 1973b:32).

Gelowiges behoort daarom op te staan om die waarheid van die belydenis waaraan hulle hulself verbind het, te verdedig, aangesien die kerk in sy belydenis standpunt inneem teenoor die wêreld en teenoor dwaalleer in al sy onderskeie vergestaltings (Feenstra, 1947:10). Die plaaslike kerk speel hier 'n deurslaggewende rol ten opsigte van die handhawing van die belydenis (Strauss, 1997:175-176). Bouwman (1934:568) wys daarop dat gelowiges se bloed aanvanklik gevloei het ter wille van die handhawing van die belydenis. Alles moontlik is deur die teenstanders van die belydenis gedoen om dit as verdag voor te stel en om dit uit die Woord as verkeerd te probeer bewys. Die belydenis is dus deeglik getoets voordat dit sy finale beslag gekry het (Praamsma, s.a.:17).

3.2.6.1. SAMEVATTING

- 'n Belydenis dien as die gemeenakkoord wat gelowiges en plaaslike kerke saambind in 'n betrokke kerkverband.

- Binding aan 'n belydenis is onvoorwaardelik en sny alle willekeur en alle sienings wat van die Woord afwyk by die wortel af.
- Die belydenis gee die Skriftuurlike grondlyne vir die daarstel van 'n kerkorde.
- Die belydenis bind gelowiges en kerke bowenal aan die Skrif as die enigste gesagbron vir gelowiges en die kerke.
- Die belydenis (leer) bepaal die kerkwees van die kerk, aangesien die regte binding aan 'n Skrifgetroue belydenis lei tot 'n suiwere lewenswyse.

3.3. DIE ROL VAN DIE KERKVERBAND BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

3.3.1. INLEIDING

Die Gereformeerde siening oor die belangrikheid van kerkverband is gevorm tydens die sestende-eeuse Reformasie waar die reformatore "verband verbreek het" met die Rooms-Katolieke Kerk wat op 'n hiërargiese wyse deur die pous en konsilies regeer is (Berkhof, 1950:157). Gereformeerdes het aan die ander kant standpunt ingeneem teen die siening van die Wederdopers wat sogenaamd onder die direkte leiding van die Heilige Gees besluite geneem het en gevolglik 'n sterk independentistiese siening oor die kerk gehandhaaf het (Berkhof, 1950:176-179).

Teenoor die standpunt van die Rooms-Katolieke Kerk bely Gereformeerdes onder andere in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 30 (Anon, 1987:511) dat Christus self sy kerk deur die Woord regeer. Die eenheid onder die kerke is nie gesetel in 'n pous en in konsilies wat oor die onderskeie kerke regeer nie. Tog is die eenheid onder die onderskeie kerke belangrik, aangesien hulle eenheid in Christus geleë is. Kerke moet mekaar in 'n kerkverband bystaan om saam uit die Woord te oordeel wat God se wil vir al die onderskeie kerke is. Wanneer die onderskeie kerke binne die betrokke kerkverband saam kom om besluite te neem, is daardie kerklike besluite vas en bindend, nie omdat die besluite deur 'n kerklike vergadering geneem is nie, maar omdat die besluite die toets van die Woord deurstaan en die heil en opbou van die kerk van die Here ten doel het (kerkorde GKSA artikel 31).

Teenoor die standpunt van die Independentiste bely Gereformeerdes die eenheid van die kerk van die Here. Hulle wat een is in belydenis, moet saam kom in 'n

kerkverband en die gawes wat die Here aan sy kerk (oor plaaslike grense heen) gegee het, gebruik om saam besluite te neem wat tot die beste voordeel van al die kerke gesamentlik en afsonderlik is.

Daar is ook onder Gereformeerdes verskil van mening oor die verstaan en die ware noodsaaklikheid van kerkverband. Strauss (1997:171) wys daarop dat die verhouding tussen die gemeente en die kerkverband 'n probleem is wat baie lank reeds onder die kerke van die gereformeerde belydenis bestaan. Dit blyk dus belangrik te wees om te besin oor die belangrikheid van die kerkverband en oor die gevolge wat kerkverband vir die kerke inhou.

3.3.2. DEFINISIES VAN KERKVERBAND

Kerkregtelikes het verskillende definisies vir die begrip kerkverband geformuleer. Sommige van hierdie definisies sal vervolgens aangehaal word: Bouwman (1934:12-13) beskryf die aard van kerkverband soos volg: "Het kerkverband berust principiëel op de eenheid der kerken in Christus, en daar de kerk een historie heeft en zich in de onderscheidene landen der wereld op verschillende wijze heeft geopenbaard, heeft deze historische openbaring, en met name haar belijdenis, op den aard van het kerkverband invloed geoefend, zoodat praktisch de eenheid alleen mogelijk is bij kerken van gemeenschappelijke belijdenis."

Coertzen (1993b:108) omskryf kerkverband as "die kerkregtelike eenheid wat op grond van Woord, belydenis en kerkregering tussen gemeentes tot stand kom." Voorts sê Coertzen (1993b:108) "kerkverband is die kerkregtelike eenheid wat op grondslag van Woord, belydenis en kerkregering (bv episkopaals, presbiteraal-sinodaal, kongregasionalisties of hoe ook al) tot stand kom deurdat 'n gemeente op grondslag van Woord, belydenis en kerkregering saam met ander gemeentes wat op dieselfde grondslag staan 'n kerkregtelike eenheid vorm." Elders definieer Coertzen (1992d:4) kerkverband soos volg: "*Kerkverband sou beskryf kon word as die kerkregtelike eenheid wat op grond van Woord, belydenis en kerkregering in en tussen gemeentes (in hulle mindere en meerdere vergaderinge) en denominasies tot stand kom, waarvolgens hulle in definitiewe, regtens ooreengekome, -aanvaarde en -verpligtende vorme saam bestaan as kerk van Jesus Christus.*"

Du Plooy (1982:413-414) beskryf die kerkverband as die saamleef van kerke en nie as die uitdrukking van die kerkregtelike eenheid tussen kerke nie: "Kerkverband is inderdaad die aangewese manier van lewe van die kerke. Dit is soos een familie wat as huisgenote van die geloof innig met mekaar saamlewe; dit is een huis van God onder die sorg en liefde van die Vader, en onder die kragtige leiding en inspirasie van die Heilige Gees waardeur die kerke tot liefde en diens teenoor God en mekaar aangevuur word. Die doel van hierdie samelewing tussen kerke is nie om iets nuuts of groots langs of bo die kerke tot stand te bring nie, maar om te help dat elke kerk die merktekens van die ware kerk sal vertoon en daarvolgens sal lewe."

Geldenhuis (1951:156-157) verkondig 'n kollegialistiese siening. Hy meen dat die kerke wat saamkom in kerkverband 'n institutêre eenheid vorm. Hy definieer kerkverband as: "'n Vrywillige assosiasie van outonome gemeentes wat dieselfde belydenis en Kerkinrigting het, aangegaan met die oog op die behartiging van hulle gemeenskaplike belange en vir die bevordering van hulle algemene welsyn en hierdie 'saamverbonde gemeentes' vorm 'n eenheid in *institutêre* sin sodat ons van die verskillende en in een kerkverband saamgesnoerde kerke mag spreek in die enkelvoud as hierdie of daardie Kerk."

Hovius (1962:12-13) gee 'n omskrywing van die totstandkoming van kerkverband: "Op grondslag van de gevonden eenheid in het geloof zijn de kerken met elkander in verband getreden. Het kerkverband dat geconstitueerd werd rustte primair niet op een eenheid in organisatie-vormen, binnen het kader waarvan men langzamerhand geestelijk naar elkander toegroeide, het is juist omgekeerd, de geestelijke eenheid, de eenheid des geloofs, leidde tot een organisatorische eenheid, want deze geestelijke eenheid was primair en ontving gestalte in het geconstitueerd verband van kerken, welk verband op de grondslag van de Belydenis een gemeenschappelijke orde voor het kerkelijke leven ontwierp."

Kruger *et al.* (1966:16) gee die volgende definisie vir kerkverband: "Die kerkverband is slegs 'n band wat selfstandige en complete plaaslike kerke of gemeentes met en ter wille van mekaar aangaan, omdat hulle in die geloof reeds een in Christus is. Op grond van die gemeenskaplike eenheid wil hulle as kerke met mekaar en deur middel van hulle onderskeie kerkrade saam hierdie gemeenskaplike geloofsband uitbou en bewaar. Daardeur kom geen nuwe gemeente of kerk tot stand nie, maar word alleen

'n band tussen selfstandige kerke ('n vennootskap) gelê, want suiwer kerkregering is onmisbaar vir die bewaring van die suiwere Belydenis (geloofseenheid)."

Nauta (1971:478) maak die volgende opmerking oor die belangrikheid van 'n kerkverband: "Het is zonder enige twijfel in overeenstemming met Christus' wil, dat de diverse kerken niet los en onafhankelijk van elkander voortleven, maar haar verantwoordelijke taak in de wereld in gemeenschappelijk overleg trachten te vervullen".

Spoelstra (1989:172) meen: "Die innerlike verband tussen die kerke as openbaringe van die een en selfde liggaam van Christus, maak dit noodsaaklik dat hulle sal saamkom om hulle eenheid in Christus te bevorder en te bewaar. Die eenheid gaan nie in die struktuur van een vergadering op nie, maar bestaan in geloof en praktyk wat in selfstandige kerke uitgeleef word." Verder sê Spoelstra (1971b:52) " ... *kerkverband* (is – JHH) in sy diepste wese die *eenheid in Christus* (koinonia?). Dan gaan kerkverband die instituering van die plaaslike kerk sowel as die verdere werkinge van die plaaslike kerk met ander plaaslike kerke (in bv. samekomste van meer kerkrade) *vooraf*."

Strauss (1992b:189) omskryf kerkverband soos volg: "Kerkverband is die verband van meer as een volledige kerk of gemeente. Gevolglik is *sinodes* as meerdere vergaderings *byeenkomste van meer as een gemeente deur middel van hulle afgevaardigdes*."

'n Samevattende definisie:

Kerkverband is die band wat ontstaan wanneer selfstandige en komplee plaaslike kerke op grond van hul geestelike eenheid in Christus en op grond van Skrif, belydenis en kerkregering vrywilliglik saamleef in 'n organisatoriese eenheid en mekaar help om hul gemeenskaplike geloofsband uit te bou en te bewaar en mekaar deur die neem van gesamentlik bindende besluite bystaan om die merktekens van die ware kerk te vertoon en om daarvolgens te lewe.

3.3.3. WAT KERKVERBAND NIE IS NIE?

Daar bestaan sekere misverstande oor die eie-aard van 'n kerkverband. Dit is belangrik dat hierdie misverstande kortliks uitgewys word:

Kerkverband is nie kerk nie. "Gevolgtrek tree gemeentes toe tot 'n kerkverband, nie om kerk te word nie, maar juis omdat hulle kerk is" (Kleynhans 1985:8). Die kerkverband hef nie die selfstandigheid van die plaaslike kerk op nie (Kleynhans, 1985:24; Strauss, 1989a:5). "Juis hierdie beklemtoning van die eie verantwoordelikheid van die plaaslike gemeente, naas sy verbondenheid aan die gemeenskap van die kerk, het die Calvinisme 'n weerbaarheid en lewenskragtigheid gegee waardeur dit in staat was om al die vervolgings en storms wat oor die kerk en gemeentes gegaan het, te trotseer" (Pont 1981:49, 50). Net só kan die sinode nie as "kerk" beskou word nie (Bouwman 1934: 64-68; Kleynhans, 1985:65). Daarenteen behoort die kerkverband die selfstandigheid van die plaaslike kerk te bevorder en te bewaar (Bouwman, 1934:14; Meijer, 1995:110).

Kruger *et al.* (1966:16) wys daarop dat kerke met mekaar in verband tree omdat hulle reeds in die geloof een *is*. (Vergelyk ook Kleynhans, 1985:45.) Weens die gemeenskaplike eenheid in die geloof staan hulle mekaar onderling by om die gemeenskaplike geloofsband uit te bou en te bewaar. "Daardeur kom geen nuwe gemeente of kerk tot stand nie, maar word alleen 'n band tussen selfstandige kerke ('n vennootskap) gelê, want suiwer kerkregering is onmisbaar vir die bewaring van die suiwer Belydenis (geloofseenheid)."

Kerkverband is nie die uitdrukking van kerkregtelike eenheid tussen kerke nie en as sodanig is dit ook nie kerk nie (Du Plooy, 1982:413-414). "Die doel van hierdie samelewing tussen kerke is nie om iets nuuts of groots langs of bo die kerke tot stand te bring nie, maar om te help dat elke kerk die merktekens van die ware kerk sal vertoon en daarvolgens sal lewe." Die kerkverband moet die vryheid en die selfstandigheid van die plaaslike kerk bevorder en bewaar (Bouwman, 1934:14).

Kerkverband ontstaan ook nie as gevolg van die onderwerping aan 'n reeks of stel reglemente of reëls nie. Spoelstra (1988:37) toon op die voetspoor van Rutgers (1822 : 38, 54-55) en Bouwman (1934 : 13; 18) aan: "Vir die Gereformeerdes is

eenheid in kerklike vorme wenslik, maar eenheid bly bestaan wanneer eenheid in vorm ontbreek, solank dieselfde Belydenis uitgeleef word.”

Kerkverband gaan voorts nie op in meerdere vergaderings wat met hul besluite die individuele plaaslike kerke probeer oorheers nie. Die kerkverband en meerdere vergaderings dien tot die “welwese” van die kerke in kerkverband (Bouwman, 1934:14). Daarom behoort die meerdere vergaderings juis die vryheid en selfstandigheid van die onderskeie plaaslike kerke te bevorder (Bouwman, 1934:14). “Daarom ook dat die begrip “meerdere vergadering” nie hiërargies, in die sin van “bo-oor” ’n gemeente of as kerklike superstruktuur verstaan moet word nie, maar verband hou met meer en minder, kleiner en groter byeenkomste van kerke” (Strauss, 1989a:5).

Kerkverband beteken daarom ook nie eendersheid of absolute eenvormigheid van optrede deur alle plaaslike kerke wat deel vorm van die kerkverband nie. Aan die ander kant waarsku Strauss (1997:175) tereg op die gevaar dat “verskille ook nie sover uitgroeï dat daar kerklike modaliteite met verskillende geloofstradisies wat in praktyk vir mekaar geslote is, in een sinodale verband ontstaan nie”.

Voorts kan kerkverband nie bestaan as dit nie gepaard gaan met die onderlinge binding aan die besluite van kerklike vergaderings nie. Kuyper (1932/1933:16) wys daarop dat teenstanders teen die binding aan die besluite van kerklike vergaderings (soos Ubbink, Van Toorenenbergen & Borsius) die geskiedenis vervals om hul standpunt te probeer regverdig en dat leervryheid nooit deur die reformatore in die kerk geduld is nie.

Kerkverband kan met ander woorde nie bestaan waar ’n oop belydenis gehandhaaf word en waar die kerkorde as die basis van eenheid tussen kerke beskou word nie. Van der Walt (1971:27) wys op hierdie verkeerde hantering van die belydenis en die kerkorde deur die Nederlandse Hervormde Kerk wat tot kerklike verval aanleiding gegee het: “Die eenheid van die kerke word gesoek in die eenheid van die belydenis, waaruit die kerkregering, liturgie en tug moet voortvloei. Dit staan direk teenoor die Kerkorde van die Nederlandse Hervormde Kerk, waar die *eenheid* berus op die *oopenheid* van die belydenis, sodat die Kerkorde die akkoord van kerklike gemeenskap word.”

3.3.3.1. SAMEVATTING

- Kerkverband is nie kerk nie.
- Die vorming van kerkverband laat geen nuwe gemeente of kerk tot stand kom nie.
- Kerkverband is nie die uitdrukking van kerkregtelike eenheid tussen kerke nie.
- Kerkverband ontstaan nie as gevolg van die onderwerping aan 'n reeks of stel reglemente of reëls nie.
- Kerkverband gaan nie op in meerdere vergaderings nie.
- Kerkverband beteken nie eendersheid of absolute eenvormigheid van optrede nie.
- Kerkverband kan nie bestaan as dit nie gepaard gaan met die onderlinge binding aan die besluite van kerklike vergaderings nie.
- Kerkverband kan nie bestaan waar 'n oop belydenis gehandhaaf word en waar slegs die kerkorde as die basis van eenheid tussen kerke beskou word nie.

3.3.4. ONTSTAAN EN DOEL VAN KERKVERBAND EN DIE GRONDE WAAROP 'N KERKVERBAND GEBOU IS

Die kerkverband ontstaan en kom tot stand omdat God dit gewil het (Bavinck 1930: IV, 356, 357; Kleynhans, 1985:5). Hy het vir Homself 'n kerk byeengeroep (Coertzen, 1992d:4) wat bestaan uit gelowiges uit alle volke, tale en nasies (Matt. 28:19). Ten diepste ontstaan die kerk en die kerkverband wat daaruit voortvloei dus uit God se ewige raadsbesluit (Coertzen, 1993b:97). Hy roep vir Homself 'n volk byeen deur die verkondiging van sy Woord en die werking van sy Heilige Gees (Coertzen, 1993b:97). Hy bring mense (gelowiges) daartoe om vas te hou aan en te bou op die Woord van God soos Jesus Christus dit deur sy apostels laat verkondig het. Die kerk en die gevolglike kerkverband is dus gefundeer in en bou op die werk en die verkondiging deur die apostels tydens die vestiging van die Nuwe-Testamentiese kerk op aarde. Die kerkverband is gefundeer in sy apostoliese karakter (Du Plooy, 1982:176-177).

Christus, die Hoof van die kerk, roep vir Homself 'n kerk byeen wat, op grond van die eenheid in die geloof, ook saamkom in kerkverband (Coertzen, 1993b:97). Soos wat elke plaaslike kerk sy ontstaan aan God te danke het, is die kerkverband die gevolg van God se werk in en met sy kerk op aarde. Hy bring gelowiges daartoe om hulleself by 'n plaaslike kerk te voeg en bring gevolglik ook weer plaaslike kerke daartoe om hulleself gesamentlik en vrywilliglik aan 'n bepaalde kerkverband te verbind (Deddens, 1990b:134). In die praktyk kom kerkverband dus tot stand (ontstaan kerkverband) wanneer afsonderlike plaaslike kerke, op grond van hul eenheid in die geloof, hul aan mekaar verbind en saamwerk in diens van die Koning van die Kerk en tot uitbou van sy Koninkryk op aarde.

Die feit dat kerke hul in kerkverband aan mekaar verbind, word dus gegrond in die welbehae van God en is in ooreenstemming met en in gehoorsaamheid aan Christus se wil vir sy kerk (Bouwman, 1928:136, 139; Du Plooy, 1982:405-409; Visser, 1999:329). Sekere kerkregkundiges meen dat kerkverband tot die wese (*esse*) van die kerk behoort, aangesien kerkverband voortspruit uit die wesentlike eenheid van die kerk van Christus (Du Plooy 1982: 187-198; Ridderbos 1966: 535 & Van der Walt, 1971:24). Coertzen (1991:46) stel dit soos volg: "Die grondslag vir die onderlinge verband tussen gemeentes is egter nie in die eerste plek die praktiese wenslikheid of noodsaaklikheid vir samewerking, hulpverlening en uitwisseling van gedagtes nie. Die noodsaaklikheid van 'n verband, soos aangedui in die Skrif, spruit voort uit die wese van die kerk." Ander kerkregkundiges meen weer dat die kerkverband slegs tot die welwese (*bene esse*) van die kerk behoort "aangesien dit bydra tot die behoorlike funksionering van die kerklike gemeenskap" (Kleynhans, 1985:1). (Vergelyk ook Bouwman, 1934:9; Jansen, 1924:61; Kuiper, 1934/1935:12 & Spoelstra, 1967:26.) Die plaaslike kerk word immers nie kerk wanneer hy tot 'n kerkverband toetree of homself daartoe verbind nie. Die plaaslike kerk is kerk vóódat hy homself tot ander kerke voeg. Kerkverband (alhoewel uiters belangrik en noodsaaklik as gevolg van die eenheid van die kerk in Christus) raak volgens hulle dus slegs die welwese en nie die wese van kerkwees nie.

Bouwman (1934:10-12) wys daarop dat Gereformeerdes die noodsaak van kerkverband op die volgende gronde verdedig het: "*De innerlijke eenheid der Kerk van Christus ...*; De H. Schrift leer dat *de onderscheidende kerken elkander moeten helpen en dienen*, en dat zij op hare vergaderingen besluiten nemen, die ook door de

kerken, die zij verteenwoordigen, worden opgevolgd ... Het kerkverband is noodig om *de vrijheid van de gemeente en hare leden te waarborgen* teenover de heerszucht en de willekeur der amtsdragere ...” In Christus is die kerk immers een (Bouwman, 1934:9, 174; Du Plooy, 1982:214, 222). En die kerke behoort hierdie eenheid na te jaag (Küng, 1978:284). Hierdie eenheid in Christus vind juis gestalte in die praktyk wanneer kerke hulself binne een kerkverband aan mekaar verbind. Tog hef die binding van kerke aan mekaar binne kerkverband nie die onderlinge verskeidenheid op wat daar tussen die onderskeie plaaslike kerke mag bestaan nie (Bouwman, 1934:12, 69). Kerke wat nie deel van ’n kerkverband uitmaak nie, maar onafhanklik voortbestaan, mag ook nie op grond van hul gebrek aan die belewing van kerkverband as valse kerke beskou word nie. Uit die aard van die onderlinge geloofseenheid wat daar onder kerke bestaan, verbind kerke hulself normaalweg wél aan mekaar binne ’n bepaalde kerkverband.

Volgens Bouwman (1934:12) berus kerkverband prinsipiell op die eenheid van die kerke in Christus. Hulle is een in die leer volgens God se Woord (Rullmann, 1917:236). Die onderskeie plaaslike kerke is dan ook verplig (Bouwman, 1928:65; Deddens, 1990b:142; Du Plooy, 1982:269; Kuyper, 1934/1935:12; Meijer, 1995:64; Strauss, 1989a:5 & 1992b:189) om hulle met ander plaaslike kerke in ’n kerkverband saam te voeg of om tot ’n daargestelde of bestaande kerkverband toe te tree en om daarvan deel te wees. Die daarstel van kerkverband is dus die gevolg en uitvloeisel van die gehoorsaamheid aan God se opdrag om die eenheid wat tussen die onderskeie plaaslike kerke bestaan in die praktyk uit te leef (Bouwman, 1928:136; Du Plooy, 1998:64, 264, 269). Kerke se deelwees van ’n kerkverband is dus niks anders as gehoorsaamheid aan God se wil vir sy kerk op aarde nie.

Wanneer kerke tot ’n kerkverband toetree, is die besluit tot toetrede die vrywillige besluit en optrede van die spesifieke plaaslike kerk (Deddens, 1990b:136; Kleynhans, 1973:127; 1985:8 & Kuyper, 1932/1933:5). Hierdie vrywillige besluit tot toetrede tot ’n bepaalde kerkverband beteken geensins willekeur nie. Die onderskeie plaaslike kerke is verplig om hulle by ander kerke in kerkverband te voeg (Bouwman, 1934:9; Praamsma, 1946:37; Spoelstra, 1967:33 & Visser, 1986:27). “Kortweg gestel: dit is niks anders nie as die konsekwente uitvloeisel van ’n Bybels verantwoorde kerkbegrip – op Goddelike inisiatief en op Goddelike gesag” (Strauss, 1992b:189). Die plaaslike kerk dra daarna die groot verantwoordelikheid om die onderlinge verpligtinge wat

kerkverband op hom plaas, op grond van die kerklike ooreenkomste met die ander kerke aangegaan, na te kom (Bouwman, 1934:47; Kruger *et al.*, 1966:12 & Praamsma, 1947:36).

Die enigste uitsondering geld wanneer daar afgewyk sou word van God se Woord, maar selfs in sodanige geval, behoort kerke op 'n ordelike wyse hulle verskille met mekaar te hanteer (Bouwman, 1934:9; Deddens, 1990b:134). Alleen in hoogs uitsonderlike gevalle, kan 'n plaaslike kerk op grond van besondere omstandighede los van 'n kerkverband staan, aangesien "eene op zich zelf staande kerk een abnormaal verskijnsel is" (Bouwman, 1934:9). (Vergelyk ook Rullmann, 1917:236.) Die feit dat 'n plaaslike kerk vrywillig toetree tot 'n kerkverband hef dus nie die noodsaak tot toetrede op nie en bly in wese gehoorsaamheid aan God se eis tot die beewing van geloofseenheid wat uitvloei in die daarstel van kerkverband (Sadler, 1991:4).

Alleen bestaande kerke kan tot die kerkverband toetree, aangesien toetrede tot die kerkverband nie maak dat die kerke wat toetree kerk *word* nie (Kleynhans, 1985:8). Kerke moet dus reeds kerk wees voordat hulle tot die kerkverband kan toetree. Hieruit is dit duidelik dat die kerke wat tot die kerkverband toetree, steeds volledig en selfstandig kerk is en kerk bly (Kuyper, 1932/1933:5).

Die ontstaan van kerkverband is die praktiese gevolg van die eenheid in die geloof in Christus (Bouwman, 1934:12, 69, 174) wat daar tussen gelowiges bestaan (Kruger *et al.*, 1966:19; Van der Walt, 1971:23). Die kerke is een (Bouwman, 1934:18). Hierdie eenheid kom na vore in die wyse waarop gelowiges die Woord verstaan en hulle geloof gesamentlik op grond van hul verstaan van God se Woord bely. Kerkverband ontstaan en bou op die eenheid wat onderling tussen kerke (gelowiges) bestaan, omdat hulle onder leiding van die Heilige Gees die waarheid van die Skrif op dieselfde wyse interpreteer en daarom één in die geloof is. Kruger (*et al.*, 1966:12) stel dit soos volg: "Die ooreenstemming tussen Skrif en Belydenis wat op die Skrif gegrond is, en die aanvaarding van beide laat die kerk (gemeentes) met mekaar in kerkverband of kerklike vennootskap aangaan." Die eenheid waarop die kerkverband bou, is met ander woorde in die eerste plek gegrond op die eenheid in die belydenis volgens die Woord (Coertzen, 1992d:4; Deddens, 1990b:137; Kleynhans, 1985:1; Kuyper, 1934/1935:14; Rullmann, 1917:205; Strauss, 1997:175; Van der Vyver,

1958:132 & Van der Walt, 1971:24). Rullmann (1917:236) wys op die gevolg van die eenheid in belydenis: "Waar die innerlijke band ontbreekt, daar is geen kerkverband, en elke uitwendige band is dan een leugen. Maar waar die innerlijke band is, daar behoef de weg slechts geopend te zijn, en het uitwendig kerkverband komt dan bijna vanzelf." (Vergelyk ook Du Plooy, 1990:247.) Calvin (1991:1309, 4.2.5) sê "dat die liefdesband" tussen kerke "van geloofseenheid afhanklik is". Kerkverband ontstaan en bou dus op grond van die geloofseenheid wat daar tussen gelowiges bestaan.

Wanneer die kerkverband eers tot stand gekom het en begin funksioneer, versterk en bevorder die onderling ooreengekome wyse van optrede weer die eenheid wat daar reeds tussen die onderskeie gelowiges van die betrokke kerkverband bestaan (Jansen, 1924:61). Die gelowiges binne die onderskeie kerke is dan ook verplig om hulle gawes tot voordeel van die eie plaaslike kerk, maar ook tot voordeel van die kerkverband aan te wend (Heidelbergse Kategismus Sondag 21 V/A 55; Du Plooy, 1982:217). Alhoewel die diepste grond vir die eenheid tussen die onderskeie kerke die belydenis is, is die belydenis nie die *enigste* grond vir die eenheid tussen die kerke in kerkverband nie (Maré, 1991:174).

Die eenheid tussen die kerke binne kerkverband noodsaak verder dat al die kerke wat tot die kerkverband toetree 'n vaste reëling met mekaar aangaan waarvolgens hulle teenoor mekaar onderneem om die orde binne die kerke volgens 'n vasgestelde kerkorde toe te pas (Kuyper, 1934/1935:14; Maré, 1991:174 & Spoelstra, 1989:220). Organisasoriese eenheid volg dus op die eenheid in die geloof – die belydenis – wat die absolute voorwaarde vir eenheid tussen die kerke is (Spoelstra, 1967:26; Bouwman, 1934:69). Kerke binne kerkverband besluit dus gesamentlik oor die Godgegewe orde (volgens die Woord), maar ook oor die praktiese orde (waar die Woord nie spesifieke leiding gee nie) wat hulle binne die onderskeie kerke sal navolg en waaraan hulle hulself as gebonde sal beskou.

Noodwendig moet daar altyd gewaak word teen die neem van besluite wat bloot nuttig is, maar wat nie die toets van die Woord kan deurstaan nie (Van der Walt, 1971:30). Spoelstra (1967:26) wys daarop dat "die Kerkorde apories t.o.v. enige ander besluit in kerkverband geneem (is), omdat dit die akkoord is waarop die kerkverband rus en waarin die regte van lidmaat, kerk en kerkvergaderings beskerm

is". Die kerke onderneem dan ook teenoor mekaar om alleen veranderinge aan die kerkorde aan te bring op die wyse wat die kerkorde self voorskryf (Kruger *et al.*, 1966:12).

Kerke binne kerkverband handhaaf voorts die onderlinge eenheid tussen die onderskeie kerke binne kerkverband deur die gemeenskaplike liturgie wat hulle tydens die erediens navolg. Die wyse waarop die erediens ingerig word, is 'n saak waaroor kerke binne kerkverband saam besluit, aangesien die praktiese uitlewing van hul kerkwees tydens die erediens die eenheid van die kerke binne kerkverband raak (Jansen, 1924:61). Soos in die geval van die gemeenskaplike belydenis en kerkorde, onderneem die kerke vrywilliglik teenoor mekaar om die vasgestelde ooreengekome liturgie tydens eredienste na te volg (Kleynhans, 1973:127). Ten opsigte van plaaslike verskille van middelmatige aard wat daar tussen die onderskeie kerke bestaan, behoort die kerke mekaar se selfstandigheid en eiesoortige omstandighede sonder veroordeling te erken (Kuyper, 1934/1935:14; Bouwman, 1934:324).

Die eenheid tussen kerke in kerkverband rus dus primêr op die feit dat die kerke 'n gemeenskaplike belydenis, kerkorde en liturgie het (Jooste, 1958:237; Kleynhans, 1973:127). Sodanige kerke mag nie los van mekaar bestaan nie, maar moet saam as 'n kerkverband byeenkom (Visser, 1986:27).

Sodra kerke hulle op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde in 'n bepaalde kerkverband saamgevoeg het, kom die kerke wat hulleself in die bepaalde kerkverband gevoeg het deur hulle afgevaardigdes in vergadering saam om oor gemeenskaplike sake, asook oor sake waaroor daar meningsverskille bestaan en ook oor sake wat mindere vergaderings nie kan afhandel nie, besluite te neem (Bouwman, 1934:35; Maré, 1991:185 & Meijer, 1995:59). Die besluite wat die kerke gesamentlik neem, behoort die voordeel van die kerke en die kerkverband te soek en te poog om in ooreenstemming met die Woord van God te wees (Du Plooy, 1982:151; Calvin, 1984:40).

Elke besluit wat die kerke hetsy op plaaslike vlak of tydens die samekomste van meerdere vergaderings neem, moet dus niks anders as die gesag van Christus, naamlik Woordgesag, bedien nie (Nauta 1971:125; Strauss, 1992b:194). Hierdie

besluitnemende meerdere vergaderings is onontbeerlik vir die handhawing van 'n kerkverband van kerke wat tesame in gehoorsaamheid aan die Here en aan sy Woord probeer lewe (Bouwman, 1928:137, 139; Du Plooy, 1998:64; Rutgers, 1890:20 & Spoelstra, 1967:33). Die besluite van sodanige vergaderings is dan ook bindend vir al die kerke wat deel vorm van die betrokke kerkverband (Bouwman, 1934:20, 47; Praamsma, 1946:37 & Van der Linde, s.a.:68).

Die kerke wat in kerkverband saamkom, het voorts die verpligting om mekaar by te staan in die toepassing van die sleutels van die hemelryk. Hierin tree die kerke op as instrumente in die hand van Christus (Du Plooy, 1998:64). Die gebruik van die sleutels van die hemelryk hou in dat die kerke mekaar daarin bystaan en help om tesaam die reg van die Koning van die kerk te soek en te handhaaf. Die kerke binne kerkverband wat saamkom om gesamentlike besluite te neem, het dus ook die reg om die sleutels van die hemelryk toe te pas deur onderling oor mekaar te waak deur selfs die tug, waar nodig, onder mekaar toe te pas (Du Plooy, 1982:151). Die kerke wat in kerkverband saamkom op grond van die eis van die Woord (Hand. 15), bou hulle onderlinge geloofsverbintenisse immers op die beginsel van die liefde wat die toepassing van die tug insluit (Du Plooy, 1998:64).

Die handhawing van kerkverband help om die verskillende plaaslike kerke in hul kerkwees te bewaar, te bevestig en te bevorder en om die onderlinge vrede en eendrag tussen die onderskeie kerke te versterk (Kruger *et al.*, 1966:19; Bouwman, 1934:10 & Jansen, 1924:61). Wanneer die kerkverband erken, uitgeleef en onderhou word, verhoed die beleving van kerkverband meestal voortydig dat die toepassing van die tug in sy volle konsekwensies toegepas hoef te word.

3.3.4.1. SAMEVATTING

- Die kerkverband ontstaan en kom tot stand omdat God dit gewil het.
- Die ontstaan van kerkverband is die praktiese gevolg van die geloofseenheid wat daar tussen gelowiges bestaan.
- Die eenheid tussen kerke in kerkverband rus primêr op die feit dat die kerke 'n gemeenskaplike belydenis, kerkorde en liturgie het.

- Kerke binne kerkverband kom saam om besluite te neem oor gemeenskaplike sake en oor sake waaroor daar meningsverskille bestaan en oor sake wat mindere vergaderings nie kan afhandel nie.
- Die handhawing van kerkverband help om die verskillende plaaslike kerke in hul kerkwees te bewaar, te bevestig en te bevorder en om die onderlinge vrede en eendrag tussen die onderskeie plaaslike kerke te versterk.

3.3.5. DIE WESENTLIKE VIR DIE INSTANDHOUDING VAN KERKVERBAND

Kerke verbind hulleself tot mekaar in 'n kerkverband op grond van hulle binding aan die Skrif en belydenis en stel daarna ook 'n gesamentlike kerkorde op waaraan die onderskeie kerke binne die bepaalde kerkverband hulle verbind. Sodra die kerkverband tot stand gekom het, is dit belangrik dat die onderskeie plaaslike gelowiges binne die daargestelde kerkverband hulle verbind tot 'n bepaalde wyse van optrede en hantering van sake om daardeur te verseker dat die kerkverband in stand gehou word. Die kerke kom dus vooraf onderling ooreen oor wat hulle as wesentlik beskou vir die voortbestaan en instandhouding van die kerkverband (Bouwman, 1934:37). Daarmee gee hulle aan mekaar die nodige ruimte en vryheid om op plaaslike vlak besluite te neem oor middelmatige sake wat nie die voortbestaan van die kerkverband in die gedrang bring nie (Bouwman, 1934:37). Indien 'n kerk of kerke wil verander aan die onderlinge ooreenkoms tussen die kerke binne kerkverband, onderneem die kerke teenoor mekaar om sodanige voorgestelde verandering op 'n ordelike ooreengekome wyse te aanvaar of te verwerp.

Om die kerkverband in stand te hou, moet daar ruimte gelaat word vir die onderlinge verskeidenheid tussen en binne plaaslike kerke (Calvyn, 1991:1497-1498, 4.10.30). Hierdie verskeidenheid mag nie die eenheid tussen die kerke in gedrang bring wat weer tot geskeidenheid kan lei nie (Brink & De Ridder, 1979:4; Van der Walt, 1963:54). Waar hierdie verskeidenheid ter sprake kom tussen onderskeie volkere, merk Kuyper (1890:9) op: "Schakeering in uiting der lippen (belijdenis) en uiting der aanbidding (culte) is mogelijk. Voor vele dingen zijn geen behoud der beginselen en de daaruit getrokken hoofdlijnen, rijkdom van schakeering naar tijd, toestand, volkskarakter, enz. gewenscht." Du Plessis (1965:43) wys daarop dat sodanige "gewensdheid" bepaalde grense het wat eerbiedig behoort te word: "Wat die

Gereformeerde kerkverband betref, moet daar 'n oornamewese van die waarhede wat die Geref. Kerke in die loop van die geskiedenis in leer, diens en tug uit die Skrif geput het.”

Duvenage (1965:579) toon ook aan dat daar in die beoordeling van standpunte (wat noodwendig ook tot verskeidenheid lei) 'n gesonde balans tussen progressiwiteit en konserwatisme behoort te wees waarvolgens daar in die kerk van die Here opgetree behoort te word, maar dat alle standpunte telkens weer aan die Woord as finale toets onderwerp moet word. (Vergelyk ook Bingle, 1999:4.) Maré (1991:176) wys tereg daarop dat die onderlinge verskille binne kerke slegs aan die sondegebrokeheid toegeskryf kan word wat daartoe aanleiding gee dat alle gelowiges nie die Skrif altyd eenders uitlê en verstaan en toepas nie. Waar kerke en meerdere vergaderings die Woord as deurslaggewende en finale toets vir alle genome besluite beskou, sal hulle nie menslike sienings en uiterlike vorme op 'n hiërargiese wyse en deur onskriftuurlike gewetensbinding op mekaar probeer afdwing nie. Sodanige gewetensdwang sal noodwendig tot die uiteindelik verbreking van kerkverband aanleiding gee.

Eenheid in Skrifbeskouing en in gebondenheid aan die Bybel as die Woord van God, is wesentlik vir die instandhouding van die kerkverband (Du Plessis, 1965:43). Die gesag van die Skrif moet dus onvoorwaardelik deur die onderskeie kerke binne die kerkverband erken word, aangesien Christus sy kerk deur sy Woord en Gees regeer (Du Plooy, 1991:77). Bouwman (1928:232) wys ook daarop dat Calvyn die persoon was wat die Christusregering (deur die Woord) weer in die praktyk 'n werklikheid gemaak het in die kerk op aarde. Die kerke moet saam buig voor die koningsheerskappy van God deurdat die kerke saam en onder leiding van die Gees buig voor God se Woord. Juis dáárin vind hulle hul ware eenheid (Spoelstra, 1989:7). Eenheid in leer, diens en tug tussen die onderskeie plaaslike kerke binne 'n bepaalde kerkverband is wesentlik vir die instandhouding van die kerkverband (Bouwman, 1934:37; Brink & De Ridder, 1979:208; Du Plessis, 1965:43 & Kuyper, 1932/1933:23).

Wanneer die kerke byeengekom het en besluite geneem het, moet hulle daardie besluite uitvoer, aangesien hulle juis byeenkom in kerkverband om besluite te neem oor sake wat hulle nie as plaaslike kerke op hul eie kan hanteer en oor besluite kan

neem nie (Maré, 1991:185). Onderlinge gebondenheid aan die Skrif en aan die ooreengekome belydenis moet daarom ook deur die ampsdraers van die onderskeie plaaslike kerke deur die ondertekening van 'n ondertekeningformulier bevestig word aangesien "kerklike eenheid ten diepste afhanklik is van die onderlinge instemming met die leer van die kerk" (Du Plooy, 1991:77). Die werklike aanknopingspunt tussen die onderskeie kerke is geleë in die gesamentlike belydenis waaraan hulle vashou (Rullmann, 1917:205) en is die "absolute voorwaarde" (Kuyper, 1934/1935:14) vir kerklike eenheid. (Vergelyk ook Spoelstra, 1989:7, 20.)

Die onderlinge gebondenheid aan 'n gesamentlike kerkorde is belangrik vir die instandhouding van kerkverband, maar staan sekondêr teenoor die binding aan die belydenis (Kuyper, 1934/1935:14; Spoelstra, 1988:43 & 1989:20). Daarteenoor staan die binding aan die kerkorde weer op 'n hoër vlak as dié aan "gewone" besluite van meerdere vergaderings. Wanneer 'n plaaslike kerk sou weier om 'n kerkordelike bepaling na te kom (sonder dat die regte weg van appèl volgens kerkorde GKSA artikel 31 gebruik is), word die binding aan die kerkorde as só sterk beskou, dat sodanige kerk de facto uit die kerkverband tree (Kruger *et al.*, 1966:505). Dit beteken geensins dat daar nie wysigings aan die kerkorde aangebring mag word nie. Sodanige wysigings moet gesamentlik deur die kerke goedgekeur word en op 'n ordelike wyse ingevoer word (Spoelstra, 1989:472).

Die kerkorde bied dus nie bloot "leidrade" waaraan die kerke hulle na willekeur kan steur of kan ignoreer nie (Kruger *et al.*, 1966:12). In alleen hoogs uitsonderlike gevalle behoort afwyking van die kerkorde toegelaat te word. Voetius regverdig afwyking in daardie gevalle waar die belange, orde, vryheid of welstand van die kerk dit noodsaak; wanneer die afwyking as sodanig erken en nie as presedent beskou word nie en die afwyking moet deur 'n bevoegde vergadering noodsaaklik geag word (De Jongh 1918:187-188). Spoelstra (1989:475) vat dit soos volg saam: "Kortom, die afwyking moet by wyse van uitsondering, in groot verantwoordelikheid ten opsigte van die belang van die kerke (en nie persone nie) plaasvind." Selfs die "gewone" besluite van meerdere vergaderings kan nie as blote "leidrade" beskou word nie, maar is en bly bindende besluite vir die kerke wat saamkom binne kerkverband.

Die feit dat plaaslike kerke binne 'n bepaalde kerkverband byeenkom en die besluite wat hulle gesamentlik neem as bindend beskou, hef nie die selfstandigheid en

kompleetheid van elke plaaslike kerk op nie. In die Gereformeerde kerkreg bestaan daar nog altyd die "gesonde" spanning tussen die selfstandigheid van die plaaslike kerk en die "gedelegeerde" bevoegdheid (*potestas*) van meerdere vergaderings (kerkverband) (Brink & De Ridder, 1979:4). Spoelstra (1988:48) stel dit duidelik, en toon met verwysing na die "grondvormende" sinodes van die Dordtse kerkorde (1618/19) aan, dat die gereformeerde beginsel in hierdie verband soos volg is: "Die selfstandigheid en kompleetheid van elke plaaslike kerk bly voorbehou by die aangaan van kerkordelike ooreenkomste (Parys 1559 art. 1; Emden 1571 art. 1; DKO art. 84)."

Die reg van die selfstandige plaaslike kerk behoort dus gerespekteer en gehandhaaf te word (Bouwman, 1928:294). Indien die situasie sou ontstaan dat die selfstandigheid van elke plaaslike kerk nie meer gerespekteer en gehandhaaf word nie, sal die kerkverband nie standhou nie, aangesien onregmatige en hiërargiese ingryping in die "kerkwees" van 'n plaaslike kerk (wat uitdruklik deur die Dordtse Kerkorde 1618/19 in onder andere artikels 17 & 84 teengestaan word) waarskynlik sal lei tot die uiteindelige verbreking van bande met die betrokke kerkverband. Daarom is dit van belang vir die plaaslike kerk en vir die meerdere vergadering (kerkverband) om seker te wees van sy eie besondere agenda. "By die bepaling van die taak van die sinode (meerdere vergadering – JHH) moet die basiese ordereëling aanvaar word dat waar die plaaslike kerk gesag het oor die meer besondere aangeleenthede (*res particulares*), die sinode (meerdere vergadering – JHH) belas is met die gemeenskaplike sake (*res generales*), wat tuishoort by die kerkverband en eie is aan al die gemeentes gesamentlik."

Die selfstandigheid van die plaaslike kerk sluit alle independentisme uit (Maré, 1991:185). Plaaslike kerke wat erns maak met die instandhouding van die betrokke kerkverband, sal hul onderlinge verskille op 'n ordelike wyse hanteer, aangesien 'n independentistiese en eensydige manier van optrede uiteindelik tot die verbreking van kerkverband sal lei (Kruger *et al.*, 1966:505). Bouwman (1934:37) wys daarop dat soveel moontlik aan die vryheid van die plaaslike kerk oorgelaat behoort te wees om sy kerkwees aan die hand van God se Woord uit te werk, "maar de plaatselijke kerken mogen van die vrijheid niet willekeurig gebruik maken, en niet in strijd handelen met de algemeene regelen door de kerken in gemeenschap met elkander gesteld". (Vergelyk ook Rutgers, 1922:141.)

Kerke moet besef dat kerkverband 'n Godgewilde gegewene is, wat daarom ook op die onderskeie plaaslike kerke die verpligting lê om die kerkverband te onderhou. Du Plooy (1998:64) stel dit soos volg: "Churches (in a local sense) which assist one another are doing so in obedience to Christ and their community, and co-operation rests on the basis of love and faith". (Vergelyk ook Du Plooy, 1982:405-409.) Kerke het dus 'n Godgegewe verpligting om die kerkverband te onderhou. Die kerkverband kan alleen standhou indien kerke die onderlinge band wat hulle aan mekaar verbind, erken, respekteer en honoreer.

3.3.5.1. SAMEVATTING

- Ter wille van die instandhouding van die kerkverband moet daar ruimte gelaat word vir die onderlinge verskeidenheid tussen en binne plaaslike kerke.
- Eenheid in Skrifbeskouing en in gebondenheid aan die Bybel as die Woord van God, is wesentlik vir die instandhouding van die kerkverband.
- 'n Plaaslike kerk wat willekeurig weier om 'n vrywillig ooreengekome kerkordelike bepaling na te kom, tree de facto uit die kerkverband.
- Kerkverband en die gepaardgaande neem van gesamentlike bindende besluite, hef nie die selfstandigheid en kompleetheid van elke plaaslike kerk op nie.
- Die selfstandigheid van die plaaslike kerk sluit alle vorme van independentisme uit.
- Kerkverband kan alleen in stand gehou word waar kerke die onderlinge band wat hulle aan mekaar verbind, erken, respekteer en honoreer.

3.3.6. GEVOLGE VAN KERKVERBAND VIR DIE KERKE

Kerkverband speel 'n wesentlike rol by die binding aan kerklike besluite, want indien daar geen kerkverband sou wees nie, val die saak van binding aan kerklike besluite plat. Indien daar geen kerkverband sou wees nie, sou slegs die binding aan die besluite van die plaaslike kerkraad 'n rol gespeel het binne 'n plaaslike gemeente. Dan sou die binding aan kerklike besluite alleen gegaan het om die mate waarin individuele lidmate hulleself gebonde ag aan die Skrif, die plaaslike aanvaarde

belydenis, die plaaslik opgestelde kerkorde en aan die besluite wat die kerkraad van die plaaslike kerk neem.

Dit is egter tot heil van God se kerk op aarde dat kerke hul onderlinge ooreenkomste en ondernemings teenoor mekaar nakom op grond van die feit dat hulle hulleself vrywilliglik daartoe verbind het om gesamentlik in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde besluite te neem wat die praktyk van die afsonderlike kerke se kerkwees in die wêreld bepaal.

Kerke neem mekaar se hande in kerkverband op grond van dieselfde belydenis wat hulle onderskryf. Saam sorg die kerke binne kerkverband dat die heerskappy van Christus in die onderskeie plaaslike kerke gehandhaaf word (Sadler, 1991:49). Bouwman (1934:80) sê hieroor dat die doel van die kerkverband is dat kerke "elkander helpen, opdat het koningsrecht van Christus gehandhaaf word".

Kerkverband verseker verder en werk die gevaar teen dat gelowiges en die onderskeie plaaslike kerke mekaar onderling verontreg. Jansen (1952:146) merk hieroor op: "In een bredere vergadering waar meer kerken saamenkomen, ligt meer waarborg voor een onpartijdig en welgegrond besluit dan in een mindere vergadering." Kerkverband, wat impliseer dat meer kerke gesamentlik vergader deur middel van hul afgevaardigdes en gesamentlik besluite neem, verseker só dat daar onpartydige besluite geneem word.

Kerkverband bevorder die onderlinge gemeenskap van gelowiges van onderskeie plaaslike kerke. Spoelstra (1986:11) praat van die "saamglo, saamwerk en saamlewe" onder die tug van die Woord. Waar die onderskeie kerke binne die kerkverband in die praktyk daarna streef om soveel moontlik dieselfde handelswyse na te volg in die toepassing van die riglyne wat die Skrif oor die verband tussen kerke gee, sal die onderlinge gemeenskap bevorder word en die kerke se gesamentlike optrede dien as 'n kragtige getuienis van die eenheid van die kerk van Christus in die wêreld (Coertzen, 1991:45). Hulle gesamentlike optrede sal daartoe dien om "die beleving van vrede en eendrag te stimuleer" (Kruger *et al.*, 1966:19). Die kerke staan mekaar daarin by en hou onderling oor mekaar toesig om as kerke volgens die eis van die Woord te lewe (Bouwman, 1934:16, 174; Du Plooy, 1982:157). Du Plooy (1982:264) wys daarop dat: "Die reg tot die beleving van die

geloofsgemeenskap rus as sodanig in Christus wat deur sy evangelie nie net gelowiges aan Hom as die Hoof verbind nie, maar wat daarmee ook gelowiges onderling in sy liggaam aan mekaar verbind.”

Kerkverband bied die geleentheid tot onderlinge oorleg deur die kerke om gesamentlike besluite te kan neem (Spoelstra, 1989:195). Sodanige oorleg werk hiërargiese tendense teen en verseker dat alle kerke ewe veel inspraak het (al is dit deur die wysiging van besluite waarteen geregtiglik op grond van die kerkorde GKSA artikel 31 geappelleer word) om gesamentlik besluite op grond van die Woord en onder leiding van die Gees te neem (Calvin, 1984:44; Kleynhans, 1985:154).

Bouwman (1934:39) het met die voorbeeld van die “vrouekiesreg” aangetoon watter beginsels belangrik is om in ag te neem wanneer daar oor sake besluit word wat al die kerke gesamentlik raak en waarvoor daar besluite geneem behoort te word. Dit is sake wat “van diep ingrijpende betekenis is voor *heel de kerk*”; en “omdat de meeningen over dit vraagstuk zoozeer uiteengaan ... of het naar Gods Woord geoorloofd is of niet, is het voorzichtig en wijs dat niet een plaatselijke kerk tot de invoering daarvan overgaat zonder het oordeel der gezamenlijke kerken te hebben ingewonnen, hetgeen ook plicht is met het oog op 1 Cor. 14 : 32; gemeenschappelijk beslist moet worden”; indien die Woord daarvoor uitsluitel gee “dan mocht dit nie als een middelmatig ding aan de vrijheid van iedere kerk overgelaten worden, maar dan moesten alle kerken aan het goddelijk gebod gehoorzamen ... omgekeerd, als het met Gods Woord in strijd was, de kerken, die het hadden ingevoerd, moesten vermaand en bestraft worden”; en laastens “omdat, wanneer de beslissing hierover aan iedere kerk werd overgelaten, daaruit niet alleen allerlei praktische moeilijkheden, maar zelfs groote rechtsonzekerheid zou kunnen ontstaan”.

Kerkverband werk independentistiese optrede deur individuele gelowiges en plaaslike kerke teen, want “kerke in kerkverband tree nie onafhanklik van mekaar of in gemeenskaplike sake alleen op nie” (Spoelstra, 1989:179). Dit beteken geensins dat ‘n plaaslike kerk gedwing kan word om tot ‘n bepaalde kerkverband toe te tree nie (Bouwman, 1934:9). Geen plaaslike kerk mag op sy eie (asof op ‘n eiland) probeer bestaan nie, maar behoort (na die eis van kerkverband volgens Handeling 15 en Galasiërs 2) hom tot ‘n bepaalde kerkverband (met dieselfde belydenis) te voeg (Deddens, 1990b:137; Du Plooy, 1982:151 & Kuyper, 1932/1933:5). Bouwman

(1928:65) wys daarop dat: "De kerkvorm is dan ook niet eene liefhebberij, die afhangt van de willekeur der leden." Binne daardie spesifieke kerkverband bestaan "*hulle in definitiewe, regtens ooreengekome, -aanvaarde en -verpligtende vorme saam ... as kerk van Jesus Christus*" (Coertzen, 1992d:4). Die kerke onderneem teenoor mekaar om nie elkeen bloot te doen wat goed is in eie oë nie, maar intendeel, om die gesamentlik genome besluite uit te voer (Meijer, 1995:93).

Kerkverband bring die onvermybare eis om binding aan kerklike besluite mee (Coertzen, 1993b:109; Sadler, 1991:4 & Strauss, 1992b:195). Bouwman (1928:145) toon onder andere uit die kerkvaders aan: "... al was eene synode niet onfeilbaar, hare besluiten golden toch als goddelijk recht." Die onderskeie plaaslike gemeentes verbind hulle daartoe om die gesamentlike besluite van meerdere vergaderings uit te voer. "The ... word, 'binding', indicates that all the churches are obligated to live up to the decisions of the assemblies concerned ..." (Monsma, 1967:124).

Hierdie binding aan die besluite van meerdere vergaderings word uitdruklik deur gereformeerde kerkregkundiges onderskryf (Bouwman, 1934:20; Grosheide, 1948:II, 65; Jansen, 1937:128, 129 & Kleynhans, 1985:150). Praamsma (1949: 503) vat dit soos volg saam: "... dat het houden van sinodes niet alleen geoorloofd, maar ook geboden was, en dat haar besluiten, nadat ze genomen waren, rechtskracht hadden voor de afzonderlijke kerken, die in de Synode vergaderd waren. Ze hebben de synodevergaderingen niet gezien als vergaderingen van kerkelijke bestuurscolleges, maar van de kerken zelf, die daarom uiteraard aan haar eigen besluiten gebonden waren." Dit beteken nie dat alle besluite van meerdere vergaderings as absoluut en onfeilbaar hanteer en beskou behoort te word nie (Kuyper, 1933/1934:2,3). Indien besluite teen die Woord stry en gebreke in besluite aangetoon kan word, behoort daardie besluite op die wettige en onderling ooreengekome wyse gewysig te word (Kruger *et al.*, 1966:505; Nauta 1971:144). Die kerke moet ook daarteen waak om mekaar in middelmatige sake te wil bind (Jansen, sa:47,49,50). Aan die ander kant: "Wanneer eene plaatselijke kerk de besluiten van eene meerdere vergadering naaste zich neerlegde en niet wilde uitvoeren, dan breekt zij daardoor de eenheid en de orde. En als zij in zulk een geval niet kan aantoonen, dat de besluiten der meerdere vergaderingen in strijd zijn met Gods Woord en de ordening der kerken, dan pleegt zij revolutie en maakt zich den censuur waardig" (Bouwman, 1934:39). Dit is met

ander woorde, volgens Visser (1999:128) "soms nodig om 'n 'eenvormige besluit' te neem wat verpligtend is vir alle gemeentes in kerkverband".

Kerkverband hef nie die selfstandigheid van die onderskeie plaaslike kerke op nie. Dit is belangrik dat die selfstandigheid van elke plaaslike kerk gehandhaaf word, maar aan die ander kant kan geen plaaslike kerk onafhanklik van die ander kerke binne kerkverband optree nie (Bouwman, 1934:39; Kuyper, 1932/1933:7; Spoelstra, 1989:179; Strauss, 1989a:5 & Visser, 1999:129). Die kerke het immers met mekaar ooreengekom om onderling met mekaar oorleg te pleeg en te handel (Spoelstra, 1989:195).

Kerkverband bevorder die onderlinge eenheid in gees en in optrede tussen die onderskeie plaaslike kerke (Kleynhans, 1973:226). Wanneer die onderskeie plaaslike kerke se handelswyse en optrede in die praktyk van hul kerkwees ooreenstem, word die onderlinge eenheid tussen die kerke bevorder en straal die kerke ook gesamentlik 'n eenheidsbeeld na die wêreld uit (Coertzen, 1991:45). Die kerke kom op grond van hulle eenheid in die geloof byeen om gesamentlike besluite in meerdere vergaderings te neem, waardeur hul onderlinge geloofseenheid versterk en uitgebou en bevestig word (Coertzen, 1991:46; Kleynhans, 1985:65; Kruger *et al.*, 1966:19 & Van der Walt, 1971:24).

Kerkverband laat kerke saamkom in kerklike vergaderings ter wille van gesamentlike besluitneming. Die onderskeie plaaslike kerke soek saam, deur middel van die gawes wat die Here Jesus binne die afsonderlike kerke gee, na die beste besluite vir al die kerke binne die bepaalde kerkverband. Coertzen (1991:46) stel dit soos volg: "Soos wat die beeld van die kerk as 'n veelheid van lede maar een liggaam (Rm. 12, 1 Kor. 12), 'n skriftuurlike riglyn is vir die onderlinge verkeer in die plaaslike gemeente, is dit ook 'n riglyn vir die onderlinge verkeer tussen gemeentes. Dit beteken dat net soos wat die reg vir die kerk in elke plaaslike gemeente neerslag moet vind, dit ook in die kleinere en grotere verbande van gemeentes neerslag moet vind." Sekere besluite is eie aan meerdere vergaderings, aangesien daar bepaalde sake is waarvoor 'n plaaslike kerk nie alleen besluite kan neem nie. Kuyper (1934/1935:14) wys daarop dat meerdere vergaderings ("sinodes") besluite neem oor die belydenis en gravamina moet ondersoek; die kerkorde moet vasstel, asook die liturgie moet

bepaal ("de regelen voor den eeredienst") en om tug toe te pas waar nodig. (Vergelyk ook Kuyper, 1933/1934:3 & Pont, 1981:101.)

Kerkverband is die gevolg van binding aan 'n gesamentlike opgestelde of aanvaarde belydenis deur die onderskeie plaaslike kerke (Brown, 1988:154). Dieselfde belydenis is die mees basiese en onmisbare band wat plaaslike kerke binne 'n kerkverband aan mekaar bind. Daaraan moet gekonformeer word (Spoelstra, 1988:46). Die kerke staan kragtens hulle eenheid in belydenis in dieselfde verband (Du Plooy, 1982:264; Van der Linde, s.a.:66). Daarom word daar van die belydenis gepraat as die "akkoord van gemeenskap" (Spoelstra, 1989:220). Deddens (1990b:136-137) haal Rutgers soos volg aan oor die besondere plek en rol van die belydenis binne die kerkverband: "Het kerkverband werd gehandhaafd, door handhaving der aan al zijn kerken gemeenschappelijke belijdenis; het werd buiten werking gesteld, waar dat nodig was om die belijdenis zuiver te bewaren; het werd verbroken, waar afwijking van die belijdenis het inderdaad reeds had losgemaakt; en het werd hersteld, door vernieuwde aansluiting aan al wat die belijdenis was blijven vasthouden."

Kerkverband lei tot die opstel van 'n gesamentlike kerkorde deur die onderskeie plaaslike kerke. Al die kerke moet sodanige kerkorde aanvaar en wanneer die betrokke kerkorde aanvaar word, is al die kerke daartoe verbind om die kerkorde te honoreer, tensy suksesvol teen sekere sake geappelleer en dit gesamentlik gewysig word (Hovius, 1962:21). (Vergelyk ook Spoelstra, 1989:471.)

Kerkverband vereis die persoonlike binding deur ampsdraers en lidmate aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die belydenis, kerkorde en die "gewone" besluite van meerdere vergaderings insluit) deur die ondertekening van die vasgestelde ondertekeningsformuliere. "So vergewis die kerke in kerkverband hulle van die eenheid in leer wat die ruggraat van kerkverband vorm" (Spoelstra, 1989:58). (Vergelyk ook Brown, 1988:154.)

Kerkverband het tot gevolg dat voornemende bedienaars van die Woord gesamentlik deur die kerke binne kerkverband opgelei, geëksamineer en geapprobeer word. Al die kerke binne kerkverband het die verantwoordelikheid om (gesamentlik soos onderling gereël binne 'n betrokke kerkverband) toekomstige kandidate se

geskiktheid te beoordeel en om hul suiwerheid in die leer te toets (Bouwman, 1934:23).

Kerkverband bring mee dat meerdere vergaderings wel tug mag uitoefen in sake waar meer kerke geraak word (vergelyk die tug oor bedienaars van die Woord volgens die kerkorde van die GKSA artikels 79-80) of in gevalle waar spesifieke plaaslike kerke in gebreke bly om die tug uit te oefen en as gevolg daarvan feitlik daadwerklik bande met die ander kerke breek (Spoelstra, 1988:48). Hierdie tugreg kom van Christus (Matt. 16:19) (Kuyper, 1933/1934:12). Kuyper (1932/1933:9) wys daarop dat Voetius aantoon dat meerdere vergaderings in geval van "casus malae administrationis" wel die reg het om tug uit te oefen oor 'n plaaslike kerk wat nie sy plig nakom nie en daar wanbestuur plaasvind.

Ook waar daar verskille tussen twee kerke ontstaan, moet die meerdere vergadering optree (Kuyper, 1932/1933:11; 1933/1934:4). Die meerdere vergadering kan selfs optree om 'n betrokke ampsdraer te "ekskommunikeer" (Kuyper, 1933/1934:8). Selfs waar 'n klassis of 'n plaaslike kerk nie sy verantwoordelikheid ten opsigte van iets soos die ekskommunikasie van 'n betrokke ampsdraer nakom nie (in die geval van "casus negligentiae"), kan en moet 'n meerdere vergadering die tug help toepas (Kuyper, 1933/1934:9,18). "Het is dus niet zoo, dat de meerdere vergadering alleen zedelyk gezag bezit. Dat is eigenlyk independentisme" (Kuyper, 1933/1934:13). (Vergelyk ook par. 5.5.3.2.)

Kerkverband bring die onderskeie plaaslike kerke binne kerkverband daartoe om 'n gesamentlike liturgie daar te stel. Kuyper (1932/1933:23) wys soos volg op die gereformeerde siening vir die daarstel van 'n bepaalde liturgie deur die kerkverband: " ... wanneer er een verband is, dan gaat de macht voor de liturgie-voorschriften over op de synode. Zy moet de liturgie dan vaststellen en zoo noodig, wyzigen. Calvyn noch de Gereformeerden verzetten zich tegen de gebondenheid aan een bepaalde liturgie." Ook Spoelstra (1988:49) konstateer: "Liturgie is ... nie 'n saak van die plaaslike kerk nie, maar van kerke in kerkverband."

3.3.6.1. SAMEVATTING

- Kerke binne die kerkverband sorg saam dat die onderskeie plaaslike kerke die heerskappy van Christus handhaaf.
- Kerkverband verseker en werk die gevaar teen dat gelowiges en die onderskeie plaaslike kerke mekaar onderling verontreg.
- Kerkverband bied die geleentheid aan die onderskeie kerke binne kerkverband om deur onderlinge oorleg gesamentlike besluite te kan neem.
- Kerkverband werk independentistiese optrede deur individuele gelowiges en plaaslike kerke teen deurdadig dat die kerke gesamentlik in gemeenskaplike sake optree.
- Kerkverband bring die eis mee van binding aan kerklike besluite.
- Kerkverband bevorder die onderlinge eenheid in gees en in optrede tussen die onderskeie plaaslike kerke.

3.3.7. GEVOLGE WANNEER KERKE BINNE KERKVERBAND HULLE NIE BIND AAN KERKLIKE BESLUITE NIE

Kerkverband impliseer dat die besluite wat kerke saam tydens meerdere vergaderings neem, bindend is vir al die betrokke plaaslike kerke binne die kerkverband. Wanneer kerke hulle nie as gebonde aan genome besluite beskou nie, het dit sekere gevolge vir die kerke binne die kerkverband.

Die regte verstaan van wat kerkverband beteken en vereis, is bepalend vir die korrekte wyse van binding aan alle kerklike besluite. Die kerke het mekaar nodig om gesamentlike besluite te kan neem oor gemeenskaplike sake (Kuyper, 1932/1933:8). Indien kerke hulle nie as gebonde beskou aan kerklike besluite nie, kan dit lei tot willekeurige optrede deur individuele kerke en lidmate en uiteindelik tot die verbreking van die onderlinge bande en die eenheid tussen die kerke binne kerkverband.

Die indruk kan selfs geskep word dat plaaslike kerke binne kerkverband wat hulleself nie as gebonde aan die besluite van kerklike vergaderings beskou nie en wat nie die vasgestelde kerklike weg loop om besluite te wysig of te herroep nie, hulleself op 'n hoogmoedige wyse bo die ander kerke verhef.

3.3.7.1. SAMEVATTING:

- Wanneer kerke hulle nie as gebonde beskou aan kerklike besluite nie, kan dit lei tot willekeurige optrede en tot verbreking van die kerkverband.
- Kerke wat hulleself nie bind aan die besluite van kerklike vergaderings nie en nie die vasgestelde kerklike weg volg om besluite te wysig of te herroep nie, se optrede kan dui op 'n hoogmoedige verheffing bo die ander kerke.

3.4. DIE ROL VAN DIE KERKORDE BY DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

3.4.1. DEFINISIE EN OMSKRYWING VAN DIE ROL VAN 'N KERKORDE

Verskeie kerkregtelikes het reeds definisies en omskrywings van die rol van 'n kerkorde opgestel. Vervolgens word van hierdie definisies/omskrywings aangehaal:

Coertzen (1991:188) merk die volgende op oor 'n kerkorde: "n Kerkorde moet die goeie gang van sake in die kerklike samelewing reël en sorg dat die regering van die kerk sy behoorlike loop het en dat dit in ooreenstemming met die Skrifvereistes daarvoor geskied. Anders gestel: 'n kerkorde moet help om die kerk in staat te stel om sy taak en roeping so goed as moontlik te volbring. 'n Kerkorde moet daarop ingestel wees om die kerk te help om hom in alle opsigte te gedra volgens Gods Woord en om God in alles te verheerlik. 'n Kerkorde moet die ruimte skep vir die regering van Christus in sy kerk, wat daarop neerkom dat 'n kerkorde daarop ingestel moet wees om die Woord van God oor die hele spektrum van die kerk se bestaan te laat spreek en om die belydenis van die kerk te beskerm en te handhaaf." Elders definieer Coertzen (1992e:719) 'n kerkorde ook soos volg: "n Kerkorde as 'n bepaalde dokument is in wese presies wat die woord sê, te wete 'n weergawe van die orde/reg wat in 'n bepaalde kerk geld."

Bronkhorst (1959:229) beskryf 'n kerkorde as "het geheel van de algemene bepalingen, die door de bevoegde kerkelijke instantie zijn vasgestel en schriftelijk

gefixeerd om een goede gang van zaken in het kerkelijk leven te verzekeren en te bevorderen”.

Du Plooy (1998a:7) wys daarop dat 'n kerkorde 'n dienende karakter het en dat dit altyd die opbou van die kerk moet dien.

Pienaar (1984:4) omskryf die kerkorde soos gesien van die kant van die burgerlike reg as die “interne verbandsreg” van die kerk.

Nauta (1959:231; 1971:12-13) poneer dat kerke ooreengekom het om in 'n gemeenskaplike verband saam te leef en hiervoor 'n ooreenkoms aangegaan het en dat die kerkorde die uitdrukking van hierdie ooreenkoms is.

Dingemans (1990:207) definieer 'n kerkorde soos volg: “Een kerkorde is gestructureerde en in practijk gebrachte theologie. Of nog preciezer gezegd: een kerkorde is een in rechtregels vertaalde ecclesiologie. Wat een kerkgemeenschap denkt over haar eigen wezen en gestalte, over haar positie in de wereld, haar vormgeving en inrichting, wordt in een kerkorde vertaald in rechtsregels, die gelden voor het functioneren van die gemeenschap ... Een kerkorde is daarom in feite een theologisch compromis, waardoor een kerk een dak krijgt waaronder veel mensen kunnen leven. Een kerkorde is een organisatie-concept, dat verschillende theologische en ecclesiologische uitgangspunten probeert te verenigen. Vanuit een theologisch gezichtspunt zijn kerkorden vooral interessant, als men kijkt welke ecclesiologische concepten de boventoon voeren en op welke wijze de theologische compromissen zijn gesloten.”

Kruger *et al.* (1966:11) meen: “Die Kerkorde is dus die ooreenkoms waarvolgens kerkrade onder andere in sinodes saamkom en daarom kan dit nie 'n wet van 'die sinode' wees nie.” Kruger *et al.* (1966:504) meen: Die kerkorde is “die wettige ooreenkoms, die duidelike afspraak deur die kerke, waarop die kerke in kerkverband met mekaar saamlewe, 'n ooreenkoms gegrond op die Skrif en die eenheid in belydenis”.

Smit (1984:65) sê: Die kerkorde is “'n *uitdrukking* sowel as 'n *bevordering* van die belydenis én die eenheid ... juis deurdat die kerkorde die belydenis en die eenheid

veronderstel en vereis." Die kerkorde is primêr die produk van die Heilige Gees wat die opdrag daartoe en die beginsels daarvoor in die Heilige Skrif gegee het, en wat die vergadering van die kerke tot 'n gehoorsame erkenning daarvan lei (Smit, 1984:131).

Spaelstra (1967:26) omskryf die kerkorde soos volg: "Die Kerkorde is dus 'n 'gemeen akkoord' op sterkte waarvan gesamentlik sekere sake in kerkverband hanteer word ... (dit is – JHH) ... die akkoord ... waarop die kerkverband rus en waarin die regte van lidmaat, kerk en kerkvergaderings beskerm is ... Die Kerkorde bepaal gevolglik hoe die kerkrade met mekaar saam in vergaderings van 'meer kerkrade' optree met onderlinge toesig, approbasie, advies, visitasie en selfs tot 'n korrekatief, koöperasie, ens., maar nooit om selfstandig, los van en naas die kerkrade op sekere kerklike terreine te fungeer nie."

Verder merk Spaelstra (1988:41) op: "Die Kerkorde is gevolglik nie 'n bron van reg waaruit 'n "beginsel van geografiese kerkvergaderings" as imperatief afgelei kan word nie. Dit is slegs 'n ordereëling waardeur die reg wat Christus bepaal in kerkregering uitgeoefen moet word."

Venter (s.a.:48-49) vat al die verklarings soos volg saam: "Onder kerkorde verstaan ons dan die orde en reëling wat deur die kerk getref word ooreenkomstig die Woord van God vir die regering van die kerk. Hierdie kerkorde is gebaseer op die belydenis van die kerk en kan daarom nooit 'n grootheid wees wat naas en teenoor die belydenis van die kerk te staan kom nie. Dit is 'n suiwer ordereëling wat nooit as 'n onveranderlike en onaantasbare wet verstaan mag word nie ... Eintlik moet die kerkorde steeds as 'n vorm van die belydenis gesien word. Die belydenis van Jesus Christus moet bepalend wees vir elke artikel van die kerkorde en elke besluit van enige kerkvergadering."

3.4.1.1. SAMEVATTING

'n Kerkorde is 'n gestruktureerde ooreengekome gedragskode wat kerke met dieselfde belydenisgrondslag gesamentlik onder leiding van die Heilige Gees opstel en wat ten doel het om die orde en regering van Christus uit die Skrif te haal wat in die praktyk vir die kerke moet geld en om te sorg dat die belydenis van die kerk

beskerm en gehandhaaf word, asook om die goeie gang van sake in die kerklike lewe te verseker en te bevorder.

'n Kerkorde is dus, in kort gestel: Die gedragskode waarvolgens kerke ooreenkom oor die wyse waarop hulle mekaar sal bystaan om die kerke te regeer om sodoende die merktekens van die ware kerk te realiseer.

3.4.2. WAT 'N KERKORDE NIE IS NIE

Gelowiges verbind hulle daartoe om die besluite wat die kerke binne kerkverband op grond van die Skrif, belydenis en die ooreengekome kerkorde geneem het, te honoreer. Vir die neem van sodanige besluite is dit belangrik dat hulle die kerkorde reg hanteer en 'n goeie begrip het van wat 'n kerkorde *nie* is nie:

'n Kerkorde is nie 'n onveranderlike persklaar bloudruk wat die orde binne die kerk volmaak weergee of 'n kerkwet wat outokraties van "bo af" afgedwing mag word nie (Bavinck 1967, IV:353; Bouwman 1985, I:324; Smit 1984:60 & Strauss, 1989b:82). Sekere ordereëlins kan wel direk uit die Skrif verkry of afgelei word en moet gehoorsaam word. Daar is ook ander ordereëlins wat binne die bepaalde tyd en omstandighede vasgestel is en wat die kerke waar dit noodsaaklik en tot hulle voordeel is, kan verander wanneer hulle in meerdere vergaderings vergader om besluite te neem (Bouwman, 1928:326; Spoelstra, 1989:472). Die kerkorde is dus gesaghebbend en geldig en moet honoreer word, omdat kerke hulleself op grond van hulle onderlinge geloofseenheid vrywillig daartoe verbind het om kerklike besluite te honoreer, maar tog is die kerkorde nie onveranderlik nie (Pont, 1981:110).

'n Kerkorde is nie 'n stel reëls wat alle belangrike en onbelangrike sake binne kerke en binne kerkverband probeer reël nie. Indien dit die geval sou wees, sal die groot gevaar geloop word om soos die Rooms-Katolieke Kerk die ganse kerklike lewe te wil reglementeer (Spoelstra 1989:24). Dan verword die kerkorde van 'n stel ordereëlins tot 'n wetboek wat gewetens bind in sake waarvoor die Skrif geen uitspraak lewer nie. Om hierdie gevaar te voorkom moet die aantal kerkordelike bepalings so min as moontlik wees (Bouwman, 1928:326).

Die mees Skrifgefundeerde kerkorde bewerk of waarborg nie geloof nie (Du Plooy, 1988:22). Alleen die Heilige Gees bewerk wedergeboorte deur die verkondiging van die Woord (Rom. 10). Van der Walt (1976:145-146) toon egter aan dat 'n onskriftuurlike kerkorde die ware lewe in die kerk kan versmoor. Tog is 'n kerkorde nie 'n voorvereiste vir saligheid nie, aangesien die noodsaak om orde in die kerk nie 'n heilsnoodsaaklikheid is nie (Maré, 1991:74). Dit beteken dat 'n kerk steeds kerk is, al het hy geen kerkorde nie. Hoe lank daardie kerk ware kerk kan bly sonder dat God se reg volgens sy Woord op 'n ordelike wyse toegepas word, is natuurlik 'n ope vraag en dit is hoogs onwaarskynlik dat so 'n kerk die kenmerke van die ware kerk (volgens Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 29) sal bly vertoon.

'n Kerkorde is ook nie die enigste faktor wat bepaal of 'n kerk gereformeerd is al dan nie. Kleynhans (1973:153) toon uit die geskiedenis aan dat selfs die beroemde sinode van Dordrecht 1618/19 nie gereformeerdes van ander lande wat nié volgens die presbiteriale stelsel geregeer was, as "ongereformeerd" veroordeel en weggewys het nie. Op dié sinode het hulle selfs gereformeerdes wat Erastiaanse, Independentistiese en Episkopaalse kerkregeringstelsels aangehang het, verwelkom.

'n Kerkorde behoort voorts nie wette vas te stel wat daarop gerig is om die vryheid van die plaaslike kerke aan bande te lê nie. Aan die beginselsake wat die Woord daarstel, moet al die kerke hulself as gebonde beskou, maar besluite oor middelmatige sake moet sover moontlik aan die vryheid van die plaaslike kerke oorgelaat word (Kruger *et al.*, 1966:385).

Verder mag 'n kerkorde nie soos 'n staatswet hanteer en afgedwing word nie. Staatswette is formeel juridies van aard, terwyl die bepalings van die kerkorde daarop gerig is om die Christusregering volgens die Woord in liefde vir die kerke binne kerkverband te bedien (Roeleveld, 1972a:45; Smit, 1984:130).

'n Kerkorde staan vanselfsprekend ook nie bokant die Woord nie. Daarom moet die Woord tydens 'n kerklike geskil in die eerste plek geopen word om daaruit leiding te soek en indien nodig, daaruit te vermaan. Eers daarna (wanneer sodanige optrede nie geslaagd is nie) moet die kerklike weg volgens die kerkorde gevolg word om beslissings oor sake te vel (Roeleveld, 1972a:45).

Die totstandkoming van 'n kerkorde mag gevolglik nie gesien word as losstaande van die werk van die Heilige Gees nie (Smit, 1984:61; Milner, 1970:192). Die kerkorde is immers deur die kerke gesamentlik met die Woord as basis opgestel daar waar hulle onder leiding van die Heilige Gees saamgekom het in meerdere vergaderings. Daarom mag gelowiges hulle nie op 'n willekeurige wyse aan die kerkorde bind nie, aangesien daardie bepalings wat op die Woord gegrond en aan die Skrif ontleen is, as goddelik beskou kan word (Calvyn, 1991:1497, 4.10.30). Die kerkorde wys juis weg van homself na die Woord toe en is daarom bindend (Smit, 1984:130).

Ten slotte mag 'n kerkorde nie los van die belydenis hanteer word nie. Venter (s.a.:48) meen selfs dat die kerkorde as 'n vorm van die belydenis gesien moet word, aangesien dit op die belydenis gebaseer is en nie naas of teenoor die belydenis staan nie. Wanneer die kerkorde los van die belydenis hanteer word, sal die kerk mettertyd in wettisisme verval.

3.4.2.1. SAMEVATTING

- 'n Kerkorde is nie 'n onveranderlike persklaar bloudruk wat die orde binne die kerk volmaak weergee of 'n kerkwet wat outokraties van "bo af" afgedwing mag word nie.
- 'n Kerkorde is nie 'n stel reëls wat alle belangrike en onbelangrike sake binne kerke en binne kerkverband probeer reël nie.
- 'n Kerkorde mag nie soos 'n staatswet hanteer en afgedwing word nie.
- 'n Kerkorde staan nie bokant die Woord nie.
- 'n Kerkorde mag nie los van die belydenis hanteer word nie.

3.4.3. ONTSTAAN EN DOEL VAN 'N KERKORDE

God is 'n God van orde (1 Kor. 14:33, 40). Daarom mag dinge in sy kerk nie op 'n traak-my-nie-agtige en op 'n los-vas-basis gedoen word nie, aangesien sodanige optrede indruis teen God se wese en teen sy bedoeling met sy skepping, waarvan ook die kerk deel is (Monsma, 1967:10). Die doel van 'n kerkorde is dan om die reëls vir die goeie orde in die kerk weer te gee vir die ordelike opbou van die kerk van die Here (Du Plooy, 1982:20; 1998a:7; Kruger *et al.*, 1966:11 & Spoelstra, 1989:25).

Hierdie reëls moet in ooreenstemming met die Woord en die belydenis wees en is absoluut noodsaaklik vir die ordelike voortbestaan van die kerk op aarde (Bouwman, 1928:65, 326). Hierdie ordelike "struktuur" help die kerk om sy roeping in die wêreld uit te leef en na te kom. Gebonde aan die Woord en gerig op God se eer en verheerliking (Rom. 11:36; 1 Kor. 12:31) moet die kerkorde die Christusregering 'n werklikheid maak in die praktyk van die lewe van die kerk. Waar dít gebeur, sal die Woord die eerste en finale sê hê wanneer daar oor enige aspek van kerkwees besluite geneem word en sal kerke en lidmate die belydenis handhaaf en beskerm (Coertzen, 1991:188; Smit, 1987:17).

Die kerkorde moet dus niks anders doen as om te help om God se reg vir sy kerk te soek nie (Coertzen, 1991:189; Spoelstra, 1988:41). Jacobs (1927:6) wys daarop dat orde ("organisasie") belangrik is vir die kerk, anders sal die kerk verval in 'n toestand wat in stryd met sy wese is. (Vergelyk ook Van der Linde, 1978:69.) Daarom vat kerke die ordereëlings waarop hulle ooreenkom en soos dit verspreid in die Woord is, in 'n kerkorde saam, omdat hulle glo dat daardie ooreengekome reëlings getrou is aan die eis van God se reg en orde volgens sy Woord (Maré, 1991:74).

'n Kerkorde stel dan ook die ordelike weg volgens die grondlyne van die Woord vas waarvolgens moontlike foute in die belydenis, die kerkorde self en in ander besluite van kerklike vergaderings reggestel kan word deur enige gelowige synde in die amp van die gelowige (kerkorde GKSA artikels 31, 46 & 86; Kruger *et al.*, 1966:18). Sodanige wysigings kan alleen deur gesamentlike besluitneming van die kerke aangebring word soos wat die oorspronklike bindende besluite oor belydenis, kerkorde en ander besluite van kerklike vergaderings aanvanklik gesamentlik deur die kerke daargestel is (Spoelstra, 1989:472). Gelowiges wat hulle beywer vir wysigings aan kerklike besluite behoort dit deeglik in ag te neem dat hulle aan God Drie-enig verantwoording moet doen of hul optrede waarlik tot stigting van sy kerk op aarde is of nie (Van der Merwe, 1969:37). Wie dus op grond van menslike willekeur en eiewilligheid en sonder Skrifgefundeerde gronde wysigings in belydenis, kerkorde of ander kerklike besluite neem, sal vir die moontlike *ont*stigting van die kerk aan God verantwoording moet doen.

'n Kerkorde gee alleen die hoofriglyne (so beknop moontlik) van hoedanig die kerk vir sy eie tyd en omstandighede op die beste wyse volgens die Skrif regeer moet

word sodat die Christokrasie tot sy reg kom (Booyens, 1980:156; Botha, 1993:10; Polman, s.a.b.:220 & Strauss, 1989b:83, 88). God het bepaalde dienste (amppte) daargestel om in die kerk werksaam te wees om die opbou en regering van die kerk te dien (kyk 1 Kor. 12; Rom. 12; Ef. 4). Saam met die dienste gaan daar noodwendig 'n vaste organisasie gepaard wat willekeur uitskakel en wat voor God en sy Woord buig. In navolging van hierdie kerkregering, wat reeds sy grondslag in die apostoliese tyd gehad het (Hand. 15; Gal. 2), het gereformeerde kerke erns daarmee gemaak om hierdie beginsels uit die Woord na te speur en in die kerke toe te pas (Kleynhans, 1973:155). In hierdie poging om 'n Skrifgefundeerde kerkorde daar te stel, moet die werking en leiding van die Heilige Gees altyd raakgesien en erken word (Calvyn, 1991:1497, 4.10.30; Milner, 1970:192 & Smit, 1984:61, 131).

Die belangrikste vraag waaraan die kerkregering homself voortdurend moet toets, is: Wat is God se wil met sy kerk? En die antwoord daarop kan alleen uit die Woord Self gevind word (Coertzen, 1987:41). Dit beteken in wese dat 'n kerkorde die gelowiges voor Christus moet stel sodat kerke gedurig reformeer en aanpas indien dit nodig sou wees volgens die Woord (Coertzen, 1987:42). 'n Kerk wat nie volgens die Woord geregeer word nie, kan nie bly voortbestaan nie (Brown, 1988:153; Hovius, 1962:6). Andersyds beteken dit dat daar nie noodwendig 'n pasklaar kerkorde vir alle tye en omstandighede opgestel kan word nie (Calvyn, 1984:352). Calvyn (1984:474) stel dit duidelik in sy kommentaar op 1 Korintiërs 14:40 dat uiterlike seremonies en gebruike die "relings" van die Woord as toets het wat 'n beperking op vryheid daarstel, maar daarmee saam kan elke kerk vir hom 'n orde opstel sonder om gewetens te bind in daardie sake wat bloot as gepas beskou word en wat die vrede dien. (Vergelyk ook Van Veen, 1905:19; Coertzen, 1991:138; Kuyper, 1932/1933:5; Maré, 1991:287; Polman, s.a.b.:220; Roeleveld, 1972a:45 & Spoelstra, 1989:222.) Hy wys voorts daarop dat daardie gebruike wat volgens die Woord is en wat in die algemene reël van "gepas en ordelik" gegrond is, soveel gesag het asof dit uit die mond van Christus gekom het. Sulke Skrifgefundeerde gebruike is vir gelowiges gewetensbindend (Kuyper, 1934/1935:5).

'n Kerk wat waarlik kerk is en God se wil soek, sal nie opgaan in 'n klomp kerkregtelike wette en bepalings wat nie die toets van die Woord deurstaan nie, maar sal aan die ander kant ook nie anders kan as om 'n Skrifgefundeerde kerkorde daar te stel nie (Coertzen, 1991:107). Sodanige Skrifgefundeerde kerkorde bied

regsekerheid en veiligheid in die besluite en handeling van gelowiges teenoor mekaar (Van de Beek, 1980:64). Die begrip "Skrifgefundeerde kerkorde" verwys na 'n kerkorde wat sy beginsels en grondlyne uit die Skrif haal, en geensins dat daar 'n pasklaar bloudruk vir 'n kerkorde in die Skrif te vinde is nie (Bouwman, 1928:324; Smit 1984:60 & Strauss, 1989b:82).

'n Kerkorde werk onordelikheid en willekeur teen wat dreig om die kerk van die Here te misvorm en te verstrooi en poog verder om die kerk alleen volgens die Woord te regeer (Roeleveld, 1972a:45). Daarom beskou Calvyn (1991:1494, 4.10.27) die wette in die kerk as só belangrik dat hy dit die "senuwees" van die kerk noem waarsonder die kerk misvorm en verstrooid sal raak. Diegene wat meen dat 'n kerkorde onnodig is en dat die kerk alleen onder leiding van die Heilige Gees geregeer kan word, verval maklik in onordelikheid (Booyens, 1980:156). Andersyds, waar administrasie en struktuur die wagwoord word vir die wyse waarop die kerk "bestuur" word en die Woord nie meer die maatstaf is vir die orde in die kerk nie, sal menslike willekeur heel waarskynlik die toon aangee en gevolglik aanleiding gee tot verval in die kerk (Botha, 1993:8). Bouwman (1934:4) toon aan dat die Nederlandse kerke reeds te Emden (1571) gesamentlik maatreëls aanvaar het wat die vryheid van die kerke verseker, maar wat ook alle willekeur teenwerk en sodoende verseker dat die belydenis en die orde van die kerke gehandhaaf word.

'n Kerkorde help verder die kerke om hul taak as draers van die Evangelie uit te voer deur vas te hou aan die merktekens van die ware kerk en om in gehoorsaamheid aan hul Koning na buite van Hom te bly getuig (Pont 1981:3). Coertzen (1987:42) stel dit soos volg: "Kerkregering is diens aan en van die Woord, is getuienis en verkondiging wat voor 'n beslissing met betrekking tot Christus stel." Die hantering van die kerkorde is dus belangrik vir die kerkwees van die kerke en het implikasies vir die opbou van die kerk, vir die totale lewe van die kerk, asook vir die kerk se getuienis na buite. Daarom moet kerke waak teen die daarstel van strukture in die kerk wat God se reg en orde vir sy kerk minag deur af te wyk van 'n Skrifgefundeerde orde binne die kerke (Coertzen, 1991:107). 'n Kerkorde behoort 'n hulpmiddel te wees wat die kerke help om in alle aspekte van hul kerkwees God se wil volgens die Woord vir sy kerk na te streef. Wanneer die kerkorde se indeling die kenmerke van die ware kerk (Woordbediening, sakramente en tug – vergelyk

Nederlandse Geloofsbelijdenis artikel 29) ondersteun, sal dit die opbou van die kerk van die Here dien (Du Plooy, 1995:155; Van't Spijker, 1993:192).

'n Kerkorde is noodsaaklik vir die kerke, aangesien innerlike gehoorsaamheid aan God ook moet neerslag vind in 'n bepaalde struktuur. God is immers 'n God van orde (1 Kor. 14:33, 40). Sodanige struktuur wat daarop gerig is om God se wil en orde volgens die Woord in die kerke se kerkwees toe te pas, help om die innerlike gehoorsaamheid aan God in die praktyk 'n werklikheid te maak (Praamsma, s.a.:149; Van der Linde, 1983:7). Enige kerkregtelike struktuur wat sonder die innerlike liefde vir en gehoorsaamheid aan die Here toegepas word, sal maklik verval in 'n koue en wettiese toepassing van 'n stel outokraties gehanteerde wette en reëls wat nie die opbou van die kerk dien nie. Aan die ander kant kan 'n struktuur as so onbelangrik beskou word (vergelyk die Anabaptiste van die 16'e eeu), dat selfs enige werkbare sekulêre administratiewe sisteem as aanvaarbaar beskou word (Botha, 1993:7,8). Gevolglik sal subjektiwiteit en willekeur waarskynlik 'n groot rol in die neem van besluite begin speel.

'n Kerkorde (kerkregering) is voorts belangrik vir die welwese van die kerk. "Het geeft leiding, vastheid, orde, samenwerking, zoodat de kerk daardoor te beter aan hare roeping kan beantwoorden" (Bouwman, 1928:9). Bouwman (1928:65) vergelyk die kerkorde en kerkregering onder andere met die aanvoerder van 'n leër waarsonder dit nie kan oorlog maak nie en ook met 'n boumeester waarsonder 'n gebou nie behoorlik opgerig kan word nie. Die kerk het struktuur nodig waarbinne hy die Christusregering volgens die Woord op 'n ordelike wyse kan toepas. Wanneer kerke op 'n bepaalde orde ooreenkom omdat hulle meen dat dit voldoen aan die eis van Skrif en belydenis, dien die toepassing van daardie orde die welsyn, die eenheid, die rus en die opbou van die kerke (Bouwman, 1934:4; Maré, 1991:74).

Die vraag ontstaan egter of die kerkorde en kerkregering wesentlik is vir die bestaan van die kerk (wese) of bloot net goed is vir die welwese van die kerk. Kan 'n kerk waarlik kerk wees as dit nie oor 'n kerkorde beskik nie? Van der Linde (1978:66) is van mening dat die kerk nie sonder kerkreg en 'n kerkorde kan bestaan nie. Hierdie siening is myns insiens nie heeltemal korrek nie, aangesien daar kerke kan bestaan (vergelyk die Lutherse kerk in die 16'e eeu waar die landsvors die kerk regeer het) wat geen kerkorde erken nie, maar wat steeds kerk is en bly, ten spyte daarvan dat

hulle kerkwees gepaard kan gaan met ernstige gebreke (Berkhof, 1950:166-167). Die probleme en gebreke van willekeur en subjektiwiteit gaan nie noodwendig sodanige kerk sy kerkwees ontnem nie. Alhoewel kerkreg en kerkorde dus uiters belangrik is vir die welwese van die kerk, kan geen kerk wat daarsonder funksioneer kategories as valse kerk afgemaak word nie. (Vergelyk ook Maré, 1991:87.)

Reeds te Wesel (1568) het hierdie kerklike vergadering die doel van 'n kerkorde vasgestel. Hierdie vergadering het al die basiese beginsels daargestel wat later vir die eerste keer te Emden (1571) in 'n kerkorde vasgelê is en wat vandag in die Dordtse Kerkorde (soos met aanpassings in gebruik deur die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) vervat word (Bouwman, 1928:294). Die basiese beginsels is soos volg:

- Om die Christokrasie daardeur te dien;
- om die voorskrifte uit die Skrif daar te stel wat tot voordeel van die bepaalde kerke paslik en bruikbaar is;
- die voorskrifte mag nie die Woord weerspreek nie en moet die algemene instemming van die lidmate wegdra;
- dit is gesaghebbend, maar mag nie as 'n onveranderlike wetboek hanteer word nie; waar nodig kan dit gewysig word indien sodanige wysiging tot voordeel van die kerk van Jesus Christus is en die toets van die Woord deurstaan;
- sodanige wysigings kan alleen gesamentlik deur al die kerke aangebring word;
- dit moet slegs 'n beknopte samevatting van die beginsels en uitgangspunte van die Christusregering uit die Woord weergee, en
- eenheid in die belydenis (eenheid in die geloof) is die *sine qua non* waarvan die daarstel van enige kerkorde afhanklik is. (Vergelyk Brown, 1988:157; Pont, 1981:110 & Spoelstra, 1967:26.)

Die eenheid wat bestaan op grond van eenheid in belydenis en wat daartoe lei dat 'n gesamentlike kerkorde deur die onderskeie kerke binne kerkverband opgestel word, strek tot eer van God en dien die opbou van die kerk van die Here (Bouwman, 1934:4). "n Kerkorde moet daarop ingestel wees om die kerk te help om hom in alle opsigte te gedra volgens Gods Woord en om God in alles te verheerlik" (Coertzen, 1991:188). Daarom het gereformeerde sinodes in Nederland reeds van so vroeg as

1563 daarop aangedring dat ampsdraers die belydenis moes onderteken op grond waarvan 'n gesamentlike kerkorde opgestel is (Brown, 1988:154).

Van Veen (1905:104) merk, met 'n verwysing na die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 32 op, dat 'n kerkorde wat nie eenheid en gehoorsaamheid aan God help verseker nie, nie aan die doel van art. 32 voldoen nie. Sodanige kerkorde sal ook nie die opbou van die kerk dien nie. En dit mag nie, aangesien die eer van God en die opbou van sy kerk een van die mees basiese doelstellings is wat die kerk op alle moontlike terreine van sy kerkwees behoort na te jaag. Hierdie opbou van die kerk moet noodwendig op Skrifgefundeerde wyse gedoen word. Die reg van God vir sy kerk moet uit die Woord nagevors en gesoek word en neerslag vind in 'n kerkorde wat die opbou van die kerk dien. Daarteenoor kan 'n onskriftuurlike kerkorde die ware lewe in die kerk versmoor (Van der Walt, 1976:145, 146). Daarom behoort daar gewaak te word teen gemeenteopbouprogramme wat lós van 'n Skrifgefundeerde kerkorde 'n eie Skrifafwykende reg daar probeer stel wat kan lei tot die daarstel van "opboustrukture" wat vreemd is aan die kerk van die Here (Coertzen, 1991:107). 'n Skrifgefundeerde kerkorde kan noodwendig nie geloof in God werk of waarborg nie. Alleen God kan deur die wederbarende werk van die Heilige Gees geloof werk waar sy Woord verkondig word. Tog dien 'n Skrifgefundeerde kerkorde die opbou van die kerk van die Here (Du Plooy, 1988:22; 1995:156 & Spoelstra, 1989:23). Daarom is dit ook belangrik dat gelowiges en kerke uit liefde vir die Here en sy Woord en uit liefde vir mekaar, hulself as gebonde aan die Skrifgefundeerde kerkorde beskou (Smit, 1985:291; 1992:512-515).

'n Kerkorde word deur gemeenakkoord vasgestel (Maré, 1991:101; Pont, 1981:9 & Spoelstra, 1967:26). Op hierdie wyse stel die onderskeie kerke binne kerkverband vir hulself die reëls vir ordelike onderlinge samewerking vas en verseker dat daar met regsekerheid beslissings geneem word (Van de Beek, 1980:64). Hulle tref dus vooraf met mekaar 'n onderlinge ooreenkoms oor die wyse waarop hulle onderneem om op te tree om die Christusregering in die praktyk toe te pas. Hulle kom verder met mekaar ooreen om gesamentlik besluite te verander indien dit sou nodig wees (Pont, 1981:110). Bouwman (1934:4) toon aan dat die kerke reeds by Emden (1571) maatreëls getref het om die kerke se vryheid te verseker, willekeur in te perk en die belydenis en orde binne die kerke te handhaaf. Binne gereformeerde kerke moet kerkrade dus eers vooraf onderling met mekaar 'n ooreenkoms aangaan om 'n

kerkorde op te stel. Dan kom die kerke in 'n meerdere vergadering byeen waarna hulle onder leiding van die Heilige Gees bindende besluite mag neem (Amos 3:3; Hand. 15) (Kruger *et al.*, 1966:11).

'n Kerkorde is die vrug van die gesamentlike belydenis uit die Skrif en behoort daarom ook die Skrifgegronde kerkregering soos deur die belydenis aangedui, na te volg (Hovius, 1962:16; Pont, 1981:110; Smit, 1984:65; Spoelstra, 1967:26; Van der Linde, 1983:7 & Venter, s.a.:48). Tog is 'n verkeerde kerkorde nie bewys daarvan dat 'n kerk 'n valse kerk is nie. Kleynhans (1973:153) bevestig, met verwysing na die Sinode van Dordrecht 1618/19 en ander voorbeelde uit die geskiedenis, dat afwyking van 'n gereformeerde calvinistiese kerkorde deur die ander kerke aanvaar is, maar dat afwyking van die belydenis nie geduld is nie. Indien 'n alleenstaande Skrifgefundeerde kerk geen kerkorde sou gehad het nie, sou dit steeds kerk bly. Die feit dat daar 'n kerkverband bestaan, het die daarstel van 'n kerkorde noodsaaklik gemaak (Maré, 1991:86). Kerke wat op grond van dieselfde belydenis saamkom in een kerkverband, stel immers die ordelike samewerking tussen mekaar op deur 'n kerkorde op te stel wat gegrond is op die Skrif as bron, maar ook op die belydenis, wat 'n samevatting is van die leer van die Skrif. Waar 'n kerkorde totaal van Skrif en belydenis sou afwyk en 'n ander bron (soos die wette van die staat) as verwysingsraamwerk van die reg gebruik, kan dit net tot nadeel van die kerke wees. Die Gereformeerde kerke in Nederland het vanaf 1816 hierdie pad begin loop toe die owerheid sy eie kerkorde op die kerke afgeforseer het, met gepaardgaande negatiewe gevolge vir die kerke (Pont, 1981:15).

Waar die kerkorde enersyds vrug is van 'n gesamentlike belydenis, help die regte toepassing van die kerkorde andersyds om die belydenis te beskerm en te bewaar. "n Kerkorde moet die ruimte skep vir die regering van Christus in sy kerk, wat daarop neerkom dat 'n kerkorde daarop ingestel moet wees om die Woord van God oor die hele spektrum van die kerk se bestaan te laat spreek en om die belydenis van die kerk te beskerm en te handhaaf" (Coertzen, 1991:188). (Vergelyk ook Smit, 1987:17; Kruger *et al.*, 1966:43 & Van Veen, 1905:86.) Daarom dat daar van gereformeerde ampsdraers vereis word om hulle aan die belydenis én die kerkorde te bind deur beide te onderteken (Brown, 1988:154).

3.4.3.1. SAMEVATTING

- 'n Kerkorde gee die reëls volgens die Woord en die belydenis vir die goeie orde in die kerk sodat die Christusregering grondvat in die lewe van die kerk.
- 'n Kerkorde is noodsaaklik vir die ordelike voortbestaan van die kerk op aarde en help die kerk om sy roeping in die wêreld uit te leef en na te kom.
- 'n Kerkorde gee die ordelike weg waarvolgens moontlike foute in die belydenis, die kerkorde en ander kerklike besluite deur gesamentlike besluitneming reggestel kan word.
- 'n Kerkorde gee alleen die hoofriglyne van hoedanig die kerk vir sy eie tyd en omstandighede op die beste wyse volgens die Skrif regeer moet word.
- 'n Kerkorde help die kerke om vas te hou aan die merktekens van die ware kerk en om in gehoorsaamheid aan hul Koning van Hom te bly getuig.
- 'n Skrifgefundeerde kerkorde is belangrik vir die welwese van die kerk en help die kerk om die Christusregering op 'n ordelike wyse toe te pas.
- 'n Kerkorde moet die eenheid en gehoorsaamheid aan God help verseker en só die opbou van die kerk dien.
- 'n Skrifgefundeerde kerkorde dien die opbou van die kerk van die Here waar gelowiges uit liefde vir die Here, vir sy Woord en vir mekaar, hulself as gebonde aan daardie kerkorde beskou.

3.4.4. DIE VERHOUDING BELYDENIS EN KERKORDE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die opmerking van Du Plooy (1995:147, 148) is hier relevant: "Die vraag na die geldigheid van die gebruikmaking van die konfessie as bron en maatstaf vir die kerkreg asook die vraag na die gesag wat daaraan verleen word, is myns insiens belangriker as die weergawe van die band tussen die konfessie en die kerkregering. Daar moet egter versigtig beweeg word tussen biblisme en konfessionalisme."

Kerke kom byeen in een kerkverband op grond van dieselfde belydenis wat hulle as grondslag het. Kerke vind mekaar juis op grond van hul eenheid in die verstaan van die Woord van God. Eenheid in die belydenis gaan dus die kerkorde vooraf (Du Plooy, 1988:10).

’n Skrifgefundeerde kerkorde kan egter nooit los van die belydenis staan of nie die belydenis in ag neem nie. Die kerkorde volg immers die grondlyne van die belydenis (Du Plooy, 1988:10). Ook die kerkreg wil niks anders doen as om in gehoorsaamheid aan die Here van die kerk die Christusregering volgens die Woord in die vasgestelde kerkorde te laat weerklank vind nie (Coertzen, 1991:182; 1992a:47). “Wanneer die kerkorde nie steeds gesien en gehanteer word in verband met die belydenis van die kerk nie, sal die kerk in ’n dodelike wettiese formalisme verval. Eintlik moet die kerkorde steeds as ’n vorm van die belydenis gesien word. Die belydenis van Jesus Christus moet bepalend wees vir elke artikel van die kerkorde en elke besluit van enige kerkvergadering” (Venter, s.a.:48).

’n Deel van die belydenis formuleer dus bepaalde grondwaarhede oor die kerk en kerkregering (Du Plooy, 1988:10). Wanneer die kerk op grond van die Woord (Ef. 1:22; Kol. 1:18) Christus as Hoof van die kerk bely, moet die erkenning van sy Hoofskap neerslag vind in die wyse waarop die kerkregering vasgestel en toegepas word. Die opstellers van ’n kerkorde moet dus in hul werksaamhede altyd die belydenis in ag neem en die beginsels daarvan in die kerkorde vervat (Coertzen, 1991:182; Smit, 1984:65).

Dan kan daar tereg gesê word dat die verband tussen die kerkorde en belydenis in die Skrif vasgelê is (Smit, 1983:64). Hovius (1962:10) wys daarop dat die grondlyne vir ’n Skriftuurlike kerkregering in die belydenis te vinde is, aangesien die Hoofskap van Christus sowel as die feit dat Hy deur sy Woord alleenheerskappy in sy kerk voer, van die mees grondliggende en ononderhandelbare beginsels van die belydenis is. Tussen Skrif, belydenis en kerkorde moet daar in die presbiteriale kerkregering ’n onlosmaaklike band wees, aangesien die belydenis bou op die Skrif en die kerkorde weer bou op die Skrif en belydenis. Die arbeid van diegene wat die belydenis en die kerkorde onder leiding van die Heilige Gees opstel, behoort dus daarop gerig te wees om alleen die Skrif aan die woord te bring (Du Plooy, 1988:22; Pont, 1981:15).

Alhoewel die kerkorde, soos die belydenis, op die Skrif rus, is die kerkorde meer prakties en spesifiek gerig op die toepassing en konkretisering van die Christusregering in die lewe van die kerk (Du Plooy, 1988:10). Noodwendig, soos alle ander optrede in die kerk van die Here, moet ook die praktiese toepassing van die Christusregering die opbou van die liggaam van die Here dien, aangesien die

aedificatio ecclesiae suprema lex die belangrikste norm is wat hier geld (Du Plooy, 1988:11; Hovius, 1962:11 & kerkorde GKSA artikel 86).

Die kerkorde se gesag is egter op 'n ander vlak as die van die Skrif en belydenis (Pont, 1981:102; Smit, 1984:66 & Strauss, 1989b:87). In die onlosmaaklike band tussen Skrif, belydenis en kerkorde is die Skrif die *norma normans*; die belydenis die *norma normata*; en die kerkorde die *norma ministrans*. (Vergelyk par. 3.2.4; Botha, 1993:7; 1997:1292, 1294; Coertzen, 1991:177-183; Smit, 1983:85 & Van Wyk, 1991:22.) Kuyper (1928/1929:1) toon aan dat die kerkorde daarom in middelmatige sake wel aangepas kan word, soos in die Dordtse kerkorde artikel 86 gereël word en merk soos volg op: "Onder de redenen, die nu een afwijking van de kerkenorde veroorloofden, gold in de eerste en voornaamste plaats: het belang der kerken. Wanneer de vrijheid der kerk of haar innerlijke vrede of haar rust gevaar liep, werd zulk een afwijking niet alleen geduld, maar gezocht. Zoo was er ruimte, maar binnen zekere grenzen; regelmaat, maar zonder formalisme. Maar één voorwaarde, dat namelijk de kerken een bleven in de belijdenis." (Vergelyk ook Praamsma, 1946:7.) Daarom moet daardie kerkordelike bepalings wat op die Skrif rus of wat van Skrifbeginsels afgelei kan word, wél as gewetensbindend geag word (Strauss, 1992b:195).

Al is die binding aan die kerkorde van groot belang vir die ordelike lewe en die toepassing van die Christusregering binne die kerke in kerkverband, is egter nie die kerkorde nie, maar die belydenis, die akkoord van kerklike gemeenskap (Smit, 1984:69; Visser, 1999:1). Daarom mag die kerkorde ten opsigte van middelmatige sake wél verander word, terwyl die belydenis, wat die leer van die Skrif weergee en saamvat, slegs op baie goeie eksegetiese gronde gewysig mag word (Calvyn, 1991:1497-1498, 4.10.30; Kuyper, 1928/1929:1). Hieroor merk Du Plooy (1988:22) op: "Hoewel die konfessie en die kerkorde feilbaar bly, behoort veranderinge en/of afwykinge daarvan met die grootste omsigtigheid te geskied. Dit gaan immers om die regering van die liggaam van Christus, en met hierdie liggaam wat duur gekoop is deur die bloed van Jesus Christus, mag nie geëksperimenteer word nie."

Velthuysen (1985:373) toon die noue band aan wat daar tussen die belydenis en kerkorde bestaan deur daarop te wys dat die kerkorde gebou is op die belydenis, en dat die kerkorde homself weer aan die belydenis verbind. Spoelstra (1967:26) meen

die kerkorde is "n 'gemeen akkoord' op sterkte waarvan gesamentlik sekere sake in kerkverband hanteer word". Uit hierdie standpunt van Spoelstra (meen ek – JHH) kwalifiseer hy sy verstaan van "gemeen akkoord" as die ooreengekome praktiese toepassing van besluite in die kerkverband en wyk hy hiermee geensins af van die interpretasie dat die belydenis die "gemeen akkoord" ten opsigte van die verstaan van die Skrif (die leer) is nie.

Beide die belydenis en kerkorde is onder leiding van die Heilige Gees (Hand. 15) in die geskiedenis van die kerk gevorm (Du Plooy, 1988:10). Du Plooy (1988:11) wys dan ook daarop dat die ontwikkeling van die belydenis en die kerkorde in die sestiende en begin-sewentiende eeu hand aan hand geloop het. Reeds in daardie vormingstyd het die kerke gewaak teen die vereenselwiging van die belydenis en die kerkreg, asook teen die skeiding van die twee (Coertzen, 1989:75). Die eie-aard van beide die belydenis en kerkorde word as volg deur Coertzen (1989:75) verwoord, naamlik: " ... dat die belydenis 'n gesistematiseerde samevatting van die Woord is. 'n Kerkorde daarenteen is die gesistematiseerde reëls vir orde in die kerk."

Die belydenis en die kerkorde is in mekaar veranker (Du Plooy, 1988:10). Die een kan nie sonder die ander nie. Smit (1984: 53) noem die belydenis die "norm en bestek" van die kerkorde. Coertzen (1989:75) praat van die erkenning van die "organiese band" tussen die belydenis en kerkorde wat vanaf die vroegste tye in die reformatoriese wêreld erken word. Die belydenis word as't ware in die praktyk "waar gemaak" in sy kerkorde. "In onze kerkorde gaat het om onze Belijdenis. Ja, wij mogen zeggen: het gaat om de glorie van Christus als koning, en in de belijdenis van het koningschap van Christus over Zijn kerk klopt het hart der kerk" (Hovius, 1962:25). In die belydenis word beide die onveranderlike reg (*ius positivum divinum*), asook die veranderlike reg (*ius permissivum divinum*) wat deel van die kerkorde is, bely (Hovius, 1962:11; kerkorde GKSA artikel 86). Die kerkorde GKSA (artikels 53-55; 61 & 68) bevestig weer dat hy in die belydenis veranker is, aangesien die grondbeginsels van die Skriftuurlike kerkregering in die belydenis te vind is (Hovius, 1962:10). Pont (1981:15) noem die belydenis in betreklike sin die wortel, bron en norm van die kerklike orde, aangesien die belydenis agter die Woord staan as finale bron, wortel en norm van die kerkorde. Waar die belydenis nie behoorlik funksioneer en hoog geag word nie, sal daar ook kerkordelike wanorde in die kerk wees (Van der Westhuizen, 1991:3).

Du Plooy (1988:11) toon aan dat beide die belydenis en die kerkorde die kenmerke van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29), naamlik die bediening van die Woord, sakrament en tug bely as die basis van waarheid waarvolgens Christus sy kerk regeer. Voorts bely beide die belydenis en kerkorde die alleenheerskappy van Christus, die dienste en die begrippe plaaslike en algemene kerk. (Vergelyk ook Jooste, 1958:366 & Hovius, 1962:16, 25.)

Die verankertheid van belydenis en kerkorde en die feit dat dieselfde Skrifbeginsels beide ten grondslag lê, vereis dat die leertug (wat binding aan belydenis en kerkorde vereis) in die kerk van die Here toegepas moet word (Botha, 1997:1290; Van Ruler, 1973:103, 104). Ook tydens die Reformasie het die voorgangers dieselfde mening gehuldig (Botha, 1997:1295). "Die kerkregering volgens die Dordtse Kerkorde laat dus geen leervryheid of willekeur in die kerk toe nie maar erken gewetensvryheid alleen in gebondenheid aan die Heilige Skrif as die Woord van God" (Van der Walt, 1976:162, 163).

Beide die belydenis en die kerkorde is bindend en afwyking van beide bied gronde vir appèl, alhoewel die gesag van die belydenis (*norma normata*) op 'n ander vlak is as die van die kerkorde (*norma ministrans*). "De confessie geldt iure divino. De K.O. niet" (Kuyper, 1932/1933:26). Die bindende gesag van beide word met die ondertekening van die ondertekeningformulier erken en die maatreëls wat die kerkorde tref, moet help verseker dat die gesonde leer gehandhaaf word. (Vergelyk Botha, 1997:1295 & Visser, 1999:1.) Kerklike besluite wat dus afwyk van die belydenis, asook van die kerkorde, is nie bindende besluite nie (Jansen, 1924:47).

3.4.4.1. SAMEVATTING

- Kerke kom byeen in een kerkverband op grond van dieselfde belydenis wat hulle as eenheidsgrondslag het en wat die kerkorde voorafgaan.
- Die grondlyne vir 'n Skriftuurlike kerkregering is in die belydenis te vinde, soos die Hoofskap van Christus en die feit dat Hy deur sy Woord alleenheerskappy in sy kerk voer.

- Die kerkorde se gesag (*norma ministrans*) is op 'n ander vlak as die van die Skrif (*norma normans*) en belydenis (*norma normata*) en kan daarom in middelmatige sake wél aangepas word.
- Die belydenis en die kerkorde is in mekaar veranker en die belydenis word as't ware in die praktyk "waar gemaak" in sy kerkorde.
- Die bindende gesag van belydenis en kerkorde word met die ondertekening van die ondertekeningformulier erken en die maatreëls wat die kerkorde tref, moet help verseker dat die gesonde leer gehandhaaf word.
- Kerklike besluite wat afwyk van die belydenis, asook van die kerkorde, is nie bindende besluite nie.

3.4.5. STRYD RONDOM DIE VERSTAAN VAN BINDING AAN DIE KERKORDE AS DEEL VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die mening bestaan dat daar geen Skriftuurlike grond vir 'n kerkorde bestaan nie, maar dat alleen die Heilige Gees die plaaslike kerk deur die sogenaamde "inwendige lig" in sy wyse van kerkregering moet lei (Paas, 1996:290). Luther word ten onregte as 'n profeet van hierdie siening voorgelou (Booyens, 1980:156; Botha, 1993:2 & Bouwman, 1928:203).

Wanneer kerke hulle nie bind aan 'n kerkorde nie of sommige van die artikels van die kerkorde eensydig ophef, benadeel dit die opbou van die kerke. Coertzen (1991:107) merk op: "Want uiteindelik is die opbouing van die liggaam van Christus nie net vir en in die kerk van belang nie: dit het implikasies vir die totale lewe van hulle wat aan die Here behoort, maar ook vir die wêreld teenoor wie daar getuig word. Daarom moet 'n kerk wat dit werklik ernstig bedoel met sy kerk-wees, noukeurig aandag gee aan sy orde, sy regering, sy organisasie."

Sommige gemeenteopbouontwerpe stel alternatiewe strukture voor wat God se reg vir sy kerk (soos vasgestel in die kerkorde) probeer vervang deur 'n kerkvreemde reg wat nie teologies (uit die Woord) begrond kan word nie (Coertzen, 1991:107). 'n Regte verstaan van die aard van die binding aan 'n kerkorde bring egter die besef dat 'n goeie kerkorganisasie alleen nie die begin en die einde van die godsdiens is nie, aangesien die kerkorde nie die geloof bewerk nie. Tog is die kerkorde 'n middel

wat meehelp tot die opbou van die kerk van die Here (Coertzen, 1991:107). Daarom sal 'n kerk wat gesond is in die geloof, 'n Skrifgefundeerde kerkorde daarstel waaraan hy homself gebonde sal ag.

Die fout moet ook nie gemaak word om te meen dat 'n kerk wat 'n verkeerde kerkregeringstelsel aanhang noodwendig as ongereformeerde afgemaak kan word nie (Kleynhans, 1973:153).

Voorts is die binding aan die kerkorde 'n sterker binding as die binding aan "gewone" sinodebesluite. Indien daar nie 'n kerkorde was nie, sou die kerke nie saam op 'n wyse kon ooreenkom waarvolgens hulle besluite sou neem nie. Die binding aan die kerkorde gaan dus die binding aan "gewone" sinodebesluite vooraf (Kruger *et al.*, 1966:12). Tog bied 'n kerkorde nie bloot leidrade aan sonder dat die bepalinge daarin vervat ook bindend op die onderskeie kerke is nie. Hierdie is 'n "liberale opvatting wat die eie oordeel bo die Kerkorde wil verhef" (Kruger *et al.*, 1966:12).

'n Kerkorde mag gelowiges alleen bind aan beginselsake en nie aan menslike besluite en idees wat nie op die Woord gegrond is en middelmatig van aard is nie. "Gevolgtlik moet gewaak word teen reglementeringe, omdat dit menslike gesag in die plek van dié van Christus stel. Reglementeringe moet dus in Skrifgehoorsame kerkregering beperk word tot die bepalinge wat diensbaar is vir gehoorsaamheid aan die Woord, die goeie orde en die vrywillige beperking van eie vryheid uit liefde ter wille van die gemeenskap" (Spoelstra, 1968:46).

Daarmee saam moet erken word dat die Bybelse grondlyne vir die kerkreg nie altyd so onweerspreklik duidelik in die Woord gestel word nie, alhoewel daar nie ontken kan word dat die Skrif wel die basiese kerkregtelike beginsels weergee nie. (Vergelyk Pont 1981:9; Strauss, 1989b:82 & Van't Spijker 1972: 6-7.)

Tog moet daar by die opstel van veral die praktiese ordereëlins van 'n kerkorde altyd gewaak word teen die gevaar van oorreglementering. Die beginsels moet sover moontlik gestel word en die spesifieke toepassing (waar moontlik) oorgelaat word vir besluitneming deur die plaaslike kerk vir die eie besondere omstandighede waarbinne hulle verkeer. (Vergelyk Calvyn, 1991:1497-1498, 4.10.30-31 & Strauss, 1989b:88.)

Die kerkorde behoort dan ook gesien te word as 'n suiwer ordereëling wat geensins onveranderbaar is nie, behalwe waar die besondere ordereëling direk uit die Woord kom of daaruit afgelei kan word. Sodanige verandering moet geskied op die wyse waarop die kerke self onder mekaar ooreengekom en dit in hul kerkorde vasgestel het (Venter, s.a.:49).

Die kerkorde is dus geldig en moet honoreer word, omdat kerke hulleself op grond van hulle onderlinge geloofseenheid vrywilliglik daartoe verbind het om kerklike besluite te honoreer.

3.4.5.1. SAMEVATTING

- Sommige geleerdes meen daar bestaan geen Skriftuurlike grond vir 'n kerkorde nie, maar dat die Heilige Gees die plaaslike kerk deur die sogenaamde "inwendige lig" in sy kerkregering lei.
- 'n Kerk wat 'n verkeerde kerkregeringstelsel aanhang, kan nie noodwendig as "ongereformeerde" afgemaak word nie.
- 'n Kerkorde mag gelowiges alleen bind aan beginselsake en nie aan menslike besluite en idees wat nie op die Woord gegrond is nie en wat middelmatig van aard is.
- By die opstel van die praktiese ordereëlings van 'n kerkorde, moet gewaak word teen oorreglementering.
- Die kerkorde is veranderbaar op die onderling ooreengekome wyse behalwe waar die besondere ordereëling direk uit die Woord kom of daaruit afgelei kan word.
- Die kerkorde moet honoreer word, omdat kerke hulleself op grond van hulle onderlinge geloofseenheid vrywilliglik daartoe verbind het om kerklike besluite te honoreer.

3.4.6. DIE WYSE WAAROP KERKE BINNE KERKVERBAND HUL AAN DIE KERKORDE BIND

Kerklike besluite, wat kerkordelike bepalinge insluit wat nie regstreeks uit die Woord kom of afleibaar is nie, is veranderbaar. Waar die kerke van oordeel is dat dit

noodsaaklik is om besluite te verander en daardie verandering tot voordeel van die kerke is, mag hulle sodanige verandering aanbring (Bouwman, 1928:326; Spoelstra, 1989:189, 474 & Strauss, 1992b:195). Omdat die kerke binne kerkverband egter tesaam tydens meerdere vergaderings besluite geneem het en daardie besondere bepalinge gesamentlik vasgestel het, mag die kerke daardie besluite en bepalinge alleen gesamentlik tydens 'n meerdere vergadering deur onderlinge oorleg en met wedersydse ooreenstemming wysig (Kruger *et al.*, 1966:506; Spoelstra, 1989:472). Die kerke het immers voorheen saamgekom en was daarvan oortuig dat hulle onder leiding van die Heilige Gees oor daardie bepalinge en sake besluite geneem het. Op grond daarvan het hulle ook teenoor mekaar onderneem om hulleself aan daardie besluite te verbind. (Vergelyk Milner, 1970:192; Rutgers, 1890:18 & Smit, 1984:61.)

Uit liefde vir die Koning van die kerk en uit liefde vir mekaar, bind die kerke hulle daartoe om die reg van hulle Koning in die praktyk van hulle kerkwees toe te pas (Smit, 1992:513). Wanneer die kerke dan later besluit om veranderings aan kerklike besluite en bepalinge aan te bring, behoort hulle dit met groot versigtigheid te doen, aangesien sekere bepalinge en kerklike besluite direk uit die Woord kom of uit die beginsels van die Woord afgelei kan word en daarom as Goddelike bepalinge gehoorsaam moet word. (Vergelyk Botha, 1993:10; Calvyn, 1991:1497, 4.10.30; Spoelstra, 1968:46 & Strauss, 1992b:196.) Selfs in die tyd van die Reformasie was daar sekere bepalinge wat die Rooms-Katolieke Kerk gemaak het, wat die kerke bly handhaaf het, aangesien daardie besluite en bepalinge vasgehou het aan die leer van die Woord en dus altyd geldend vir die kerk van die Here is (Kuyper, 1928/1929:3). Coertzen (1987:44) maak hieroor 'n gepaste waarskuwende opmerking, naamlik: "... dat die veranderde situasie en omstandighede nooit bepalend mag word vir die gesag van die Skrif nie. Deur historiese, grammatiese en teologiese eksegeese moet die ware betekenis van 'n bepaalde Skrifwoord vasgestel word sodat die gesag daarvan ook ten opsigte van ons dag gehandhaaf kan word." Voorts kan kerklike besluite die onderlinge eenheid tussen die kerke óf bevorder óf benadeel. Daarom behoort die kerke alleen na deeglike en rustige besinning wysigings aan die veranderbare kerkordelike bepalinge en kerklike besluite aan te bring (Kruger *et al.*, 1966:506).

Die besondere plaaslike omstandighede van elke kerk moet voorts in ag geneem word rakende die wyse waarop kerke hulle aan die kerkorde bind (Spoelstra,

1989:470; Van't Spijker, 1990b:132). Elke plaaslike kerk behoort na regte vir homself 'n kerkorde op te stel wat op daardie bepaalde tydstip en in die besondere omstandighede paslik en bruikbaar en tot die grootste bevordering van die orde en vrede van die plaaslike kerk sal dien (Botha, 1993:10; Calvyn, 1991:1497, 4.10.30). Die kerke het egter in kerkverband saamgekom en tesaam die onderlinge orde binne die kerke met 'n bepaalde kerkorde vasgestel en teenoor mekaar onderneem om hulleself aan daardie orde te bind. Die uitgangspunt by die kerke binne kerkverband behoort dus te wees dat hulle die kerkorde ten volle navolg.

Tog is die kerkorde nie 'n pasklaar dokument wat vir alle omstandighede kan geld nie. Roeleveld (1972a:46) toon aan dat die kerke die kerkorde "na die letter" moet navolg, maar dat die volgende van belang bly waar afwykende optrede wel oorweeg word: Die moontlike afwyking moet in die lig van die Skrif getoets word; die eis om billikheid moet geld en die Here moet biddend om wysheid gevra word. Elke plaaslike kerk mag dus nie die kerkorde bloot as riglyn beskou en homself willekeurig daaraan hou of daarvan afwyk nie (vergelyk Achttien, 1962:50). Ook afwykings van die orde moet op 'n "ordelike" wyse gehanteer word.

Nauta (1971:19) gee sekere riglyne waaraan sulke afwykings getoets kan word. Hy wys daarop dat die kerke die kerkorde juis opgestel het om orde en vastigheid te skep. Daarom moet die kerke wat afwyk 'n gegronde rede vir sodanige afwyking kan aanvoer wat tot voordeel en belang van die kerk self is en nie bloot die belange van spesifieke persone bevorder nie. Voorts mag sodanige afwyking nie 'n ander plaaslike kerk of ander kerke binne die betrokke kerkverband benadeel nie. Laastens behoort 'n plaaslike kerk wat van die kerkorde afgewyk het, minstens "van de gevolgde afwijkende gedragslijn" aan die kerkverband rekenskap te gee om "althans achteraf min of meer de goedkeuring voor te verwerven".

De Jongh (1918:187-188) haal vir Voetius aan om sodoende daarop te wys dat sodanige afwyking deur die kerke erken, maar tog nie as presedent beskou mag word nie en dat 'n bevoegde vergadering daardie afwyking as noodsaaklik moet beskou. "Kortom, die afwyking moet by wyse van uitsondering, in groot verantwoordelikheid ten opsigte van die belang van die kerke (en nie persone nie) plaasvind" (Spoelstra, 1989:475). Rutgers (1890:41) meen selfs dat 'n klein afwyking

wat nie die orde, rus en welstand van die kerke benadeel nie, maar eerder bevorder, nie slegs geduld behoort te word nie, maar ook goedgekeur behoort te word.

Kerklike vergaderings behoort verder versigtig te wees om nie kerkordelike bepalings wat nie op die Woord gegrond is of nie daaruit afgelei kan word nie, op 'n gewetensbindende wyse af te dwing nie. (Vergelyk Botha, 1993:10; Kuyper, 1934/1935:5; Rutgers, 1890:38; Spoelstra, 1989:189; Strauss, 1992b:195 & Van Veen, 1905:19.) Tog is daar sekere Skriftuurlike kerkordelike bepalings wat wel onder leiding van die Heilige Gees uit die Skrif en uit Skrifbeginsels afgelei kan word en wat dus wél as gewetensbindend beskou moet word (Milner, 1970:192; Nauta, 1971:19 & Smit, 1984:61).

Die kerkorde is nie 'n kerkwet wat soos 'n landswet juridies afdwingbaar is nie. Die kerkorde dra sorg dat die Christusregering, soos gevind in die Woord van God, in die praktyk van die kerklike lewe toegepas word. Daarom neem die kerke saam onder leiding van die Heilige Gees sekere besluite en formuleer hulle kerkordelike bepalings waaraan hulle onderneem om hulle gesamentlik te bind (Van der Merwe, 1969:37). Die toepassing van daardie besluite en bepalings behoort, soos alles in die kerk, getrou te wees aan die liefdesgebod van Matteus 22:37-40. Wanneer 'n bepaalde kerkordelike artikel weens 'n beroep op die Skrif geformuleer word, moet daardie beroep dus ook in liefde vir die Here en sy kerk en vir die naaste gemaak word. Só sal die kerke verseker dat die kerklike besluite wat hulle neem en die kerkordelike bepalings wat hulle formuleer, bydra tot die nut, goeie orde en stigting van die kerke binne die kerkverband (Strauss, 1989b:89).

Die kerke uit die reformatoriese tradisie het nog altyd die artikels van die kerkorde as bindende besluite beskou en as sodanig gehandhaaf (Bouwman, 1928:12). Hulle grond hierdie optrede op die feit dat alles wat in die kerk gebeur (ook die geformuleerde kerkorde) vir gereformeerdes aan die Skrif en aan beginsels uit die Skrif gebonde is (Coertzen, 1987:43). Die kerkorde is dus die duidelike afspraak wat die kerke binne kerkverband met mekaar het om op grond van Skrif en belydenis op die bepaalde ooreengekome wyse die Christusregering in die praktyk van hul kerkwees toe te pas (Kruger *et al.*, 1966:504). Selfs daardie bepalings wat nie direk uit die Skrif kom nie, het bindende kerklike gesag, mag nie bloot na willekeur toegepas word nie en kan alleen deur die kerke gesamentlik verander word as die

belang van die kerke dit vereis. (Vergelyk Kruger *et al.*, 1966:506, 507; Kuyper, 1932/1933:26; 1934/1935:4 & Spoelstra, 1989:190, 222.)

Die binding aan die kerkorde is dus 'n "absolute" binding waar dit gaan om Skrifgebonde besluite en bepalings en 'n "relatiewe" binding waar dit bloot gaan om praktiese ooreengekome kerklike ordereelings. Tog mag selfs die praktiese ordereelings alleen deur die kerke gesamentlik verander word, aangesien hulle daardie reelings gesamentlik opgestel het en saam daarvoor ooreengekom het (Nauta, 1971:479). Rutgers (1890:12) toon aan dat die artikels van die kerkorde nie oorspronklik opgestel is as "voorstel" waarvoor nog besluit moes word nie; nie as "ontwerp" wat nog definitief vasgestel moes word nie; nie as "eene reeks van stellingen" wat die opstellers meen van belang is nie, maar as besluite wat nagevolg en waarvolgens die kerklike lewe ingerig moes word. Die kerkorde was dus bindend en geldend, omdat die kerke hulleself daartoe verbind het om daardie bepalings wat die reg in die kerk van die Here reël, vrywilliglik en uit geloof en liefde te gehoorsaam (Rutgers, 1890:18; Smit, 1992:513 & Van Deventer, 1991:1). Die belangrikheid van die binding aan die kerkorde kom verder na vore uit die feit dat die kerkorde ook as appèlgrond saam met die Skrif en belydenis aangevoer kan word wanneer teen 'n bepaalde besluit geappelleer word (kerkorde GKSA artikel 31; Spoelstra, 1989:190, 222 & 1992:904). Visser (1999:2) wys op die erns van die stiptelike en eerbiedige handhawing van die kerkorde wanneer hy opmerk: "Nalatigheid en onverskilligheid in hierdie opsig sou neerkom op *de facto* verbreking van kerkverband."

Bouwman (1928:112) wys daarop dat die mening bestaan dat die onderskeie plaaslike kerke self hulle inrigting (kerklike orde) moet daarstel. Hy meld ook dat gereformeerdes soms ten onregte beskuldig word dat hulle meen dat die stelsel van kerkregering volledig in die Skrif gegee is. Voorts wys hy op die standpunt dat die Skrif slegs die hooflyne vir die kerkregering daarstel en dat die kerke hulself na hulle eie omstandighede daarvolgens behoort in te rig. Daarteenoor stel Bouwman (1928:112) die gereformeerde standpunt, naamlik: "... dat de H. Schrift alleen de hoofdbeginselen geeft en dat de kerk, met in acht neming dier beginselen, onder de leiding des H. Geestes, zich verder naar de eischen der tijden en der omstandigheden kan inrichten." (Vergelyk ook Nauta, 1971:480 & Rutgers, 1890:44.) Binne gereformeerde geleedere moet daar dus teen twee uiterstes gewaak word. Aan

die een kant bestaan die gevaar van óórreglementering wat van die kerkorde 'n wetboek maak. Aan die ander kant bestaan die gevaar van te mín reglementering wat maklik tot willekeur en eiewilligheid kan aanleiding gee. Om beide hierdie slaggate te vermy, moet die kerke tesaam daardie orde vasstel "wat nodig is om sy roeping as kerk te vervul in ooreenstemming met God se reg vir sy kerk" (Coertzen, 1992b:4). Dit hou in dat die besluite wat kerke neem, uitvoerbaar moet wees, sodat die kerk van die Here nie skade ly deur die genome besluite nie (Jooste, 1958:383).

Kerke binne kerkverband bind hulself nie so sterk aan die kerkorde as aan die belydenis nie (Kleynhans, 1973:153; Pont, 1981:110). Die belydenis is immers die "gemeenakkoord" tussen die kerke en nie die kerkorde nie (Kuyper, 1932/1933:26). Van der Westhuizen (1991:3) wys daarop: "Die kerkorde is via die belydenis Skrifgetrou of Skrifontrou." In die kerke van die Reformasie was dit dwarsdeur die geskiedenis só dat binding aan die belydenis streng toegepas is, terwyl daar ruimte gelaat was vir die binding aan die kerkorde. Tog is eiesinnigheid, willekeur, bandeloosheid en wanorde met betrekking tot die kerkorde geensins geduld nie (Rutgers, 1890:41; Visser, 1999:1).

Daar moet gevolglik nie te gemaklik aan of die belydenis of die kerkorde gewysig word nie. Verandering moet die voordeel van die kerke dien. Te veel wysigings bring verdere wysigings wat kan lei tot verbreking van die onderlinge eenheid tussen die kerke (Spoelstra, 1989:474; Rutgers, 1890:41). Aan beide die belydenis en kerkorde mag veranderings alleen deur die kerke se gesamentlike besluite en in gehoorsaamheid aan die Woord en tot voordeel van die kerke aangebring word. Die belydenis mag slegs na gedeë eksegese gewysig word. Die kerkorde mag slegs verander word waar bepalinge nie direk uit die Skrif kom of afleibaar is nie en waar die verandering tot voordeel van die kerke is (Spoelstra, 1989:470).

Kerke bind hulle aan die kerkorde, aangesien die kerkorde die neerslag is van die verliggende werk van die Heilige Gees in die kerke en omdat Christus Self sy kerk deur die vasgestelde kerkorde regeer (Calvyn, 1991:1448, 4.9.1; Visser, 1999:1). Sodanige kerkorde moet noodwendig die voorskrifte en beginsels van die Woord vervat. Daarom kan Smit (1984:81) die stelling maak: "Die vraag na kerkordelike gesag was vir die leiersfigure in en direk na die reformasie 'n vraag na skrifgesag." Smit (1984:81) verwys dan ook na Calvyn (1991:1307, 4.2.4; 4.3.1, 2, 7, 8, 14;

4.7.23 & 4.8.1-4, 7-8) vir wie dit in die kerkregering geheel om Christus gaan wat met eie gesag deur sy Woord en Gees oor sy kerk regeer.

Kerke bind hulle aan die kerkorde as die ordereëling waarmee die reg van Christus in die praktyk van kerkwees uitgeoefen word (Spoelstra, 1988:41). Die kerkorde self mag nie as 'n bron van reg beskou word nie, aangesien alleen die Woord van God hierdie rol vervul en mag vervul.

3.4.6.1. SAMEVATTING

- Kerklike besluite wat nie regstreeks uit die Woord kom of afleibaar is nie, is veranderbaar indien die kerke oordeel dat dit noodsaaklik is en indien daardie verandering tot voordeel van die kerke is.
- Afwykings van die kerkorde moet ordelik hanteer word en vooraf biddend in die lig van die Skrif getoets word, terwyl die eis om billikheid ten opsigte van die hantering van afwykendes, ook geld.
- Elke plaaslike kerk mag nie die kerkorde bloot as riglyn beskou en homself willekeurig daaraan hou of daarvan afwyk nie.
- Afwykings van die kerkorde moet tot voordeel van die kerk self wees en mag nie 'n ander plaaslike kerk benadeel nie. Van die afwyking(s) moet aan die kerkverband rekenskap gegee word.
- Afwyking van 'n kerkorde moet by wyse van uitsondering en in groot verantwoordelikheid ten opsigte van die belang van al die kerke plaasvind. Indien dit die orde, rus en welstand van die kerke bevorder, behoort dit goedgekeur te word.
- Daar moet daarteen gewaak word om kerkordelike bepalings wat nie op die Woord gegrond is of wat nie daaruit afgelei kan word nie op 'n gewetensbindende wyse af te dwing.
- Selfs daardie bepalings wat nie direk uit die Skrif kom nie, het bindende kerklike gesag en kan alleen deur die kerke gesamentlik verander word indien die belang van die kerke dit vereis.
- Die binding aan die kerkorde is 'n "absolute" binding waar dit gaan om Skrifgebonde besluite en bepalings en 'n "relatiewe" binding waar dit gaan om prakties ooreengekome kerklike ordereëlings. Tog mag selfs die praktiese ordereëlings alleen deur die kerke gesamentlik verander word, aangesien

hulle daardie reëlings gesamentlik opgestel het en saam daarvoor ooreengekom het.

- Die gereformeerde standpunt oor die kerkregering is dat die Woord die hoofbeginsels gee en dat die kerk sy regering met hierdie beginsels en onder leiding van die Heilige Gees na die eise en omstandighede van die tyd inrig.

3.4.7. DIE GEVOLGE VAN BINDING AAN 'N KERKORDE VIR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Binding aan 'n Skrifgefundeerde kerkorde dra daartoe by dat die kerk in ooreenstemming met die Woord ingerig word, met ander woorde, dat die Christusregering in die kerk toegepas word. Daarom sal kerke en individue wat erns maak met die Woord van God die bepalings van 'n kerkorde wat direk uit die Woord kom en daaruit afgelei word, navolg asof hulle die Woord navolg (Botha, 1993:10; Calvyn, 1991:1497, 4.10.30). Terselfdertyd sal die kerke daarteen waak om mekaar nie in die gewete te bind aan bepalings of aan besluite wat nie die toets van die Woord deurstaan nie. Christus se Hoofskap van die kerk kom immers in die gedrang waar kerke mekaar wil dwing om gehoorsaam te wees aan voorskrifte wat nie die toets van die Skrif deurstaan nie (Spoelstra, 1989:189).

Binding aan 'n kerkorde help om te sorg dat daar dissipline en orde in die kerk van die Here is. God is immers 'n God van orde (1 Kor. 14:33, 40). Dit is sy wil dat alles in sy kerk gepas en ordelik moet plaasvind. Daarom gee Hy in sy Woord aan die kerk die riglyne vir die geestelike bestuurswyse waarop Hy wil hê dat die kerk regeer moet word (Botha, 1993:10; Calvin, 1984:474 & Calvyn, 1991:1497, 4.10.30).

Binding aan 'n kerkorde het verder tot gevolg dat daardie kerkorde wat gesamentlik deur die onderskeie kerke binne kerkverband vasgestel en aanvaar is, gedurig aan die Woord getoets moet word. Die kerke in die tyd van die Reformasie moes, nadat hulle met die Roomse Kerk gebreek het, juis verseker dat hulle nie, soos die kerk waarvan hulle afgeskei het, in dieselfde slaggat van 'n onskriftuurlike kerkregering val nie (Kuyper, 1928/1929:3). Die kerke het immers die verantwoordelikheid om te sorg dat hul onderling aanvaarde kerkorde (*ius constitutum*) ooreenstem met die "ideale" kerkorde soos dit volgens die Woord behoort te wees (*ius constituendum*) (Botha, 1993:14).

Binding aan 'n kerkorde vereis ook dat die bepalings van die kerkorde gehou en nagekom moet word. Die kerke stel immers die kerkorde vir hulleself op en behoort getrou aan die opgestelde orde te lewe (Bouwman, 1934:4; Nauta, 1971:479 & Rutgers, 1890:18). Die kerkorde is 'n samevatting van God se regsreëls vir sy kerk uit die Woord en uit die afgeleide beginsels van die Woord en moet daarom gehoorsaam word (Bouwman, 1928:12; Jansen, 1924:47). Die toepassing van die kerkorde verseker juis dat die Christusregering in die praktyk van die kerkwees grondvat en help die kerk om in alle aspekte van sy kerkwees getrou en gehoorsaam aan die Here en aan sy Woord te lewe (Coertzen, 1992e:718). Daarom is die kerkorde nie 'n dokument waarvan die kerke bloot behoort kennis te neem, maar hul verder nie aan hoef te steur nie. Indien kerke binne die kerkverband die kerkorde ignoreer of minag, is sodanige optrede 'n verbreking van die onderlinge ooreenkoms van trou wat hulle met mekaar gesluit het met die opstel van die kerkorde (Kruger *et al.*, 1966:12).

Nauta (1971:479) sê oor die binding aan die kerkorde die volgende: "Er is geen enkele reden om in dit verband nog eens de grond te noemen, waarom de kerken en haar leden zich aan deze regel behoren te houden. Zulks volgt zonder meer uit heel de opzet van de kerkorde en uit de functie, die zij in het leven der kerk moet vervullen." Rutgers (1890:12) wys daarop dat die artikels van die kerkorde nie 'n blote voorstel is waaroor nog besluit moet word nie; nie 'n blote ontwerp is waaroor daar nog finaal besluit moet word nie; en nie bloot 'n reeks stellings is wat die opstellers van belang ag nie, maar bindende kerklike besluite is wat uitgevoer moet word deur al die kerke wat gesamentlik daarvoor besluit het. Wanneer kerke hulleself aan 'n kerkorde bind, is een van die gevolge van sodanige binding dus dat kerklike vergaderings bindende besluite mag neem waaraan die kerke hulleself as gebonde beskou (Kruger *et al.*, 1966:11).

Binding aan 'n gesamentlike kerkorde het verder tot gevolg dat die kerkorde alleen gesamentlik langs die kerklike weg gewysig mag word. Die plaaslike gemeente mag nie wysigings aanbring aan die kerkorde nie, maar alleen al die kerke waar hulle saam in vergadering byeenkom (Pont, 1981:110). Die kerke het immers met "gemeen accoord" daardie besondere kerkorde vasgestel (Nauta, 1971:479). Dit beteken dat die kerkorde wél gewysig mag word, maar dan op die ordelike wyse wat

die kerkorde self voorskryf (Kruger *et al.*, 1966:12,18). Om te voorkom dat daar gewetensdwang uitgeoefen word of dat daar gedurig aan die kerkorde verander word (as gevolg van onnodige reglementering wat nie die eie omstandighede van elke plaaslike gemeente in ag te neem nie), moet slegs die ordereelings uit die Woord en daarnaas alleen die mees noodsaaklike ordereelings in 'n kerkorde saamgevat word (Spoelstra, 1989:189). Die binding aan 'n kerkorde moet dus nie poog om die onderskeidende gebruike van die plaaslike kerke op te hef of om gewetens in middelmatige sake te wil bind nie (Polman, s.a.b.:220; Van't Spijker, 1990b:132).

Binding aan 'n kerkorde kan ook negatiewe gevolge vir die Here se kerk hê indien die kerkorde op 'n liefdelose wyse gehanteer word. Die liefdesgebod van Matteus 22:37-40 geld vir alle aspekte van kerkwees en dus ook vir die wyse waarop die kerkorde toegepas word. Wanneer die kerkorde die toets van die Woord deurstaan en in liefde en in biddende afhanklikheid van die Here toegepas word, kan daar van besluite getuig word as dat "die Heilige Gees en ons besluit het" (Hand. 15:28). Wanneer die kerkregering deur die liefde 'n hartsregering is wat buig voor die Woord, gebruik die Heilige Gees die kerkorde as instrument om die orde in sy kerk in stand te hou (Smit, 1992:513).

Die kerkorde gee juis aan die kerke die Skrifgefundeerde regsreëls waarvolgens hulle as kerke behoort saam te lewe. Die reg van die Koning van die kerk moet in sy Woord en wet gesoek en toegepas word sodat die lidmate van die kerk hulle gedra volgens die reg van die Koning (Van der Linde, 1978:67). Daarom bied binding aan 'n bepaalde kerkorde aan kerke en individue regsekerheid (dat daar volgens die reg van die Koning van die kerk opgetree word) en sekerheid oor die onderling ooreengekome wyse van optrede deur die kerke. Hierdie sekerheid word verder versterk wanneer die kerke en individue ook kennis neem van *die gebruikelike interpretasie* van die ordereelings (Van de Beek, 1980:64).

3.4.7.1. SAMEVATTING

- Binding aan 'n Skrifgefundeerde kerkorde dra daartoe by dat die Christusregering in die kerk toegepas word.

- Binding aan 'n kerkorde help sorg dat daar dissipline en orde in die kerk van die Here is.
- Wanneer kerke hulleself aan 'n kerkorde bind, mag kerklike vergaderings bindende besluite neem waaraan kerke hulleself as gebonde moet beskou.
- Binding aan 'n gesamentlike kerkorde het tot gevolg dat die kerkorde alleen gesamentlik by wyse van die kerklike weg gewysig mag word.
- Binding aan 'n bepaalde kerkorde bied aan kerke en individue regsekerheid en sekerheid oor die onderling ooreengekome wyse van optrede en van die gebruiklike interpretasie van die ordereelings deur die kerke.

3.5. SLOTSOM

In hierdie hoofstuk is gewys op die belangrike rol wat die belydenis speel by die binding aan kerklike besluite. Die definisie, ontstaan en doel van 'n belydenisskrif beklemtoon die besondere plek wat die belydenis ten opsigte van hierdie binding speel. Daarom is dit so noodsaaklik dat gelowiges binne kerkverband hulself tot die honorering van die belydenis verbind. Die gevolg van die negering van die binding aan die belydenis as 'n vorm van binding aan kerklike besluite, het in die verlede tot stryd onder gelowiges aanleiding gegee en veroorsaak ook tans onderlinge spanning tussen gelowiges. Daarteenoor dien dit die opbou, die vrede en die eenheid binne die kerk van die Here waar gelowiges hul aan die belydenis en aan kerklike besluite wat die belydenis honoreer, verbind.

Ook die kerkverband speel 'n belangrike rol by die binding aan kerklike besluite. Daarom is dit van groot waarde vir die Here se kerk op aarde wanneer die kerkverband in stand gehou word. Dit is egter belangrik dat daar nie toegelaat word dat wanpersepsies oor die betekenis van kerkverband ontstaan nie. Soos wat kerkverband en die honorering van besluite (wat uit die vorming van die kerkverband voortspruit), tot voordeel van die kerk is, is die teendeel ook waar. Miskenning van die kerkverband en van die kerklike besluite wat daaruit voortvloei, verbreek onder andere die eenheid binne die kerke en is tot nadeel van die kerk in die geheel.

Ook die kerkorde speel 'n belangrike rol by die binding aan kerklike besluite. Met die behandeling van die definisie, ontstaan en doel van 'n kerkorde, is daar gepoog om die waarde wat die kerkorde vir die binding aan kerklike besluite het, te beklemtoon.

Die wyse waarop kerke hul aan die kerkorde bind, die regte verstaan van 'n kerkorde, die regte verstaan van die binding aan die kerkorde, asook die verhouding tussen die belydenis en kerkorde, benadruk die besondere plek wat die kerkorde ten opsigte van die binding aan kerklike besluite speel.

In die volgende hoofstuk sal die stryd en verdeeldheid wat daar in die verlede geheers het en wat tans bestaan ten opsigte van die *verstaan* van die binding aan kerklike besluite, ondersoek word.

HOOFSTUK 4**DIE STRYD EN VERDEELDHEID OOR DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING
AAN KERKLIKE BESLUIE****4.1. INLEIDING**

Die binding aan kerklike besluite word nie altyd dieselfde verstaan nie. Gevolglik kan daar onderlinge spanning tussen individuele gelowiges en kerke binne 'n kerkverband ontstaan. In hierdie hoofstuk word die kernprobleme rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite kortliks uitgelig. Daarna word die verloop van die agtergrondgeskiedenis (met besondere klem op die situasie in Nederland) oor die verstaan van die binding aan kerklike besluite ondersoek. Laastens word gekyk na die stryd wat in Suid-Afrika rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite gevoer word.

**4.2. KERNPROBLEME RONDOM DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING
AAN KERKLIKE BESLUIE****4.2.1. 'N VERKEERDE VERSTAAN VAN KERKVERBAND,
BELYDENIS EN KERKORDE EN DIE BINDING AAN
KERKLIKE BESLUIE**

Die Reformasie het gebreek met die praktyk binne die Rooms-Katolieke Kerk waar die pous en kerklike vergaderings besluite los van die Woord kon neem en afdwing (Spoelstra, 1992:903). Daarom het Calvyn (1991:1497, 4.10.30) met groot omsigtigheid leiding gegee oor die wyse waarop uiterlike wette en seremonies in die kerk hanteer behoort te word. Hy het deeglik besef dat alle gebruike nie vir alle tye kon geld nie. Vir Calvyn was dit belangrik dat die verskeidenheid van volksgebruike, asook die feit dat gebruike oor tyd verander en nie noodwendig vir alle tye geld nie, in ag geneem moet word, omdat God nie slegs een vorm en manier van doen vir alle tye vasgestel het nie. Vorme en maniere van doen kan selfs verander of afgeskaf word en nuwes in die plek daarvan gestel word. Die afdwing van onveranderlike reëls en wette deur 'n

kerkorde of deur ander kerklike besluite wat nie die toets van die Woord deurstaan nie, kan net verkeerde gewetensbinding tot gevolg hê.

Gevolgtik wys Calvin (1991:1497, 4.10.30) daarop dat net die beginsels ("algemene reëls") wat die Here in sy Woord gee as onveranderlik gehou moet word en dat al die individuele gelowiges en kerke hulle daaraan moet bind deur dit na te kom. Wanneer al die individuele gelowiges en kerke die liefdesbeginsel nastreef, sal hulle in die hantering van die besluite wat hulle voorheen gesamentlik geneem het en wil wysig, daarin slaag om te onderskei tussen sake wat tot skade sal lei en sake wat tot stigting en opbou van die kerke sal dien indien dit verander of gewysig sou word. Die uitgangspunt bly dat die gelowiges daardie besluite wat hulle gesamentlik geneem het, moet nakom, maar dat hulle gesamentlik kan besluit om niebeginselsake te wysig, aan te pas of af te skaf.

Kerke verbind hulleself aan mekaar binne 'n bepaalde kerkverband op grond daarvan dat hulle dieselfde belydenisgrondslag het (Bouwman, 1934:12, 69, 174). Die uitgangspunt by gereformeerde gelowiges is dat alleen God se Woord onfeilbaar is en dat die belydenis niks anders is (of wil wees) as 'n naspreke van die Woord nie. Die Skrif is dus onfeilbaar, maar die belydenis nie. Tog verwag gereformeerde gelowiges van mekaar om die belydenis te erken as synde "in ooreenstemming met die Woord van God". Du Plooy (1991:1984) wys daarop dat die vraag na die gesag van die belydenis (vergelyk die "omdat" en "in soverre" standpunte van die verhouding tussen Skrif en belydenis) een van die kernprobleme binne die gereformeerde wêreld is. Aan die een kant staan veral die konfessionalisme wat die belydenis as "gelyk aan" die Skrif beskou. Aan die ander kant is daar die biblisme, wat die belydenis as "'n onbelangrike beperking van die werking van die Heilige Gees" beskou. Die suiwer gereformeerde siening bly steeds dat die belydenis bindend is *omdat (quia)* dit met die Woord van God ooreenstem. Waar die belydenis uit die Skrif as verkeerd bewys kan word, moet die belydenis deur die bevoegde kerklike meerdere vergadering gewysig word.

Indien die verskille tussen kerke die beginsels van die geloof raak en hulle nie op grond van die Woord daarvoor eenstemmigheid kan kry nie, is dit beter dat kerke hulle bande met mekaar breek as dat hulle bloot voorgee om eensgesind in hul verstaan en aanvaarding van die belydenis te wees (Hodge, 1979:95). Dit bly die

verantwoordelikheid van kerke "to combine or unite in one body ... wherever and whenever the grounds of their separation are inadequate and unscriptural" (Hodge, 1979:95-96). Kuyper (1883:vii-viii) toon aan dat kerke wat op dieselfde suiwer belydenis staan, onvermydelik hul geloofseenheid op die een of ander stadium in die praktyk sal uitleef (deur die vorming van kerkverband). Deur 'n gesamentlike kerkverband te vorm, onderneem die kerke teenoor mekaar om hulself as gebonde te beskou aan die besluite wat hulle gesamentlik geneem het.

Die Kerkreg en kerkregering word soms blameer vir die talle skismas en skeurings onder kerke (Du Plooy, 1998:53; Hodge, 1979:95). Gevolglik het die klem by baie kerke verskuif vanaf die Kerkreg na die Praktiese Teologie in 'n poging om die kerk (los van die sogenaamde beperking van iets soos 'n kerkorde) op te bou sonder die toepassing van die sleutels van die hemelryk (soos dit in die praktyk realiseer in suiwer Woordverkondiging, in die gebruik van die sakramente en in die toepassing van die kerklike tug) (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29). 'n Verkeerde verstaan en toepassing van 'n kerkorde kan dus daartoe aanleiding gee dat kerke hulle nie aan kerklike besluite wil bind nie. Daarom beskou Voetius (De Jongh, 1918:187-188) afwykings van die kerkorde as geregverdig in gevalle waar die belange, die orde, die vryheid of die welstand van die kerk dit noodsaak; wanneer die afwyking as 'n afwyking erken word; wanneer die afwyking nie as 'n presedent beskou word nie; en wanneer die afwyking deur 'n bevoegde vergadering as noodsaaklik geag word. "Kortom, die afwyking moet by wyse van uitsondering, in groot verantwoordelikheid ten opsigte van die belang van die kerke (en nie persone nie) plaasvind" (Spoelstra, 1989:475).

Waar gelowiges die kerkverband, belydenis en kerkorde en die onderlinge verhouding waarin dit met mekaar staan, verstaan, kan dit daartoe bydra dat hulle die binding aan kerklike besluite reg verstaan.

4.2.2. 'N VERKEERDE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN SKRIF, BELYDENIS EN KERKORDE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Gelowiges kom byeen en vorm tesaam 'n bepaalde kerkverband omdat hulle die Woord van God dieselfde verstaan en bely. Daarom is dit van groot belang dat kerke ooreenstem oor die basis en die metode van Skrifhantering en Skrifuitleg. Die wyse waarop hulle hul verbind om met die Skrif besig te wees (Skrifbeskouing) is bepalend vir hul onderlinge binding aan mekaar (Kuyper, 1882:1). Juis omdat hulle as gelowiges op dieselfde wyse met die Skrif besig is, voeg hulle hul byeen in 'n kerkverband en onderneem hulle om hulself aan 'n bepaalde belydenis as samevatting van die leer van die Skrif te bind. Die besluite wat daardie gelowiges van 'n bepaalde kerkverband tydens hul kerkraadsvergaderings en meerdere vergaderings neem, word bepaal deur die wyse waarop hulle die Skrif hanteer. Indien hulle vertrekpunt is dat die Skrif die onfeilbare Woord van God is waaraan hulle gehoorsaam moet wees en wat as basis dien vir hul besluitneming, sal hulle die gesamentlike besluite wat hulle neem, as bindend sien en hou.

Wanneer daar dan in die kerk geredeneer en gediskusseer word, moet gelowiges vanuit die Woord redeneer en nie op grond van mensgemaakte wette en reglemente nie (Rullmann, 1917:91). Die besluite wat kerklike vergaderings neem, behoort as bindend gesien en gehanteer te word, omdat die besluite die toets van die Woord deurstaan en nie bloot omdat menslike vergaderings die besluite geneem het en dit afdwing nie. Elke kerklike besluit behoort juis sy bindingskrag te ontleen aan die feit dat dit die toets van die Woord deurstaan.

Daarmee saam behoort kerke duidelikheid te hê oor hul gesamentlike siening van die aard van die belydenis (Berkouwer, 1963:1). Hy wys op die verskil van mening rondom die belydenis: Sommige gelowiges (gereformeerdes wat die *quia*-standpunt huldig) meen dat die belydenis onveranderlik is behalwe waar uit die Skrif 'n afwyking aangetoon kan word. Ander is weer van mening dat die belydenis deur die tyd en deur omstandighede beïnvloed en verander en aangepas behoort te word. Gelowiges sal alleen die belydenis as bindend hou, indien hulle glo dat die belydenis op die Woord van God rus, daarop gegrond is

en daarmee ooreenstem. Diegene wat nie van mening is dat die belydenis 'n getroue samevatting van die Skrif is nie, sal hulself nie as gebonde beskou aan die kerklike besluite wat op die belydenis rus nie.

Individuele gereformeerde gelowiges en plaaslike kerke verwag van mekaar om hul aan die belydenis te bind, *omdat (quia)* die belydenis met die Woord ooreenstem (Kuyper, 1932/1933:18). Hulle staan op dieselfde belydenisgrondslag. Daarom het die afsonderlike plaaslike kerke byeengekom binne 'n bepaalde kerkverband. As kerke onderneem hulle dan teenoor mekaar om die belydenis as bindend te beskou. Gereformeerde teoloë onderneem volgens hul ondertekeningformulier om hierdie onderneming gestand te hou (kerkorde GKSA artikel 53). Hulle teken, sonder dat hulle daartoe gedwing word. Daarná is dit 'n saak van eerbaarheid en behoort hul op hul woord geneem te word dat hulle die belydenis sal handhaaf. Waar dit nie gebeur nie, kan dit alleen skadelike gevolge vir die kerk van die Here inhou. Waar iemand die belydenisbinding in sy hart bly bevraagteken, is die eerbare weg om te volg, die neerlegging van die amp.

Nauta (1969:93) wys daarop dat dit tog soms tot voordeel van die kerke kan wees indien 'n mate van toleransie toegepas word in die wyse waarop die belydenis gehandhaaf word. Ubbink (1931:78) bevraagteken voorts die standpunt dat die ondertekening van die belydenis inhou dat die persoon daarmee belowe om niks anders te leer nie. Sodanige sienings strook egter nie met die *quia*-standpunt oor die belydenis nie. Volgens die *quia*-standpunt kan 'n ampsdraer sy mening altyd voor die bevoegde kerklike vergadering toets indien hy bedenkinge oor bepaalde punte van die belydenis sou hê (kerkorde GKSA artikels 31 & 46). Indien hy 'n afwykende standpunt oor die belydenis koester en die vergadering hom nie gelyk gee nie, moet hy óf konformeer óf die eerbare weg loop om die amp neer te lê en nie bloot op huigelagtige wyse voorgee dat hy die belydenis as bindend beskou nie (Praamsma, s.a.:16). Waar huigelagtige optrede en valse binding (waar bekend) geduld word, sal dit aanleiding gee tot die inslag van leervryheid in die kerk. Dit was die geval in die sestiende en sewentiende eeu toe die Remonstrante "... de Belijdenis prezen met schone woorden en het nut en de noodzaak er van erkenden, maar dat ze er aan toevoegden, dat niemand aan haar meningen gebonden was dan voorzover hij in

zijn consciëntie overtuigd was dat ze met de zin der Schrift overeenkwam. In de practijk kwam dat hierop neer, dat er leervrijheid in de kerk ontstond, omdat ieder zich op zijn persoonlik Schriftinzicht beriep en dat vast wilde houden, ook al werd de eenheid van de Schrift daardoor gebroken" (Praamsma, s.a.:20).

Die praktyk het in die verlede gewys dat diegene wat hulle *nie* as gebonde aan die Skrif, belydenis en kerkorde beskou nie, tog dikwels voorgee dat hulle hulself as gebonde beskou. Hulle gee soms voor dat hulle die Skrif soos alle ander gereformeerdes (soos saamgevat in die Nederlandse Geloofsbellydenis artikels 1-7) verstaan en bely. Tog verskil die inhoud van dit wat hulle glo dramaties van dit wat gereformeerdes onder dieselfde terminologie verstaan en bely (Kuyper, 1932/1933:19).

Waar alle leringe verdra word en niemand kerklike besluite as bindend beskou nie, sal die waarheid later nie meer verdra word nie, aangesien 'n verdraagsaamheid van alle dinge noodwendig sal lei tot 'n onverdraagsaamheid teenoor die waarheid (Van Prinsterer, 1948:170). Van Prinsterer (1948:170) merk ook op dat die gevaarlikste van alle dwalinge in die kerk plaasvind wanneer daar gemeen word dat kerklike gemeenskap moontlik is tussen diegene wat sekere dinge in die kerk as onmisbaar beskou en diegene wat daardie dinge verloën. Waar daar nie binding is aan die Skrif, belydenis en kerkorde nie, sal kerklike besluite noodwendig ook nie as bindend geag en gehou word nie. In sodanige omstandighede verloën die kerk sy taak en verantwoordelikheid op aarde, aangesien die kerk die pilaar en grondslag van die waarheid behoort te wees (1 Tim. 3:15).

Daarom ook moet die teoloog wat verskil met al die Christenteoloë uit die tydperk toe die kerk gebloei het en in die lig van die Skrif by 'n *non liquet* uitgekome het, sy insigte en standpunte weer baie deeglik ondersoek (Kuyper, 1882:14). Die Heilige Gees werk immers oor die eeue in die kerk van die Here. Selde werk Hy so uniek met 'n besondere persoon om vir die eerste keer geheel nuwe insigte en perspektiewe uit die Woord te ontgin. God is immers onveranderlik dieselfde. Sy Woord is onveranderlik dieselfde. Die kerk het onder leiding van die Heilige Gees wel in die verlede uit die Skrif antwoorde ontvang en daardie antwoorde in die belydenis verwoord. Daardie selfde verstaan van die

Godsopenbaring geld immers ook vir die hede en behoort as sodanig as bindend deur die gelowiges beskou te word.

Wanneer die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde reg verstaan word, sal gelowiges hulle daarvan weerhou om in en met die kerk van die Here te eksperimenteer. Die kerk is immers die eiendomsvolk van Jesus Christus (Titus 2:14) en elke kerklike besluit behoort God se eer te soek en die voordeel en die stigting van die kerk te dien. Van der Merwe (1973a:5) wys daarop dat die Here se kerk heilig is en dat daar met groot omsigtigheid daarin en daarmee gewerk behoort te word.

4.2.3. 'N VERKEERDE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE KAN TOT IEWILLIGE OPTREDE LEI

Hiërargiese optrede en outoritarisme was voorheen eie aan die optrede van die sogenaamde *clerus* (met die pous as hoof) in die Rooms-Katolieke Kerk (Berkhof, 1950:103). Die gesag van God en sy Woord is verdring en vervang deur die gesag van persone. Wanneer persone sonder grondige (Skrifgefundeerde) argumente verwag dat hulle besluite en menings gehoorsaam moet word bloot op grond van die feit dat *hulle* só besluit of gesê het, raak dit die binding aan kerklike besluite (Spoelstra, 1974c:25). Aan die een kant kan daar van persone verwag word om hulle te bind aan kerklike besluite wat nie die toets van die Woord deurstaan nie. Aan die ander kant kan sodanige optrede gelowiges noop om hulself teen sulke hiërargiese besluite te verset.

Kerke vind hul eenheid in die waarheid van God se Woord soos dit neerslag vind in die belydenis wat hulle gesamentlik opstel en waaraan hulle hulself verbind. Indien die kerke hul binding aan die leer prysgee, is menslike willekeur en 'n subjektiewe verstaan van die Woord hul voorland. Daarom behoort kerke nie vrysinnigheid in die leer toe te laat nie, maar dwaalleer te bestry. Die plaaslike kerk behoort reeds op plaaslike vlak die dwaalleer te bestry om die plaaslike kerk en gelowiges se binding aan kerklike besluite te handhaaf en te bevorder (Strauss, 1997:175-176).

Waar alle middelmatige sake (kyk par. 2.6.4) as onbelangrik afgemaak en geïgnoreer word, wys dit op 'n bepaalde siening van die binding aan kerklike besluite (Spoelstra, 1989:469). Kerke kom immers ooreen en onderneem teenoor mekaar om selfs ten opsigte van middelmatige sake op 'n bepaalde wyse op te tree. Kerke en individuele gelowiges behoort mekaar selfs in middelmatige sake in ag te neem (1 Kor. 8) waar hulle onder mekaar op 'n bepaalde wyse van optrede ooreengekom het of waar 'n bepaalde wyse van optrede (as gevolg van die opbouvoordeel vir die kerk soos oor tyd bewys) usansie geword het. Wanneer sodanige middelmatige sake op willekeurige wyse hanteer word, skep dit 'n kruitvat wat die potensiaal het om groot skade met betrekking tot die onderlinge verhoudings tussen gelowiges te veroorsaak wat weer die potensiaal het om die onderlinge eenheid tussen gelowiges te verbreek. Voordat gelowiges daarom selfs ten opsigte van middelmatige sake waaroor ooreengekom is of wat usansie geword het, wil afwyk van die onderling ooreengekome wyse van optrede, behoort hulle mekaar vooraf daarin te ken deur hul onderling ooreengekome besluit ten opsigte van daardie betrokke saak of sake te wysig. Sodoende sal gelowiges skadelike eiewillige optrede teenwerk.

Gelowiges wat op 'n independentistiese wyse optree deur gesamentlike genome kerklike besluite te ignoreer, heg waarskynlik nie veel waarde aan die kerkverband nie (Strauss, 1997:172). Gevolglik sal hulle hulself ook nie gebonde ag aan kerklike besluite nie. Hierdie optrede kan die gevolg wees van 'n siening dat sekere besluite van meerdere vergaderings "ons nie raak nie" óf "ons nie in ag neem nie" óf "nie deur ons geneem is nie, omdat ons kerk nie op die vergadering verteenwoordig was nie". Sodanige independentistiese wyse van optrede kan net verkeerde eiewillige optrede binne kerkverband bevorder.

Kerke binne kerkverband onderneem teenoor mekaar om hul verskille van mening ten opsigte van Skrif, belydenis, kerkorde en ander kerklike besluite op 'n ordelike wyse (soos in die kerkorde vasgelê) te hanteer (Spoelstra, 1989:194-195; Strauss, 1997:172 & Visser, 1999:333-335). Dit veronderstel dat gelowiges die vasgestelde kerklike weg van beskrywingspunt en beswaarskrif en appèl (kerkorde GKSA artikels 31 & 46) sal volg om besluite te neem of te wysig. Minderhede wat hulle nie aan kerklike besluite gebonde ag nie, kan verkeerdelik besluit om sinodebesluite te ignoreer of om hul daarvan te distansieer omdat "nie

hulle nie, maar die sinode" die besluit(e) geneem het. Aan die ander kant kan hulle bloot besluit om kerklike besluite (waarmee hulle geensins saamstem nie) maar te verdra en te aanvaar "omdat dit tog nie help om teen die meerderheidsbesluit in te gaan nie". Andersins kan dit gebeur dat sulke minderhede uit die kerkverband tree omdat hulle nie met bepaalde kerklike besluite kan konformeer nie (Strauss, 1997:176). Van Wyk (1971:54) merk op dat "sodanige gedeformeerde situasie" in die kerk *kan* ontstaan, maar dat in gedagte gehou moet word dat 'n "onenige Kerk ... in die lig van die Nuwe Testament eenvoudig 'n ónwaarheid" is.

Kerke binne kerkverband behoort daarteen te waak om mekaar te wil bind aan 'n rigiede siening waarvolgens die binding aan kerklike besluite verstaan word as eendersheid of absolute eenvormigheid in leer en in spiritualiteit. Van Wyk (1971:57) wys daarop dat daar ook in die Nuwe Testament "altyd 'n speelruimte gelaat (is – JHH) ten opsigte van nie-beslissende punte" en dat daarteen gewaak moet word om mekaar op grond van verskille as "kettters" af te skryf. Waar gelowiges op mekaar gewetensdwang probeer toepas in sake waar hul aan mekaar vryheid behoort te gee, kan dit slegs lei tot willekeurige optrede wanneer teen sodanige gewetensdwang "gerebelleer" word (Spoelstra, 1989:471-472; Strauss, 1997:176). Daarteenoor behoort kerke binne kerkverband daarteen te waak dat die kerkverband kerke van verskillende geloofstradisies onder een sambreel probeer akkommodeer. Waar daar diepliggende leerverskille tussen verskillende gelowiges bestaan, sal 'n skynbinding aan kerklike besluite nie gehandhaaf kan word nie. 'n Kerkverband wat eiewillige optrede en verskille in wesentlike sake aanvaar en toelaat dat kerke hulle nie aan kerklike besluite bind nie, sal die kerk uiteindelik blootstel en uitlewer aan elke moontlike dwaalgees denkbaar.

4.2.4.SKRIFFANTERING LEI TOT UITEENLOPENDE SIENINGS OOR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Kerke kan alleen binne 'n Gereformeerde kerkverband byeenkom op grond daarvan dat hulle een is in leer, diens en tug. (Vergelyk in die verband Handeling GKSA, 1991:195, 197-198, 202-203, 211; 1997:864 & 2000:209, 225.) Dit hou in dat die kerke die merktekens van die ware kerk (Nederlandse

Geloofsbelydenis artikel 29) vertoon en die Hoofskap van Christus erken, aangesien dit wesenlike sake is waarsonder daar nie eenheid tussen reformatoriese kerke kan wees nie (Strauss, 1998c:279). Kerke kom juis vooraf ooreen om hul aan dieselfde belydenis te bind, omdat die belydenis hul siening van die Skrif, belydenis en kerkregering en die wesenlike van hul kerkwees en hul verstaan van die inhoud van die Skrif saamvat en bely.

Die erkenning van die Hoofskap van Christus is 'n kardinaal belangrike vertrekpunt vir besluitneming deur reformatoriese kerke en bepaal grootliks dit wat 'n spesifieke kerk of kerklike vergadering besluit. God Self maak Christus die Hoof van sy kerk op aarde (Ef. 1:22 en Kol. 1:18). Kerke en/of kerklike vergaderings wat Hom as Hoof van sy kerk erken, sal buig voor sy wil vir sy kerk soos wat Hy Homself in sy Woord bekend maak. Noodwendig is die wyse waarop die Skrif hanteer word bepalend vir die erkenning van Christus se Hoofskap en vir die wyse waarop daardie erkenning neerslag vind in die kerklike besluite wat geneem word (Coertzen, 1992a:44). Diegene wat meen dat die Woord slegs 'n weergawe is van menslike sienings oor God vir 'n bepaalde tyd, sal by ander antwoorde uitkom as gereformeerdes wat meen dat die Woord die altyd geldende wil van die onveranderlike Drie-enige God bekend maak (Coetzee, 1988:19-38).

Die verstaan en die siening van gelowiges oor sake soos Skrifgesag en Skrifgebruik; oor die belydenisskrifte; oor die hantering van die besluite van kerklike vergaderings; oor die verstaan van kerkverband; oor die grondlyne van die erediens en oor die wyse waarop 'n kerkorde behoort te funksioneer, is alles grondoortuigings wat eenheidsvormend binne 'n bepaalde kerkverband werk (Strauss, 1997:178). Die kernsaak bly die Skrifgebruik wat 'n bepalende invloed uitoefen op al die ander sake en op die wyse waarop die gelowiges hul bind aan alle genome kerklike besluite.

Waar kerke nie van die prediking verwag om Woordgetrou te wees nie, sal daardie kerke aan die subjektiewe oordele en menings van predikers uitgelewer wees wat kerkverwoestende gevolge sal veroorsaak (Pont, 1985:523). Die kerkorde van die GKSA artikels 15 en 23 reël (op grond van die Woord) dat die ouderlinge primêr verantwoordelik is vir die toesig ten opsigte van die

Woordverkondiging (Heb. 3:12-14; 6:14; 1 Tim. 1:3-11 & Op. 2:2). Calvyn het dan ook tydens die Reformasie daarin geslaag om die pous skaakmat te plaas deur die amp van die ouderling (Roeleveld, 1972:61) wat eweneens die belangrikheid van hierdie toesighoudende verantwoordelikheid van die ouderlinge oor die ampswerk van predikante beklemtoon.

In die reformatoriese kerke is die ouderlinge dus verantwoordelik vir die toesig oor die suiwere leer (belydenis) en lewe van lidmate en verkose ampsdraers (kerkorde GKSA artikels 23 & 55). Daarsonder sal vrysinnigheid in die leer intree. Strauss (1997:177) wys daarop dat 'n miskenning van die belydenis (leer) dikwels ook die miskenning van die gesag van die Skrif beteken. Hy (1989c:280) waarsku daarom teen die verkeerde hantering van die belydenis: "Prinsipieel staan belydenisvervaging of –minagting en bevraagtekening egter op presies dieselfde vlak."

Daarom is dit so belangrik vir die kerke om die bestaande leer te handhaaf, tensy duidelike afwyking van die Skrif aantoonbaar is (Praamsma, s.a.:124). Daarmee saam geld die gereformeerde beginsel (soos vervat in die kerkorde GKSA artikels 31 & 46) dat die bewyslas op die beswaarde rus om aan te toon dat die belydenis (of enige ander kerklike besluit) afwyk van die Skrif, belydenis of kerkorde (Coetzee, 1970:18; Handeling GKSA, 2000:61; Spoelstra, 1971:40; Van der Linde, 1971:47 & 1983:130). Wanneer toegelaat word dat hierdie bewyslas omgekeer word, kan dit alleen aanleiding gee tot onderlinge onrus en wanorde onder die kerke van 'n bepaalde kerkverband. Gelowiges het die besluite wat staan reeds in die verlede getoets aan die Skrif, belydenis en kerkorde en juis dáárom het die kerke saam tot sodanige besluite gekom en hulle daaraan verbind.

Gereformeerde kerke moet daarteen waak om modaliteitskerke te word (Strauss, 1997:175; Van der Merwe, 1973:3). Coetzee (1970:16) wys op hierdie gevaar as die voortvloeiende van die standpunt van diene wat "soepelheid en vryheid ten aansien van die nie-fundamentele in die kerklike belyde" voorstaan. (Vergelyk ook Van der Walt, 1963:51.) Modaliteite ontstaan in die kerk "wanneer men alle verskillende meent te kunnen terugleiden tot verschillende voorstellingswijzen van een en dezelfde waarheid" en 'n poging om "de oude richtingsverskillende

(orthodox-modern) onder dit nuwe toewoord (modaliteite – JHH) saamen te brengen” (Polman, s.a.a:22). Dit gebeur dus waar verskillende waarhede onder een saambreel geakkommodeer word en alle sienings van die waarheid onder die vaandel van “wetenskaplike beskeidenheid” en “die laaste woord is nog nie hieroor gespreek nie” en “wie sê dat dit wat vir ons waarheid is, die enigste waarheid is” en “die wetenskap moet nie beperk word in sy soeke na die waarheid nie” (Van der Linde, 1979:49). Die slagspreuk van “wetenskaplikheid” mag nie misbruik word om die vasstaande waarheid van die Woord van God te bevraagteken of volgens eie subjektiewe mening te herinterpreteer nie.

Toleransie van “alle modaliteite van die waarheid” hou die groot gevaar in dat dit uiteindelik sal lei tot die prysgawe van die gereformeerde erfenis en ’n verbreking van die eenheid tussen kerke (Paas, 1996:290; Pont, 1991:268 & Strauss, 1989c:276). Botha (1982:33) wys tereg daarop dat gelowiges mekaar ook tegemoet behoort te kom waar daar ’n opregte soeke na die waarheid is. Die korrekte ooreengekome hantering van sodanige soeke na die waarheid word trouens vasgelê in die ondertekeningformulier van ampsdraers (kerkorde GKSA artikel 53) en in die kerkorde (kerkorde GKSA artikels 31, 46 & 86). Calvyn (1991:1283, 4.1.12) beklemtoon met ’n verwysing na Filippense 3:15 dat al sou hy nie “die geringste dwalings” wou verdedig nie, sekere sake “wat nie so noodsaaklik is nie ... nie stof tot twis onder Christene behoort te wees nie” en gevolglik oor die hoof gesien behoort te word. (Vergelyk ook Du Plooy, 1982:337; Kleynhans, 1985:161; Kruger *et al.*, 1966:196; Küng, 1978:293; Monsma, 1967:126; Nauta, 1969:94 & Van Wyk, 1971:48-75.) Waar onderling ooreengekome toleransie verword en oorgaan tot die aanvaarding van alle modaliteite as waarheid, sal die uiteinde daarvan wees dat ’n volgende reformasie die kerk van die Here weer terug sal moet lei na die wil en die waarheid van God volgens sy Woord.

Strauss (1997:177) noem onder andere die volgende sake wat “ware geloofseenheid in die weg staan”: Waar hulle afwyk ten opsigte van die inrigting van die erediens; die sing van sekere liedere (waaroor daar nie eenstemmigheid bestaan nie – JHH); die siening van die ampte; kinderkommunie; die siening van die belydenisskrifte en die verskillende wyses van Skrifverstaan en Skrifgebruik. Al hierdie sake raak die lewe van die kerk en word bepaal deur veral die wyse

waarop kerke die Skrif gebruik. Die uiterlike gebruike in 'n *spesifieke* kerkverband behoort immers te getuig van die wyse waarop die Skrif geïnterpreteer word en op grond waarvan daar gebruike "gewoonte der kerk" geword het. (Vergelyk Bouwman, 1928:292; Coertzen, 1987:39; Du Plooy, 1982:214; 2001:7; Handeling GKSA, 1997:70, 79; Jansen, 1924:47; Kleynhans, 1973:107; Kruger *et al.*, 1966:502; Pont, 1981:10; Spoelstra, 1989:348 & Rutgers, 1889:12.) 'n Eensydige afwyking van die uiterlike ooreengekome gebruike kan dus dui op 'n afwyking van die wyse van Skrifgebruik waarop die kerke ooreengekom het (Bouwman, 1934:37).

Dit is alombekend dat 'n bepaalde Skrifbeskouing bepalend is vir 'n spesifieke Skrifgebruik (Van Deventer; König, 1989:306). By die sogenaamde "nuwe teologie" (Van der Linde, 1968:1-5; 1986:23) staan subjektiewe ervaring voorop en word die waarheid gesien as dit wat die individu as waarheid ervaar en aanvaar. Sodoende word alle objektiwiteit in die hantering en verklaring van die Skrif deur subjektiwiteit verdring. Gevolglik neem voorstanders van hierdie stroming sterk standpunt in teen die gereformeerde siening, naamlik dat die waarheid vasstaan, tensy die teendeel bewys word.

Van Aarde (1985:563-573; 1989:464) is 'n teoloog wat die Skrif op grond van die relasionele waarheidsbegrip hanteer. Die begrippe wat Van Aarde gebruik soos "referensie-dwaling"; "relasionele waarheid"; "kritiese refleksie oor die Bybel" en "die herinterpretasie van Reformatoriese grondstellings", is eie aan die siening van die waarheidsbegrip waarmee hierdie wetenskaplikes opereer. Hierdie en ander wetenskaplike stromings opereer onder die dekmantel van "gereformeerde-wees" terwyl hulle die wortels en fondament van dit wat hulle voorgee om te wees, bevraagteken (Schotel, 1863:231; Van der Walt, 1963:42 & Spoelstra, 1997:24). Weliswaar staan die gereformeerde beginsel vas, naamlik dat die waarheid altyd toetsbaar is aan die Skrif. Tog is die oor-en-oor-bevraagtekening van en eksperimentering van bestaande waarhede niks anders as 'n poging tot die ondergraving van daardie waarhede nie (De Klerk, 1997:13; Muller, 2000:8; Pont, 1985:532 & Van der Linde, 1979:47). Eenheid tussen gelowiges (en gevolglik ook tussen kerke binne kerkverband) kan nie versterk of behoue bly indien toegelaat word dat teoloë (wetenskaplikes) in stryd met die ondertekeningformulier vir ampsdraers (in stryd met kerkorde GKSA artikel 53)

optree en sodoende die fundamente waarop die eenheid tussen die kerke staan voortdurend bevraagteken, ondergrawe en ondermyn nie (Kruger *et al.*, 1966:29; Strauss, 1997:172 & Van der Linde, 1971:47).

4.2.5. DIE WETENSKAP AS OORSPRONG VAN AFWYKENDE SIENINGS OOR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

In die GKSA word die wetenskaplike leiding ten opsigte van die ondersoek van die Woord (die teologie) veral opgedra aan die professore in die teologie (kerkorde GKSA artikel 18). Hulle opgelegde taak is die verklaring (eksegese) van die Woord van God, asook die verdediging van die leer teen kettere en dwaalleraars (Jansen, 1923:77-79). Die Skrif is dus die bron van die wetenskaplike veld, naamlik die Teologie, wat deur hulle ondersoek word. Hierdie geroepe ampsdraers wat die heil en opbou van die kerk van Jesus Christus soek, sal hul wetenskaplike ondersoek van die Woord met groot omsigtigheid en nederigheid (in ooreenstemming met die ondertekeningsformulier; Anon, 1987:638-663) toets en weeg in die lig van die eksegese en belydenis van die kerke deur die eeue (kerkorde GKSA artikel 53).

Die geskiedenis leer egter dat bepaalde wetenskaplikes (teoloë) dikwels die bron van dwalings in die kerk was, omdat hulle nie wou aanvaar dat sekere Geesvervulde gelowiges (wat nie noodwendig teoloë is nie) soms beter in staat is om oor die waarheid te oordeel nie (Kleynhans, 1985:153; Rullmann, 1916:123). Die uitgangspunt van sodanige teoloë is dat hulle die Bybel primêr as 'n bron van wetenskaplike ondersoek beskou. 'n Koud kliniese ondersoek van die Woord moet noodwendig 'n ander resultaat tot gevolg hê as wanneer die teoloog die Bybel vanuit die geloofsvertrekpunt hanteer as synde die Woord van God (Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2-7). Dwarsdeur die eeue moes die kerk waak en standpunt inneem teen erge dwalings binne eie geledere (vergeelyk die stryd teen Arius in die 4'e eeu n.C.; die stryd teen Pelagius in die 5'e eeu n.C.; die stryd teen Arminius in die 16'e/17'e eeu n.C. & Berkhof, 1950:69-71, 85-87, 222-224). Christus het egter belowe dat Hy sy kerk (gelowiges) deur sy Gees in die volle waarheid sal lei (Joh. 16:13). Dit vra immers nie 'n wetenskaplik opgeleide hanteerder van God se Woord nie, maar 'n gelowige wat soos 'n kindjie glo (Matt. 18:3-4) om die waarheid van die Woord te verstaan.

Die oproep deur wetenskaplikes tot verdraagsaamheid teenoor die standpunte van wetenskaplikes is waarskynlik niks anders as 'n poging om erkenning te kry vir die verskillende verstaansmodusse van die Bybel nie (Snyman, 1992:359). Hiermee poog sekere wetenskaplikes skynbaar om die kerkwerf die speelplek vir hul wetenskaplike eksperimente te maak. Gevolglik kan hulle optrede gelowiges verwar wanneer hulle sogenaamd "rigting aandui", terwyl hulle later weer omspring sodra hulle hul opnuut weer in 'n ander rigting deur hul wetenskaplike insigte laat lei. (Vergelyk ook Bouwman, 1928:276; Du Plooy, 1991:72; Duvenage, 1971:19; Jansen, 1924:61; Nauta, 1969:20, 66; Rullmann, 1917a:81; Van Genderen, *et al.*, 1961:39 & Van Prinsterer, 1848:170.) Die kerk is egter die eiendomsvolk van God wat as pilaar en grondslag van die waarheid (1 Tim. 3:15) moet optree en mag nie aan die subjektiewe grille van wetenskaplikes uitgelewer word nie (Bouwman, 1934:577). Van opbou en uitbou (Ef. 4:12 en Matt. 28:19-20) van die kerk kan daar deur sodanige sogenaamde wetenskaplikheid niks tereg kom nie. Waar 'n teoloog die Woord nie as *gelowige* hanteer wat as geroepene van die Here sy gawes aanwend in die ondersoek en verkondiging van God se Woord nie, is die kans goed dat nie-gelowiges (op grond van hul Skrifbeskouing) die Woord tot 'n suiwere wetenskaplike handboek sal reduceer. Die kerk behoort dus op hierdie gevaar bedag te wees wanneer wetenskaplikes poog om aanspraak te maak op verdraagsaamheid teenoor alle verstaansmodusse van die waarheid (volgens die Woord).

Sekere wetenskaplikes (teoloë) soos Van Aarde (1985:563-573), Wolmarans (2002:64-65, 109) en Spangenberg (2002:88-111) se "wetenskaplike" vertrekpunt oor die interpretasie van die Skrif, is dat die Bybel nie noodwendig die Woord van God is nie. Hulle meen dat die Woord alleen maar subjektief die Woord van God "word" as menslike reaksie by die aanhoor daarvan. (Vergelyk ook Coertzen, 1992a:38 & Van der Linde, 1968:2.) Noodwendig moet só 'n Skrifbeskouing 'n groot invloed uitoefen op die siening van binding aan die Skrif. Die konsekwensie van hierdie siening is dat daar alleen binding kan wees ten opsigte van daardie dele van die Woord wat hulle subjektief beskou as "Godgeworde" Woord. Binding aan die Skrif is vir hulle 'n subjektiewe verstaan van watter deel van die Woord die Woord van God "geword" het en wat die individu as bindend beskou. Waar subjektiewe oordeel die binding aan die Skrif

bepaal, sal die subjektiewe oordeel van die individu die binding aan alle ander kerklike besluite (rakende belydenis, kerkregering en ander besluite van kerklike vergaderings) oorheers.

Die gevolg van 'n subjektiewe wyse van hantering van die Woord, sal daartoe aanleiding gee dat ook die belydenisskrifte as tydgebonde en subjektiewe vertolkings van die waarheid van die Woord beskou word (Achtien, 1962:41-42; Berkouwer, 1963:1-6; Bosman *et al.*, 1989:26 & Snyman, 1992:360). Sodanige wetenskaplikes sal hulself nie as gebonde aan die belydenis ag nie. Die belydenis is vir hulle nie 'n naspreke van die Woord nie, maar bloot 'n subjektiewe verstaan van die Woord wat op 'n bepaalde tydstip sy neerslag in 'n kerklike vergadering gevind het (Spoelstra, 1974a:3).

Die frustrasie wat opbou teen hierdie spesifieke tipe wetenskaplike hantering van die Skrif en belydenis kom na vore in die opmerking deur Van der Westhuizen (1982:74): "Om 'n saak in die lig van die Skrif as siek te mag en moet diagnoseer is reformatoriese lewensbeginsel. Om op 'n saak tot siekwordens toe te eksperimenteer om te kyk of dit nie dalk al vanweë die veranderde Skrifbeskouing 'n gedaanteverwisselingsoperasie kan ondergaan nie, is onvergenoegde vitterigheid – dikwels onder die voorwendsel van wetenskaplikheid."

4.2.6. AFWYKING VAN VOORHEEN AANVAARDE VASTE VERTREKPUNTE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Liberaliste het selde die moed om openlik hul geloofsoortuigings bekend te maak (Pont, 1991:98). Hulle weet dat hulle baie teenstand sal kry en moontlik die voorreg sal verloor om binne die kerke hul standpunte uit te dra en te propageer. Daarom pleit hulle om verdraagsaamheid, sodat hulle hul sienings ongestoord kan bly verkondig, alhoewel dikwels subtiel en nie só openlik dat dit grootskaalse teenstand of weerstand ontlok nie. (Vergelyk verder Coetzee, 1970:15; Kleynhans, 1985:160; Rotterdam, 1914:76; Strauss, 1997:176; Van der Linde, 1979:48; Van den Vyver, 1958:105, 233 & Visser, 1986:32.)

Daarmee saam pleit liberale teoloë vir die geleentheid om onverstoord teologiese eksperimente in die kerk te mag uitvoer (Pont, 1991:98; Snyman, 1992:359-360 & Van Aarde, 1985:563-573). Onder die vaandel van "wetenskaplikheid" wil hulle die waarheid van die Woord telkens opnuut bevraagteken, aangesien hulle nie die waarheid (soos weergegee in die belydenis en soos dit grondvat in die praktyk deur middel van die kerkorde) as 'n bindende en vasstaande gegewe beskou nie. Hierdie waarheid moet egter aan die Woord getoets word en mag alleen volgens die ordelike ooreengekome kerklike weg gewysig word.

Die liberale stroming beskou die uitwys van dwaling as remmend en as benadeling van geestelike ontwikkeling (Ubbink, 1931:107). Weens hul siening van die waarheid kan daar nie so iets soos 'n dwaling bestaan nie, aangesien hulle 'n sogenaamde dwaling slegs as 'n andersoortige interpretasie van die waarheid beskou.

Die gesag van Koning Jesus Christus, asook God se wil volgens sy Woord, behoort in die kerk van Jesus Christus in die praktyk neerslag te vind in sy kerklike orde en lewe. Anders gee hy met sy belydenis voor om iets te wees wat hy nie werklik is nie. Coertzen (1992a:37) praat van "kerkregtelike docetisme". Daarom mag geen besluit of voorgestelde verstaan van die leer wat nie die gesamentlike toets van die kerke aan die Woord van God kan deurstaan nie, as geldig en bindend gehou word nie (Handelinge GKSA, 2000:380; Meijer, 1995:21; Spoelstra, 1988:47 & Visser, 1999:337). Waar besluite egter die toets van die Woord (soos met mekaar ooreengekom in die belydenis) deurstaan, is die kerklike besluite wat die gelowiges saam geneem het, geldig en bindend en geld die eis om gehoorsame uitvoering daarvan.

4.2.7. OPTREDES EN GESINDHEDE WAT DIE SIENING VAN BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE NEGATIEF KAN BEÏNVLOED

Praamsma (s.a.:109) haal die voorbeeld aan van 'n predikant wat teen sy eie liberale geloofsoortuigings as leraar van 'n "behoudende" gemeente kon bly optree, omdat hy op oneerlike, dog "taktvolle" wyse sy dienswerk aldaar verrig het. Hierdie persoon het hom aangepas by die omstandighede deur op 'n

skynheilige wyse voor te gee dat hy homself gebonde ag aan kerklike besluite (wat die Skrif, belydenis en kerkorde insluit). Só kon die sienings van persone wat hulself nie as gebonde aan kerklike besluite beskou nie, feitlik ongemerk na verskillende lewensterreine deursuur.

Waar die liberale siening seëvier, heg die meeste mense nie veel waarde aan die kerkorde nie en skuif dit rustig na eie goeddunke opsy waar dit nie hul persoonlike wyse van optrede pas nie (Rullmann, 1917:80). Sodanige minagting van die binding aan kerklike besluite (die kerkorde) lei tot die verbreking van die eenheid wat onder kerke binne 'n kerkverband behoort te bestaan.

Rullmann (1917:6) dui uit die geskiedenis van die skool van Groningen in Nederland aan hoedat hierdie teoloë dikwels opgetree het met die skyn van gemoedelikheid en 'n ampse "vaderlike" verdraagsaamheid teenoor die "kinderlike" naïwiteit van behoudende teoloë wat die Bybel nog onvoorwaardelik bely as Woord van God en wat hul verstaan van God se Woord daarop begrond. Die Groningen-skool het ook veel meer waarde aan die praktiese eerder as aan die beginsel volgens die Woord geheg. Só sou die subjektiewe verstaan van die Skrif, belydenis en kerkorde noodwendig lei tot die standpunt dat binding aan kerklike besluite onaanvaarbaar is.

Dwaalleer kan voorts in die kerk posvat waar die dwaalleraars bestaande terme en begrippe met 'n ander betekenisinhoud vul. Van Aarde (1985:573) wil byvoorbeeld op grond van sy hermeneutiese insigte hê "dat die Reformatoriese grondstellings rakende die Skrif (soos vervat in die Nederlandse Geloofsbelydenis artikels 2 tot 7 oor die Skrif – JHH) herinterpreteer moet word". Sodoende kan dwaalleraars bloot voorgee dat hulle dieselfde glo as wat die bestaande kerk(e) leer en bely (Rullmann, 1917b:89-90).

Die geskiedenis toon ook aan dat dwaalleraars soos Arminius (16'e eeu) en Meyboom (19'e eeu) dikwels nie hul leerstellings openlik vanaf die kansel verkondig nie (Faber *et al.*, 1965:27-32; Rotterdam, 1914:71 & Rullmann, 1917b:89-90). In hulle geskifte sal hulle dikwels verder gaan en hul afwykende standpunte verkondig. Sodanige optrede is niks anders nie as om 'n streep te trek deur binding aan kerklike besluite (wat die belydenis en kerkorde insluit).

Liberale teoloë soos Meyboom en Scholten (van die Hervormde Kerk in Nederland tydens die 19'e eeu) en Van Dugteren (van die Nederduitsch Hervormde Kerk tydens die 20'e eeu) en Muller (van die Nuwe Hervorming tydens die 21'e eeu) sou heel waarskynlik ontken dat die handhawing van leervryheid tot tweespalt en die verbreking van onderlinge eenheid kan aanleiding gee (Botha, 1997:1305-1311; Muller, 2002:11-13 & Rullmann, 1917b:89-90). Sou hulle nie veel eerder wou voorgee dat om "ruimte" en groter vryheid aan mekaar te gee, akkommoderend sou wees om groter eenheid oor vele grense te bewerk nie (Rullmann, 1917:348; Van Prinsterer, 1848:73)? Die beginsel van eenheid in waarheid, waar die eenheid gegrond word op die binding aan kerklike besluite wat staan op Skrif, belydenis en kerkorde, word sodoende totaal oorboord gegooi (Bouwman, 1928:30).

In die agtiende eeu het die liberale teoloë in Nederland, met die steun van die staat, daarin geslaag om 'n wêreldse kerkregeringstelsel daar te stel wat die ruimte sou skep vir die inbring en toelating van valse leringe. Gevolglik was die waarheid van die Woord nie meer die maatstaf waaraan kerklike besluite getoets moes word vir hul bindende krag nie (Bouwman, 1928:50). Die artikels wat die *staat* daargestel het, was nou die "wet" waarmee *in die kerk* van die Here regeer is (Rullmann, 1917:348).

4.2.8. SAMEVATTING

- 'n Verkeerde verstaan van kerkverband, belydenis en kerkorde en hulle onderlinge verhouding kan lei tot 'n verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite.
- Die verkeerde verstaan van die binding aan Skrif, belydenis en kerkorde kan lei tot 'n verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite.
- 'n Verkeerde verstaan van die binding aan kerklike besluite, kan aanleiding gee tot eiewillige optrede.
- Die wyse waarop gelowiges die Skrif hanteer, lei tot uiteenlopende sienings oor die binding aan kerklike besluite.
- Die wetenskap is dikwels die oorsprong van afwykende sienings oor die verstaan van die binding aan kerklike besluite.

- Gelowiges wat afwykende sienings oor die binding aan kerklike besluite huldig, negeer dikwels die vaste vertrekpunte waaraan hulle hulself voorheen gebonde verklaar het en vrywilliglik aan verbind het.
- Oneerlikheid, slegte motiewe, kwaadwilligheid, ongeloof en pogings om dwaalleer in die kerk te versprei, beïnvloed die siening van binding aan kerklike besluite.

4.3. DIE AGTERGRONDGESKIEDENIS VAN AFWYKENDE OPTREDES TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

4.3.1. DIE ROOMS-KATOLIEKE KERK EN DIE WEDERDOPERS IN DIE TYD VAN DIE REFORMASIE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die Rooms-Katolieke Kerk se lidmate het die uitsprake deur die kerk (en by name deur die pous) as wettig en bindend beskou. Hulle het die besluite van die pous as absoluut bindend gehandhaaf. In die Vroeë Kerk was die besluite van die konsilies bindend, maar die besluite van die pous het later die konsiliebesluite verdring en vervang (Berkhof, 1950:124). Die pous het geen teenkanting geduld nie. Selfs nadat die reformatore soos Luther en Calvyn die valsheid van sekere besluite op grond van die Woord uitgewys het, het die pous en konsilies (soos die konsilie van Trente) steeds besluit dat die woord en die wil van die pous bindend en afdwingbaar is (Berkhof, 1950:159; Bakhuizen van den Brink III, 1967:221-225).

Toe Luther vanaf 31 Oktober 1517 openlik standpunt ingeneem het teen die wanpraktyke binne die Rooms-Katolieke Kerk, het die pous en sy volgelinge hulle nie op grond van die leer van die Woord bekeer nie (Berkhof, 1950:155-156). Die pous het wel Luther se uitsprake as "kettters" verwerp en geëis dat hy dit herroep. Luther het egter die pouslike bul en die *corpus iuris canonici* (pouslike wetboek) in die openbaar verbrand. "Dit boek was immers bij uitstek het bewijs van de antichristelike tyrannie, die de paus rijk over Christus' kerk aanmatigde" (Berkhof, 1950:159). Luther het teenoor die priesterheerskappy die enige en genoegsame gesag van die Heilige Skrif duidelik gestel (Luther, 1966:838, 4-8; Berkhof, 1950:161). Sy standpunt was dat alle besluite (selfs van vrome

kerkvaders en alle konsilies) gemeet en getoets moet word aan die Woord van God. (Vergelyk ook Borchardt, 1988:330.)

Gereformeerdes se standpuntinname teen die besluite van die pous en konsilies wat nie die toets van die Woord kon deurstaan nie, het daartoe gelei dat die sogenaamde "Kontra-Reformasie" vanuit die geledere van die Rooms-Katolieke Kerk tot stand gekom het (Berkhof, 1950:195-210). Die Kontra-Reformasie het so ver gegaan dat sekere Rooms-Katolieke ordes soos die Jesuïte gepoog het om die Reformasie met wapengeweld te stuit. Waar die vorste van 'n bepaalde land of gebied Rooms was, het van hierdie owerhede die Gereformeerdes selfs met wapengeweld probeer uitroei (Bakhuizen van den Brink III, 1967:212-220). In plaas daarvan dat die Rooms-Katolieke Kerk en sy voorgangers hul besluite aan die Woord van God getoets en aangepas het, het die Roomse konsilies, soos die konsilie van Trente (1545-1563) die dwaalleer bloot herbevestig en alles wat daarmee in stryd was, as ketters verklaar (Berkhof, 1950:198).

Dit was duidelik dat die Rooms-Katolieke Kerk en sy voorgangers daarop uit was om gelowiges in hulle gewetens te bind aan die dwaalleer wat hulle verkondig het. Hierdie optrede van hulle word deur Guido de Bres (die opsteller van die Nederlandse Geloofsbelydenis van 1561) as tekenend van die valse kerk uitgewys (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29; Anon, 1987:486).

Daarmee het die reformatore nie alle besluite van die Rooms-Katolieke Kerk as niebindend afgemaak nie. Calvyn (1991:1459, 4.9.13) het wel die besluite van konsilies erken, solank daardie besluite die waarheid van die Woord gehandhaaf het.

Die Gereformeerdes moes hulself dus aan die een kant teen die dwalinge binne die Rooms-Katolieke Kerk verweer. Aan die ander kant moes hulle standpunt inneem teen die dwalinge van die sogenaamde Wederdopers (Calvyn, 1984d:176, 1.9.1). Die Wederdopers wou hulself nie bind aan die sakramente, die seremonies, die kerk of die Bybel as gesaghebbende Bron van openbaring nie, aangesien hulle gemeen het dat die inwendige lig van die Heilige Gees hulle

lei en dat hulle nie die Bybel as "papierpous" nodig gehad het nie (Bakhuizen van den Brink III, 1967:97-108; Berkhof, 1950:176-179).

Die noodwendige gevolge van só 'n siening was 'n minagting van die Woord, asook subjektiewe willekeur in die uitleg van die Woord, gepaardgaande met die minagting van enige binding aan kerklike besluite, asook 'n gees van rewolusie wat selfs gelei het tot burgerlike opstand (Berkhof, 1950:177). Hierdie beweging was eintlik "een bont mengsel van ideëën" (Berkhof, 1950:176) wat alle kerklike eenheid en onderlinge binding tussen kerke verbreek het. Die gevolg van hierdie bandeloosheid was dat die dwaalleer in hierdie kerke die oorhand gekry het (Bakhuizen van den Brink III, 1967:100-103).

4.3.1.1. SAMEVATTING

- Die Rooms-Katolieke Kerk se lidmate het die uitsprake deur die kerk (en by name deur die pous) as wettig en as absoluut bindend beskou en gehandhaaf.
- Die Wederdopers wou hulself nie bind aan die sakramente, die seremonies, die kerk of die Bybel as gesaghebbende Bron van openbaring nie, aangesien hulle gemeen het dat die inwendige lig van die Heilige Gees hulle "los" van die Woord lei.

4.3.2. GEREFORMEERDE KERKE IN NEDERLAND EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

4.3.2.1. NEDERLAND VOOR 1618 EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Verskeie sinodes het die sinode van Dordrecht 1618/19 voorafgegaan. Elkeen van hierdie sinodes het kerkordelike bepalings vasgestel. Op die sinode van Dordrecht (1618/19) het die kerke die kerkorde gefinaliseer waarvan die grootste deel reeds deur al die voorafgaande sinodes opgestel is. Die kerke het toe reeds gesamentlike belydenisskrifte daargestel, waaraan hulle hulself as gebonde beskou het. Reeds in 1563 het die kerke in Suidelike Nederland vereis dat predikante die belydenis moes onderteken (Brown, 1988:154). Só het hulle

gesamentlik 'n kerkverband gevorm en mettertyd sou hulle ook uitkom by die daarstel van 'n kerkorde om die dienswerk en die nastrewing van die kenmerke van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29) binne kerkverband te reël. Tereg kan Van der Linde (1983:7) sê "... die kerkorde is vrug van die belydenis".

Die Konvent van Wesel (1568) was die eerste groot kerklike vergadering waartydens gereformeerde predikante en ouderlinge van verskillende plekke byeengekom het om gesamentlik die kerklike lewe binne die kerke te bespreek. (Vergelyk verder Bakhuizen van den Brink III, 1967:273; Bouwman, 1928:291, 294; Pont, 1981:75 & Rutgers, 1889:1-8.) Hierdie byeenkoms te Wesel was nog nie 'n wettige kerklike vergadering nie (nie 'n sinode wat bindende besluite kon neem nie), aangesien daar nie afgevaardigdes was wat met kredensiebriewe deur hul onderskeie kerke afgevaardig is om die vergadering by te woon nie. Ten grondslag van die bepalinge waarvoor op hierdie vergadering ooreengekom is, is die kerkordes van Calvyn, die Paltz, Frankryk en a'Lasco gebruik, asook die besluite van die Waalse Kerke Onder die Kruis wat in Suidelike Nederland van tyd tot tyd vanaf 1563 tot 1566 vergader het. Op die Konvent van Wesel het die broeders uitgegaan van die gedagte dat daar vryheid moet wees ten opsigte van middelmatige sake, terwyl daar van wesenlike sake (wat volgens die Woord van God en die voorbeeld van die apostels) asook die vaste gebruike in die kerke, nie willekeurig van die algemene ooreenstemming van die kerke en die "ingewortelde gewoonte" afgewyk mag word nie (Bouwman, 1928:291; Hovius, 1962:13; Jansen, 1924:47 & Spoelstra, 1989:488). Die doel met hierdie vergadering was om 'n "konsepkerkorde" daar te stel. Op die eerste sinode waar die kerke sou byeekom, sou hulle hierdie konsep as basis gebruik en dit aanpas by die eis van die tyd en omstandighede (Bouwman, 1928:294). Hier reeds was die beginsel van binding aan kerklike besluite sterk ter sprake.

Bosman *et al.* (1987:9) toon aan dat die Konvent van Wesel reeds bepaal het "dat die bedienaars van die Woord ter wille van die goeie orde voor hul bevestiging instemming moet betuig met die leer van die kerk volgens dié geloofsbelydenis" (die Nederlandse Geloofsbelydenis) asook met die Heidelbergse Kategismus (Deddens, 1963:29; Faber & Meijerink, 1965:17). Te Wesel moes die predikante slegs hulle instemming *mondelings* betoon (Pont, 1981:173). Die

Nederlandse Geloofsbelydenis was aanvanklik 'n verweerskrif teenoor die Roomse owerhede, maar het mettertyd al meer as 'n samevatting van die Calvinistiese interpretasie van die Woord gedien (Bosman *et al.*, 1987:48). Ook die Heidelbergse Kategismus het mettertyd onder alle gereformeerdes bekend geword soos wat hulle onder die vervolging van die Rooms-Katolieke na verskillende lande en streke uitgewyk het en het ook in die Nederlandse kerke inslag gevind (Deddens, 1963:29). Faber en Meijerink (1965:17) wys daarop dat die gereformeerdes op hierdie kerklike vergadering die presbiteriale kerkregeringstelsel aangeneem het. Reeds te Wesel het die ampsdraers op die nodigheid daarvan gewys om al die kerke in klassies in te deel sodat hulle in die toekoms oor gewigtige sake wat almal se belange raak, besluite kon neem (Jansen, 1924:47).

Die Sinode van Emden (1571) was die eerste sinode van die Nederlandse kerke. Op hierdie sinode was daar wettige afgevaardigdes van al die onderskeie gemeentes wat as 'n regeervergadering van die ampte, namens die kerke, geldige besluite geneem het vir al die kerke binne hul "bevoegdheidskring" (Bosman *et al.*, 1987:9; Kruger *et al.*, 1966:504 & Pont, 1981:223). Hier het die kerke die kerkverband (die saamlewe van die kerke in een geordende verband) nader gereël en daarop gewys dat kerklike eenheid dien tot eer van God en tot opbou van die kerke (Bouwman, 1934:4; Deddens, 1990a:111). Die kerke moes vrywilliglik en gesamentlik 'n bepaalde gemeenakkoord (kerkorde) opstel, waarvolgens aan die een kant die vryheid van die kerke verseker word, maar aan die ander kant alle willekeur uitgeskakel word, om sodoende die belydenis en orde (en daardeur die eenheid) binne die kerke te handhaaf. Daarom was daar geen independentisme nie, maar 'n strewe daarna om dit wat gesamentlik besluit is met ywer na te kom en om alleen te verander nadat daar weer gesamentlik oor die voorgestelde veranderingsbesluite geneem is (Deddens, 1990a:112; Rutgers, 1890:18). Bouwman (1934:5) wys daarop dat "de vigeerende kerkenordening" alle kerke bind wat dit aanvaar het. "Zij had algemeene geldigheid, juist omdat de Kerken zelve haar voor zich zelve gemaakt hadden" (Rutgers, 1890:18). Rutgers (1890:27) wys ook daarop dat "het gemeen accoord in den eisch van Gods Woord was gegrond". Die kerke het dan op grond van hul geloofseenheid die orde of organisatoriese eenheid tussen die kerke gereël (Spoelstra, 1989:26).

Op hierdie sinode het die kerke die beginsel vasgemaak dat daar slegs sake op 'n meerdere vergadering behandel mag word wat nie op 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie (Bouwman, 1928:294). Op 'n meerdere vergadering moet die wettige afgevaardigdes van die onderskeie gemeentes volgens God se Woord en die kerkorde die gesamentlike belange van die kerke behandel terwyl die reg van die plaaslike kerk gehandhaaf word en gesorg word dat alles in die lewe van die kerke volgens die Woord van God geskied en die Hoofskap van Christus eerbiedig word. Hierdie sinode het ook besluit dat predikante die Nederlandse Geloofsbelydenis moes onderteken om daarmee hul eenheid in die verstaan van die leer uit te druk (Bosman *et al.*, 1987:9; Kuyper, 1932/33:17 & Pont, 1981:173).

Pont (1981:110) noem van die belangrikste grondbeginsels wat ter sprake is by die hantering van 'n kerkorde soos wat die Sinode van Emden (1571) daarvoor besluit het, naamlik: Dat die behoefte van die kerke dit soms nodig maak om aan die kerkorde te verander om die bes moontlike orde vir die voortgang van die Evangelie van Jesus Christus daar te stel; dat verandering aan die kerkorde alleen deur 'n sinode aangebring mag word; en dat die kerkorde dit duidelik moet stel dat die eenheid in belydenis die samebindende band is wat kerke byeen hou.

Botha (1997:1300) wys daarop dat die provinsiale sinode van Suid-Holland (1578) vir die eerste keer daarop gewys het dat die ondertekening van die belydenisskrifte nie alleen daarom gegaan het om die eenheid in die leer uit te beeld nie, maar ook om die suiwerheid van die leer te bevestig.

Die sinode van Den Haag (1586) het by die ondertekening van die belydenis die bepaling bygevoeg dat predikante wat weier om die belydenis te onderteken en om hulle só te verbind, uit hul diens geskors moet word (Kuyper, 1932/33:17).

Knipscheer (1907:80) toon aan dat daar met Arminius se beroep en bevestiging in 1588 na Amsterdam geen sprake was dat hy die Nederlandse Geloofsbelydenis as bindend onderteken het nie. Op 'n "bindinglose" wyse het hy homself slegs verbind tot "gelykvormigheid" en "niet licht verandering te maken of iets nieuws, dan hetgeen met gemeen advies tot stichting der gemeenschap zal

goedgevonden worden". Hy toon ook aan hoedat die sinodes in hierdie tyd die sake van die liberale predikante Taco Sybrantsz en Cornelis Wiggertsz hanteer het (Knipscheer, 1907:90-91). Sybrantsz is toegelaat om sy ondertekening te beskou as "naar het gevoel van het meerendeel van de kerkelijken dier dagen" en Wiggertsz is toegelaat om te toets in hoeverre die sinode afwyking sou toelaat voordat hulle teen hom sou optree, aangesien hy volkome vryheid geëis het om die Skrif self te kon verklaar (sogenaamde leervryheid). Kuyper (1932/33:16) wys daarop dat persone soos Ubbink, Van Toorenbergen en Borsius die geskiedenis verdraai deur te beweer dat dit die oorspronklike reformatoriese uitgangspunt was dat 'n sinode nie ampsdraers mag bind nie. Daarteenoor stel hy dat die Heilige Skrif alleen die enigste norm is (Duvenage, 1971:19). Die reformatore het geen leervryheid toegelaat nie en daarom kon ampsdraers nie maar openlik van die leer afwyk nie.

In 1591, onder leiding van Johannes van Oldenbarneveldt, het die Nederlandse owerheid 'n nuwe kerkorde opgestel wat van kandidate in die teologie slegs ver wag het om hul aan die leer van die Heidelbergse Kategismus te hou, terwyl die binding aan die Nederlandse Geloofsbelydenis nêrens gemeld word nie (Faber & Meijerink, 1965:23). Sodoende het hulle probeer om die binding aan die belydenis te verslap, sodat die owerheid later meer inspraak in die sake van die kerk kon kry, selfs ampsdraers sou kon "instem" en só uiteindelik daarin sou slaag dat vrysinnige leraars en ampsdraers (die sogenaamde "rekkelike libertijnen") "beheer van die kerk oorneem" (Faber & Meijerink, 1965:23). Faber en Meijerink (1965:26) noem hier 'n man soos Coornhert wat 'n vyand was van alle kerklike belydenisse, asook die sogenaamde moderne-humanistiese pelagiane wat met amptelike gesag en die ondersteuning van die owerhede hul dwalinge in die kerk begin indra het. Hierdie dwalinge begin gewoonlik posvat waar die kerkleer aangeval en verdag gemaak word en as uitvloeisel ontaard die Skriftuurlike kerkregering sodat die diens van die amp verander na 'n oorheersing van "meerderes oor minderes" (Faber & Meijerink, 1965:8).

Jansen (1924:237) wys daarop dat die klassis van Alkmaar (1608) vir die eerste keer 'n ondertekeningformulier opgestel het wat uit twee dele bestaan, naamlik 'n verklaring van instemming met die Heidelbergse Kategismus en Nederlandse Geloofsbelydenis en ook die belofte om aan die leer vas te hou en om alle

dwalings wat daarmee in stryd is, openlik teen te gaan. Hierdie was die "moederformulier" van die bevestigingsformulier soos dit tydens die sinode van Dordrecht 1618/19 aanvaar is.

Tydens die provinsiale sinode van Zeeland (1610) het die predikante ook 'n formulier onderteken waarin hulle oor die kerkorde verklaar het dat dit met die Woord ooreenstem, dat hulle hul daaraan sou hou en dat hulle alle besware daarteen op die voorgeskrewe kerklike wyse sou hanteer (Pont, 1981:174).

Die onderskeie sinodes (asook die konvent van Wesel) vanaf 1568 tot 1618 het die saak van binding aan Skrif, belydenis en kerkorde, asook aan alle ander besluite van kerklike vergaderings telkens hanteer en later van predikante en kerke verwag om hulself skriftelik met hul handtekening onderaan 'n ondertekeningformulier as gebonde daaraan te verklaar. Die teenstand teen die binding aan Skrif, belydenis en kerkorde en ander kerklike besluite het weens die stryd tussen Arminius en die Kontra-Reonstrante egter fel toegeneem met die aanloop tot die Sinode van Dordrecht (1618/19) (Berkhof, 1950:222-224).

Die geskiedenis bewys keer op keer dat *die wyse waarop* aan die belydenis (die leer) vasgehou word deur die universiteite of teologiese skole waar predikante opgelei word, bepalend is vir die toekoms van die kerke waar hulle predikante word. "Als de opleiding der predikanten vergiftigd is, dan is één der voornaamste bronnen voor het kerkelijk leven vergiftigd en zijn de gevolgen daarvan katastrofaal" (Faber & Meijerink, 1965:27). Rotterdam (1914:71) toon aan dat Arminius nooit bereid was om sy ware kleure openlik te vertoon nie. Voordat hy professor te Leiden geword het, het hy reeds as predikant "zijn afwijkende opvattingen behoorlijk ... camoufleren" al het die calvinistiese predikante telkens gepoog om hom te ontmasker (Faber & Meijerink, 1965:29). Van die kant van die owerhede (die Gereformeerde kerk in Nederland was onder die gesag van die staat) het hulle die antwoord gekry dat hulle as predikante nie so agterdogtig teenoor mekaar moes wees nie, maar mekaar Christelik moes verdra (Faber & Meijerink, 1965:30). Van Bruggen (1980:10) merk op dat die Remonstrante en alle vrysinniges fel teen die belydenis gekant was. Daarteenoor het gereformeerdes (en by name die kerkraad van Amsterdam) geoordeel dat ontrou aan en openlike afwyking van die belydenis (deur hulself nie as gebonde daaraan

te beskou nie) as verbreking van die kerkverband gesien moes word (Kruger *et al.*, 1966:29).

Later het Arminius daarin geslaag om as professor te Leiden bevestig te word, deurdat hy op 'n skynheilige wyse sy eie leerstellings verloën het (Faber & Meijerink, 1965:31-32). Dit het hom egter nie verhinder om ná sy bevestiging in die lesingsale en tydens privaatklassie by hom aan huis, sy dwalinge onder die toekomstige predikante onder sy sorg te versprei nie. Hy het ook gesorg dat sy leerstellings nie op skrif gestel word nie. Toe hy later oor sy leerstellings tot verantwoording geroep is, het hy verklaar dat hy nie bewus was van enige verkeerde gevoelens in die godsdienst van sy kant af soos dit waarvan sy medeprofessor te Leiden (Gomarus) hom beskuldig het nie. Hy het verklaar dat hy meen dat hy hom altyd aan die belydenis gehou het en steeds wou hou. Verder het hy beweer dat hy wel verskil het van die besondere menings van spesifieke leraars, maar nooit verskil het van die Skrif of die algemene gevoel van die kerke oor sake nie. Hy het voorts verklaar dat hy nooit die oorsaak van skeuring in kerk of staat wou wees nie en dat hy bereid was om homself skriftelik te verweer indien dit van hom vereis sou word (Faber & Meijerink, 1965:31-32).

Die Remonstrante het intussen alles in hulle vermoë gedoen om te keer dat 'n nasionale sinode gehou word waarop hulle standpunte getoets kon word, aangesien hulle gemeen het dat onderlinge verdraagsaamheid die enigste middel was wat eenheid in die kerke sou kon bewerk (Rotterdam, 1914:76). Hierdie poging van hulle was niks anders as 'n poging om hul dwaalleer onverhinderd in die kerk in te bring en te versprei nie.

Rotterdam (1914:76) wys op die tipiese werkswyse van die Remonstrante wat aangedring het op verdraagsaamheid en toleransie: "... ondertusschen verdroegen zij niemand maar bondsden de Contra-Remonstranten uit steden en dorpen, waar zij meester waren." Die Remonstrante het ook voorgegee dat hulle die belydenis erken deur dit met mooi woorde te prys en die nut en noodsaak daarvan te erken, maar het daarmee saam gemeen dat 'n persoon slegs in sy gewete gebonde was in soverre *hyself* daarvan oortuig was dat dit met die Woord ooreenstem (Praamsma, s.a.:20; Schotel, 1863:206). Die gevolg van

sodanige standpunt was dat leervryheid in die kerk ontstaan het, aangesien eie Skrifinsig bepalend was vir die waarheid van die belydenis al dan nie.

Die druk en spanning in die kerke het al hoër opgelaai, aangesien Arminius se dwaalleer tydens die eksaminering van studente al duideliker na vore begin tree het (Faber & Meijerink, 1965:32, 37). Tog het hy steeds voorgegee dat hy nie wesenlik afwyk of verskil van die gereformeerde belydenis nie. Intussen het die Gereformeerdes hul al meer daarvoor begin beywer dat 'n nasionale sinode gehou moet word, terwyl die Remonstrante daarvan probeer wegskram het en uiteindelik (toe hulle agterkom dat die hou van 'n nasionale sinode onafwendbaar was) probeer het om pleks van 'n sinode 'n konferensie te hou, sodat almal as gelyke gespreksgenote hulle verskille kon bespreek en geen bindende besluite geneem kon word nie (Faber & Meijerink, 1965:33, 42; Schotel, 1863:213). Die sinode sou dit egter nie toelaat nie en het besluit dat die Remonstrante hul standpunte voor die sinode moes lê en dat die sinode daaroor (op grond van Skrif, belydenis en kerkorde) moes oordeel (Feenstra, 1950:9-10). Verder het die Remonstrante die indruk probeer skep dat die Gereformeerdes die oorsaak van die verdeeldheid in die kerk was en het sodoende op slinkse wyse gepoog om die aanklaers, in plaas van die beskuldigdes, te word (Feenstra, 1950:9). Hulle het geweier om besluite te aanvaar, maar ook nie bewys dat daardie besluite strydig met die Woord is nie, terwyl hulle die onus van die bewyslas van hulself op die vergadering probeer oordra het (Van der Linde, 1983:130). Praamsma (s.a.:21) wys daarop dat die groot verskil tussen die Remonstrante en die Gereformeerdes was dat eersgenoemde hulself nie as gebonde aan die belydenis beskou het nie, terwyl laasgenoemde hulself as gebonde beskou het ooreenkomstig die onderlinge afspraak met die ander kerke en die goeie trou wat hulle aan mekaar verskuldig was. Dit hou in dat gereformeerde gelowiges op die ordelike kerklike weg van beswaarskrif en appèl hul saak voor 'n meerdere vergadering sal toets indien hulle enige bedenkinge oor enige aspek van die leer volgens die belydenis sou ondervind (kerkorde GKSA artikels 31 & 46).

Uiteindelik het Prins Maurits, wat die bewind in Nederland oorgeneem het en die Gereformeerdes (Kontra-Remonstrante) goedgesind was, ingegryp en die nasionale sinode van Dordrecht (1618/19) byeengeroep (Berkhof, 1950:224). Hierdie sinode het homself positief uitgespreek oor die wyse waarop die

Heidelbergse Kategismus en die Nederlandse Geloofsbelydenis die hoofsaaklik van die leer van die Woord verklaar, asook dat die belydenisskrifte beskerm en onveranderd aan die nageslag oorgelewer moes word. Daarom het die ondertekeningformulier wat die sinode opgestel het, van alle predikante, ampsdraers, professore, rektore van teologiese skole, onderwysers en sieketroosters vereis om met hul handtekening te erken dat hierdie belydenisskrifte met die Skrif ooreenstem (Bakhuizen van den Brink, 1940:35; Deddens, 1963:30). Die sinode het hierdie formulier só bewoord dat diegene wat dit onderteken het, dit sonder voorbehoud moes doen, met die hartsoortuiging dat dit ooreenstem met die Woord van God, waarop hulle moes belowe om nie iets teen die belydenisskrifte te leer nie (Bosman *et al.*, 1987:10; Kuyper, 1932/33:17). Die sinode het verder van die Remonstrante vereis om hul besware teen die belydenisskrifte *skriftelik* in te dien (Bosman *et al.*, 1987:9). Diegene onder die predikante wat volhardend sou weier om die belydenisskrifte te onderteken, sou uit die amp afgesit word (Botha, 1997:1300). Hierdie reg het die sinode homself (geregverdiglik) toegereken, aangesien al die plaaslike kerkrade en ander mindere vergaderings nie teen die dwaalleraars opgetree het nie (Kuyper, 1933/34:9).

Die kerke het tydens die nasionale sinode van Dordrecht (1618/19) die beginsel teenoor die Remonstrante (wat van gebondenheid aan die belydenis niks wou weet nie) duidelik gestel, naamlik dat die belydenis onderskryf word, *omdat* dit met die Woord van God ooreenstem (Kruger *et al.*, 1966:333). Kuyper (1879:123) wys op die gereformeerde uitspraak deur die sogenaamde sewe Haagse here: "*Gods Woord* regel van geloof, maar die *Formulieren* regel van onderwys en prediking!" Daarmee saam het hulle hulself verbind aan die Dordtse Kerkorde wat bepaal dat die besluite van meerdere vergaderings bindend is, behalwe as dit strydig is met God se Woord (Scholtz, 1992:5). Binding aan kerklike besluite het dus vir die kerke ingehou dat die sinode se besluite vas staan en dat dit geldend is vir al die kerke.

Meijer (1995:85) wys onder andere daarop dat die kerke wat waarlik gereformeerde kerke was, ook ten opsigte van alle ander kerklike besluite (afgesien van die binding aan die belydenis en kerkorde) vanaf 1581 tot 1620,

vasgehou het aan die "vir vas en bindend hou" van die besluite van meerdere vergaderings.

4.3.2.1.1. SAMEVATTING

- Reeds in 1563 het die kerke in Suidelike Nederland vereis dat predikante die belydenis moes onderteken.
- Die onderskeie sinodes (asook die konvent van Wesel) vanaf 1568 tot 1618 het die saak van binding aan Skrif, belydenis en kerkorde, asook aan alle ander besluite van kerklike vergaderings, telkens hanteer en later van predikante en ampsdraers verwag om hulself skriftelik (met hul handtekening onderaan 'n ondertekeningsformulier) as gebonde daaraan te verklaar. Die teenstand teen die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde en ander kerklike besluite het egter fel toegeneem met die aanloop tot die Sinode van Dordrecht (1618/19).
- Die geskiedenis het nog altyd bewys dat die wyse waarop aan die belydenis (die leer) vasgehou (gebind) word deur die universiteite of teologiese skole waar predikante opgelei word, bepalend is vir die toekoms van die kerke waar hulle predikante word, aangesien die kerklike lewe vergiftig word waar die opleiding van predikante vergiftig is.
- Gereformeerde kerke vanaf 1581 tot 1620 het die besluite van meerdere vergaderings vir vas en bindend gehou.

4.3.2.2. NEDERLAND Ná 1618 EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die besluite wat geneem is op die Sinode van Dordrecht (1618/19) het nie oral eweveel byval en ingang gevind nie. Aanvanklik is daar sterk opgetree teen die Remonstrante en hulle leiers is uit Nederland verban (Berkhof, 1950:226). Met die dood van Prins Maurits in 1625 het baie Remonstrante weer na Nederland teruggekeer en hulle kon binne die gees van verdraagsaamheid wat toe geheers het, vrylik voortgaan om hul semi-pelagiaanse en arianistiese idees te verkondig. Alhoewel die kerk verdraagsaamheid as wyse van samewerking verwerp het en steeds die Woord as die enigste grond vir waarheid aanvaar het, het die owerheid van die dag uitgegaan van die beginsel van verdraagsaamheid. Weens

die groot rol wat die owerheid in die kerk gespeel het en deurdat hulle alles moontlik sou doen om rus en vrede in die samelewing te bewerk, het hulle 'n beleid van toleransie verkondig wat later ook in die kerklike lewe 'n allesoorheersende rol begin speel het (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:23; Berkhof, 1950:226 & Knipscheer, 1907:59).

Berkhof (1950:227-230) wys daarop dat "na de jaren van grote innerlijke en uiterlijke bewogenheid (wat die sinode van Dordrecht 1618/19 voorgegaan het – JHH) kwamen de jaren van verstarring en veruitwendiging". Verskeie onverkwiklike onderlinge teologiese twiste (vergelyk die stryd rondom Coccejus, Descartes en Labadie) het die kerk lam gelê (Kuyper, 1879:114). Die kerke het ná Dordrecht (1618/19) ook nie weer 'n nasionale sinode gehou nie (Berkhof, 1950:225).

Mettertyd het die Libertyne of Vrysinniges 'n al groter rol in die Nederlandse kerk en staat begin speel (Berkhof, 1950:286; Botha, 1997:1306 & Pont, 1982:23). Die Hervormde Kerk was ook só verkneg aan die owerheid dat hy nie in staat was om homself selfstandig te organiseer nie. Gevolglik het koning Willem I op die sinode van 1816 sy "Algemeen Reglement voor het bestuur der Hervormde Kerk" feitlik sonder slag of stoot ingevoer gekry, alhoewel dit kerklik en grondwetlik volkome ontoelaatbaar was (Berkhof, 1950:287; Bouwman, 1928:312; Rullmann, 1917b:236 & Van der Linde, 1986:20). Die uiteinde daarvan was dat waar die owerheid voorheen groot invloed in die kerk gehad het, die kerk nou geheel en al aan die owerheid onderworpe was. Die kerk was nou 'n staatskerk wat die owerheid met sy Algemene Reglement regeer en beheer het. Die binding aan kerklike besluite wat rus op die Skrif, belydenis en kerkorde was nie meer bepalend vir die kerklike lewe nie, maar die wette van die staat, soos saamgevat in die Algemene Reglement, het die kerk regeer (Berkhof, 1950:287; Pont, 1981:15).

Bouwman (1928:312) toon aan dat die inhoud van hierdie kerkorde (die Algemene Reglement van 1816) inhoudelik ongereformeerd was, aangesien die plaaslike kerk nie meer selfstandig deur ouderlinge regeer is nie (die presbiteriale kerkregeringstelsel), maar dat die kerke deur die sinode regeer is (kollegialistiese kerkregeringstelsel) wat uiteindelik weer van die besluite van die owerheid

afhanklik was. (Vergelyk ook Pont, 1991:24.) Die sinode van 1816 het voorts die sterkte van die binding aan die belydenis (soos uitgedruk deur Dordrecht (1618/19) se ondertekeningformulier) afgewater, sodat die nuwe ondertekeningformulier nie meer die belydenis onderskryf het *omdat* (*quia*) dit ooreenstem met die Woord van God nie, maar *in soverre* (*quatenus*) dit met die Woord ooreenstem (Bosman *et al.*, 1987:10; Coetzee, 1970:13 & Nauta, 1969:66). Hierdie nuwe ondertekeningformulier het die deure oopgegooi vir vrysinnigheid in die Hervormde Kerk in Nederland (Pont, 1985:523; Praamsma, s.a.:20 & Rullmann, 1916:47).

4.3.2.2.1. SAMEVATTING

- Die besluite wat die kerke tesaam op die sinode van Dordrecht (1618/19) geneem het, het nie oral eweveel byval en ingang gevind nie.
- Die owerheid het 'n groot rol in die kerk gespeel en sou alles moontlik doen om rus en vrede te bewerk. Daarom het hulle die beginsel van toleransie verkondig wat later in die kerklike lewe 'n allesoorheersende rol sou speel.
- Die nuwe ondertekeningformulier van 1816 het die deure oopgegooi vir vrysinnigheid in die Hervormde Kerk in Nederland.

4.3.2.3. DIE AFSKEIDING VAN 1834 EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Ds. Hendrik de Kock van Ulrum het die Afskeiding inisier as gevolg van die wyse waarop die owerheid die kerk met sy Algemene Reglement van 1816 bestuur het. Die Hervormde Kerk was op daardie stadium in totale verwarring aangesien die owerheid geweier het om die Formuliere van Eenheid (Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls) te handhaaf, die ondertekeningformulier vir predikante weer in te stel (waarvolgens die belydenis omhels word *omdat* dit met die Woord ooreenstem) en die kerklike reglemente te verander om ooreen te stem met die Woord en die kerkorde van Dordrecht (1618/19) en om sodoende die Gereformeerde kerke na hul grondslag terug te bring (Nauta, 1969:20). Vir De Cock was die absolute binding aan die Woord van God die uitgangspunt vir alle kerklike handeling en besluite; hy het geleer dat die belydenis (Formuliere van Eenheid) gesagvol was *omdat* dit ooreenkom met

die Woord van God en dat getrouheid daaraan ononderhandelbaar was; hy wou die eredienste inrig volgens die ou kerklike liturgie; en hy wou terugkeer na die presbiteriale kerkregeringstelsel, soos vergestalt in die kerkorde van Dordrecht (1618/19) (Bouwman, 1928:314; Nauta, 1969:50).

Die leervryheid wat op hierdie stadium in swang was binne die kerke was van so 'n aard dat die meeste predikante "gevoelden zich geheel vrij van de 'allerellendigste formulieren' en 'Dordrechtse kluisters'" (Polman, s.a.b.:169). Vrysinnige predikante het die kernwaarhede van die Christelike geloof soos die Goddelike Seunskap van Christus, die leer van die Drie-eenheid en die verlossing deur die soenverdienste van Christus openlik verloën en as fabels afgemaak sonder dat hulle daarvoor getug is. Daarmee saam het die Algemene Reglement van 1816 die kerk sodanig verlam dat hy as pion in die hand van die owerheid nie kon opstaan om die kenmerke van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29) te bly vertoon nie (Pont, 1991:24-25). Hierdie proses het geleidelik plaasgevind, omdat die regering doelbewus 'n beleid van "*grootte omzichtigheid*" en "*behoedzaamheid*" gevolg het om die nuwe vorm van kerkregering in te stel sodat dit "*van tijd tot tijd, onmerkbaar* tot stand kan brengen" wat die regering daarmee beoog het (Rullmann, 1916:47).

Die kenmerkende gees wat in hierdie tyd van vrysinnigheid geheers het, was een waarbinne die sogenaamde *libertas prophetandi* toegelaat is op die gebiede waaroor die belydenis homself nie spesifiek uitspreek nie. Verder het die gedagte van toleransie en verbroedering ten koste van waarheid, hoogty gevier. Daarmee saam het totale verwarring ingetree, aangesien die handhawing van die belydenis nou as kettery gesien is. Ook die nuwe ondertekeningformulier vir proponente het die deur oopgelaat vir leervryheid. Die *quatenus*-standpunt is algemeen beskou as die enigste wyse waarop predikante hulle aan die belydenis moes bind. Ten slotte was die algemeen aanvaarde siening dat die uitleg van die Woord 'n saak van suiwer individuele eksegeese deur elke afsonderlike predikant is (Botha, 1997:1304-1306; Pont, 1982:23 & Rullmann, 1916:51).

De Cock het die woorde van 'n ou katkisasiehoofkrag, Klaas Pieters Kuipenga, weer in herinnering geroep: "Indien ik ook maar één zucht tot mijn zaligheid moest bijbrengen, dan was het voor eeuwig verloren." Onder inspirasie van

hierdie woorde het hy hom weer in die gereformeerde leer, wat vir soveel jare deur die meeste teoloë eenkant toe geskuif was, begin verdiep (Rullmann, 1916:55). Op grond daarvan het hy weer begin om die verlorenheid van die mens, die belangrikheid van skuldbelydenis en die eer van God te verkondig, sodat mense na die eredienste wat hy gelei het, gestroom het (Spoelstra, 1993:354). Hy het aanvanklik gemeen dat iemand anders hierdie stryd teen die vrysinnigheid sou opneem en dat hyself daartoe onbekwaam was, maar kon later nie meer vrede maak met die vergrype en dwalinge nie en het die stryd teen die dwaalleer in die kerk opgeneem, aangesien hy God meer gehoorsaam moes wees as mense (Hand. 5:29). (Vergelyk ook Rullmann, 1916:103 & Van der Vyver, 1958:144.) Vir De Cock was die belydenis 'n werklikheid waaraan gelowiges hulle moes bind en wat in die hede van die kerklike lewe toegepas en gehoorsaam moes word (die tug moes dus ook toegepas word) en die kerkregering moes op die belydenis bou (Van't Spijker, 1993:188-193). Hy het in die woorde van Rullmann (1916:30) geglo: "... dat de Christelijke godsdienst eeuwig onveranderlijk is gelijk zijn Stichter; dat de godsdienst in de 19de eeuw is wat hij was in de 16de en wat hij was in de 1ste eeuw; en dat het Gode onwaardig zou zijn, Hem te onderwerpen aan de eeuwige slingeren van den menschelijke geest." Reformasie het dus vir De Cock beteken dat hy homself opnuut weer moes verbind aan die Skrif, belydenis en kerkorde en aan alle kerklike besluite wat daarop rus.

Baie lidmate het in die Hervormde Kerk in Nederland agtergebly en hulle nie by die Afskeiding gevoeg nie, alhoewel hulle ontevrede was met die leer en kerkregering van die kerk, maar omdat hulle tog van mening was dat die kerk van binne af moes hervorm. Daarom was daar telkens (binne die Hervormde Kerk) vertoë gerig vir die handhawing van die suiwer Skriftuurlike leer, die gesag van die Woord en die gereformeerde belydenis, asook versoeke dat opgetree moes word teen die vrysinnige predikante wat die kerkverband in beroering gebring het (Malan, 1986:42).

4.3.2.3.1. SAMEVATTING

- Ds. Hendrik de Kock van Ulrum het die Afskeiding geïnisieer in reaksie op die wyse waarop die owerheid die kerk met sy Algemene Reglement van 1816 bestuur het.
- Leervryheid is geduld en die vrysinnige predikante het die kernwaarhede van die Christelike geloof openlik verloën, sonder dat hulle daarvoor getug is.
- Reformasie het vir De Cock beteken dat hy homself weer opnuut moes verbind aan die Skrif, belydenis en kerkorde en aan alle kerklike besluite wat daarop rus.

4.3.2.4. DIE DOLEANSIE VAN 1886 EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Die stryd om die herstel van die Hervormde Kerk in Nederland het voortgeduur ná die Afskeiding van 1834. Met die opkoms van die Groninger-skool (wat vrysinnigheid verkondig het) het gereformeerde gelowiges soos Groen van Prinsterer hierdie skool en sy teologie veroordeel en by die sinodale organisasie daarop aangedring dat teruggekeer word na die Drie Formuliere van Eenheid en na 'n handhawing van leertug. Van Prinsterer het later besef dat dit nie sou gebeur terwyl die staat seggenskap oor die kerk het nie en het homself gevolglik veral beywer vir "een vrije kerk in een vrije staat" (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:181; Berkhof, 1950:291-293).

Abraham Kuyper (1837-1920) (die onbetwiste leier van die Doleansie) het hierdie ideaal van "een vrije kerk in een vrije staat" van Van Prinsterer later help werklikheid maak, aangesien hy die volkskerkidee verwerp het en verwag het dat die kerk alleen maar uit ware belydende lidmate bestaan; dat die "sinodale juk" afgegooi moes word en dat die Drie Formuliere van Eenheid en die orde in die kerke volgens die Dordtse Kerkorde in ere herstel moes word (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:182; Berkhof, 1950:293). Hy het hom ook beywer vir die uiteindelijke stigting van 'n vrye universiteit te Amsterdam (1880) wat as bolwerk teen die liberale gees van die tyd die wetenskap op die grondslag van die Drie Formuliere van Eenheid sou beoefen.

Hierdeur het die spanning tussen die Gereformeerdes (onder leiding van Kuyper) en die owerheid (wat die liberale rigting gesteun het) opgebou. Die kerkraad van Amsterdam het geweier om toestemming te gee dat van hul eie lidmate (met liberale idees) belydenis aflê by ander gemeentes met liberale predikante. Die kerkbestuur (owerheid) wou hulle dwing om sodanige toestemming te gee en het hulle uiteindelik, omdat hulle geweier het, uit die amp geskors en afgesit. Só het die owerheid die 5 predikante en 42 ouderlinge en 33 diakens van Amsterdam hanteer wat probeer het om die Algemene Reglement gewysig te kry om sonder verlies van hulle kerkeiendomme, standpunt teen die kerklike besture se verdraagsaamheid teenoor vrysinnigheid in te neem (Berkhof, 1950:294). Intussen het die sogenaamde "Kerklike Besture", in stryd met die Algemene Reglement, nie toegelaat dat teologiese kandidate wat by die Vrye Universiteit van Amsterdam afstudeer het, ondervra en as predikante bevestig word nie (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:294; Rullmann, 1917:14-19). Die sinode van die Hervormde Kerk in Nederland het op 1 Desember 1886 finaal besluit om die Amsterdamse ampsdraers af te sit. As gevolg van hierdie afsetting het hulle tesame met al hulle medestanders op 11 tot 14 Januarie 1887 te Amsterdam 'n kongres gehou op grond waarvan die kerke van die Doleansie tot stand gekom het (latyn vir "treur" is *doleo*). Die kerke het getreur oor die feit dat hulle hul kerkeiendomme verloor het (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:182; Berkhof, 1950:295). Rullmann (1917:222) sê: "Het woord "doleeren" is uit de Latijnsche taal herkomstig. Het beteekent oorspronkelijk: smart hebben; en dan verder: zijn smart bekendmaken, zijn klacht uitspreken, zich beklagen, bijzonder bij den rechter. Wie zich in zijn rechten verkort acht, dient daarover bij den rechter een klacht in, en gaat alzoo in *doleantie*."

Die stryd van 1886 was weer eens 'n stryd wat rondom die binding aan kerklike besluite sentreer het. Waar daar leervryheid in die kerk toegelaat word, manifesteer dit in die verbreking en minagting van kerklike besluite of dáárin dat die kerke nie gesamentlike besluite neem en onderling aan mekaar leiding gee ten opsigte van wesenlike sake nie. Aangesien kerkverband gebaseer word op "*consensus in doctrina*" (die eenheid in die leer wat die akkoord van kerklike gemeenskap is), kan leervryheid nie anders as om tot 'n verbreking van kerkverband en tot 'n siening van ongebondenheid aan kerklike besluite (wat Woordgetrou probeer wees) aanleiding gee nie. Van der Linde (1986:19) wys

daarop dat die belydenis (Drie Formuliere van Eenheid) later bloot as “historiese” dokumente hanteer is wat eerbied verdien het weens hul historisiteit en “in soverre” dit met die Woord ooreengestem het. Sodoende het hulle leervryheid in die Nederlandse Hervormde Kerk toegelaat. Geen wonder nie dat Kuyper aangedring het op die ondertekening en honorering van die Drie Formuliere van Eenheid en die Dordtse Kerkorde wat op die belydenis gegrond word (Rullmann, 1917a:46-47; Van der Linde, 1986:20-21 & Visser, 1986:34).

In die Doleansietyd wou die kerke verseker dat gemeentes en hul kerkrade voortaan beskerm sou wees van onderdrukking deur meerdere vergaderings of kerklike besture (Strauss, 1992b:190). Daarom het die dolerendes in hierdie tyd kerklike gesag vanuit die gemeente benader en sinodale gesag van kerkraadsgeag afhanklik gemaak (Kuyper, 1884:34; Rutgers, 1887:14; Rutgers, 1971:17-18 & Strauss, 1992b:190). Die kerke het argumenteer dat die plaaslike kerke die besitters is van gesag. Gedeputeerdes op meerdere vergaderings moes hul aan die opdragte van die kerke wat hulle afgevaardig het, gebonde hou (Rutgers, 1971:17-18; Strauss, 1992b:191). Hierdie siening van die gesag van die plaaslike kerk kon nie anders nie as om voort te vloei uit die standpunt dat plaaslike kerke die besluite van meerdere vergaderings moet ratifiseer nie, wat uiteindelik nie anders kan as om op independentisme uit te loop nie (Strauss, 1997:173).

Visser (1986:29) noem die Doleansie ‘n “hervormingstryd” wat gegaan het om die belydenis en die binding aan die belydenis weens ‘n versuim aan leertug, asook weens onregverdige tugtoepassing oor diegene wat die belydenis wou handhaaf. Die kerklike besture wou die bepalings van die Algemene Reglement (menslike wetlike bepalings) ten alle koste handhaaf, al het dit met die prysgawe van belydenisbinding gepaard gegaan. Die liberale rigting (Groninger-skool en Moderne Teologie) wou slegs die Woord, sonder enige belydenisbinding, as norm vir leer en prediking handhaaf (Pont, 1982:23). Gevolglik kon elke predikant preek volgens eie insig en sonder dat hy enigsins tot verantwoording geroep kon word (Nauta, 1969:66-68, 72-73, 78; Praamsma, s.a.:23).

Spoelstra (1989:8) toon aan dat die kerke van die Doleansie eenheid belewe het op grond van eenheid in die belydenis, alhoewel daar nie noodwendig eenheid in

kerkregering was nie. Daarteenoor het die liberale element in die Nederlandse Hervormde Kerk hul beywer vir strukturele eenheid, al was daar nie eenheid in die geloof nie!

Die kerke van die Doleansie wou hulself streng bind aan die belydenis en aan die liturgiese formuliere en het dié wat daarvan afgewyk het, afgewys (Floor, 1986:40). Daarom het hulle ook vereis dat predikante se ondertekeningformulier die binding aan die belydenis nie slegs tot die hoofsaak of die wese van die belydenis beperk nie, maar dat dit die ondertekenaar bind om die belydenis te sien as naspreke van die Woord van God (Kuyper, 1879:12).

Deddens (1986:118) wys op die eise wat die kerke van die Doleansie aan die kerkverband gestel het. Daaronder geld binding aan die belydenis as grondslag (binding aan die Skrif is vanselfsprekend); asook binding aan die ooreengekome kerkorde; asook binding aan die besluite van meerdere vergaderings (wat vir die kerke bindende regskrag het), tensy dit in stryd met die Woord van God of die kerkorde bevind word (Kruger *et al.*, 1966:39).

Kerke kon in kerkregtelike sin vrywilliglik tot die kerkverband toetree en was dán eers verplig om hul as gebonde aan die Skrif, belydenis en kerkorde te beskou, terwyl die binding aan die belydenis die gemeenskaplike eenheidsgrond daargestel het (Deddens, 1990b:136-137). Waar die kerke om gegronde redes die belydenis, kerkorde of die besluite van meerdere vergaderings sou wou verander, het die kerke 'n wettige kerklike weg daargestel waarvolgens meerdere vergaderings die voorgestelde veranderings deeglik kon toets aan die Skrif, belydenis en kerkorde. Indien die beswaarde nie tevrede gestel kon word deur die gepaardgaande besluit nie, moes hy die kerkverband verlaat of sy amp neerlê (Rullmann, 1917a:235).

Rullmann (1917a:67) wys op Hoedemaker wat as beginselvaste Gereformeerde die suiwer weg tot Reformasie soos volg aangetoon het: "... het verbond Gods ons beginsel, die Gemeente Gods ons doel, het Woord Gods onze regel en de instelling Gods in het kerkelijke ambt en de kerkelijke regeering onze weg en ons middel moesten zijn." Een van die grootste probleme wat die kerke van die Doleansie met die "Sinodale Gesagstruktuur" gehad het, was dat hulle besware

(wat gegrond was op die Skrif, belydenis en kerkorde) onbeantwoord gelaat en geïgnoreer is en suiwer op grond van menslik bepaalde wette (die sogenaamde Algemene Reglement) hanteer en afgewys is (Rullmann, 1917a:91; Strauss, 1992:190 & Van der Linde, 1978:64). Gevolglik het van die kerke en predikante by die punt gekom dat hulle daarvan oortuig was dat "het begin van waarachtige kerkelike bekeering gelegen was in breuke met het zondige en tot zonde verleidende kerkverband" (Rullmann, 1917a:100). (Vergelyk ook Hoedemaker, 1886:22-24; Kruger *et al.*, 1966:29 & Visser, 1986:27, 29, 34.)

Rullmann (1916:205; 1917a:111, 113) wys ook daarop dat dit meestal jonger predikante was wat bereid was om die kerklike stryd ter wille van die waarheid en die terugkeer na binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde en Skrifgetroue kerklike besluite te voer, aangesien baie ouer predikante daaraan gewoond was om te werk binne omstandighede waarin hulle steeds "gereformeerde" kon preek en hul ander ampspligte kon uitvoer, alhoewel kerkregtelike gereformeerde beginsels geensins toegepas was nie. Hulle het verder geweet dat 'n terugkeer na die presbiteriale kerkregeringstelsel nie sonder verzet en teenkating sou kon plaasvind nie. Baie van hulle het nie kans gesien om met bekendes van baie jare te breek, om baie lidmate te verloor, om ou bekende kerkgeboue te verlaat en prys te gee, om die (jonger) leierskap van die Doleansiebeweging na te volg en om hul finansiële toekoms prys te gee nie.

4.3.2.4.1. SAMEVATTING

- Abraham Kuyper (1837-1920) het die volkskerkidee verwerp en verwag dat die kerk alleen maar uit ware belydende lidmate bestaan; dat die "sinodale juk" afgegooi moes word; en dat die Drie Formuliere van Eenheid en die orde in die kerke volgens die Dordtse Kerkorde in ere herstel moes word.
- Die kerkstryd van 1886 het rondom die binding aan kerklike besluite sentreer. Waar daar leervryheid in die kerk toegelaat word, manifesteer dit in die verbreking en minagting van kerklike besluite of dáárin dat die kerke nie tesaam besluite neem en onderling aan mekaar leiding gee ten opsigte van wesenlike sake nie.
- In die Doleansietyd wou die kerke verseker dat gemeentes en hul kerkrade voortaan beskerm sou wees van onderdrukking deur meerdere vergaderings

of kerklike besture. Daarom het die dolerendes in hierdie tyd kerklike gesag vanuit die gemeente benader en sinodale gesag van kerkraadsgesag afhanklik gemaak.

- Die Doleansie het van die kerke binne kerkverband verwag dat hulle hul bind aan die belydenis, aan die ooreengekome kerkorde, asook aan die besluite van meerdere vergaderings, tensy dit in stryd met die Woord van God of die kerkorde was.

4.3.2.5. STRYD OM KERKHERSTEL IN DIE NEGENTIENDE EEU IN NEDERLAND EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die stryd om kerkherstel het ná die Doleansie van 1886 steeds voortgeduur in die Nederlandse Hervormde Kerk. Tydens die eerste kwart van die twintigste eeu het die kerklike groeperinge wat tydens die vorige eeu gevorm is, onveranderd bly voortbestaan, terwyl die Hervormde Kerk en Gereformeerde Kerke al verder van mekaar af weg beweeg het (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:231-233). Die Hervormde Kerk was as't ware 'n sambreelkerk waarbinne die Gereformeerde Bond, die konfessionele groep, die etiese groep en die vrysinniges almal 'n tuiste gevind het. Die Gereformeerde Bond het die sinodale struktuur as 'n blote administratiewe band beskou, terwyl hulle hulself gebonde beskou het aan die Drie Formuliere van Eenheid. Die ander groepe het hulself min of selfs glad nie aan die belydenis gesteur nie. Die Algemene Sinode en die kerklike besture van die Hervormde Kerk het 'n bloot administratiewe- en bestuurstaak gehad en het geensins op teologiese gebied leiding verskaf nie (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:233).

Die kerklike owerhede het steeds in die siening bly volhard dat binding aan die belydenis slegs "in wese en in hoofsaak" moes wees en het ontken dat die owerhede se kerklike organisasie die Gereformeerde Kerke van hul grondslag laat afdwaal het (Rullmann, 1917b:6, 10; Van der Linde, 1986:23). Rullmann (1917b:27) wys daarop dat die geleerdes van die Groninger-skool van mening was dat dit "is niet verboden, onrechtzinnig te *zijn*, maar het moet verboden worden onrechtzinnig te *schijnen*". Hulle het geen bindende krag aan die belydenis toegeken nie (Pont, 1982:23). Tot groot hartseer van baie

gereformeerde gelowiges wat getrou wou bly aan die Skrif, die Drie Formuliere van Eenheid en kerkorde, was baie van die sogenaamde Woordgetroue predikante nie bereid om die vrysinnige predikante openlik teen te gaan nie (Rullmann, 1917b:89-92). Een so 'n predikant (ds. Geselschap) het byvoorbeeld erken dat dit teen die Woord is om attestate van vrysinnige lidmate af te gee sodat hulle by vrysinnige predikante kan belydenis aflê, maar wou dit gelate toelaat, aangesien: "Zoo zijn nu eenmaal onze kerkelijke toestanden" (Rullmann, 1917b:335). Dit was baie duidelik in hierdie tyd dat die voorstanders van leervryheid hulself nie as gebonde aan die belydenis beskou het nie en die valse kerkbesture ondersteun en gehandhaaf het om sodoende te verseker dat hulle onverhinderd sou kon voortgaan om hul valse leer te bly verkondig (Botha, 1997:1306; Rullmann, 1917b:348; Van der Linde, 1975:35 & 1979:49).

Gevolgtlik het daar verskeie oproepe uit die kerkverband gekom om die sinodale juk af te gooi en om 'n eie sinode op te roep. Sulke optrede is as 'n geregverdigde rewolusie en as vrug van die geloof beskou, aangesien dit 'n terugkeer was tot gehoorsaamheid aan God se Woord (Rullmann, 1917b:161). Kerkrade dra voorts die groot verantwoordelikheid om die kerke teen die grille van predikante te beskerm wat hulleself nie as gebonde aan die belydenis beskou nie (Rullmann, 1917b:170). Rullmann (1917b:270) toon aan dat ouderlinge wat vasgehou het aan die binding van die belydenis, wél die moderne en vrysinnige predikante se optrede in 'n mate kon inperk. Hulle kon byvoorbeeld weier om die attestate van vrysinnige lidmate te onderteken en af te gee wat sou voorkom dat daardie lidmate belydenis van geloof by vrysinnige kerke aflê (Bouwman, 1928:242; Feenstra, 1947:11). Die kerke en hul lidmate moes besef dat daar sonder die band van die belydenis geen kerkverband moontlik was nie. Kerke het vrywillig tot die kerkverband toegetree en hulself daartoe verbind om in verbondenheid aan hul enigste Hoof, Jesus Christus, volgens die eis van sy Woord en volgens die orde wat Hy daargestel het, op te tree (Bouwman, 1934:39, 49; Coertzen, 1992:4; Kuyper, 1934/1935:8 & Rullmann, 1917b:236).

Dit was reeds in hierdie tyd duidelik dat kerkherstel alleen moontlik sou wees indien die leertug weer ingestel sou word wat binding aan die Skrif en belydenis as voorwaarde tot die Woorddiens sou stel (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:233).

4.3.2.5.1. SAMEVATTING

- Die stryd om kerkherstel het ná die Doleansie van 1886 steeds voortgeduur in die Nederlandse Hervormde Kerk.
- Die kerklike owerhede het steeds in die siening volhard dat binding aan die belydenis slegs "in wese en in hoofsaak" moes wees en het ontken dat die owerhede se kerklike organisasie die Gereformeerde Kerke van hul grondslag laat afdwaal het.
- Kerkherstel sou alleen moontlik wees indien die leertug (wat binding aan die Skrif en belydenis as voorwaarde tot die Woorddiens stel) weer ingestel sou word.

4.3.2.6. DIE STRYD RONDOM DS. GEELKERKEN EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUTE

Berkhof (1950:296) wys daarop dat die leerverskille in die Gereformeerde Kerke al heftiger geword het. Die sinode van Assen (1926) het die kwessie van leertug binne die Gereformeerde Kerke in Nederland (die kerke van die Afskeiding van 1834 en Doleansie van 1886 wat in 1892 een kerkverband gevorm het) op die spits gedryf deur die afsetting van dr. JG Geelkerken, predikant van Amsterdam-Suid (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:183, 233). Dr. Geelkerken was van mening dat die gebeure van Genesis 1 tot 3 geensins "zintuiglijk waarneembare werklikheden" was nie, aangesien hy die letterlike verklaring hiervan betwyfel het. Die sinode wou dr. Geelkerken egter dwing om die letterlike verstaan van Genesis 1 tot 3 te onderskryf, om sodoende die gevaar van willekeurige Skrifuitleg te voorkom (Kruger, 1994:642).

Die sinode het self opgetree en dr. Geelkerken later weens sy volhardende siening van Genesis 1 tot 3 uit die amp afgesit, aangesien die meerderheid van die kerkraad van Amsterdam-Suid met dr. Geelkerken saamgestem het en hom, in teenstelling met die sinodebesluit, nie as predikant wou afsit nie (Bouwman, 1934:25). Sodoende is die hele gemeente buite kerkverband geplaas, ten onregte van die regsinnige lidmate en kerkraadslede wat by die sinode beswaar gemaak het oor die verkeerde leer waaraan hulle blootgestel is.

Binne die Gereformeerde kerkreg het 'n sinode ('n kerklike meerdere vergadering) se besluite bindende gesag, aangesien elkeen nie maar op 'n subjektiewe wyse die belydenis (en gevolglik ook die Woord) mag verstaan en interpreteer nie (Praamsma, 1946:26). Meijer (1995:106) toon tereg aan dat 'n sinode nie self die besluit tot skorsing en afsetting kon voltrek nie, maar die praktiese uitvoering van die besluit tot skorsing en afsetting moes oorlaat in die hande van die kerkraad. Die kerkregtelike optrede moes met ander woorde nie deur die sinode self uitgevoer word nie (dit is 'n miskening van kerkorde GKSA artikel 79), aangesien dit sinodokrasie is wat lynreg ingaan teen alle goeie gereformeerde kerkreg. By versuim deur die betrokke kerkraad om die besluit van die sinode as bindend te beskou en uit te voer, sou die kerkraad homself metterdaad buite kerkverband stel en die meerdere vergadering moes hierdie feit bloot amptelik konstateer. 'n Meerdere vergadering mag alleen in hoogs uitsonderlike gevalle op 'n kerkregtelike wyse ingryp waar 'n plaaslike kerk na regte behoort op te tree. Kuyper (1933/1934:9) motiveer hierdie uitsondering soos volg: "Vervullende de kerkraad en classis hun plicht dan is er voor de synode geen reden tot ingrypen. Maar vervullen ze haar plicht niet, dan moet die synode ingrypen wegens casus negligentiae."

4.3.2.6.1. SAMEVATTING

- Die leerverskille binne die Gereformeerde Kerke in Nederland het al heftiger geword totdat die sinode van Assen (1926) die kwessie van leertug binne die Gereformeerde Kerke op die spits gedryf het deur die afsetting van dr. JG Geelkerken.
- Die sinode het dr. Geelkerken self uit die amp afgesit, aangesien die meerderheid van die kerkraad van Amsterdam-Suid hom nie as predikant wou afsit nie.

4.3.2.7. DIE VRYMAKING VAN 1944 EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

In Nederland in 1944 was daar 'n kerklike stryd wat sentreer het rondom die hantering van artikel 31 van die Dordtse Kerkorde en die gevolglike binding, al

dan nie, aan die besluite van meerdere vergaderings. Die sinode het 'n leeruitspraak gelewer, naamlik dat die veronderstelde wedergeboorte die grondslag vir die kinderdoop is en dat niks geleer mag word wat nie volkome met hierdie leer ooreenstem nie (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:237; Bos, 1974:33). Dr. K Schilder het die besluit van die sinode teengestaan en 'n "akte van vrymaking" opgestel wat die sinode as skeurmakery beskou het. Gevolglik het die sinode vir Schilder en sy navolgers gesensureer (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:237). Schilder het egter voortgegaan met sy ampsbediening. Gevolglik is daar op heelparty plekke afsonderlike gereformeerde kerke gestig wat hulself byeen gevoeg het in een kerkverband en wat later bekend gestaan het as die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak). Dit het gebeur nadat die kerke die onderneming gegee het om bewyse vir hul verwerping van die sinode se leeruitspraak voor te lê, maar die sinode slegs die eis bly stel het dat die kerke die besluite moes uitvoer of, alternatiewelik, die kerkverband moes verlaat. Die sinode het die kerke wat die besluite steeds nie as bindend wou erken en uitvoer nie in Augustus 1944 buite kerkverband gestel (Meijer, 1995:108).

Die standpunt van die sinode was dat artikel 31 van die Dordtse Kerkorde eis dat besluite van meerdere vergaderings vas en bindend is en dat kerke hulle voorlopig aan daardie besluite moet hou, alhoewel hulle intussen langs die ordelike weg van gravamen beswaar kan maak, indien hulle van mening was dat sodanige besluite teen die Woord van God en die kerkorde stry (Meijer, 1995:88). Daarteenoor het Schilder (s.a.:39) gemeen dat 'n kerkraad self eers moes oordeel of 'n besluit van 'n meerdere vergadering geldig is (of dit ooreenstem met die Woord en kerkorde) alvorens die besluit as vas en bindend gehou kon word (die sogenaamde ratifikasie van besluite) (Meijer, 1995:88, 118; Spoelstra, 1968:48).

Praamsma (1946:21) meen dat Schilder 'n independentistiese siening gehandhaaf het. Hy het Schilder daarvan beskuldig dat hy van mening was dat die indien van 'n gravamen onnodig was en dat die besluite van die sinode hanteer moes word as adviese wat ratifiseer of afgekeur moes word deur die plaaslike kerkrade. Hierdeur sou Schilder (volgens Praamsma) in die naam van gewetensvryheid die deur vir leervryheid (alhoewel dit hoegenaamd nie sy bedoeling was nie) in die kerke oopmaak (1946:21). Praamsma (1946:24) wys ook daarop dat Schilder

gemeen het dat afgevaardigdes na 'n sinode gebonde was aan die opdrag van hul kerkraad. Sou die kerkraad nie saamstem met die besluit van die sinode nie, het die kerkraad die afgevaardigdes nie meer as hul verteenwoordigers beskou nie en kon hulle hul terugroep.

Schilder (s.a.:39) en sy volgeling, soos byvoorbeeld Deddens (1946:10) het in die Dordtse Kerkorde artikel 31 die beginsel van die ratifikasie van die besluite van meerdere vergaderings deur plaaslike kerke ingelees. Hierdie siening het die deur vir independentisme geopen. Praamsma (1946:35) wys daarop dat die gereformeerde standpunt as enigste voorbehoud vir die nakoming van die besluite van meerdere vergaderings stel dat daardie besluite in ooreenstemming met God se Woord en die kerkorde moet wees en dat sodanige voorbehoud geensins ruimte laat vir subjektivisme, individualisme, groepsvorming of afskeiding nie. Afwyking van die Skrif en kerkorde moet duidelik bewys en aangetoon word.

Spoelstra (1968:48) doen aan die hand dat 'n sinode in sodanige omstandighede moet waak teen oorhaastige optrede teen enige van die partye en om nie besluite af te dwing waar minstens een meerdere vergadering (soos 'n klassis) 'n beswaarskrif teen die sinodebesluit handhaaf en die beswaarskrif na 'n komende sinode deurstuur nie.

4.3.2.7.1. SAMEVATTING

- Die standpunt van die Hervormde Kerk in Nederland se sinode van 1944 was dat die Dordtse kerkorde artikel 31 eis dat besluite van meerdere vergaderings vas en bindend is en dat kerke hulle voorlopig aan daardie besluite moet hou, alhoewel hulle intussen langs die ordelike weg van gravamen beswaar kan maak. Daarteenoor het dr. Schilder en sy volgeling gemeen dat 'n kerkraad sêlf eers moes oordeel of 'n besluit van 'n meerdere vergadering geldig is (of dit ooreenstem met die Woord en kerkorde) alvorens die besluit as vas en bindend gehou word (ratifikasie).
- Schilder en sy volgeling het in artikel 31 van die Dordtse kerkorde die beginsel van ratifikasie van die besluite van meerdere vergaderings deur plaaslike kerke ingelees.

4.3.2.8. KUITERT EN DIE RAPPORT "GOD MET ONS" EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Die kerk in Nederland het al meer daarin verval om die waarheid volgens God se Woord te relativeer, sodat geen verklaring van die Skrif later meer as seker en onaantasbaar gegeld het nie (Duvenage, 1971:18). Snyman (1992:355) merk tereg op dat die Gereformeerde Kerken in Nederland (GKN) aan die begin van die tagtigerjare van die vorige eeu 'n ander waarheidsbeskouing begin aanhang het. Hy verwys na Kuitert (1977:1-232) se sienings soos vervat in die studiestuk "God met ons" van 1981 (Snyman, 1992:355).

In die langdurige stryd rondom die bindende gesag van die belydenis het die sinode mettertyd sy standpunt oor die handhawing van binding aan die belydenis afgewater, om sodoende alle menings daaroor te akkommodeer (Nauta, 1969:93). Sommige teoloë het selfs uitgevaar teen die sogenaamde "vervloekte scheidung tussen waarheid en eenheid", waarmee die vrysinnige teoloë gepoog het om aan die eenheid as beginsel voorkeur te gee, terwyl hulle terselfdertyd gepoog het om die waarheid as gereformeerde beginsel prys te gee (Achtien, 1962:7,41).

Die sinode van s'Gravenhage (1962) het tereg gewaarsku dat alle nuwighede nie summier as dwaling beskou en veroordeel moet word nie, maar het selfs verder gegaan en gepleit dat daar ruimte gegee moet word vir eksperimente in denke (Duvenage, 1965:576). Sodoende het die sinode die weg tot leervryheid oopgemaak! Strauss (1989c:276-280) toon aan hoedat daar geleidelike agteruitgang by die GKN te bespeur was op grond van die wyse waarop hulle hulself as gebonde aan die belydenis beskou het. Hy (1989c:280) merk op: "Prinsipieel staan belydenisvervanging of –minagting en bevraagtekening egter op presies dieselfde vlak."

Hierdie miskennis van die bindende gesag van die belydenis het aanleiding gegee tot 'n groot aantal beswaarskrifte wat op die Sinode van Sneek (1969/70) gedien het (Van der Linde, 1975:32). Van der Linde (1975:34) wys daarop dat hierdie sinode bereid was om die valse instemming met die Drie Formuliere van

Eenheid deur die vrysinnige teoloë te aanvaar en om aan hulle genoeg ruimte te gee om in die GKN te kon aanbly. Aan die ander kant het die sinode ook gepoog om diegene wat die belydenis wél as bindend beskou, tevrede te stel. Die sinode het predikante getolereer (vergelyk Kuitert & Wiersinga) wat openlik teen die belydenis standpunt ingeneem het, solank hulle bloot *verklaar* het dat hulle die Drie Formuliere van Eenheid aanvaar (Van der Linde, 1975:38,39). "Die Belydenis moes gehandhaaf word, maar tegelyk is gestreef na belydenisvernuwing en het stemme opgegaan vir soepelheid en dat gewaak moes word teen belydeniskramp in die handhawing daarvan. Nadruk is daarop gelê dat 'n belydenisskrif mensewerk is en 'altijd vér ondergeschikt (is - JHH) aan het Woord van God'" (Van der Linde, 1979:38).

Van der Linde (1979:43) wys daarop dat daar sedert die sinode van Amsterdam (1967/68) geen sprake meer van leertug in die GKN was nie. Hy skryf dit onder andere daaraan toe dat 'n vrees vir die herhaling van die gebeure van 1944 daartoe gelei het dat toleransie en leervryheid sy voete in die kerk gevind het (1979:43). Gevolglik het al hoe meer predikante hulself openlik teen die belydenis uitgespreek en ook met 'n nuwe Skrifbeskouing na vore getree.

Verskeie vooraanstaande teoloë het hulle afwykende sienings onverhinderd en al meer openlik verkondig. 'n Teoloog soos Kuitert (1977:66, 124, 231) het geleer dat die Bybel die neerslag is van menslike skrywers se ervaring in hul omgang met God (die neerslag van sy sogenaamde nuwere hermeneutiek). Só het hy openlik teen die gesag van die Bybel en belydenis in opstand gekom en die mens gesien as God se bondgenoot, deurdat die Bybel bloot die neergepende ervarings van die bybelskrywers met God is (Van der Linde, 1979:46). Gevolglik het die Christelike geloof sy uniekheid vir die skool van Kuitert en sy navolgers verloor en mettert tyd het hulle alle godsdienste as gelykwaardig beskou (Van der Linde, 1979:46). 'n Teoloog soos Augustijn (1969:70), het hom beywer vir 'n nuwe belydenis sonder enige binding aan daardie belydenis. Wiersinga (1971) weer het die Bybel probeer verklaar deur die "mite" daaruit te haal en die waarheid sogenaamd "uit sy verpakking uit te lig".

Van der Linde (1979:47) wys daarop dat leerlinge altyd verder gaan as hul leermeesters. Mettert tyd was die GKN niks anders nie as 'n samevoeging van alle

standpunte wat mekaar tolereer het en leervryheid toegelaat het, sodat die GKN "n modaliteite kerk geword (het - JHH) wat meer begaan is oor die eenheid as oor die waarheid soos geopenbaar in Jesus Christus ..." (Van der Linde, 1979:49).

Velema (1981:6, 9) toon aan dat die GKN nie die Skrifgesag ontken het nie, maar dat die aard van die Skrifgesag in die gedrang was, aangesien die plek wat menslike insette gespeel het in die totstandkoming van die waarheid van die Woord 'n al groter rol gespeel het, sodat daar mettertyd 'n relasionele waarheidsbegrip gevestig is. Dit beteken: Wat vir die een waarheid is, is nie noodwendig vir die ander waarheid nie, tog mag die een nie die ander se waarheid as 'n onwaarheid beskou nie.

Dit was duidelik dat die GKN in die geheel van sy Gereformeerde grondslae ontspoor het en homself nie meer as gebonde aan die Skrif en belydenis beskou het nie.

4.3.2.8.1. SAMEVATTING

- Uit vrees vir die herhaling van die gebeure van 1944 het toleransie en leervryheid sy voete in die kerk gevind en al hoe meer predikante het hulself openlik teen die belydenis uitgespreek en ook met 'n nuwe Skrifbeskouing na vore gekom.
- Verskeie vooraanstaande teoloë (soos Kuitert) het hulle afwykende sienings onverhinderd en al meer openlik verkondig.
- Die GKN het nie die Skrifgesag ontken nie, maar die aard van die Skrifgesag was in die gedrang, aangesien die plek wat menslike insette gespeel het in die totstandkoming van die waarheid van die Woord, 'n al groter rol gespeel het, sodat daar mettertyd 'n relasionele waarheidsbegrip gevestig is.

4.3.3. FRANKRYK EN ENGELAND EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die denke van die Franse en Engelse gereformeerde kerke kon ook 'n invloed uitoefen op die verstaan van binding aan kerklike besluite binne die verskillende

gereformeerde kerke in Suid-Afrika (alhoewel waarskynlik in 'n veel mindere mate as die invloed van die onderskeie gereformeerde kerke in Nederland). Die Franse Hugenote wat in 1688 na Suid-Afrika toe gekom het, asook die bewindsoorname van die Kaap deur Engeland in 1806 (met die latere invoer van Skotse predikante deur Lord Charles Somerset), het waarskynlik ook 'n rol gespeel in die onderskeie gereformeerde kerke in Suid-Afrika se verstaan van die binding aan kerklike besluite. (Vergelyk Bakhuizen van den Brink IV, 1968:15; D' Assonville, 1990:51, 85-86; 1992:125 & Van der Vyver, 1958:190-192.)

Die Franse Gereformeerde Kerk het sedert 1559 as 'n sinodale struktuur gefunksioneer, aangesien die sinode, los van die plaaslike kerke, die geloofsbelofenis en kerkorde vasgestel het (Du Plooy, 1998:63; Pont, 1981:222). Predikante moes tydens die oorspronklike sinode van 1559 die vasgestelde belydenis onderteken en as bindend aanvaar, aangesien hulle weens afwyking daarvan getug en uit die amp afgesit kon word (Van Genderen, 1971:38). Die latere toelating van vrysinnigheid in die kerk het weer eens daartoe gelei dat daar later verskeie afskeidings en herenigings in die Franse kerke plaasgevind het (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:168).

In Engeland het koning Jakobus I (1603-1625) begin om die kerk met behulp van biskoppe te regeer (Berkhof, 1950:238). Die Puriteine (met leiers soos Thomas Cartwright en Barrowe) het die heersende staatskerkgedagte teengestaan en daarop aangedring dat die Christusregering uit die Woord self aangetoon moes word en as orde in die kerke moes geld en dat die kerk deur ouderlinge regeer behoort te word (Berkhof, 1950:238; Paas, 1996:290, 296). Later het ook die Presbiteriane op die sinode van Westminster (1643) gepoog om alle vreemde leringe wat die leer en orde van die kerk kon aantast (die kerk was steeds staatskerk), te verbied (Bouwman, 1928:267). Die oorheersende independentistiese gees wat op daardie stadium in Engeland posgevat het, het verhinder dat die sinode se eis om binding aan die leer en orde van die kerk afgedwing kon word (Bouwman, 1928:267). Gevolglik is die deure oopgelaat vir grenslose subjektivisme en die gepaardgaande mening dat die gemeenskaplike by die onderskeie godsdienstige sektes (soos die Arminiane, Chiliaste, Antinomiste en Libertyne) gesamentlik "het wezen der religie kon wezen" (Berkhof, 1950:239; Bouwman, 1928:276). Die afleiding kan dus gemaak word

dat die relasionele waarheidsbegrip, wat geen binding aan Skrif, belydenis en kerkorde duld nie, reeds in die kiem aanwesig was in sewentiende-eeuse Engeland (Du Plooy, 1991:74).

4.3.3.1. SAMEVATTING

- Die Franse Gereformeerde Kerk het sedert 1559 as 'n sinodestruktuur gefunksioneer, aangesien die sinode self die geloofsbelydenis (en kerkorde) vasgestel het wat predikante moes onderteken en as bindend moes hou. Die toelating van vrysinnigheid in die kerk het later daartoe gelei dat verskeie afskeidings en herenigings in die Franse kerke plaasgevind het
- In Engeland het die Puriteine reeds in die sestiende eeu tevergeefs aangedring op 'n Skrifgefundeerde kerkorde. Ook die Presbiteriane het later onsuksesvol aangedring op die eis om binding aan die leer en orde van die kerk. Gevolglik is die bande aan die Skrifgefundeerde leer en kerkregering en die band aan die belydenis só afgeskaal dat die deure in die gereformeerde kerke in Engeland oopgelaat is vir grenslose subjektivisme.

4.4. DIE STRYD IN SUID-AFRIKA RONDOM DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

4.4.1. TENDENSE WAT 'N INVLOED MAG UITOEFEN OP DIE VERSTAAN VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

4.4.1.1. INLEIDING

In die kerklike leefwêreld bestaan daar uiteenlopende menings rakende die aard en omvang van die binding aan kerklike besluite. Hierdie menings wissel van die standpunt dat plaaslike kerke volkome outonoom en vrywillig volgens die wil van die meerderheid lidmate regeer word (independentisme en kongregasionalisme) tot by die standpunt dat plaaslike kerke onvoorwaardelik gebind is aan die besluite van die sinode as hoogste bestuursliggaam (kollegialisme) of aan die besluite van 'n bepaalde gesagsfiguur (die pous by die Rooms-Katolieke Kerk) (Pont, 1991:78-79; Spoelstra, 1993:350).

Die wyse waarop mense die Skrif hanteer en verstaan, het 'n bepalende invloed op hul siening van die wyse waarop die kerk van Jesus Christus regeer behoort te word. Skrifhantering en –beskouing het gevolglik 'n invloed op die wyse waarop individue of groepe die binding aan kerklike besluite beskou en hanteer. Kuyper (1882:1) merk op: “Gij *kunt* niet met iemand op de basis der Schrift disputeeren, tenzij ge het én over die basis der Schrift én over de methode, waarnaar uit die Schrift te argumenteeren valt, vooraf met hem eens zijt.”

Voorts het wêreldomstandighede en –tendense, asook menslike ideologieë en filosofieë 'n invloed op die Here se kerk op aarde. Hierdie invloede raak dikwels mense se verstaan van die binding aan kerklike besluite. Enkele van die belangrikste tendense in die teologie en samelewing wat 'n invloed op die binding aan kerklike besluite mag uitoefen, sal vervolgens kortliks ondersoek word:

4.4.1.2. LIBERALISME EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Aalders (1919:175) beskryf “liberalisme” “ook in kerkelyk-confessioneele toepassing” as “de erkenning van vrijheid van overtuiging”. (Vergelyk ook Hanekom, 1976:64-77.)

Ook in die sewentiende eeu in Nederland wou die Arminiane hul “vryheid van overtuiging” behou deurdat hulle hulself nie voor en tydens die sinode van Dordrecht (1618/19) aan die belydenis wou bind nie, maar hulself sogenaamd alleen as gebonde beskou het aan die Woord van God (Schotel, 1863:206). Van 'n vaste binding aan die waarheid van die Woord, soos saamgevat in die belydenis, wou hierdie teoloë niks weet nie. Hulle wou die vryheid hê om wysigings aan te bring “aan het wezen van den oorspronkelijke godsdienst”, omdat hulle (teenoor die gereformeerde siening) *nie* van mening was dat die Christelike godsdiens “eeuwig onveranderlijk is gelijk zijn Stichter” en dat Hy nie onderwerp mag word “aan de leringe slingeren van den menselijke geest” nie (Rullmann, 1916:30).

Pont (1991:101) wys daarop dat die verklaarde doel van die sinode in Nederland van 1816 was om leervryheid te handhaaf. Gevolglik was die belydenis nie meer werklik 'n riglyn vir die geloof en 'n norm en reël vir die prediking in die kerk nie en het die kerk algaande versekulariseer. Die owerheid het sy mag misbruik om liberale predikante in die kerkbesture aan te stel en om sy Algemene Reglement sodoende met min verset en teenstand as wet vir die regering van die kerk gevestig te kry (Pont, 1991:24).

Die sinode van die Hervormde Kerk in Nederland het in 1841 'n versoekskrif ontvang dat die heersende proponentsformule geskrap en met die oorspronklike Dordtse formule van 1618/19, wat binding aan die belydenis vereis, vervang moes word (Pont, 1991:98). Pont (1991:98) toon aan hoedat die liberale sinode (volgens tipies liberale wyse van optrede) nie die moed van hul oortuiging gehad het om hul standpunt openlik te stel, of om te sê waarheen hulle op pad was nie. Sodra hulle teenstand gekry het, het hulle gepoog om met behulp van slim woordgebruik hul ware motiewe en doelstellings te verdoesel. Die gevolg van die liberale invloed in die kerk in Nederland, was dat die hele spektrum van sienings rondom die verstaan van die binding aan Skrif en belydenis mettertyd onder een dak gehuisves is (Nauta, 1969:55, 78). Die uiteinde daarvan was dat die kerk in Nederland feitlik geheel en al van sy belydenisgrondslag afstand gedoen het. Nauta (1969:66) haal ds. Molenaar aan wat die toestand van verwarring binne die Hervormde Kerk in Nederland soos volg beskryf: "De zucht naar vrijheid en bandeloosheid van denken, reeds zinds meer dan eene halve eeuw ontwaakt en door de verandering van ons oude onderteekeningformulier op eene listige wijze in 1816 aanmerkelijk bevorderd, neemt hand over hand toe, zoodat de eigenlijke gereformeerde leer meer onkenbaar, verdonkerd en verdraaid wordt, ja zelfs, door sommigen opentlijk en onbeschaamd tegen gesproken en miskend."

Ook in die kerk in Suid-Afrika het die dwaalleer al meer posgevat sodat die "eiesoortige en die eksklusiewe van die Skriftuurlik-bepaalde geloof al meer op die agtergrond geraak het" (Pont, 1991:268). Selfs dwaalleer wat direk in stryd is met die Bybelse reformatoriese teologie van die belydenisskrifte (byvoorbeeld die arminiaanse metodisme) is in die kerk ingevoer en aanvaar (Pont, 1991:268).

In die Nederduitse Gereformeerde Kerk van Suid-Afrika (NGKSA) het hul sinode van 1862 gepoog om leervryheid hok te slaan deurdat predikante met die ondertekeningformulier hul binding aan die Drie Formuliere van Eenheid moes bevestig as synde in ooreenstemming met die Woord van God (die sogenaamde *quia*-standpunt) (Britz, 1993:524, 525). Daar was steeds liberale teoloë teenwoordig, wat vry van kerklike binding en die binding aan kerklike besluite (soos die belydenis) werksaam wou wees, maar tog die formulier onderteken het. Die liberale tendens sou daarom nie in die kerk gestop kon word nie (Britz, 1993:525, 526).

Die toelating van liberale teoloë se eise om leervryheid in die kerke in Nederland, het tot gevolg gehad dat daar onderlinge wantroue tussen gelowiges ontstaan het, aangesien die eenheid in die waarheid van die Woord ontbreek het (Nauta, 1969:67, 78). Pont (1991:25) se waarskuwende opmerking wat wys op die situasie in Nederland, is hier ter sake: "Hier kan gestel word dat 'n mens in die Nederlandse kerkregtelike ontwikkeling 'n baie mooi voorbeeld het van hoe vernietigend die denkbeelde van links, wat nie aan die Woord van God gehoorsaam wil wees nie, maar die Woord slegs wil misbruik om hulle eie linkse opvatting te regverdig, in die kerk kán werk. As in die kerk die oppergesag van die Woord van God, vir welke rede ook al, nie meer erken word nie en daarvoor nie meer gebuig word nie, dan word die kerk nie gebou én verstewig nie, maar afgebreek en vernietig. Ongelukkig vind dit nie dadelik plaas nie maar deur 'n geleidelike proses word die kerk al meer en meer onmagtig om te wees wat dit moet wees: draer en verkondiger van die Woord van God, die evangelie van Jesus Christus, die gekruisigde en opgestane Hoof van die kerk en Heer van die wêreld." Ook Meijer (1995:35) waarsku: "Daar bestaan 'n onlosmaaklike samehang tussen kritiek op die Bybel en ontkerstening van die lewe. Die geringste vorm van Skrifkritiek begin met die deursny van die enigste band wat ons aan die HERE verbind, sy geopenbaarde Woord. Die einde is die totale verwerping van die Skrifgesag ..."

4.4.1.3. KOLLEGIALISME EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Kollegialisme is die kerkregeringstelsel waarvolgens die sinode as hoogste liggaam bindende besluite namens die gelowiges binne die bepaalde kerkverband neem (Spoelstra, 1989:13-15). Britz (1993:524) skets die praktiese implikasie van die optrede van 'n sinode wat as hoogste besluitnemende liggaam optree: "As an institution the Synod acted in its own right and in a general sense, in that way, on the one hand asserting its authority ecclesiocratically in order to bind the church to its ministry and, on the other hand, dissenting ministers to the confession ... The synod vested it with church jurisdiction to take action ... In this sense the Formularies were viewed contractually and linked to the legitimation (or admission), thereby driving back the function of the confession within the framework of 'reglementen' and 'wetsbepalingen'."

Hierdie tipe vorm van kerkregering het in Nederland sy wortels in die Algemene Reglement van Koning Willem I (1816) en selfs voor dit, in die nuwe Kerkordinansie van De Mist wat hy in 1804 in die kerk in Suid-Afrika ingestel het (Berkhof, 1950:287; D'Assonville, 1990:82, 83 & Pont, 1991:24). In beide gevalle het die owerheid van die dag hierdie tipe kerkregeringstelsel gesanksioneer, aangesien die owerheid, met behulp van die sinode as hoogste uitvoerende orgaan, besluite vir en namens die gelowiges kon neem en kon deurvoer. Die kerke het hulself wel later losgemaak van die gesag en inspraak van die owerheid, maar die gedagte van die sinode as hoogste besluitnemende orgaan van die "kerk" was (en is) steeds diep gewortel in 'n land soos Suid-Afrika. Spoelstra (1992:915) merk oor die situasie in Suid-Afrika die volgende op: "... die ekklesiologiese basis vir kerkgesag verabsoluteer die vergaderingstrukture en sekulariseer die gesag van Christus met die argument dat Christus die vergaderings met sy gesag bekleed het en daarom moet die kerkvolk hierdie strukture gehoorsaam".

Die gevaar van die kollegialistiese kerkregeringstelsel is dat die sinode gewetensbindende besluite kan neem wat stry met die Woord en belydenis en poog om sodanige besluite af te dwing. Waar kerklike besluite, wat stry teen Skrif en belydenis op gelowiges afgedwing word, kan kerkskeuring nie gekeer

word nie. Die stigting van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika in 1859 is hiervan 'n sprekende voorbeeld (Van der Vyver, 1958:266).

4.4.1.4. INDEPENDENTISME EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die independentisme in kerkregering openbaar homself nie altyd op presies dieselfde wyse nie. Tog is Spoelstra (1989:12) se samevatting van die sienswyses van independentisme 'n goeie weergawe van die basiese vertrekpunte van hierdie rigting: "Elke gemeente is radikaal onafhanklik en moet selfs nie deur presbiters oorheers word nie. Afsonderlike gemeentes kon konfereer, maar neem geen Belydenisskrifte of bindende besluite aan nie. Die gemeente regeer met meerderheid van stemme en die kerkraad voer die opdragte uit." (Vergelyk ook Kruger *et al.*, 1966:27 & Paas, 1996:73.)

Die independentisme het ontstaan as gevolg van 'n reaksie teen klerikale oorheersing (die pous of sinodes) aan die een kant en teen politieke oorheersing (die staat) aan die ander kant. Hierdie beweging beskou soms selfs die bestaan van die kerkverband as 'n vorm van hiërargie (Kruger *et al.*, 1966:27) en sinodes as blote konferensies (Kuyper, 1934/35:13). Daarom ontken hulle dat meerdere vergaderings se besluite bindende gesag het en beskou sodanige besluite alleen as *adviese* (Kuyper, 1928/29:6; Strauss, 1989d:123). Kerkrade neem dus slegs kennis van die besluite van meerdere vergaderings, sonder om dit as hul eie te aanvaar en uit te voer (Meijer, 1995:54).

Daar bestaan dan ook die neiging by independentiste om soveel moontlik sake as *adiophora* (middelmattige sake) te klassifiseer, sodat hulle op 'n ongebonde wyse self oor die bindende aard al dan nie van die betrokke saak kan oordeel (Paas, 1996:4). Die gesag in hierdie independentistiese kerkregeringstelsel lê nie in die Woord en die gesamentlike verstaan van die Woord volgens die belydenis nie, maar in die gemeentede as sodanig wat besluite neem (Strauss, 1989d:120).

Hierteenoor kan gestel word dat daar vele sake is waar kerke mekaar as deel van die liggaam van Christus nodig het (kyk 1 Kor. 12). Saam behoort hulle op grond van die Woord en onder leiding van die Gees bindende besluite tot opbou van die

liggaam van Christus te neem oor sake soos die algemene reëls vir die leer, orde en tug in die kerklike lewe, asook oor die tug oor Woordbedienaars (Bouwman, 1934:14). God se Woord en die besluite wat daarop gegrond is, is immers bindend vir die afsonderlike lidmate van 'n kerk, asook vir elke afsonderlike plaaslike kerk binne die kerkverband, asook vir elke meerdere vergadering (Bouwman, 1934:15).

Voorts verbreek die sug na independentisme die eenheid van die Here se kerk op aarde en dra sodoende 'n sondige liefdeloosheid met hom saam (Du Plooy, 1982:183, 399; Strauss, 1989b:85). Waar elke afsonderlike gemeente die vryheid opeis om self oor die belydenis, die kerkorde, liturgie, ensovoorts te besluit, kan dit net wanorde en chaos tot gevolg hê, aangesien die eenheid in Christus en die waarheid volgens die Woord oorboord gegooi word waar 'n siening van ongebondenheid aan hierdie sake begin ingang vind (Kleynhans, 1985:95).

Kuyper (1928/29:7) toon juis aan dat binding 'n sentrale gedagte in die kerk van Jesus Christus is, aangesien die "*traditio apostolica*" (Nuwe Testament) met die afsterwe van die apostels, die "*vinculum unitatis*" (eenheidsband) word in die plek van hul lewende gesag. Daarná volg die opstel van 'n geloofsbelydenis as deel van die "*vinculum unitatis*". Ten slotte stel die kerke, op grond van die geloofsbelydenis, ook 'n kerkorde op.

Kuyper (1931/32:21) wys daarop dat independentiste geen gesag aan die sinode toeken nie en dus "*per defectum*" sondig. Hulle siening is in stryd met die sogenaamde apostelkonvent te Jerusalem (Hand. 15) waar die vergadering met "*auctoritate*" besluite geneem het. Die independentiste wil kerkvorming uit God se hande neem en dit feitlik volledig oorlaat aan die vrye wilsbesluit van die individu (Strauss, 1989d:125).

4.4.1.5. DIE POSTMODERNISME MET SY RELASIONELE WAARHEIDSBEGRIIP EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Die relasionele waarheidsbeskouing het 'n totale paradigmatverskuiwing in die teologie veroorsaak. Coertzen (1993a:235) haal Hendriks (1992:211) se verstaan van sodanige verskuiwing soos volg aan: "... 'n paradigmatverskuiwing (vind)

plaas as die totale verwysingsraamwerk of denkraamwerk waarmee daar byvoorbeeld oor die kerk gedink word, verander.” Van Deventer en König (1989:303) praat van die “bril waardeur die leser/interpreteerder kyk”. Sodanige paradigmaterskuiwing sal heel waarskynlik gepaard gaan met ’n verandering in Skrifbeskouing (De Klerk, 1997:13).

Muller (2000:8) stel dit onomwonde: “Die postmodernisme bevraagteken alles, ondermyn sekerhede en vra aandag vir paradokse.” Hierdie wyse van Skrifhantering dui op ’n bepaalde Skrifbeskouing waar niks as waar en vas en seker beskou word nie. Die waarheid oor God is vir aanhangers van hierdie stroming nooit “pasklaar” nie en elke uitspraak oor God is “hoogstens een horizon ... maar nooit de waarheid self” nie en daarom “wil men er aan geen belijdenisschriften gebonden zijn” (Van Bruggen, 1980:11). So word daar gebreek met die objektief vasstaande waarhede waarvan die Heilige Skrif die onfeilbare bron is (Van der Linde, 1968:2).

Die postmodernisme plaas die mens self in die sentrum van sy bestaan en gevolglik word waarheid beskou as die mens se subjektiewe ervaring van wat waarheid is. Sodoende verdring die mens vir God uit die teologie en word die mens en sy verstaan en interpretasie van die waarheid die maatstaf vir wat waarheid is (Van der Linde, 1968:5). Die mens interpreteer nie bloot die waarheid nie, maar as God se sogenaamde “bondgenoot” word hy mede-konstitueerder van die waarheid, omdat sy siening van die waarheid bepalend is vir wat waarheid is. (Vergelyk ook Snyman, 1992:358; Trimp, 1985:16; Velema, 1981:10 & Van der Linde, 1975:37.) Gevolglik word die goddelike karakter van die Skrif bely, maar nie gehonoreer nie, terwyl daar later van enige binding aan die belydenis en kerkorde geen sprake meer is nie. (Vergelyk verder Coetzee, 1988:35; Coertzen, 1991:130; Spoelstra, 1989:297-305; Velema, 1981:20 & Van Genderen *et al.*, 1961:39.) Du Plooy (1991:74) merk hieroor op: “’n Skrifbeskouing wat deur die relasionele waarheidsbegrip gedomineer word, ondervind ernstige probleme met die Skrifbeskouing van die Nuwe Testament en derhalwe ook met die Skrifbeskouing wat aan die Drie Formuliere van Eenheid ten grondslag lê.”

Volgens die relasionele waarheidsbegrip is die Woord op sigself nie gesagvol nie, maar *word* die Woord waarheid wanneer en in soverre die sogenaamde mondige mens die Woord as waar aanvaar (Meijer, 1995:28-30). Sodoende word alles relatief en alle sekerheid verdwyn, terwyl betreklikheid oorneem, aangesien die waarheid gesien word as betreklik, relatief en tydgebonde (Meijer, 2001:5). Die relasionele waarheidsbegrip reduceer elke interpretasie van die Woord tot 'n eie en individuele interpretasie wat geensins as "algemene" waarheid mag geld of voorgelê mag word nie. "Waarheid is een gebeurtenis, dat nooit tot stilstand komt ... en voortdurend deur die mens word *geherinterpreteerd met het oog op zijn aktuele situasie*" (Trimp, 1985:17). Daar word selfs daarvoor gepleit dat daarvoor die "filosofiese aard van die waarheid" besin moet word (Snyman, 1992:364).

Van Aarde is in Suid-Afrika een van die sterk voorstanders van die relasionele waarheidsbegrip. Van Aarde (1985:567) meen: "Waarheid is beleefde waarheid – relasionele waarheid." Voorts verdedig hy sogenaamde "wetenskaplike" Skrifgebruik en "kritiese refleksie" oor die Bybel en veroordeel die afwysing daarvan op grond van die binding aan die belydenis as teken van "'n eng en beangste geloof wat pretendeer om sterk te wees, maar eintlik bevange is" (Van Aarde, 1985:568). Daarom pleit hy (1985:573) dat die Reformatoriese grondstellings oor die Skrif, naamlik die begrippe *auctoritas*, *sufficientia*, *perfectio* en *perspicuitas* (gesag, genoegsaamheid, betroubaarheid en deursigtigheid) herinterpreteer moet word. Daarmee saam pleit hy ook vir 'n belydenis wat die "minimum basis van leer en geloof waarop die één kerk gebou kan word" as vereiste vir waarheid stel (Van Aarde, 1989:464).

Meijer (2001:5) wys daarop dat teoloë wat met die relasionele waarheidsbegrip opereer, alles as sogenaamde "middelmatige sake" probeer klassifiseer om sodoende die deur oop te laat vir hul eie subjektiewe interpretasie van die waarheid. Sodoende word binding aan Skrif, belydenis, kerkorde en aan die besluite van kerklike vergaderings op 'n gemaklike, maar oneerlike en moedswillige wyse opsy geskuif, terwyl die afwyking van die onderneemde binding (tydens die ondertekening van die ondertekeningformulier deur predikante en ander ampsdraers) vuriglik ontken word.

Die gevolg van die gebrek aan binding aan kerklike besluite lei daartoe dat 'n kerk 'n sogenaamde "modaliteitekerk" word. Polman (s.a.a.:22) beskryf hierdie toestand soos volg: "Dit woord ('modaliteiten' - JHH) is afgeleid van 'modus', bestaans- of voorstellingswijze. Van modaliteiten spreek men dus in de kerk, wanneer men alle verschillen meent te kunnen terugleiden tot verschillende voorstellingswijzen van een en dezelfde waarheid." (Vergelyk ook Van der Linde, 1979:49.) Alles in die kerk van die Here word gevolglik relatief. Die relativiteitsteorie van Oxnam beskou dan ook die belydenis, die sakramente, die Skrifinhoud en die Christendom as betreklik, aangesien die Christelike godsdiens volgens hom slegs maar nóg 'n waarheid is (Praamsma, s.a.:94; Spoelstra, 1974b:5).

Van der Walt (1963:52) merk teenoor die siening van die relativisme van die belydenis die volgende op: "Daar kan nooit sprake wees van relativisme in ons Belydenis nie en alle relativisme moet vir eens en altyd afgewys word. Maar ons moet tog erken dat ons Belydenis 'n relatiewe karakter dra, vanweë die gebrekkigheid van ons menslike verstand en die swakheid van ons geloofsinsig. Daar is soveel belemmerende faktore wat dit vir ons moeilik maak om die volle Woord van God in ons belydenis saam te vat. Die relativisme is vreemd aan ons, maar relativiteit eie aan ons." Uit hierdie aanhaling behoort dit duidelik te wees dat daar geen sprake is van relativiteit ten opsigte van die waarheid van die Woord nie. 'n Ware geloof is immers in die woorde van die Heidelbergse Kategismus Sondag 7 V/A 21 (Anon, 1987:527) "nie alleen 'n *vasstaande kennis* waardeur ek *alles* wat God in sy Woord aan ons geopenbaar het, *vir waar aanvaar* nie, maar ook 'n *vaste vertroue*, wat die Heilige Gees deur die evangelie in my hart werk ...".

4.4.1.6. EENHEID TEN KOSTE VAN DIE WAARHEID EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Sommige teoloë het die twintigste eeu as die "eeu van die ekumene" beskryf. (Vergelyk Van Genderen, 1971:5.) Die drang na eenheid tussen alle kerke het al sterker geword (Du Plooy, 2001:7). Daarmee saam word die gesag van die Skrif nie meer onvoorwaardelik aanvaar nie en gevolglik word ook die belydenis nie sonder voorbehoud as waarheid erken nie (Van Genderen, 1971:5). Van Wyk

(1971:54, 57; 1988:20) wys daarop dat eenheid en waarheid nie teenoor mekaar afgespeel behoort te word nie, aangesien eenheid van die kerk ook deel is van die waarheid wat ons oor die kerk bely. (Vergelyk ook Du Plooy, 2001:7.) Daarom behoort daar "sekere *wettige* en *Skriftuurlike* nuanses toegelaat" te word "sonder dogmatiese en konfessionele relativisme en indifferentisme" (Van Wyk, 1971:57). (Vergelyk ook Küng, 1978:274.) Die beginsel van gebondenheid aan wesenlike sake (die waarheid) en vryheid in middelmatige sake (menslike reëlins), sal die eenheid tussen kerke help bevorder. Gevolglik kan dit soms van die gelowige verwag word om vir die waarheid en téén die eenheid te kies, omdat hy vir die Waarheid van God en sy Woord kies wat daartoe kan lei dat die kerk as gevolg van daardie keuse skeur (Van Wyk, 1988:20).

In 'n land soos Duitsland het die Lutherse en Gereformeerde kerke se belydenisverskille op 'n stadium in so 'n mate verflou dat hulle selfs in 'n sogenaamde "unie" saamgewerk het (Bouwman, 1928:298). Die eenheidstrewer het by hierdie kerke swaarder geweeg as die strewer na die waarheid. Du Plooy (2001:7) wys op die toenemende spanning wat in die gereformeerde wêreld beleef word rondom die eis om eenheid aan die een kant en die eis om waarheid aan die ander kant. Rondom die binding aan die belydenis as kerklike besluit is daar in die Gereformeerde Kerke in Nederland baie vrae. Reeds in 1963 merk Doekes (1963:17) oor die algemene siening rondom die belydenis (Heidelbergse Kategismus) op "dat de periode van de fundamentalistiese Schrifbeskouwing, d.w.z. een soort van Woord-afgoding, waaruit de Catechismus voortkwam, nu 'op enkele natuur-reservaten van de Geref. Bond en art. 31 na', is uitgestorven. De Catechismus *'behoort tot het verleden'*". Van Wyk (1974:27) wys voorts op die latere ontwikkeling in die hantering van die belydenis: "Dit is nie soseer die konfessievorming nie, maar diverse konfessie-*interpretasies* wat die groot skeidende faktor geword het." Die vraag gaan met ander woorde nie meer om: Wat is die waarheid nie? Maar eerder om die vraag: Wat is die waarheid "in" die Waarheid (in die belydenis en in die Woord)?

Waarheid en binding aan daardie waarheid is egter nooit onbelangrik of relatief nie, aangesien die Woord die grense stel vir die waarheid en die gepaardgaande verdraagsaamheid ten opsigte van verskille onder gelowiges (Meijer, 1995:36). Daarom stel gereformeerdes die eis aan mekaar om die eenheid in leer, diens en

tug te bewaar deur hul te bind aan die Woord van God en aan die belydenis wat op die Woord gegrond is (Meijer, 1995:34). Küng (1978:289) se verstaan van die hantering van waarheid is uiters relevant: "*Truth must not be sacrificed, but rediscovered*. The Churches cannot be unified satisfactorily on the basis of indifferentist faith and half-hearted allegiances. Diplomatic settlements and compromises in dogma are not the right way. We must be mistrustful of formulas or forms of unity which conceal our differences rather than overcoming them. If unity is to be genuine, dogmatic differences must be settled theologically. They will not be solved by pretending that they are not there or that they do not matter. Unless they are genuinely overcome, they will remain a constant source of infection, the more dangerous for being hidden. We must reject 'unity at any price'. A Church which abandons the truth abandons itself."

Nie die eenheid tussen geloof en ongeloof nie, maar juis die skeiding tussen geloof en ongeloof, die skeiding tussen waarheid en onwaarheid, bepaal die kerk van die Here (Spoelstra, 1993:360). Eenheid ten alle koste is onbybels, kom nie van God af nie en kan nie die saak van die Here se kerk bevorder nie. Daarom kan 'n eenheid wat die waarheid van die binding aan kerklike besluite rakende die Skrif, belydenis en kerkorde en Skrifgefundeerde besluite van meerdere vergaderings prysgee, alleen tot kerkdeforming en kerkskeuring lei (Venter, s.a.:53-54).

4.4.1.7. SAMEVATTING

Ideologieë en filosofieë van mense het 'n invloed op die Here se kerk op aarde. Hierdie invloede raak dikwels mense se siening van hul binding aan die kerklike besluite ten opsigte van Skrif, belydenis, kerkorde en ander besluite van meerdere vergaderings. Die volgende belangrike tendense in die teologie en samelewing en hul invloed op die binding aan kerklike besluite is kortliks ondersoek:

- Liberalisme en die binding aan kerklike besluite.
- Kollegialisme en die binding aan kerklike besluite.
- Independentisme en die binding aan kerklike besluite.
- Die postmodernisme met sy relasionele waarheidsbegrip en die binding aan kerklike besluite.

- Eenheid ten koste van die waarheid en die binding aan kerklike besluite.

4.4.2. OPROEP TOT WYSIGING OF AFSKAFFING VAN DIE BELYDENIS EN DIE KERKORDE EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

4.4.2.1. OPROEP TOT WYSIGING OF AFSKAFFING VAN DIE BELYDENIS

Binne die gereformeerde wêreld bestaan daar uiteenlopende menings oor die bindende aard al dan nie van die belydenisskrifte, asook die mening dat die belydenis tydgebonde is en dat daar gevolglik voortdurend nuwe (tydbepaalde) belydenisse opgestel behoort te word. Hierdie menings plaas die hele saak van die binding aan kerklike besluite in die gedrang, aangesien die leer (belydenis) die basis vir die kerklike gemeenakkoord binne 'n bepaalde kerkverband vorm.

Arnold *et al.* (1963:17) meld dat die gereformeerde kerke (wêreldwyd) met hul belydenis in "isolement" staan en dat min kerke nog die belydenis aanvaar en handhaaf. Van die redes wat hiervoor aangegee word, is die sogenaamde relatiewe aard van die waarheid wat in die belydenis vervat word, asook die sogenaamde tydgebondenheid van die belydenis (Berkouwer, 1963:3, 5).

Sommige teoloë bepleit die "reduksie" van die belydenis, sodat net "fundamentele" stukke oorbly wat 'n gunstige klimaat skep vir die ontstaan van 'n "modaliteitekerk" waarbinne die ekumeniese strewe bewaarheid kan word, omdat feitlik alle sienings binne sodanige kerkgemeenskap geakkommodeer kan word (Van der Walt, 1963:51; Van Genderen, 1971:5). Hierdie siening kies positief vir leervryheid en vrysinnigheid in die kerk, omdat die eenheidstrewe die waarheidsopdrag totaal oorheers. Wat die sogenaamde "reduksie" van die belydenis betref, wys Visscher (1905:18) daarop dat die belydenis 'n organiese geheel is, wat nie maar willekeurig verander kan word nie. (Vergelyk ook Smit, 1984:14.)

Ander teoloë dring weer aan op 'n gedeeltelike wysiging of revisie van die belydenis (Berkouwer, 1963:24). Faber en Meijerink (1965:33) noem hierdie poging tot revisie 'n gedagte "uit die kader van die 'rekkelike' arminianen". Hulle wil daardie dinge verander waarmee hulle 'n probleem het en wat hulle sienings aan bande lê om sodoende die deur vir leervryheid oop te maak.

Daar is ook diegene wat meen dat die taal van die belydenis nie meer die mens van die dag aanspreek nie en dat daar 'n nuwe belydenis opgestel behoort te word wat die heilswaarhede in die taal van die dag verwoord (Breytenbach, 1982:50).

Nog 'n mening oor die belydenis, is dat die belydenisskrifte blote "simbole" is wat behou moet word weens hul historiese waarde, maar dat dit geen bindende gesag het nie (Van der Walt, 1963:42).

Een van die groot vrae wat aan die orde is, is of die belydenis nog dieselfde waarde en bindingskrag vir gelowiges kan en mag hê as toe dit aanvanklik geformuleer is (Bosman *et al.*, 1987:11). Bosman *et al.* (1987:25) wys daarop dat die vraag al meer gevra word of belydenisskrifte slegs as "vertrekpunte" of as "*gemeenskaplike oriëntasiepunte* van mense se geloof binne 'n kerk beskou moet word".

Jonker (1993:445) wys op die geskiedkundige verloop van die vorming en handhawing van belydenisskrifte en op die feit dat daar meer as twee en 'n half eeue gelede 'n nuwe belydenis opgestel is, terwyl die kerke die bestaande belydenisse tot nog toe (in 'n mindere of meerdere mate) as belangrik beskou en bewaar het.

Uit bovermelde inligting is dit duidelik dat verskillende sienswyses die belydenis verskillend hanteer. Die uiteenlopende standpunte oor die aard en die geldigheid van die belydenisskrifte is bepalend vir die wyse waarop die binding aan die belydenis verstaan en gehandhaaf word al dan nie. Waar die binding aan die belydenis nie gehandhaaf word nie, is die gevolg leervryheid. (Vergelyk verder Nauta, 1969:82 & Pont, 1991:101.) Van der Linde (1975:33) wys op die jammerlike gevolge in die kerk van die Here waar binding aan die belydenis in die

praktyk oorboord gegooi word of waar die plaaslike kerk nie meer sy verantwoordelikheid nakom om die leertug toe te pas nie. Hierdie toestand ontwikkel gewoonlik waar toegelaat word dat binding aan die belydenis afgeskud word met die beroep op "die Skrif alleen" en "geen gewetensbinding deur die belydenis nie", wat weer daartoe aanleiding gee dat die Skrif op 'n teuellose, bandelose en subjektiewe wyse hanteer word. (Vergelyk ook Ubbink, 1931:45 & Van der Vyver, 1958:137.)

Van Genderen (1971:10, 25, 37) wys op die onhoudbaarheid van C Augustijn se standpunt dat die binding aan die belydenis 'n ernstige afwyking is van die bedoeling van die reformatore en weerlê sy redenasies met feite uit die geskiedenis wat aantoon dat Calvyn geen leervryheid in Geneve toegelaat het nie. Hy (Van Genderen, 1971:51) wys ook daarop dat feitlik alle "nuwe" belydenisse groot gebreke vertoon, aangesien dit meestal subjektief is, minder oor God bely en veral baie sterk sosiaal maatskaplik gerig is.

Daarteenoor toon Van Wyk (1974:22) aan dat die bestaande belydenis altyd jonk en lewendig en aktueel bly. Ook die vyande van die kerk bly dieselfde, alhoewel hul telkens in 'n ander gedaante na vore tree. 'n Belydenis wat eenmaal ooreenkomstig die Woord van God is, bly immers altyd geldend (Van der Walt, 1990:17).

Van Dijk (1970:7) waarsku dat belydenisversaking op die ou end nie eenheid op ekumeniese gebied bring nie, aangesien die onderlinge verskille steeds bly voortbestaan, alhoewel uiterlike eenheid moontlik voorgegee kan word.

Van der Merwe (1969:37) merk tereg op dat ons die "ou Gereformeerde quia-standpunt konsekwent moet handhaaf" en besware teen die belydenisskrifte op kerklike wyse moet hanteer en op 'n ordelike wyse op die tafel moet bring. Die enigste wyse waarop die kerk dan sal slaag om sy belydenis te handhaaf, is wanneer daardie belydenis ook in die hart van sy lidmate lewe en nie bloot "een petrefact-belydenis" is wat eenkant op die rak staan en stof vergader nie. (Kyk verder Kuyper, 1882:10; 1932/33:22; Du Plooy, 1991:81 & Van der Walt, 1963:49.)

In die beoordeling van die hantering van die binding aan die belydenis mag 'n sinode hom ook nie aan die neus laat lei om oor die binding en inhoud van die belydenis te diskusseer nie, maar behoort op te tree volgens die aard van 'n sinode wat die wetenskaplike neerslag van afwykende sienings en klagtes oor die belydenisskrifte in die lig van die Skrif moet toets en daarvoor moet reg spreek (Kuyper, 1879:40).

Indien gelowiges nie opkom vir die bewaring van die belydenis nie, sal die binding aan die belydenis gaandeweg nie meer gehandhaaf word nie. Van Genderen (1971:5) toon die noue verband tussen Skrifbeskouing en belydenishantering aan wanneer hy opmerk: "Waar het gezag van de Heilige Schrift niet meer onvoorwaardelijk wordt aanvaard, zal het gezag van de belijdenis zeker niet zonder voorbehoud worden erkend. Handhaving van de leer van de belijdenis wordt als een beperking van de vrijheid ervaren en stuit op verzet."

4.4.2.1.1. SAMEVATTING

Binne die gereformeerde wêreld bestaan daar uiteenlopende menings oor die bindende aard van die belydenisskrifte; dit kan soos volg saamgevat word:

- Sommige meen dat die belydenis tydgebonde is.
- Sommige meen dat die waarheid wat in die belydenis vervat word, relatief van aard is.
- Sommige bepleit die "reduksie" van die belydenis.
- Sommiges dring aan op 'n gedeeltelike wysiging of revisie van die belydenis.
- Sommige meen dat die taal van die belydenis nie meer die mens van die dag aanspreek nie.
- Sommige meen dat die belydenisskrifte blote "simbole" is wat behou moet word weens hul historiese waarde, maar dat dit geen bindende gesag het nie.
- Augustijn meen dat die binding aan die belydenis 'n ernstige afwyking is van die oorspronklike bedoeling van die reformatore.

4.4.2.2. OPROEP TOT WYSIGING EN AFSKAFFING VAN DIE KERKORDE

Die mening bestaan dat die kerkorde bloot riglyne bied wat nie bindend is nie (Kruger *et al.*, 1966:12). Visser (1999:1) wys op die onjuistheid van hierdie redenasie, aangesien "die Kerkorde ... 'n integrale deel van die Belydenis (vorm – JHH)". Vir diegene wat die kerkorde alleen as riglyn beskou, sal geen ander kerklike besluite bindende krag hê nie. Gevolglik kan die binding aan "ongemaklike" besluite wat nie gerieflik is of wat nie "pas" nie, gemaklik eenkant toe geskuif en geïgnoreer word.

Daar is ook diegene wat die kerkorde wil wysig en aanpas sodat plaaslike kerke van verskillende kerkverbande na gelang van plaaslike omstandighede mekaar se bediening van die Woord en sakramente kan erken (Achtien, 1962:50). Diegene wat só redeneer, soek eenheid ten koste van die waarheid, aangesien kerke eers dieselfde kerkorde kan hê indien hulle een is ten opsigte van Skrifbeskouing en belydenis.

Lekkerkerker (1971:214, 222) se versugting is dat daar 'n "algehele vernieuwing van gemeente en kerk" noodsaaklik is en dat alle huidige strukture in die kerk onvoldoende en belemmerend is, wat grondige vernuwing in onder andere die kerkorde noodsaaklik maak. Botha (1993:3-6) sluit by hom aan deur aan te dring op kerkreg as "'n dinamiese, bewegende reg" waarvolgens kerklike wette nie maar kan nie, maar *moet* gewysig word. Hy (Botha, 1993:6) stel dan ook voor dat in plaas van 1 Korintiërs 14:40 eerder Matteus 28:18-20 as *locus classicus* vir die kerkorde gebruik behoort te word as "grondslag vir 'n nuutgeformuleerde gereformeerde kerkreg".

Coetzee (1987:41) wys daarop dat daar binne gereformeerde gelede verskillende standpunte oor die kerkreg en kerkorde bestaan. Van den Berg (1969:85, 92) verwerp byvoorbeeld die gedagte dat 'n kerkorde 'n Skrifopdrag is en Brouwer (1937:90) meen weer dat daar geen bepaalde kerkorde uit die Skrif afleibaar is nie.

Die gereformeerde standpunt stel dit egter duidelik dat die kerkreg wel uit die Woord afleibaar is en dinamies en lewendig en onder die verliggende werk van die Heilige Gees tot orde en opbou vir die kerk van die Here toegepas moet word (Coertzen, 1987:40). Noodwendig moet die kerkreg voortdurend aan die Skrif getoets word om seker te maak dat die *ius constitutum* (die geldende reg) voldoen aan die *ius constituendum* (die reg soos dit volgens die Woord behoort te wees) (Bouwman, 1928:2; Kleynhans, 1985:111). Die kerkorde kan dus, waar hersiening noodsaaklik is en waar die kerke gesamentlik (in die lig van Skrif en belydenis) oor daardie wysiging ooreengekom het, langs die ordelike weg van kerkorde GKSA artikel 46, gewysig word. (Vergelyk ook Bouwman, 1928:294; Kruger *et al.*, 1966:506; Spoelstra, 1971:40; 1989:470, 472 & Roeleveld, 1972:45.)

Spoelstra (1989:471) wys daarop dat 'n kerkraad wat van die kerkorde afwyk, dit met groot verantwoordelikheid teenoor die Here moet doen en dat die kerkorde nie ter wille van sodanige uitsondering gewysig behoort te word nie. (Vergelyk ook Praamsma, 1946:5.)

Gereformeerdes gaan uit van die standpunt dat die kerkreg in die Skrif verankerd moet wees en dat die Skrif en belydenis die grondlyne vir die kerkreg moet trek en daarstel en dat gelowiges dus gebonde is aan kerklike besluite wat die toets van die kerkorde (asook die Skrif en belydenis) deurstaan (Du Plooy, 1995:140).

4.4.2.2.1. SAMEVATTING

- Sommige geleerdes meen dat die kerkorde bloot riglyne bied wat nie bindend is nie.
- Lekkerkerker meen dat grondige vernuwing in die kerkorde noodsaaklik is.
- Botha dring aan op kerkreg as "n dinamiese, bewegende reg" waarvolgens kerklike wette *moet* gewysig word en stel Matteus 28:18-20 as *locus classicus* vir die kerkorde.
- MR van den Berg verwerp die gedagte dat 'n kerkorde 'n Skrifopdrag is.
- AM Brouwer meen dat daar geen bepaalde kerkorde uit die Skrif afleibaar is nie.

4.4.3. DIE SPESIFIEKE SITUASIE BINNE DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA (GKSA) TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

4.4.3.1. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE BINNE DIE GKSA IN DIE GEDRANG

Binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daar onrus vanweë bepaalde optredes en sienings wat skynbaar die gemeenakkoord tussen die kerke in die gedrang bring. (Vergelyk verder Du Plooy, 1997:25-27; Handelingte Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:52-53; Handelingte GKSA, 2000:379-380; Meijer, 1995:1-40; 2001:2-9; Van Wyk, 2003:4-5 & Visser, 1997:14-16.)

Calvyn (1984:34) wys in sy kommentaar op Handelingte 15:1 daarop dat die gebruik by die een kerk (gemeente) nie noodwendig as 'n algemene reël vir alle kerke beskou moet word nie. Daar moet vryheid wees in middelmatige of nie-beginselsake of in sake waaroor die kerke nie op 'n bepaalde wyse van optrede met mekaar ooreengekom het nie. Calvyn (1984:34) waarsku voorts dat die persoon van spesifieke persone (mense van aansien of met bepaalde gesag) nie mag verhinder dat 'n saak na sy wese (of dit die toets van die Woord deurstaan) ondersoek mag word nie. Hy roep ook gelowiges daartoe op om alle onenigheid te haat en teen te staan en om onderlinge eenheid te koester en na te jaag (1985:35). Alleen waar die waarheid van God in die gedrang kom, moet 'n saak met hand en tand beveg word.

Geen gelowige kan homself geheel en al losmaak van die tydsgees waarbinne hy sy roeping as uitdraer van die goeie Boodskap van die koms van die Koninkryk met die geboorte van Jesus Christus moet bring nie (Matt. 28:19-20). Die gevaar bestaan dat die kerk probeer aanpas by die tydsgees en sy profetiese roeping begin versak om sodoende konflik te probeer vermy (Du Toit, 1999:9). Hanekom (1951:284) toon aan dat die geskiedenis leer dat dwalinge in die kerk van die Here dikwels by akademië by die onderskeie teologiese skole (universiteite) ontstaan het. Aangesien akademië meestal 'n groot rol in die kerklike leiding en rigtinggewing binne 'n kerkverband speel, versprei sodanige dwaling maklik binne die grense van die spesifieke kerkverband. (Vergelyk ook

Kleynhans, 1985:153.) Tog verander die Woord van God nooit en behoort die basiese waarhede wat ons uit die Woord van God bely ook nie te verander nie. Dit bly daarom belangrik binne die reformatoriese kerke om alle leringe en sienings voortdurend te toets en te bly toets in die lig van die Woord.

Die onrustigheid en spanning binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika oor die aard van die binding aan kerklike besluite en oor die verstaan van die binding aan kerklike besluite kom onder andere na vore uit die skrywes van teoloë en ander lidmate en uit die beswaarskrifte en appèlle wat in die onlangse verlede in hierdie verband op die tafel van meerdere vergaderings gedien het. (Vergelyk in die verband Du Plooy, 1997:25-27; Handeling Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:52-53; Handeling GKSA, 2000:379-380; Meijer, 1995:1-40; 2001:2-9; Van Wyk, 2003:4-5 & Visser, 1997:14-16.)

Reeds in 1971 voer teoloë in *In die Skriflig* 'n gesprek wat dui op onderlinge meningsverskille binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Van Wyk (1971:53-59) wys op die belangrikheid van die eenwording binne 'n kerkgroep, asook op die bewaring van daardie eenheid. Tog mag daar binne 'n bepaalde kerkverband sodanige gedeformeerde situasie ontstaan waar "dit 'n plig word om ter wille van die waarheid die eenheid los te laat en die kerk te verlaat vir 'n ander" (Van Wyk, 1971:54). Hy vra voorts die vraag of "daar nie tóg sprake kan wees van 'n genuanseerde Kerk nie" waar "sekere *wettige* en *Skriptuurlike* nuanses" toegelaat word en of die Skrif nie tog 'n "wettige speelruimte" laat wat "diskusseer" behoort te word nie (1971:59). Van Wyk (1971:59) wys op die voorbeeld van Calvyn wat soepelheid en aanpasbaarheid ten opsigte van daardie seremonies aanbeveel het wat nie 'n "beslissende invloed op die belydenis van die geloof het nie".

Van der Linde (1971:47) het Van Wyk ernstig oor sy sienswyse aangevat en beklemtoon dat predikante met hul handtekening onder aan die ondertekeningformulier dit as plig erken het en onderneem het om die suiwer leer te handhaaf en te verdedig. Wanneer oor allerlei probleme "wat die leer twyfelagtig stel" gediskusseer word, word hierdie onderneming verbreek. Dieselfde gebeur wanneer in die openbaar "gepieker word oor vrae" wat die juistheid van die leer bevraagteken. Hy spreek sy besorgdheid daarvoor uit dat die

suiwer leer nie ondermyn mag word en sodoende verwarring in die kerk ontstaan nie. Van der Linde verwerp ook die sogenaamde "diskussiemetode" as werksmetode in die kerk, wat op die Sinode van Dordrecht (1618/19) op aanvraag van die Remonstrante afgewys is, aangesien hierdie metode eers twyfel saai en daarna die deure ooplaat om direk teen die aanvaarde leer (volgens die belydenis) standpunt in te neem. Voorts wys hy op die tragiese gevolge waar hierdie diskussiemetode gebruik is. Die Sinode van Sneek (1969/70) in Nederland was deur hierdie metode magteloos gestel om dwaalleer te stuit en die binding aan die belydenisskrifte te handhaaf. Van der Linde (1971:47) beklemtoon die feit dat 'n persoon wat die aanvaarde leer betwyfel nie toegelaat moet word om daaroor te diskusseer nie, maar dat die persoon die afwyking uit die Skrif moet bewys. Die bewyslas lê op die ondertekenaar van die belydenis (soos hy by die ondertekening van die ondertekeningformulier onderneem het) om langs die kerklike weg bewyse uit die Skrif aan te voer oor waarom die belydenis gewysig behoort te word (kerkorde GKSA artikel 46).

Spoelstra (1989:184) wys op die onordelike praktyk om bepaalde aangeleenthede in 'n twyfelagtige lig op kerklike meerdere vergaderings te stel deur dit op 'n kollegialistiese wyse "in studie" te wil neem. (Vergelyk ook Van Wyk, 1993:286.) Wanneer 'n saak "in studie" geneem word, kan daaruit tog niks anders afgelei word nie as dat sodanige bestaande verstaan van die leer of die toepassing van 'n bepaalde ooreengekome kerklike gebruik, bevraagteken word nie. Die bewyslas rus op elkeen wat 'n saak óf gebruik óf leerstelling bevraagteken om die aangeleentheid persoonlik uit die Woord te ondersoek en met bewyse uit die Skrif, belydenis en kerkorde aan 'n kerklike meerdere vergadering die onhoudbaarheid daarvan aan te toon. Hierdie versugting van 'n "in studie" neem van die bestaande, weerspieël die tydsgees van die twintigste en een-en-twintigste eeu soos verwoord deur die menings van Van Deventer en König (1989:309-310): "Die klem op die menslikheid, die subjektiwiteit en die relatiwiteit van ons besigwees in die teologie, beteken nie die prysgawe van die gesag van die Bybel nie ... Die uitlegger mag nie sy eie verstaan van die teks vereenselwig met 'n objektiewe betekenis van die teks nie ... Dit alles beteken ook dat ons in die kerk en in die teologie meer beskeie en verdraagsaam behoort te wees ... Die verskuiwinge op die gebied van die Skrifbeskouing en die

Skrifgebruik open nuwe moontlikhede, en stel die kerk en elke gelowige voor interessante uitdagings.”

Snyman (1992:362) poog om aan te toon dat daar op grond van bepaalde uniforme samelewingsverskynsels sekere faksies binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika ontstaan het en dat die spanning tussen hierdie onderskeie groepe aan die toeneem is. Hy meen dat hierdie spanning veral sentreer rondom die “status van die Bybel, die stilsweye van die GKSA op maatskaplike gebied, en die irrelevansie wat aan die GKSA toegeskryf word vanweë bepaalde teologiese sienings”.

Ook uit die Handeling van verskeie meerdere vergaderings binne die GKSA vanaf 1994, blyk dit dat die binding aan bepaalde kerklike besluite in die gedrang is. Vervolgens word dit saaklik aangetoon:

Klassis Boland se beswaarskrif oor die verkiesbaarheid van die vrou in die amp het in 1994 op die Nasionale Sinode van die GKSA heelwat reaksie ontlok (Handeling GKSA, 1994:467). Meijer (1995:7) bevraagteken die wyse waarop hierdie klassis die Skrif hanteer het. Hy meen dat die klassis die Woord by die tydsges probeer aanpas het met uitgangspunte soos die volgende: “Ons moet nuanses aanbring om ruimte vir vertolking van die Skrif (hermeneutiese ruimte) te skep.” Daarteenoor wys Meijer (1995:7) daarop dat ons geen gebod van God vanweë ons eie lewenskonteks as ongeldig mag beskou nie en dat ons *alles* moet onderhou wat ons Here Jesus ons beveel het om te onderhou (Matt. 28:20).

Klassis Ventersburg stel op die Partikuliere Sinode Oranje-Vrystaat en Natal van 1995 ’n adviesvraag oor die sittingsreg van kerke op meerdere vergaderings wat ten spyte van vermaning hulle nie hou aan die leer, diens en tug soos deur die Sinode bepaal nie. (Vergelyk in die verband die adviesvraag soos opgeneem in ’n rapport van die Handeling Partikuliere Sinode Wes-Transvaal, 1996:52.) Die Partikuliere Sinode het bepaalde advies aan die klassis gegee oor die wyse waarop sodanige kerke hanteer behoort te word, met die uiteindelijke eis tot appèl (kerkorde GKSA artikel 31) indien daardie kerke in hul optrede sou bly volhard.

Die Handeling van die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal van 1996 (1996:147-147) het 'n beskrywingspunt van die Klassis Pretoria Sentraal (wat op die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal van 1996 gedien het) opgeneem wat gehandel het oor kerke wat hul nie hou by die besluite van meerdere vergaderings nie. Hiervolgens het die klassis die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal versoek om klassies op te skerp om seker te maak dat kerke in hulle betrokke ressort hulle hou by die besluite van mindere vergaderings volgens kerkorde GKSA artikels 30, 31 en 46. Die klassis het in sy beskrywingspunt die versoek gerig dat kerke wat hulle nie aan die besluite van meerdere vergaderings hou nie, vermaan en tot orde geroep moet word.

Die Partikuliere Sinode Noord-Transvaal van 1997 het besluit dat die gemeente Meyerspark "nie op grond van sy huidige redes" ook kelkies mag gebruik nie (Fourie, 1997:8). Tog het die gemeente Waterkloofrand (wat deel vorm van dieselfde Partikuliere Sinode) kelkies saam met die beker omgestuur om hulle só "te hou aan die sinodebesluit" dat die beker wel na almal omgestuur word, aangesien "die kerke met mekaar ooreengekom het om tot dan (die Sinode van die GKSA van 2000 - JHH) die beker te gebruik" (Fourie, 1997:8).

Hierdie selfde besluit van die Sinode van die GKSA van 1997 interpreteer Anon (1997:4) soos volg: "Totdat die kerke DV tydens die Sinode 2000 weer saam hieroor kan oordeel, word die gewetens van lidmate nie aan 'n bepaalde praktyk gebind nie, en sal die wyn as teken van die bloed van Christus tydens die nagmaal aan lidmate uitgedeel word in bekere en in kelkies." Die vraag kan sekerlik tereg ook gevra word of bepaalde sinodebesluite nie weens die onduidelike formulering of innerlike teenstrydighede wat daarin vervat word, daartoe kan aanleiding gee dat kerke op grond van hul eie interpretasie afwyk van die "algemeen aanvaarde" verstaan van so 'n besluit nie. Sodanige wyse van onduidelike besluitneming deur meerdere vergaderings kan ruimte bied vir subjektiewe interpretasies, wat die onderlinge binding aan kerklike besluite skade doen.

Spoelstra (1997a:6) wys daarop dat die sinode (GKSA, 1997:728-729) se besluit oor die Nagmaal homself weerspreek en verkeerdelik die gesag laat berus by die wil van lidmate en dat kerkgesag die Skrifgesag vervang het. Spoelstra

(1997b:24) verwys ook na 'n studie wat aantoon waarom kerke geloofwaardigheid verloor: " ... omdat hulle vandag veroordeel wat hulle gister as evangelie verkondig het, op die rede gerig is, mense nie emosioneel bevredig nie, markgerig tender vir die smaak van die dag of anders fundamentalistiese tradisie verdedig, swyg oor gebod en norm (gesag), byderwets probeer gee wat mense vra sonder diepgaande teologiese besinning, terwyl kerkrade onder leiding van hulle dominees eenvoudig die stang vasbyt, doen wat hulle wil en met minagting sinodale besluite opsy skuif, ens., ens." Visser (1997b:29) ontken dat die besluit van die sinode van die GKSA van 1997 daarvoor ruimte laat dat elke gemeente self kan besluit hoe om die Nagmaal te vier. Hy (1999:245) merk dan ook op: "Dit is daarom betreurenswaardig dat verskeie plaaslike kerke op 'n eg independentistiese wyse artikel 31 KO kragteloos maak, die Sinodebesluite van 1927, 1930 en ook 1997 eiegeregig ter syde stel en wederregtelik kerkies invoer by nagmaalsviering."

Weens die verwarring wat daar ontstaan het rondom die interpretasie van die besluit van die sinode van die GKSA van 1997 oor die Nagmaal, het die sinode van die GKSA (2000:400-401) later 'n "prinsipiële raamwerk" daargestel, waarvolgens oor die wyse van Nagmaalviering geoordeel moet word en wat alle vorige besluite oor Nagmaalgebruik vervang. Die sinode van die GKSA (2003:537, 544-545) erken drie jaar later dat ook die prinsipiële raamwerk bepaalde gebreke bevat, wat vervolgens met bepaalde wysigings reggestel is. Die reeks besluite wat rondom die gebruik van die Nagmaal deur die kerke tydens sinodes van die GKSA geneem is, asook die gepaardgaande verwarring binne die kerkverband, sou ook tot gevolg hê dat die vraag na die binding aan kerklike besluite in die gedrang kom.

'n Gereformeerde lidmaat (Horak, 1997:12) bekla die toestand van verwarring binne die geleedere van die GKSA waarvolgens daar na sy mening "openlike verskille oor die vertolking van die Skrifwaarhede" bestaan wat die onderlinge eenheid in die kerk versteur en afbreek. Van der Dussen (1997:12) meen weer: "Uiteindelik gaan die krisis in die GKSA en die kerke in die algemeen nie om beker of kerkies, om die vrou in die amp nie, maar om *die onvoorwaardelike en ondubbelsinnige buig voor die gesag van die Koning van die Kerk, Jesus Christus, die vleesgeworde Woord.*"

Tydens die Sinode van die GKSA van 1997 dien daar ook 'n appèl teen die besluit van 'n kerkraad om die tweede erediens af te skaf, sonder om die afspraak rondom kerkorde GKSA artikel 68 in ag te neem en die saak te laat toets deur die kerkverband (naburige kerke) (Handelinge GKSA, 1997:64-79). In sy beoordeling van die appèl wys die appèlkommissie daarop dat die kern van die appèl handel oor die vraag of 'n plaaslike kerk selfstandig oor die behoud al dan nie van die tweede erediens mag besluit. Die sinode handhaaf die appèl onder andere oor die feit dat die kerkorde GKSA volgens artikel 68 'n tweede erediens veronderstel, dat die tweede erediens 'n baie ou kerklike tradisie (usansie) is, dat kerke aan hierdie gebruik gebonde is en dat 'n plaaslike kerk nie eiewillig daarvan mag afwyk sonder die advies van die ander kerke binne die kerkverband nie.

Tydens die Sinode van die GKSA van 2000 wys die sinode weer eens daarop dat die onus op die persoon rus wat verandering aan die belydenis en kerkorde bepleit om die kerke langs die goedgekeurde en ooreengekome kerklike weg (soos aangedui deur die kerkorde) uit die Skrif, belydenis en kerkorde van sy sienswyse te oortuig (Handelinge GKSA, 2000:60).

Tydens die Sinode van die GKSA van 2000 dien daar ook 'n rapport wat die *persepsie* van die deputate van die GKN (V) van die situasie binne die GKSA weergee (Handelinge GKSA, 2000:224): "*Binnen de Doppekerken zijn voorzichtige symptomen van schriftkritiek. In het theologisch tijdschrift In die Skriflig worden niet-gereformeerden artikelen zonder kritiek geplaatst. Een hoogleraar van de theologische opleiding in Potchefstroom heeft meegewerkt aan Bybel in Praktyk, een vrijzinnige publicatie samen met NG-theologen. De Doppekerken hechten veel waarde aan de relatie met de Afrikaanse susterkerke (de NG-kerk en de NH-kerk). In die relatie ligt de nadruk op de cohesie in het Afrikaner volksbelang. Maar een antithetische houding teenover de vrijzinnige teologie ontbreek. Men ziet elkaar toch als 'broeders in Christus'. De GKSA beweging steeds meer in die richting van een open avondmaaltafel. De kwestie van 'de vrouw in het amp' speelt nog steeds, ook al is in eerste instantie het voorstel van de klassis Boland afgewezen. Op de achtergrond hiervan speelt een andere Schriftbeskouwing."*

Die sinode van die GKSA (2003:197-201) het die optrede van die GKN (V) en sy deputate betreur om besluite oor bande met die GKSA te neem sonder dat daar behoorlike gesprek oor bepaalde sake met die deputate van die GKSA gevoer is. Die indruk bestaan dat die besluite wat oor die GKSA geneem is, bloot op hoorsê en verkeerde veronderstellings berus. Wat egter nie ontken kan word nie, is dat die persepsie onder die deputate van die GKN (V) bestaan dat daar tekens van Skrifkritiek en vrysinnigheid en 'n vreemde Skrifbeskouing by die GKSA te bespeur is, wat gevolglik ook die binding aan kerklike besluite binne die GKSA in die gedrang bring.

Op die sinode van die GKSA van 2000 dien daar verder 'n beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Oos-Transvaal oor kerkorde GKSA artikels 31 en 86 oor die gemeenakkoord in die kerkverband (Handelinge GKSA, 2000:379). Hierdie beskrywingspunt benadruk die bindende krag van sinodebesluite en die kerke se verantwoordelikheid om die weg van kerkorde GKSA artikels 31 en 86 te volg en dat kerke wat sinodebesluite negeer, ernstig vermaan moet word. Die noodsaak vir sodanige beskrywingspunt dui daarop dat sekere kerke hulle *nie* bind aan die besluite van kerklike meerdere vergaderings nie.

Daar het voorts 'n soortgelyke beskrywingspunt van die Partikuliere Sinode Oranje-Vrystaat en Natal oor die onderlinge afspraak volgens kerkorde GKSA artikels 31, 32 en 86 op daardie sinode gedien (Handelinge GKSA, 2000:379-308). Hierdie beskrywingspunt het die kerke se verontrusting uitgespreek oor die feit dat daar kerke binne die GKSA is wat in een of meer opsigte nie meer die gemeenakkoord tussen die kerke volledig eerbiedig, respekteer en handhaaf nie.

Van die kant van die Partikuliere Sinode Wes-Transvaal het daar op Sinode 2000 'n beskrywingspunt oor die onrus in die GKSA gedien (Handelinge GKSA, 2000:380). Hierdie beskrywingspunt het 'n beroep gedoen op die Nasionale Sinode 2000 om op 'n bepaalde wyse aandag te gee "aan 'n onrustigheid in die GKSA oor oënskylike uiteenlopende standpuntstelling en die verskille in toepassing van Sinodebesluite in die plaaslike kerke". Die sinode het hom daarvan weerhou om die aanbevole werkswyse van die beskrywingspunt vir sy rekening te neem, maar het tog besluit om "staande die Sinode 2000" 'n

herderlike skrywe aan al die kerke binne kerkverband te rig wat die sake aanspreek wat die beskrywingspunt aan die orde bring.

Uit bovermelde verwysings na die Handeling van bepaalde meerdere vergaderings binne die GKSA is dit duidelik dat die binding aan kerklike besluite in die gedrang is. Op gelowiges rus die groot verantwoordelijkheid om ook hierdie situasie tot eer van God en tot opbou van sy kerk op aarde te hanteer. (Vergelyk verder 1 Kor. 10:31, 14:26; Ef. 4:12; Bouwman, 1934:4, 10, 47; Coertzen, 1991:107; Du Plooy, 1982:217 & Grosheide, 1932:476.)

Van Prinsterer (1948:170) wys op die gevaar daarvan om elke siening of mening in die kerk op 'n ongebonde wyse toe te laat waar ooreenstemming met die Woord nie *bewys* word nie, maar alleen *beweer* word. Sodanige verdraagsaamheid kan uiteindelik net lei tot onverdraagsaamheid ten opsigte van die waarheid, asook tot stryd en verwarring binne die kerk en tot 'n situasie waar lidmate en kerke verkeerdlik meen dat kerklike gemeenskap tussen voorstanders en teenstanders van die Waarheid van die Woord moontlik is.

Die lidmate van die GKSA kom uit 'n geloofstradisie van mense wat die Woord van God geken en beleef het (Van der Vyver, 1958:212). Baie van hulle was eenvoudige en ongeleerde mense wat kinderlik gelowig voor die gesag van God se Woord gebuig het (Van der Vyver, 1958:223). Gebonde aan die Woord en met die Drie Formuliere van Eenheid as kompas, het hulle met "fyne intuïtiewe Calvinisties-gereformeerde aanvoeling" tussen waarheid en dwaling onderskei, alhoewel hulle die dwaling miskien nie wetenskaplik beredeneerd kon uitwys nie. Meijer (1995:156) wys daarop dat die GKSA in 1859 die enigste kerkverband was wat homself kerkordelik daartoe verbind het om die besluite van meerdere vergaderings te hanteer volgens die Dordtse Kerkorde soos opgestel tydens die Sinode van Dordrecht (1618/19). Dit hou die volgende in: "Omdat die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika hiermee 'n onderlinge akkoord met mekaar aangaan, kan die kerke nie willekeurig daarvan afwyk nie. Slegs waar daar gewigtige redes bestaan, kan 'n bepaalde kerk van die onderlinge akkoord afwyk. In so 'n geval moet die kerkraad hom egter deeglik voor die Here verantwoord dat die afwyking van die afspraak onvermydelik is" (Handeling GKSA, 2000:399). (Vergelyk ook Coertzen (1992e:728) se uiteensetting van die

voorwaardes waarvolgens daar afgewyk mag word indien daar wel gewigtige redes bestaan.)

Van Wyk (2001:8) waarsku teen die gedagte dat die eenheid van die kerk dui op eendersheid, maar daarmee saam dat die waarheidsvraag nie as onbelangrik afgemaak mag word nie. Hy wys ook op die gevaar van 'n "*afskedingsprinsipe*" (kursivering – JHH) wat in die gereformeerde Protestantse tradisie leef en in sommige gevalle oorgaan tot 'n "*afskedingsfanatisme*" (kursivering – JHH) waar daar oor "die geringste meningsverskil ... sommer maklik 'n nuwe 'kerk' gestig" word. Van Wyk (1986:44) beklemtoon die feit dat "kerkskeuring eintlik slegs as uiterste grenssituasie ter sprake (mag - JHH) kom". Waar dwaalleer openlik in die kerk van die Here toegelaat word sonder om daarteen op te tree en sonder die verpligte binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde en aan die besluite van kerklike meerdere vergaderings, sal kerke finalitêr uiteengaan (Meijer, 2001:4). Venter (s.a.:57) wys in hierdie verband op die belangrikheid wat die *waarheid* in die onderlinge binding tussen kerke speel: "Waar dit egter in die eenheid om die waarheid gaan, kan dit nooit volstaan met 'n persentasie van die waarheid nie, maar alleen met die volle waarheid. En tot die volle waarheid kan dit alleen kom as ons mekaar ook met ons verskille en kritiek op mekaar ernstig neem."

4.4.3.1.1. SAMEVATTING

- Binne die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika is daar onrustigheid vanweë die optrede en sienings van sekere lidmate en teoloë wat skynbaar die gemeenakkoord tussen die kerke in die gedrang bring.
- Die geskiedenis leer dat dwalinge in die kerk van die Here dikwels by die akademië by die onderskeie teologiese skole (universiteite) ontstaan en dat hul invloed maklik daartoe lei dat sodanige dwaling binne die grense van die spesifieke kerkverband versprei.

4.4.3.2. BEVRAAGTEKENING VAN DIE AARD VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE BINNE DIE GKSA

4.4.3.2.1. SNYMAN SE KRITIESE EVALUERING VAN DIE GKSA

Snyman (1992:351-367) is waarskynlik een van die felste kritici van spesifiek die GKSA. Sy beoordeling van die GKSA bied 'n wye spektrum van standpunte wat die situasie binne die GKSA, asook die aard van die binding aan kerklike besluite (wat die binding aan die Skrif, belydenis, kerkorde en die besluite van meerdere vergaderings insluit) bevraagteken.

Hy wys daarop dat, alhoewel die GKSA kalmte op kerklike gebied hoog aanslaan, daar tans binne die geleedere van die GKSA spanning aan die oplaai is as gevolg van die verstaan van die gesag van die Bybel (1992:351). Volgens hom is daar "andersdenkendes" wat nie meer wil aanvaar dat "fundamentalisme" binne die GKSA hulle die reg ontnem om ander denke oor dieselfde saak te hê nie. Weens 'n sogenaamde verandering in die bepaalde "geloofwaardigheidstruktuur" binne die GKSA is daar volgens hom verskillende interpretasies van die belydenisskrifte moontlik. "n Geloofwaardigheidstruktuur is 'n instrument waarmee mense raamwerke konstrueer om die werklikheid te klassifiseer en te orden ten einde in 'n leefbare wêreld te kan leef" (Snyman, 1992:353).

Snyman (1992:355) veroordeel die kritiek van medegereformeerdes teen Van Rensburg wat die Bybel finaal (in teenstryd met die Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 6) deur die onegte boek Henog wou toets, asook die kritiek teen Botha wat Bybelse waarhede krities wou beoordeel. Hy veroordeel die GKSA se hantering van Van Rensburg en Botha as optrede vanuit 'n "naïef-realistiese perspektief" van die waarheid wat nie 'n "verbreding en selfs 'n verandering" van die "Gereformeerde raamwerk" wil akkommodeer nie. Daarmee saam veroordeel hy gereformeerdes se afwyking van die relasionele waarheidsbegrip en van die sogenaamde "resepsieteorie" waarvolgens tekste interpreteer en verstaan word deur "die wyse waarop lesers kreatief met tekste omgaan" (Snyman, 1992:355, 358). Snyman (1992:359, 360) pleit om

verdraagsaamheid vir die wetenskaplike se werksaamhede in sy soeke na "nuwe" waarhede en raamwerke en dat "individuele eerlike teologiese kreatiwiteit en teologiese eksperimente" toegelaat behoort te word. Ook die belydenisskrifte moet volgens hom aan sulke eksperimente onderwerp word. Vanuit sy eie beperkte visie veroordeel hy (1992:361) die GKSA as: "n Geslote lewensvisie wat waagmoedige kreatiwiteit ondermyn, gebrek aan selfkritiek, oorskatting van die eie teologiese sisteem as waarheid en 'n totalitêre sisteem waarmee konsensus afgedwing word ..."

Hierdie situasie binne die GKSA veroorsaak volgens Snyman (1992:362) die onderlinge spanning binne die GKSA wat veral konsentreer rondom sake soos "die statuur van die Bybel, die GKSA se stilswye op maatskaplike gebied en irrelevansie vanweë bepaalde teologiese sienings". Hy meen dan ook: "Die GKSA se onttrekkingssimptoom hou verband met die strewe van 'n groepie om die 'waarheid' teen die aanslae van buite te bewaar, sonder om te besin oor die filosofiese aard van die waarheid wat bewaar wil word" (1992:364).

Snyman se beoordeling van die GKSA toon aan dat gereformeerdes wel nog aan die gereformeerde wyse van Skrifuitleg vashou en dat gereformeerdes hul nog bind aan kerklike besluite (soos vervat in die belydenis, kerkorde en die besluite van meerdere vergaderings). Tog is daar binne die geledere van die GKSA ook andersdenkende stemme aan die opgaan wat dreig om die GKSA van binne af te rysmier. Indien hierdie sienings, wat vreemd is aan die Calvinisties-reformatoriese standpunt van die waarheid, op die Gereformeerde kerkwerf toegelaat word, het die geskiedenis al telkemale gewys dat dit daartoe kan aanleiding gee dat kerke soos die GKSA van die Gereformeerde bane ontspoor.

4.4.3.2.2. ANDER TEOLOË SE (SOMS IMPLISIETE) KRITIESE EVALUERING VAN DIE GKSA

Kruger (1993:584) veroordeel die sogenaamde "fundamentalisme" waarmee in die GKSA opgetree word. Hierdie emeritusprofessor van die GKSA het onder andere op die Sinode van 2000 geappelleer teen 'n besluit van die kuratore wat geweier het om met hom in gesprek te tree oor sy spesifieke eksegeese van bepaalde Skrifgedeeltes (Handelinge GKSA, 2000:47). Kruger (1993:586) verwys

na Van Huyssteen en Du Toit (1982:36) wat “die pretensie van ’n onaantasbare sekerheid waarmee ’n Skrifbeskouing geformuleer word” as kernprobleem van die fundamentalisme wil uitwys. Implisiet beskuldig Kruger (1993:586, 589) die GKSA van teologiese fundamentalisme, wat hy soos volg formuleer: “... om vas te haak, met leer en lewe, by iets wat jy dink dat die Skrif sê, maar wat die Skrif nie werklik sê nie. Dit kom neer op ’n simplistiese gelykstel van ’n eie interpretasie aan die bedoeling van die Heilige Gees.”

Rullmann (1917:92) wys op die groot gevaar waar sommige “zogenaamde getrouwe predikante ... meer hart (het - JHH) voor alles, wat zich wetenskap noemde, dan voor de verborgendheid der godzaligheid”. Ook Spoelstra (1974a:3) waarsku teen die wanpraktyk om “teologie vir belydenis (te - JHH) neem” waarvolgens die menings van teoloë as evangelie geneem word.

Vir Van Aarde (1985:567) is waarheid “beleefde waarheid – relasionele waarheid”. Hy (1985:568) veroordeel implisiet die Gereformeerde standpunt van binding aan die belydenis (en aan ander kerklike besluite) as “’n aanduiding van ’n eng en beangste geloof wat pretendeer om sterk te wees, maar eintlik bevange is.” (Vergelyk ook Trimp, 1985:16-19.)

Van Deventer en König (1989:303) is ook krities ingestel teenoor die GKSA. Hulle beskryf ’n paradigma as die bril waardeur ’n leser/interpreteerder die Bybel lees wat dan ook sy/haar verstaan van die Bybel bepaal. Implisiet veroordeel hierdie teoloë die “paradigma-raamwerk” waarmee binne die GKSA gewerk word.

Die vermelde teoloë en hul aanhangers stem klaarblyklik nie saam met die geldende beginsel binne die GKSA nie, naamlik dat teoloë deur hul skriftelike ondertekening van die ondertekeningformulier, hulself van harte verbind aan die Skrif en aan die kerklike besluite oor die belydenis, kerkorde en ander besluite van meerdere vergaderings.

4.4.3.2.3. TENDENSE AFLEIBAAR UIT DIE BEVRAAGTEKENING VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Bouwman (1934:585) wys reeds daarop dat die sogenaamde "man van wetenskap" nie daarvoor te vinde is dat hy hom aan die Woord van God en die belydenis moet onderwerp nie.

Du Plooy (1991:75) merk op dat daar algaande spanning opbou tussen geloof en wetenskap of tussen kerk en teologie en dat baie teoloë die "omdat" (*quia*-standpunt) van die belydenis nie meer erken nie. Teoloë kritiseer ook die presbiteriale kerkregeringstelsel en bevraagteken die eksegetiese wat dit ten grondslag lê, op grond van die motivering dat die sogenaamde hedendaagse kritiese en hermeneutiese "voortgang" in die teologie nie in ag geneem word nie. (Vergelyk ook Du Plooy, 1998:59.)

Sommige geleerdes meen dat die belydenisskrifte onderlinge verdeeldheid bevorder en daarom afgeskaf behoort te word (Feenstra, 1947:10). Daarteenoor kan gestel word dat verdeeldheid en eventuele kerkskeuring die uiteindelijke gevolg sal wees waar 'n kerk leervryheid toelaat en die belydenis tot niks anders as 'n artefak reduceer nie. Alhoewel daar min kerke is wat die belydenis totaal wil verwerp en afskaf, is die vraag steeds: *Watter* rol speel die belydenis in die lewe van die kerk? Van Wyk (1974:27) dui daarop dat nie soseer "konfessie-*vorming*" nie, maar "konfessie-*interpretasie*" die groot skeidende faktor tussen gereformeerde gelowiges geword het.

Meijer (2001:5, 6) wys op die gevaar van die relativisme ten opsigte van die belydenis waar alle sekerheid verdwyn en betreklikheid oorneem. Volgens die relativisme is die waarheid slegs die individu se interpretasie van die waarheid en word geloofsekerheid vervang met "voortdurende twyfel". Voorstanders van die relasionele waarheidsbegrip (relativisme) poog dan ook om soveel moontlik sake as "middelmatig" te klassifiseer, om sodoende op ongebonde wyse 'n eie subjektiewe oordeel oor die bindende aard al dan nie van die "middelmatige" aangeleenthede in die belydenis te kan vel. (Vergelyk ook verder Spoelstra, 1974b:5; 1989:469; Van Deventer & König, 1989:309-310 & Van Rooy, 1997:8.)

Die GKSA kan homself nie as geïsoleerd binne die Suid-Afrikaanse teologiese konteks beskou nie. Daarom kan dit van belang wees om enkele tendense wat in die Nederduitse Gereformeerde Kerk (NGK) te bespeur is, uit te lig. Strauss (1997:177-178) wys daarop dat die *quia*-standpunt ten opsigte van die belydenis die NGK se "amptelike" standpunt oor die belydenis is (alhoewel nie altyd in die praktyk nie). Hy meld verder dat daar onderlinge verskille tussen predikante bestaan: oor die belydenis oor die Skrif; oor Christus as enigste Verlosser; oor die siening dat die belydenis 'n "blote eietyds en daarom gedateerde uitdrukking van die geloof" is. Voorts is dat daar 'n verskeidenheid in Skrifverstaan en Skrifgebruik en bestaan daar verskillende menings oor die aard en die betekenis van die kerkorde.

Binne hierdie uiteenlopende sienings en teologiese tendense moet die Gereformeerde teologie steeds sy weg vind om getrou aan die Koning van die Kerk en aan sy Woord, gebonde aan die Skrif, belydenis, kerkorde en ander kerklike besluite, kerk van die Here Jesus tot eer en verheerliking van sy Naam te wees.

4.4.3.2.4. SAMEVATTING

- Die binding aan kerklike besluite binne die GKSA word soms bevraagteken, waarvan die volgende sienings as van die belangrikste beskou word:
 - Snyman se kritiese evaluering van die GKSA.
 - Teoloë soos Kruger en Van Aarde se (soms implisiete) kritiese evaluering van die GKSA.
- Uit die afwykende sienings ten opsigte van die binding aan kerklike besluite kan onder andere die volgende tendense afgelei word: Die invloed van die wetenskap; die aard van die binding aan die belydenis; die invloed van die relativisme; asook die invloed van die eie Suid-Afrikaanse teologiese konteks.

4.4.3.3. MOTIVERING VAN DIE BEVRAAGTEKENING VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Diegene wat binding (soos vergestalt in die binding aan die belydenis en kerkorde en ander besluite van meerdere vergaderings) teenstaan, voer gewoonlik heelparty argumente teen sodanige binding aan. Sommige teenstanders van hierdie binding wys tereg daarop dat Skrifgegewens soms verkeerdlik aangewend kan word. Hierteenoor kan gestel word dat die kerkreg die Skrif reg moet gebruik en op grond van die Skrif die noodsaak vir binding aan Skrif, belydenis en kerkorde aantoon deur die *ius constitutum* al meer in ooreenstemming met die *ius constituendum* te bring (Coetzer, 1991:25).

Die verkeerde gebruik om die kerkorde as 'n wetboek in te span om gewetens daarmee te bind en om eie menslike sienings daarmee af te dwing, moet ook afgewys word. Die kerkorde behoort niks anders te doen as om die orde in die kerk volgens die wil en Woord van die Koning van die kerk, Jesus Christus, in te rig nie (Coetzer, 1992e:722).

Die sogenaamde "spiritualistiese" siening van die kerkreg poog om die kerkorde te verskraal aangesien "alleen die Heilige Gees" die kerk lei. In ooreenstemming met hierdie siening bestaan die mening ten opsigte van die belydenis dat geen belydenisdwang geduld word nie, maar dat alleen die leiding van die Woord geldig is (Duvenage, 1971:30; Van der Vyver, 1958:137). Hierdie siening oor die kerkorde en belydenis moet lei tot subjektiwiteit en uiteindelik tot onordelikheid en leervryheid. Daarteenoor is beide die belydenis en kerkorde binne die gereformeerde wêreld juis pogings om te *sorg* dat die Woord gehandhaaf word in die leer en die lewe van die kerk van die Here en dat willekeur en mensegesag nie in die kerk die botoon begin voer nie.

Ander wil weer die kerkreg as 'n bloot sosiologiese wetenskap hanteer, waarvolgens die kerk soos enige ander menslike organisasie bestuur word (Du Plooy, 1995:136). Hiermee word die Woord van God ontkrag en word die leidinggewende en alles beslissende rol van Jesus Christus wat sy kerk deur sy Woord en Gees regeer, ontken.

Sohm beweer dat daar geen kerkreg in die kerk tuishoort nie (Spoelstra, 1989:3). Teenoor Sohm bewys Jacobs (1927:22) dat daar reeds in die sogenaamde "oergemeente" 'n vaste organisasie was om die opbou en orde van die kerk van die Here te dien. Kuyper (1928/29:11, 12) toon aan dat hierdie organisasie binne die kerk reeds ingehou het dat sinodes gehou is (Hand. 15) wat bindende besluite op grond van die Woord geneem het en gesorg het dat die Woord van God gehandhaaf word.

Daar is ook geleerdes wat poog om die binding aan die belydenis en kerkorde af te maak as "formulieredwang" wat volgens hulle in stryd is met die oorspronklike bedoeling van Calvyn en die ander reformatore (Koopmans, 1939:14,15). Van Genderen (1971:10, 25, 37) slaag suksesvol daarin om hierdie siening, met verwysing na die geskiedenis, van alle waarheid te ontbloot.

Verder is daar diegene wat die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde probeer ontkom, deur sekere dinge as "middelmstig" of "middeldinge" te klassifiseer, aangesien sodanige niewesentlike sake gewoonlik aan die vryheid van plaaslike kerke of aan die individu oorgelaat word om daarvoor te besluit en nie as gewetensbindend beskou behoort te word nie (Meijer, 2001:11; Smit, 1984:16). Die gevaar bestaan egter lewensgroot dat wesenlike sake verkeerdelik as "middelmstig" klassifiseer word, sodat die binding aan kerklike besluite in die gedrang kom, wat weer tot onordelikheid en afval van die waarheid van die Woord kan aanleiding gee. 'n Saak wat 'n Skriftuurlike gegewe is, mag nooit as middelmstig beskou en hanteer word nie (Meijer, 2001:11).

Waar lidmate of toeloë afwykende sienings oor Skrif, belydenis en kerkorde ontwikkel, het hulle die verantwoordelikheid om die kerklike weg (die weg van beswaar of appèl op 'n kerkraad- of op 'n meerdere vergadering volgens kerkorde GKSA artikels 31 & 46) te volg om hul sienings aan die Woord van God te laat toets (Smit, 2000:12; Strauss, 1997:172).

4.4.3.3.1. SAMEVATTING

- Daar is teoloë wat Skrifgegewens soms verkeerdelik aanwend om 'n bepaalde kerkregeringstelsel daar te probeer stel.

- Die kerkorde word soms as 'n wetboek gebruik om gewetens daarmee te bind.
- Die aanhangers van die sogenaamde "spiritualistiese" siening van die kerkreg verskraal die kerkorde.
- Die kerkreg word soms verkeerdelik as 'n bloot sosiologiese wetenskap hanteer.
- Sohm beweer dat daar geen kerkreg in die kerk tuishoort nie.
- Daar is geleerdes wat poog om die binding aan die belydenis en kerkorde af te maak as "formulieredwang".
- Die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde word soms ontkom, deur sekere dinge as "middelmattig" of as "middeldinge" te klassifiseer.

4.4.3.4. PROBLEME RONDOM DIE INTERPRETASIE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

Feitlik alle teoloë sal erken dat daar die een of ander vorm van binding aan kerklike besluite tussen die kerke binne 'n bepaalde kerkverband bestaan. Al gaan dit net daarom dat kerke oor en weer aan mekaar advies oor gemeenskaplike sake gee. Die vraag wat dus ontstaan is: *Hoe* word die aard van die binding aan kerklike besluite verstaan?

Binding aan kerklike besluite word juis as vereiste gestel om daardeur te verseker dat God se Woord en wil eerbiedig word. Nou is dit só dat die Woord nie 'n wetenskaplike handboek is wat vir elke situasie 'n klinkklare uitgespelde antwoord gee nie, maar die beginsels is dáár en moet met biddende worsteling (eksegese en hermeneuse) en onder leiding van die Heilige Gees in die werklikheid van die lewenspraktyk toegepas word (Bouwman, 1928:50). Waar hierdie beginsels uit die Woord gesamentlik deur die kerke saamgevat word in die belydenis en kerkorde en in die ander besluite van meerdere vergaderings, is gelowiges verplig om hulle as gebonde daaraan te beskou, of om andersins langs die kerklike weg aan te toon dat bepaalde besluite nie die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan nie (kerkorde GKSA artikels 31, 46 & 86; Bouwman, 1934:14, 20). In die gereformeerde lewenswêreld is daar nie plek vir relativiteit en subjektiwiteit ten opsigte van dit wat God in sy Woord eis nie (Borchardt, 1988:333).

Gelowiges en kerke wat hul bind aan Skrif, belydenis en kerkorde en aan die ander besluite van meerdere vergaderings, het die verantwoordelikheid om hul belofte teenoor mekaar na te kom. Bó alles het hulle die verantwoordelikheid en plig om op te kom vir die Naam van die Here waar besluite nie die toets van Skrif, belydenis en kerkorde slaag nie. Sodanige besluite *mag nie* bloot ignoreer word of bloot verdra word of daartoe lei dat die kerkverband verlaat word, sonder dat die kerklike weg enduit geloop is nie (Strauss, 1997:176, 177).

Kuyper (1932/33:19) se waarskuwing moet ter harte geneem word, naamlik dat dit dikwels in die verlede gebeur het dat dwaalleraars soos Arius en Arminius, wat hulle nie aan die belydenis wou verbind nie, hulle verbintenis aan die belydenis "van harte" uitgespreek het, maar steeds voortgegaan het om hul eie afwykende sienings te bly verkondig (Praamsma, s.a.:20; Van der Linde, 1975:34, 35).

Botha (1982:38) wys op die leertugsaak van die NGK teen ds. CJL Ruysch van Dugteren. Hy het die kerk van leerdwang en 'n oorskating van die betekenis van die belydenis beskuldig en het homself nie meer as gebonde aan kerklike besluite soos die belydenis beskou nie. Hy het dan ook sy handtekening onder die ondertekeningformulier teruggetrek. Gevolglik het die NGK tereg geoordeel dat hy daardeur sy status as predikant verbeur het, aangesien leervryheid, wat uiteindelik lei tot kerkontbinding, nie in die kerk verduur kan en mag word nie.

Pont (1993a:422, 423) wys daarop dat daar tussen kerke (en sekerlik ook tussen gelowiges onderling) verskille bestaan ten opsigte van die interpretasie van die Skrif en belydenis en dat die "wortelprobleem" die Skrifbeskouing is. Daarom kan dit nie anders wees as dat daar ook meningsverskille sal wees oor die aard van die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde nie.

Verder kan die inhoud waarmee teologiese uitdrukkings gevul word, 'n rol speel ten opsigte van die binding aan kerklike besluite. Waar teologiese terme met 'n ander inhoud as die "tradisionele" gereformeerde inhoud en verstaan gevul word, kan dit nie anders as dat die binding aan kerklike besluite in die gedrang kom nie (Rullmann, 1917:89; Van Genderen *et al.*, 1961:39).

Waar die belydenis (en ook die Skrif) volgens die relatiewe (relasionele) waarheidsbegrip hanteer word, kan daar geen sprake wees van binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde nie, aangesien elke uitspraak oor God en sy Woord en sy wil vir die kerk dan beskou word as maar net nog 'n subjektiewe siening van die waarheid (Van Bruggen, 1980:11; Van der Walt, 1963:52 & Van Rooy, 1997:8-9). Gevolglik kan 'n kerklike vergadering nie gesagvol vir die waarheid uitspraak lewer oor standpunte nie, kan daar nie teen dwaalleer opgetree word nie en sal die kerk as gevolg van leervryheid in vrysinnigheid en bandeloosheid verval, aangesien geen binding aan Skrif, belydenis en kerkorde dan meer van krag kan wees nie (Van der Linde, 1975:33).

4.4.3.4.1. SAMEVATTING

- Die Woord van God is nie 'n wetenskaplike handboek nie.
- Dwaalleraars spreek dikwels hul verbintenis aan die belydenis "van harte" uit, maar gaan steeds voort om hul eie afwykende sienings te bly verkondig.
- Die "wortelprobleem" ten opsigte van die interpretasie van die Skrif en belydenis is dikwels die Skrifbeskouing van die onderskeie interpreteerders.
- Soms word teologiese terme met 'n ander inhoud as die "tradisionele" gereformeerde inhoud en verstaan gevul, wat die binding aan kerklike besluite in die gedrang bring.
- Die relatiewe (relasionele) waarheidsbegrip ondermyn die binding aan Skrif, belydenis en kerkorde.

4.5. SLOTSOM

In hierdie hoofstuk is aangetoon dat daar in die verloop van die kerk se geskiedenis probleme was met die verstaan van die binding aan kerklike besluite. Reeds in die tyd van die Refomasie was daar afwykende sienings ten opsigte van die binding aan kerklike besluite. Veral die kerklike lewe in Nederland het 'n groot invloed uitgeoefen op die kerklike lewe in Suid-Afrika. Die situasie in Nederland voor en ná 1618 (Sinode van Dordrecht), die Afskeiding van 1834, die Doleansie van 1892, die sogenaamde stryd om Kerkherstel wat daarná gevolg het, die stryd rondom dr.

Geelkerken, die Vrymaking van 1944, asook Kuitert se rapport "God met ons" het elk die verstaan van die binding aan kerklike besluite beïnvloed.

Ook in Suid-Afrika bestaan daar verskil van mening rondom die verstaan van die binding aan kerklike besluite. Algemene tendense in die teologie en samelewing het 'n invloed op die verstaan van die binding aan kerklike besluite waarvan ook die lidmate van die GKSA nie gevrywaar kan word nie. Die indruk bestaan selfs dat die binding aan kerklike besluite binne die GKSA in die gedrang is en dat die aard van die binding aan kerklike besluite bevraagteken word.

Dit is daarom nie vreemd dat daar vanuit verskeie oorde oproepe gemaak word vir die wysiging of afskaffing van die belydenis en die kerkorde en met die gepaardgaande bevraagtekening van die binding aan kerklike besluite nie. Hierdie situasie is die gevolg van die wyse waarop die binding aan kerklike besluite verstaan word en in die praktyk van die kerklike lewe toegepas word.

In die volgende hoofstuk sal gepoog word om die betekenis en belangrikheid van die binding aan kerklike besluite aan te toon. Daarná sal riglyne gegee word waarvolgens die binding aan kerklike besluite in die praktyk toegepas en uitgeleef behoort te word.

HOOFSTUK 5

DIE BETEKENIS EN BELANGRIKHEID EN TOEPASSING VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

5.1. INLEIDING

Binding aan die kerkorde en aan die besluite van meerdere vergaderings, het 'n groot invloed op die lewe van gelowiges binne 'n kerkverband, asook op die beleving van kerkverband. Daarom is die regte verstaan en hantering van die betekenis en belangrikheid van die binding aan kerklike besluite tot voordeel van al die gelowiges binne kerkverband. Daarteenoor sal die verkeerde verstaan en hantering van die binding aan kerklike besluite tot gevolg hê dat die onderlinge band tussen gelowiges binne kerkverband verbreek word en die onderlinge eenheid tussen kerke in die praktyk skipbreuk ly (Polman, s.a.a.:19; Praamsma, s.a.:124).

In hierdie hoofstuk word 'n definisie vir die binding aan kerklike besluite geformuleer en gewys op dit wat die binding aan kerklike besluite *nie* is nie. Daarmee saam word die besondere aard van die binding aan kerklike besluite ondersoek. Daarná word die gevolge uitgewys indien die binding aan kerklike besluite gehandhaaf word al dan nie. Vervolgens word die kerke se verantwoordelikheid om die binding aan kerklike besluite uit te bou en onder die aandag te hou, kortliks aangetoon. Laastens word aangetoon hoedat die binding aan kerklike besluite in die praktyk geïmplementeer en gehonoreer behoort te word.

5.2. DEFINISIE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Om by 'n definisie vir die begrip "die binding aan kerklike besluite" uit te kom, word die siening van verskeie kerkregkundiges in hierdie verband weergegee:

Spoelstra (1989:179) wys op die ooreenkoms wat kerke in kerkverband met mekaar sluit: "Elke kerk tree selfstandig op, maar kerke in kerkverband tree nie onafhanklik van mekaar of in gemeenskaplike sake alleen op nie ... Om saam te vergader moet kerke dus 'n afspraak maak en vrywillig tot 'n ooreenkoms geraak waarin hulle basiese soewereiniteit beskerm bly (artt 1, 31, 86)." Gevolglik behoort die afgevaardigdes van die kerke in kerklike vergaderings "alleen volgens den regel van

het kerkverband” (Bouwman, 1934:167) op te tree, wat daaruit bestaan “a. dat de kerk als lichaam van Christus een eenheid zijnde ook in de praktijk die eenheid zooveel mogelijk heeft te vertoonen, en b. dat de kerken vrijwillig samegekomen op grond van de gemeenschappelijke belijdenis en kerkenordening, ook getrouw naar eisch van Gods Woord de eenheid en de orde der kerken hebben te handhaven” (Bouwman, 1934:167).

Ook Pont (1981:111) wys op die basis van die eenheid waarop kerkverband bou en waaruit die belangrikheid om daardie eenheid te handhaaf, voortvloei: “Dié eenheid lê egter primêr in die *consensus in doctrina*, dit is `n eenheid-van-geloof, `n eenheid-in-beginsel en nié `n pragmatiese eenheid wat aanmekaar gehou word deur die gedagte dat gesamentlike arbeid of gesamentlike voordeel of bevoordeling (wat so dikwels die basis van politieke eenheid is) die basis vir `n eenheid van `n liggaam kan wees nie.”

Coertzen (1991:187) beklemtoon die feit dat kerke in kerkverband verplig is om die onderling ooreengekome orde te eerbiedig aangesien `n plaaslike kerk wel `n eie kerkorde daar sou kon stel, maar wanneer die kerke in kerkverband saamleef, is hulle dit as liggaam van Christus aan mekaar verskuldig om hulle aan die ooreengekome orde te hou. Verder sê Coertzen (1991:190): “n Kerk moet met baie groot verantwoordelikheid optree as hy bepalings formuleer wat nie direk op die Skrif steun nie, maar wanneer hulle geformuleer is, is hulle bindend op die lede van die betrokke kerkverband.” Hy toon ook aan dat `n kerkorde se verhouding tot die Skrif en die belydenisskrifte sy gesag bepaal, maar dat `n kerkorde in elk geval gesag het omdat dit rus op die Skrif en op die gesamentlike genome besluite van die kerke binne die bepaalde kerkverband. “Christelike gehoorsaamheid aan die Skrif vereis dat die bepalinge van die kerkorde en enige ander besluit van die kerk gehoorsaam moet word” (Coertzen, 1992e:727).

Pienaar (1987:4) wys daarop dat die “jus constituendum en die jus constitutum” die interne verbandsreg van plaaslike kerke vorm waaroor hulle gesamentlik tydens meerdere vergaderings besluit het en dat lidmate en kerkrade verplig is om hierdie interne verbandsreg te honoreer.

Du Plooy (1991:90) beklemtoon die erns van die binding aan die belydenisskrifte, wat net soos die binding aan die kerkorde, van wesentlike belang is vir die bestaan en voortbestaan van kerkverband en toon aan dat sodanige binding geensins gewetensdwang inhou nie. Hy wys daarop dat die Dordtse sinode se uitgangspunt was dat 'n mens jou alleen aan die Woord van God bind en dat dit inhou "dat die ondertekenaar van die ondertekeningformulier nie maar willekeurig kan leer en verkondig wat met die belydenisskrifte in stryd is nie". Verder het die ondertekenaar 'n etiese verantwoordelikheid om getrou te bly aan sy belofte tydens sy ondertekening. Indien hy deur studie van God se Woord tot ander insigte kom, kan en moet hy, volgens die kerkordelike weg, sy besware toets. By die ondertekening van die ondertekeningformulier bestaan daar geen sprake van gewetensdwang nie, aangesien die ondertekenaar die formulier vrywilliglik onderteken het.

Hovius (1962:22) benadruk dat die ondertekeningformulier nie 'n blote formaliteit mag wees nie, aangesien dit wat die ondertekenaar onderneem hom nie bind aan menslike wette en insigte nie, maar aan God se Woord wat die maatstaf vir die kerk op aarde is.

Spoelstra (1989:300) wys soos volg op die betekenis van die ondertekening: "Eenheid in geloofsgemeenskap is die akkoord vir kerklike gemeenskap. Om te onderteken is om te onderskryf en vorm 'n plegtige onderneming in 'n openhartige verklaring. Hiermee verseker die ondertekenaar die kerk (gelowiges) wat hy dien en die kerke in kerkverband dat sy innerlike geloofsoortuiging in die Drie Formuliere van Eenheid verwoord is. Indien iemand dus teen sy beterwete só 'n plegtige verklaring sou aflê, is hy oneerlik en pleeg hy bedrog."

Van der Linde (1983:180) sluit by Spoelstra (1989:300) aan deur aan te toon dat die eis om ondertekening die ondertekenaars weer eens daaraan herinner dat hulle "dienaars van Christus ten behoeve van sy kerk is" wat niks anders as die Woord moet verkondig nie. Hulle onderteken omdat hulle glo dat die belydenis in alles met die Woord van God ooreenstem en onderneem om die Woord, soos dit deur die eeue deur die Here se kerk uitgelê is, te verkondig.

Spoelstra (1989:471) wys daarop dat hierdie bindende ondertekening 'n bepaalde handelswyse noodsaak: "Die Bybel lê op so baie plekke nadruk op die bindende krag

van 'n ooreenkoms of verbond tussen partye. Twee wat met mekaar wil saamloop spreek af en waarheid en trou vereis dat elkeen sy onderneming en beloftes teenoor sy naaste gestand doen. Hierdie beginsel kan 'n mens duidelik agter die bewoording van kerkorde GKSA artikel 86 opmerk. Dit sny na twee kante toe. Aan die een kant bind dit diegene wat die kerkorde onderskryf en met mekaar aangegaan het. In die tweede plek bind dit diegene wat die bepalinge van die kerkorde wil verander. Kragtens die liefde moet die kerke mekaar trou bly in die ooreenkoms waarop hulle mekaar erken, ondersteun en bystaan in die kerkregering om hulle roeping van ware kerkwees uit te leef (vgl Calvyn *Inst* IV.10.xxxi). Wat hulle saam ooreengekom het, kan hulle ook net saam verander."

Kuyper (1879:123) toon die onderskeid in die binding aan die Skrif teenoor die binding aan die belydenisskrifte aan, maar benadruk dat beide bindinge van groot belang is vir die onderlinge binding binne kerkverband. Die Skrif is die reël van die geloof en die belydenisskrifte die reël van die onderrig en prediking.

Meijer (1995:48) verklaar die woorde "vas" en "bindend" soos dit voorkom in die kerkorde GKSA artikel 31 en wat van belang is vir die begrip "die binding aan kerklike besluite" soos volg: "*Vast* beteken: bindend, van krag. *Bondig* beteken in verband met ooreenkomste, besluite en verdrae: vas, onverbreeklik, geldig, deugdelik, onaantasbaar, van krag en waarde. Die betekenis van die samestelling *voor vast en bondig houden* kom dan neer op: waak, vir iets sorg, iets oppas."

Nauta (1971:136) wys op die konsekwensie van "vaste" en "bindende" besluite van vergaderings vir die kerke in kerkverband: "Wanneer van iets word gezegd, dat het voor vast en bondig behoort te worden gehouden, betekent zulks dat men niet langer behoeft te praten of te beraadslagen, maar dat de beslissing gevallen is." Sulke besluite mag nie meer in twyfel getrek word nie, maar moet volgens die bindende onderlinge ooreenkoms tussen die gelowiges nagekom en uitgevoer word.

'n Definisie vir die binding aan kerklike besluite, kan soos volg geformuleer word:

Die binding aan kerklike besluite is die onderlinge vrywillige en plegtige bindende onderneming wat gelowiges binne kerkverband aan mekaar gee om God gesamentlik te dien in gehoorsaamheid aan sy Woord, terwyl hulle hulself as gebonde beskou

aan die belydenisskrifte, aan die ooreengekome kerkorde en aan die besluite van kerklike vergaderings.

5.3. WANBEGRIP OOR DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Daar is soms weerstand teen die binding aan die besluite van kerklike vergaderings. Die rede daarvoor kan wees dat kerke of persone meen dat hulle verplig sal word om besluite uit te voer wat teen die Woord is. Dit mag ook wees dat kerke of persone op 'n ongebonde manier besluite wil neem, aangesien hulle alleen volgens eie oordeel wil optree. Vervolgens sal daar gekyk word na wat die binding aan kerklike besluite *nie* is nie.

5.3.1. DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE IS NIE SINODALISME NIE

In gereformeerde geleedere was daar nog altyd 'n awersie teen alle hiërargie deur kerklike vergaderings (Spoelstra, 1988:41; Strauss, 1989:5). Kerklike hiërargie in die Rooms-Katolieke Kerk was een van die hooforsake wat aanleiding gegee het tot die sestiende-eeuse Reformasie (Botha, 1993:2). In die Rooms-Katolieke Kerk het die pous se woord en die besluite van konsilies (sinodes) groter gewig gedra as die Woord van God. Daarom het gereformeerdes tydens die Reformasie gebreek met alle vorme van kerklike hiërargie en die Woord van God weer as die enigste maatstaf vir besluitneming vasgestel.

Die kollegialistiese vorm van kerkregering gaan uit van die standpunt dat die kerk 'n menslike vereniging is waarin die gesag van Christus volgens sy Woord vervang word deur die vereniging wat homself regeer en waarin die selfstandigheid van die plaaslike kerke verval en die onderskeie kerke onderdele van die groot geheel word (Bouwman, 1928:3-4; 214-215). Hierdie vorm van kerkregering het die verkeerde praktyk gevestig dat die sinode (wat deur die kollegialiste as die hoogste regeerliggaam van die kerk beskou word) in die praktyk regeer (Coertzen, 1992:44; Kruger *et al.*, 1966:29, 39, 192). Wat die sinode besluit, geld vir die kollegialisme as wet, aangesien die sinode met wette en bepalings die vryheid van die plaaslike kerk aan bande lê (Kruger *et al.*, 1966:385; Spoelstra, 1989:184).

Daarteenoor, volgens die presbiteriale gereformeerde kerkregeringstelsel, regeer nie die sinode nie, maar regeer God sy kerk deur sy Woord en deur die ampte wat Hy ingestel het. (Vergelyk ook Bouwman, 1928:45; Calvyn, 1991:1317, 4.3.1.; Spoelstra, 1991:57-58 & Visser, 1986:29.) Dit vra van alle kerklike vergaderings om onder leiding van die Gees besluite te neem wat die toets van die Woord deurstaan. (Vergelyk verder Botha, 1982:40; Bouwman, 1934:104; Calvyn, 1991:1453, 4.9.8, 4.9.9; Kleynhans, 1973:155; Kuyper, 1931/1932:33 & Spoelstra, 1968:48.) Daarom wys die presbiteriale kerkregeringstelsel alle denke af wat die kerk van die Here as 'n demokrasie sien waarin 'n blote meerderheid regeer. (Kyk ook Borchardt, 1988:332; Bouwman, 1928:3-4; Coertzen, 1992:725; Grobler, 1991:4; Spoelstra, 1988:41 & Strauss, 1992:194.)

Die voorafgaande kan soos volg saamgevat word: Gelowiges bind hulle nie aan die besluite van kerklike vergaderings omdat die "sinode" só besluit het nie, maar omdat die vergadering(s) onder leiding van die Gees besluite geneem het wat die toets van God se Woord deurstaan.

5.3.2. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE IS GEEN WILLEKEURIGHEID NIE

Binding aan die besluite van kerklike vergaderings verseker dat kerke of individuele gelowiges hulle nie na eie willekeur aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die belydenis en die kerkorde insluit) as gebind, of as nie gebind mag beskou nie. Botha (1982:41) spreek homself uit oor die aard van die binding waardeur die ondertekenaar tydens sy bevestiging met sy handtekening onderneem het om homself gebonde te hou aan die besluite van kerklike vergaderings. Hy wys daarop dat die ondertekenaar met sy handtekening die belydenis behoort te beskou as sy eie hartsbelydenis en dat hy homself met sy handtekening daartoe verbind het om sy belofte en belydenis te honoreer (1982:41). Daarom is 'n blote voorwaardelike ondertekening (*quatenus*-standpunt) dieselfde as om glad nie te geteken het nie. (Vergelyk ook Kruger *et al.*, 1966:17 & Van der Linde, 1986:20.)

God wil dat alles in sy kerk ordelik geskied (1 Kor. 14:40); daarom moet al die plaaslike kerke binne die kerkverband, binne die grense van hul onderling ooreengekome ordereëlins en besluite optree. (Vergelyk verder Bouwman,

1928:292; 1934:10, 37, 53; Coertzen, 1991:104, 179, 192; 1992:722; Du Plooy, 1991:90; Nauta, 1971:19; Rullmann, 1917a:288; Spoelstra, 1989:470 & Van der Linde, 1983:143.) Botha (1982:41) merk op dat dit bedenklik en oneerlik is om agter allerlei argumente te skuil soos "geringe afwyking", "nie volkome instem nie" en "n minimum van verskil" en dan tog die "cor ecclesia" aan te tas deur 'n "reservatio mentalis" daarop na te hou. Die logiese uitvloeisel van willekeurige binding aan die besluite van kerklike vergaderings, is dat die orde binne die plaaslike kerke sowel as tussen die kerke in kerkverband, vernietig sal word. Die kerke het immers onderling en vrywilliglik op 'n spesifieke ordereëling onder mekaar ooreengekom met die daarstel van 'n kerkorde. Daarmee saam onderneem kerke binne kerkverband om die besluite van kerklike vergaderings as vas en bindend te hou (kerkorde GKSA artikel 31). Coertzen (1993a:242) wys daarop dat die kerk as unieke gemeenskap met 'n eie en unieke reg en regering sy eie reg moet handhaaf as hy getrou wil bly aan sy Godgegewe roeping. Wanneer gelowiges die kerkorde en die ander besluite wat die kerke gesamentlik op kerklike vergaderings geneem het, ignoreer, sal sodanige optrede tot wanorde en tot kerkontbinding lei.

Willekeurige binding aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die binding aan die belydenis en die kerkorde insluit) sal heel waarskynlik tot gevolg hê dat nie meer die Woord nie, maar mense se persoonlike en individuele menings en sienings die deurslag gee wanneer besluite in die Here se kerk deurgevoer moet word. Juis daarom onderneem gelowiges en kerke teenoor mekaar om op 'n verantwoordelike wyse op te tree wanneer hulle van die besluite van kerklike vergaderings verskil of wanneer hulle tot ander insigte gekom het (kerkorde GKSA artikels 31 en 46 & 86).

Pont (1985:532-533) wys op die verantwoordelikhede wat rus op die persoon (predikant) wat homself met sy handtekening bind om op 'n bepaalde wyse op te tree. Met sy handtekening onderneem hy om hom stiptelik te hou by die onderlinge ooreengekome kerkordelike reëlings (die sogenaamde kerklike weg) waarvolgens besware oor die belydenis hanteer moet word. Hierdie onderlinge binding versterk die onderlinge eenheid tussen kerke, wat een van die pilare is waarop die kerk van die Here staan. 'n Willekeurige binding aan die besluite van kerklike vergaderings sal die onderlinge kerklike binding verbreek.

Binding aan die besluite van kerklike vergaderings veronderstel juis dat die gelowiges wat hulle verbind het om sodanige besluite te eerbiedig, glo dat die besluite van daardie kerklike vergaderings in die lig van die Woord en onder leiding van die Heilige Gees geneem is (Hand. 15). Daarom kom kerklike vergaderings byeen sodat die saamkom van meer gawes en kundigheid help verseker dat die besluite wat geneem is, weloorwoë is en die toets van die Skrif, die belydenis en die kerkorde deurstaan (Botha, 1982:40).

Waar blote willekeurige binding aan die besluite van kerklike vergaderings aanvaar word, is die gevolg dat kerklike vergaderings alleen maar samekomste is wat adviseer. Sodanige samekomste is tipies van daardie kerke wat vashou aan 'n independentistiese wyse van kerkregering (Spoelstra, 1989:12).

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat gelowiges hulle nie bloot willekeurig aan die besluite van kerklike vergaderings bind nie, omdat sodanige willekeurige binding uiteindelik tot die ontbinding van die kerk van Jesus Christus en tot nadeel van die kerklike lewe sal lei.

5.3.3. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE IS NIE ONVOORWAARDELIK NIE

Die Rooms-Katolieke Kerk vereis onvoorwaardelike binding aan die besluite van die pous en kerklike vergaderings (Spoelstra, 1989:2-3). Hierdie eis het daartoe aanleiding gegee dat selfs daardie besluite wat nie die toets van die Skrif deurstaan het nie, ook deurgevoer moes word. Gevolglik het die dwaalleer van die pous en konsilies in die kerk gevestig geraak.

Die Reformatore het die *onvoorwaardelike* binding aan die besluite van kerklike vergaderings met mag en mening teengestaan, aangesien hulle daagliks met die gevolge daarvan (die gedeformeerde Rooms-Katolieke Kerk) gekonfronteer is (Spoelstra, 1989:188-190).

Daar is ook diegene wat voorstanders is van 'n baie "losse" binding of 'n binding op "een korte, krachtige belijdenisgrondslag" (Achtien, 1962:62, 147) waar die uitgangspunt een is van dinge "rustig durven weghalen uit het centrum van het

christelike geloof als daarover onenigheid dreigt te ontstaan” en `n gees van “aanvaart elkander”. Sodanige “losse” binding, kan eweneens nie anders as om katastrofale gevolge vir die kerklike lewe in te hou nie, aangesien elkeen later sal doen wat reg is in sy eie oë (Rigters 21:25).

Die ewewigtige standpunt van Calvyn was steeds dat die besluite van `n kerklike vergadering (konsilie) bindend is, tensy daardie besluite strydig is met die Woord van God. Daarom was daar geen onvoorwaardelike binding aan die besluite van kerklike vergaderings nie, maar alleen binding aan daardie besluite in soverre dit met God se Woord ooreenstem. (Vergelyk in die verband Calvyn, 1991:1462, 4.9.14; 1991:1473, 4.10.9; 1991:1481, 4.10.16; 1991:1482, 4.10.17; 1991:1484, 4.10.18; 1991:1487, 4.10.21 & 1991:1497, 4.10.30.) Van der Walt (1996:530) spreek homself sterk uit teen die onvoorwaardelike binding aan sinodebesluite: “Papierpouse, byvoorbeeld in die vorm van kil-formalistiese binding aan oorywerige sinodebesluite.”

Die voorafgaande argument kan soos volg saamgevat word: Gelowiges bind hulself nie onvoorwaardelik aan die besluite van kerklike vergaderings nie, aangesien die moontlikheid altyd bestaan dat daar binne die sondige bedeling waarbinne ons lewe, verkeerde besluite geneem kan word. Daarom het die kerke ooreengekom om die weg tot appèl oop te laat (kerkorde GKSA artikel 31) om besluite wat nie die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan nie, te kan wysig.

5.3.4. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE IS NIE ONGEGROND NIE

Sekere persone ontken die bindende gesag van besluite wat deur kerklike vergaderings geneem is. Hulle is van mening dat sodanige eis nie in die Skrif gestel word nie en dat `n gedeelte soos Handeling 15 nie beskou kan word as `n “sinode in die kiem” nie. (Vergelyk Van der Linde (1975:32, 34, 45; 1979:45; 1986:23) en Van Genderen (1971:10, 25) se beoordeling van die verskillende standpunte.)

Binding aan die besluite van kerklike vergaderings is nie `n ongegronde eis wat kerke onderling aan mekaar stel nie. Hierdie onderlinge ooreenkoms tussen gelowiges om hulle aan die besluite van kerklike vergaderings te bind, is `n Skrifgefundeerde beginsel. In hoofstuk TWEE word uit Handeling 15 aangetoon dat die kerke hulself

as gebonde moes beskou aan die besluite wat deur die kerklike vergadering in Jerusalem geneem is.

Uit die voorafgaande is dit duidelik dat gelowiges hulle nie om ongegronde redes aan die besluite van kerklike vergaderings bind nie, omdat die binding aan die besluite van kerklike vergaderings 'n Skrifgefundeerde beginsel is.

5.3.5. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE IS NIE RATIFIKASIE NIE

Die gedagte van die ratifikasie van besluite wat deur kerklike vergaderings geneem is, was baie sterk verteenwoordig in Nederland in die 1940's tydens die sogenaamde Vrymaking waar veral prof. Schilder (Praamsma, 1946:21; Sadler, 1991:52; Spoelstra, 1968:48) groot invloed met sy denke oor die ratifikasie van besluite uitgeoefen het. Strauss (1997:173-174) wys op die aard van die gesag van meerdere vergaderings en op die konsekwensie wanneer ratifikasie toegepas sou word: "Vanuit 'n konsekwente Christokratiese visie het meerdere vergaderings – soos kerkrade – net een Hoof en Opdraggewer, Jesus Christus. Die aard van hulle gesag of bevoegdheid – soos dié van kerkrade – is 'n van-Christus-verleende of afgeleide gesag, 'n *ministerium*. Almal het op hulle bepaalde terrein slegs die bevoegdheid om die gesag van die Hoof van die kerk, Jesus Christus, te bedien. Anders gestel: Christusgesag is Woordgesag en Christus is die Eerste Subjek in die bediening van hierdie gesag: deur sy Woord en Gees én deur die regering van die kerk. Die sogenaamde doleansie-argument wat aan die gemeente as volledige kerk 'n oorspronklike gesag en aan meerdere vergaderings 'n van-die-kerkrade-of-gemeentes-gedelegeerde gesag toeken, impliseer egter 'n Christus-plus oor meerdere vergaderings: Christus plus die kerkraad. Konsekwent gesien, moet so 'n argument op 'n ratifiseringsreg vir kerkrade ten opsigte van die besluite van meerdere vergaderings – en dus independentisme – uitloop."

Hierdie selfde gedagte van die ratifikasie van besluite wat deur kerklike vergaderings geneem is, kom steeds voor binne gereformeerde geleedere, alhoewel die wortels daarvan 'n definitiewe independentistiese geur dra en daartoe kan lei. (Vergelyk Du Plooy, 2003:1-13; Praamsma, 1946:21, 35 & Roeleveld, 1972b:59.)

Die voorstanders van ratifikasie se standpunt is in wese dat elke besluit van 'n kerklike vergadering eers weer deur 'n mindere vergadering aan die Skrif getoets moet word. Meijer (1995:19) stel dit soos volg: "n Besluit van 'n meerdere kerklike vergadering is as't ware 'n voorlopige oordeel, wat aan die Woord getoets moet word." Indien die mindere vergadering tevrede is dat die genome besluit die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan, maak hulle daardie besluit hulle eie. Hulle neem dus 'n besluit oor 'n besluit voordat hulle hulself as gebonde aan daardie besluit beskou. Indien hulle nie met 'n besluit van 'n kerklike vergadering sou saamstem nie, onderneem hulle om so gou moontlik volgens die eis van kerkorde GKSA artikel 31 teen sodanige besluit te appelleer na die nodige kerklike vergadering. Hierdie denkgroep aanvaar geen besluit van 'n kerklike vergadering as bindend nie, alvorens hulle nie self, onafhanklik, daardie besluit ontvang het, aan die Woord getoets het en onafhanklik besluit het om die besluit as bindend te hou nie (Meijer, 1995:21, 27).

Hierdie handelswyse skep noodwendig heelwat vrae. Meijer (1995:53) probeer ook om van hierdie vrae te beantwoord: "Die mening word meermale uitgespreek dat *ratificatio* aan die kerkverband afbreuk doen, omdat kerkrade daardeur in staat gestel word om besluite van meerdere vergaderings selfstandig te beoordeel en – indien hulle dit verkies – sommer langs hulle neer te lê (Coetzee, 1946a:4; Du Toit, 1946b:12; Van Wyk, 1988:38). Dit is egter nie die bedoeling van *ratificatio* (*acceptatio*) nie. Die teendeel moet gebeur. Ooreenkomstig artikel 31 KO is die plaaslike kerk geroep om besluite wat die kerkverband (meerdere vergadering) geneem het, sorgvuldig te bestudeer en – indien dit geldig is – te aanvaar (ratifiseer/aksepteer) en uit te voer." Meijer (1995:53) dui self ook op die gevaar van independentisme indien die "tensy" van kerkorde GKSA artikel 31 nie gehonoreer word nie.

Rutgers (1890:24) wys daarop dat daar "in den eersten tijd" die gewoonte was dat 'n plaaslike kerk 'n kerkorde weer aanneem. Hy beskryf sodanige optrede, afgesien van die moontlike voordele wat dit sou kon inhou as "overbodig, en zelfs zonderling" en noem die praktyk self nie ratifikasie nie, maar dat die reeds vasgestelde kerkorde "werd dan als het ware geratificeerd". Hierdie praktyk "in den eersten tijd" kan beswaarlik as historiese argument vir die gebruik van ratifikasie aangevoer word.

Kerke kom byeen en vorm saam 'n kerkverband van kerke, omdat hulle vooraf onderling teenoor mekaar onderneem het om tydens hulle kerklike vergaderings alleen besluite te neem wat die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan. Daarom beskou hulle hulself as gebonde aan die besluite wat kerklike vergaderings neem. Indien die besluite van kerklike vergaderings eers as bindend gehou word nádat dit geratifiseer is, kom die aard van kerkverband en die fondament van die onderlinge ooreenkoms om besluite in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde te neem, in die gedrang. Kerke binne kerkverband gaan immers uit van die standpunt dat die besluite van meerdere vergaderings bindend *is*, aangesien besluite onder leiding van die Heilige Gees geneem word en getoets word aan God se Woord (Hand. 15:28). Pont (1981:230-231) vat dit soos volg saam: "As die sinodale of meerdere vergadering se gesag dáárin lê dat dit 'n vergadering van die afgevaardigde regeeramp is wat sy besluite neem volgens die leiding van die Heilige Gees én die Woord, dán het die sinodebesluite vansélf gesag en hoef dié besluite nie nog weer agterná bekragtig te word deur kerkraadsbesluite om dit bindend te maak nie."

Besluite word daarom nie geldig omdat die kerkraad dit ratifiseer nie. Juis weens die eenheid in die waarheid wat daar tussen kerke bestaan, kom meer kerke met meer gewes byeen om oor sake te beslis waaroor die mindere kerklike vergaderings nie kon handel nie (kerkorde GKSA artikel 30). Die uitgangspunt vir kerke behoort dus te wees dat die besluite van kerklike vergaderings bindend *is*, maar as dit dan blyk dat daardie besluit(e) nie ooreenkomstig Gods Woord, die belydenis en die kerkorde is nie, moet die kerklike weg gevolg word om dit te wysig. *Daar moet nie weer oor besluite besluit word (ratifikasie) nie.* Visser (1999:141) stel dit soos volg: "Geen mindere vergadering het die reg om eiewillig 'n meerdere vergadering se besluit kragteloos te maak nie (deur dit nie as bindend te hou nie - JHH) ... nie by wyse van ratifikasiereg óf by wyse van blote ignorering van so 'n besluit nie!"

Verkeerde besluite moet vanselfsprekend reggestel word. Pont (1981:223) wys daarop dat die beginsel reeds te Emden 1571 vasgemaak is dat kerklike vergaderings se besluite geldig is vir al die kerke binne kerkverband: "Die sinode neem dus besluite vir *die hele kerk* en nie net vir die teenwoordige gemeentes nie. Hier word dit duidelik dat die sinode 'n regeervergadering van die ampte is wat vir die hele kerk, binne sy bevoegdheidskring, besluite neem."

Indien kerke vashou aan die idee van ratifikasie, het dit ook sekere implikasies vir die afvaardiging van sodanige kerke na kerklike vergaderings. Roeleveld (1972b:59) wys daarop dat die kerke onmiddellik gebonde is aan die besluite wat hulle afgevaardigdes binne die grense van hulle opdrag geneem het en dat die ratifikasie van besluite onnodig is. Kerke moet wel toets of die meerdere vergadering binne die grense van sy volmag opgetree het. Hier is kerkorde GKSA artikel 31 ter sprake. Roeleveld (1972b:59) merk ook op: "Indien een kerkeraad besluiten die door die vergaderingen *ultra vires* zijn genomen en dus ongeldig zijn, toch zou uitvoeren, kan dit als *ratificatie* beschouwd worden, d.w.z. *een geldig maken van ongeldige besluiten*. Indien het daarbij slechts om middelmatige zaken gaat, is dat niet erg. Maar als het om de grondslagen van de kerk gaat en niet een incidenteel geval betreft kan dit een gereguleerde deformatie van de kerk tot gevolg hebben."

Waar kerke ratifikasie op alle kerklike besluite toepas, kon hulle net so wel oor sekere sake per pos hulle mening na kerklike vergaderings stuur, aangesien hulle afvaardiging ook net dán sal en kan en mag besluit soos hulle vooraf deur die vergadering wat hulle gestuur het, gelas is (Strauss, 1992b:191).

Die praktyk van ratifikasie het sterk na vore getree in 'n tyd toe die kerk gedeformeer was en die staat, asook verskeie vorme van dwaalleer, 'n groot invloed uitgeoefen het op die besluite wat deur kerklike vergaderings geneem is (Sadler, 1991:52). In die lig van daardie besondere omstandighede kan daar wel begrip wees vir mense wat hierdie denkrigting ondersteun het. Ook vandag kan daar mense wees wat bang is dat dieselfde toestand van deformatsie in 'n kerkverband kan intree en dat kerke magteloos verplig word om besluite van kerklike vergaderings uit te voer wat teen Skrif, belydenis en kerkorde indruis en wat met 'n poging tot gewetensdwang en -verknegting aan hulle opgedring word.

Gereformeerde kerke het hulself juis teen sodanige wanpraktyke gevrywaar deur die onderlinge onderneming aan mekaar te gee om op grond van die kerkorde van die GKSA artikel 31 te appelleer teen besluite wat stry teen die Skrif, belydenis en kerkorde. Booyens (1980:157) toon die korrekte optrede aan wanneer hy daarop wys dat gelowiges hulle aan die kerkraad moet onderwerp wanneer die kerk volgens die Woord regeer word. Indien 'n persoon van mening is dat daar van die Woord

afgevyk word, moet hy hom op 'n meerdere vergadering beroep. Indien hy hom nie aan die besluit van die meerdere vergadering kan onderwerp nie, behoort hy onder die diepe besef van die erns van sy optrede, by 'n kerk(verband) aan te sluit wat voldoen aan die eise van God se Woord; andersins, tot kerkstigting oorgaan.

Kerkorde GKSA artikel 31 beskerm gelowiges voldoende om te verhoed dat daar gewetensdwang toegepas word deur die besluite van kerklike vergaderings. Sadler (1991:51) stel die gereformeerde beginsel soos volg: "Aan die een kant moet niemand gedwing word om besluite uit te voer waarteen hy prinsipiële besware het nie. Aan die ander kant kan dit ook nie geduld word dat 'n kerkraad die besluite van 'n meerdere vergadering maar net naas hom neerlê nie. Dit sou willekeur en wanorde in die hand werk. Ter wille van die heerskappy van Christus moet 'n middeweg tussen hierdie twee uiterste standpunte geloop word. Dit maak appèl as 'n vorm van ordelike verset teen kerklike besluite waarteen daar prinsipiële besware is, soveel te meer noodsaaklik."

Dit mag gebeur dat met die toepassing van kerkorde GKSA artikel 31 die vereiste gestel word dat gewetensbindende besluite uitgevoer moet word, totdat bewys is dat dit stry teen Skrif, belydenis en kerkorde. Daar kan dus 'n probleem ontstaan indien kerkorde GKSA artikel 31 op die verkeerde wyse toegepas sou word. Aan die ander kant kan dit maklik gebeur dat kerke sekere besluite vir tot drie jaar (tot en met 'n volgende nasionale sinode) nie uitvoer nie. Sodanige optrede lei weer tot independentisme wat baie skadelik kan wees vir die onderlinge eenheid binne 'n kerkverband.

Hoe behoort die besluite van kerklike vergaderings dan hanteer te word wanneer daar op grond van die kerkorde van die GKSA artikel 31 teen sodanige besluite geappelleer is? Sadler (1991:52-53) wys tereg daarop dat geen algemene reël neergelê kan word nie en dui die volgende werkswyse aan: "Miskien is die bepalende beginsel dat indien die uitvoering van die besluite die hele doel van die appèl veryd, dan moet die uitvoering oorstaan tot tyd en wyl die appèl afgehandel is. Daarteenoor moet egter gestel word dat indien die uitvoering deur herhaalde appèlle so lank vertraag kan word dat die kerk onherstelbare skade daardeur kan ly, die besluit na een appèl wel ten uitvoer gebring moet word (vergeelyk Jansen, 1952:149). Waar besluite gewetebindend van aard is deur bv. bepaalde leeruitsprake, moet met

die uitvoering van die besluite liefswag word tot na die afloop van die appèl. Elke bepaalde geval sal op sy eie meriete beoordeel moet word om te besluit of uitvoering van die besluit vereis moet word en of die uitvoering daarvan kan oorstaan tot na die appèl afgehandel is."

Uit die voorafgaande inligting kan die volgende gevolgtrekking gemaak word: Gelowiges bind hulle nie aan mekaar binne 'n kerkverband op die voorwaarde dat hulle eers vooraf alle besluite van kerklike vergaderings moet ratifiseer voordat hulle hulself as gebonde aan daardie besluite sal beskou nie. Die uitgangspunt onder die kerke is dus dat die besluite wat kerklike vergaderings met meerderheid van stem geneem het, bindend *is* (kerkorde GKSA artikel 31). Daardie vergadering het immers biddend en onder leiding van die Heilige Gees (Hand. 15:28) byeengekom om besluite te neem. Noodwendig moet die feilbaarheid van besluite altyd in ag geneem word. Waar kerke of individue meen dat besluite nie die toets van Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan nie, moet *bindende* besluite as *ongeldig* bewys word volgens die ooreengekome kerklike weg (kerkorde GKSA artikels 31 & 46). Die besluite wat nie die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde slaag nie, is in beginsel *ongeldig*. In die praktyk is daardie besluite egter bindend en moet uitgevoer word, tensy daar gewetensbinding (in stryd met die Skrif en daarmee saam met die belydenis) ter sprake is. Alleen *dán* geld die beginsel van Handeling 5:29: "n Mens moet eerder aan God gehoorsaam wees as aan mense." Gelowiges het die plig en die verantwoordelikheid om te sorg dat sodanige *ongeldige* besluite gewysig of herroep word deur die kerklike ooreengekome weg (soos vervat in die kerkorde GKSA artikels 31 & 46) met mekaar te loop.

5.3.6. SAMEVATTING

- Gelowiges bind hulle nie aan die besluite van kerklike vergaderings omdat die "sinode" so besluit het nie, maar omdat die vergadering(s) onder leiding van die Gees besluite geneem het wat die toets van God se Woord deurstaan.
- Gelowiges bind hulle nie bloot willekeurig aan die besluite van kerklike vergaderings nie, omdat 'n willekeurige binding uiteindelik tot die ontbinding van die kerk en tot nadeel van die kerklike lewe sal lei.

- Gelowiges bind hulle nie onvoorwaardelik aan die besluite van kerklike vergaderings nie, aangesien die moontlikheid altyd bestaan dat verkeerde besluite geneem kan word.
- Gelowiges bind hulle nie om ongegronde redes aan die besluite van kerklike vergaderings nie, omdat die binding aan die besluite van kerklike vergaderings 'n Skrifgefundeerde beginsel is.
- Gelowiges bind hulle nie aan kerklike besluite op die voorwaarde dat hulle eers vooraf alle besluite moet ratifiseer voordat hulle hulself as gebonde daaraan sal beskou nie.

5.4. DIE BESONDERE AARD VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

5.4.1. HONORERING VAN KERKLIKE BESLUIE

Binding aan die besluite van kerklike vergaderings (wat veronderstel dat daardie besluite geneem is op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde) behoort 'n saak van groot erns vir die kerk van die Here op aarde te wees. Gelowiges moet die aard van hierdie binding goed verstaan, aangesien die hantering van die binding in die kerk belangrike gevolge inhou vir die bestaanswyse van die kerk op aarde. Sonder die regte binding aan die besluite van kerklike vergaderings, kan willekeur en subjektivisme maklik die botoon voer in die kerklike lewe. Daarom het die kerk die verantwoordelikheid om lidmate aan die erns van die regte binding aan kerklike besluite te herinner. Van Dijk (1970:52) wys soos volg op die kerk se verantwoordelikheid in hierdie verband: "Die kerk mag haar leden, *moet* haar leden herinneren aan de binding waarmee zij zich gebonden hebben, om elke idee, elke praktijk van vrijblijvendheid uit te sluiten. Die kerk moet zijn één groot volgehouden protest in de wereld tegen alle vrijblijvendheid. We blijven niet vrij, we *zijn* niet vrij als wij ons aan de Heiland gebonden hebben. Zó juist zijn we vrij. In de binding van Hem aan ons, van ons aan Hem, zijn we niet langer slaven van onze eigen vrije keus, een keus die geen antwoord is op wat ons van Godswege gezegd wordt."

Binding deur gelowiges aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde insluit) is geen gedwonge binding nie (Van Lis, s.a.:40; Van Rooyen, 1948:10 & Van Toorenenbergen, 1895:XIII). Gelowiges besluit

immers vrywilliglik aan watter kerke (kerkverband) en gelowiges hulle hulself verbind. Die binding aan die Skrif is dan ook die primêre binding, terwyl die binding aan die belydenis en kerkorde daaraan ondergeskik is.

Sodra gelowiges hulle eers aan mekaar verbind het, is hulle verplig om die binding aan die besluite van kerklike vergaderings te honoreer (Nauta, 1971:136). Kuyper (1932/1933:5) stel dit soos volg: "De confoederatio is terwille van de unio ecclesiarum. Vrywillig kunne de plaatselyke kerken die unio maken. Vrywillig kunnen ze die unio ook verlaten. Een kerk kan nooit verplicht worden tot die confoederatio te komen. Iedere plaatselyke kerk mag niet op zichzelf blyven staan in religieuze zin. Er moeten hogere motieven zyn, die daartoe recht geven. De libertas ecclesiae moet in formeelen zin worden gehandhaafd. Ieder geloovige is in formeele zin vry om zich te voegen by de plaatselyke kerk. Het corpus unitum heeft een regimen noodig, ook op grond van het ius naturae. Er is geen orde mogelijk zonder een regimen. Dat regimen nu, moet worden uitgeoefend door de kerk zelf."

Die besluite van kerklike vergaderings is dus gesagvol en moet op grond van die ooreengekome binding in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde gehandhaaf word. Oor hierdie gesag van die besluite van kerklike vergaderings, merk Kuyper (1934/1935:8) op: "Dit gezag is dus niet slechts een moreel gezag, dat alleen maar berust op aanraden en zedelijke overtuiging, maar het is een bindend gezag, waaraan men om Christus' wil gehoorzaamheid verschuldigd is Van Christus gaat het gezag uit; Hij schenkt dat aan de Kerk; wie tot de Kerk toetreedt schiept dus niet het gezag, maar erkent dat gezag als hic et nunc wettig." Daarom is dit ook nie geregverdig om soos Meijer (1995:121) te redeneer dat die "aanvaarding en uitvoering van besluite (sonder *ratificatio* – JHH) ... 'n kwessie van (bloot – JHH) die nakoming van onderlinge afsprake" is nie. Die onderlinge binding tussen kerke is juis 'n binding *op grond van* Skrif, belydenis en kerkorde waarmee die alleenheerskappy van Christus erken word en wat in die besluite wat kerklike vergaderings neem, neerslag vind.

5.4.2. BINDING AAN DIE WOORD

Die fondament waarop die binding deur gelowiges aan die besluite van kerklike vergaderings staan, is dieselfde geloof in die Drie-enige God en in sy Woord.

Sodanige binding aan God en aan sy Woord, is die absolute voorvereiste wat kerke aan mekaar behoort te stel voordat hulle hulself as gebonde aan die besluite van kerklike vergaderings hou (Grobler, 1991:4). Sodanige binding is daarby *goeie* binding, aangesien dit bou en vashou aan die waarheid van die Woord van God. Die binding aan die Woord van God is juis die kenmerk van 'n goeie gewete wat innerlik gebonde is "aan die Skrifwaarhede soos ons dit in ons belydenisskrifte omhels" (Anon, 1997:6-7). Wanneer kerke tesame tydens 'n meerdere vergadering 'n bepaalde besluit neem, is almal aan daardie besluit gebonde tensy aangetoon kan word dat die besluit afwyk van Skrif en belydenis. (Vergelyk ook Borchardt, 1988:333 & Rullmann, 1917:346.)

5.4.3. BINDING AAN DIE BELYDENIS

Die geloof in God en in sy Woord kom tot uitdrukking in die belydenisskrifte wat gelowiges gesamentlik onderskryf, omdat die belydenis niks anders is as 'n samevatting van die leer van die Woord nie. "Juis die vashou aan die Woord het die kerk gebring tot belydenisponering" (Duvenage, 1971:30). (Vergelyk ook Kuyper, 1928/1929:1.) Die erns van die binding aan die belydenis word deur Venter (s.a.:7) aangetoon as "dat dit in die belydenis gaan om die antwoord op die openbaring van God, maar 'n antwoord waarin die persoon hom terselfdertyd verantwoord teenoor die God van die openbaring".

Die eenheid in die belydenis of leer vorm volgens Spoelstra (1989:58) "die ruggraat van die kerkverband". (Vergelyk ook Visser, 1986:29.) Sonder die binding aan die belydenis, bestaan die gevaar dat die Woord willekeurig en subjektief toegepas word (Van der Walt, 1963:45) en dat die kerk "een huis word dat teen zichzelf verdeeld is" (Van Genderen, 1971:55). Daarom wil die binding aan die belydenis niks anders wees as 'n binding aan die gesonde leer van die Woord nie.

Wanneer gelowiges hulle aan mekaar verbind op grond van die Skrif en belydenis, bind hulle hulself na regte slegs aan die Woord van God, aangesien die belydenisskrifte (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 7) aan niks anders as aan die Woord alleen wil bind nie (Coetzee, 1970:18-22; Du Plooy, 1995:148). Botha (1982:31-32) toon die besondere wyse aan waarop die kerke in die tyd van die Reformasie hulself aan die belydenisskrifte gebind het deur daarop te wys dat die

Skrif alleen as absolute gesag gegeld het. Daarteenoor, alhoewel die belydenis afgeleide of betreklike gesag gehad het, moes dit steeds gehoorsaam word, aangesien die kerk onder leiding van die Heilige Gees tot die daarstel van die belydenis as 'n samevatting van die Woord gekom het.

Predikante en ander ampsdraers moes met hul handtekening hul volkome instemming met die belydenis bevestig en het daarmee onderneem om hul ampswerk daarvolgens in te rig. "Deur die belydenisse op die wyse te onderteken, het die ondertekenaar dit geaktualiseer. Daarmee word dit daadwerklik sy eie belydenis en nie maar net 'n historiese dokument waarvan die ondertekening 'n blote formaliteit was nie. So verklaar hy vrywillig en sonder enige dwang dat die formuliere van enigheid die norm en reël van sy prediking en sy dienswerk sal wees. Van gewetensdwang of beperking van teologiese ondersoek en studie is hier nie sprake nie ... Vrywillig verbind hy hom hier kontraktueel aan die kerk en gee hy sy woord om saam met die kerk en soos die kerk te bely. Daarmee gee hy dan die versekering dat sy prediking en dienswerk binne die grense van die leer, soos die formuliere van enigheid dit uitdruk, sal bly" (Botha, 1982:31-32). (Vergelyk ook Botha, 1997:1301-1302, 1310-1311; Bouwman, 1934:4, 9, 20; Calvyn, 1991:1358, 4.5.4; Du Plooy, 1991:90; Kruger, 1966:332; Meijer, 1995:78; Pont, 1982:21; Pont, 1985:532; Spoelstra, 1989:300 & Van der Linde, 1971:47; 1983:180.)

Wat baie belangrik is in die verstaan van die binding aan die belydenis, is dat die binding aan die een kant nie absoluut is nie (dit bly toetsbaar aan die Skrif), maar aan die ander kant ook nie relatief is nie (geen willekeurige binding nie) (Du Plooy, 1991:81).

Binne die raamwerk van die korrekte verstaan van die binding aan die belydenisskrifte, waarsku Coetzee (1970:22) dat hierdie binding belangrik is vir die kerklike lewe en dat die belydenis as akkoord van gemeenskap nie moet verdwyn nie. Die belydenis getuig oor dit wat gelowiges op grond van die Woord oor die waarheid glo en waaraan hulle hulself onvoorwaardelik onderwerp.

Ook Kuyper (1883:vi) wys op die geweldige belangrike rol wat die binding aan die belydenis in die kerklike lewe speel en dat daar geen ander band van eenheid tussen die kerke as hul belydenis is nie. Kerkherstel vind dan ook plaas waar gelowiges hul

op die grondslag van die belydenis by mekaar aansluit. Waar gelowiges (kerke) die belydenis van harte omhels, sal kerke ook 'n gesamentlike kerkorde opstel om die Christusregering in die praktyk van hul kerkwees toe te pas.

Die binding aan die belydenis (wat ook binding aan die Skrif en kerkorde en die besluite van kerklike vergaderings insluit) is geldig vir alle lidmate van die kerk. Die oomblik wanneer lidmate deel word van die kerk van die Here, is hulle gebonde. Van der Walt (1990:18) wys daarop dat elke lidmaat sedert sy doop aan die Drie Formuliere van Eenheid gebind is. Daarom is elke lidmaat net so gebonde aan die belydenis as daardie ampsdraer wat die belydenis skriftelik onderteken het. Alle lidmate is *ewe veel gebonde* aan die leer van die Woord soos wat dit deur die belydenis saamgevat word.

Feenstra (1947:9) toon die aard van die binding aan die belydenis aan wanneer hy daarop wys dat die belydenis niks anders wil sê as wat God in sy Woord leer nie. Daarom alleen is die belydenis bindend. Sonder binding aan die belydenis kan die belydenis net so wel afgeskaf word. Die belydenis is soos 'n padkaart wat die regte weg midde in gevare en ompaaie aantoon. Die belydenis waarsku ook teen ou dwalinge wat in die verlede skade in die kerk verrig het. Bowenal is die belydenis se krag daarin geleë dat hy niks anders wil sê as wat die Woord leer nie. Daarom is gelowiges binne kerkverband dit aan mekaar verskuldig om hulself as gebonde te beskou aan die belydenis en om hulself daadwerklik daaraan te hou. Hoeksema (1943:11) sê: "And those that submit themselves to the government of the Church that is based upon a certain creed, are certainly under the authority of that creed and bound by it."

5.4.4. BINDING AAN DIE KERKORDE

Kerke wat saamgekom het in kerkverband, onderneem onderling teenoor mekaar om die kerk te regeer volgens die eis van die Woord en tree daarom ten opsigte van spesifieke sake op 'n bepaalde wyse op. "Zij gelooven, dat Christus zelf de organisatie der kerk heeft bepaald, en dat de verordeningen, in naam van Christus door de kerk gegeven, bindend zijn voor alle tijden" (Bouwman, 1928:113). Coertzen (1991:107) merk ook op dat "'n kerk wat dit werklik ernstig bedoel met sy kerkwees, noukeurig aandag gee aan sy orde, sy regering, sy organisasie".

Hierdie onderlinge ooreengekome manier van optrede vind sy neerslag in die kerkorde wat hulle gesamentlik opstel en waaraan hulle hulleself en mekaar onderling as gebonde beskou. Met die aanvaarding van die kerkorde verbind die kerke hulle daartoe om die besluite van meerdere vergaderings as vas en bindend te beskou en te hou (Meijer, 1995:48; Spoelstra, 1989:469).

Oor die gesag van die kerkorde moet daar geen twyfel bestaan nie. Coetzer (1991:192) toon aan dat die kerkorde "'n kerklike regsdocument met gesag (is - JHH) wat bedoel is om as sodanig gelees en gebruik te word. Die ordereëls van 'n kerkorde is dan inderdaad ook voorskriftelike (bindende) reëlings wat op 'n bepaalde tydstip in die geskiedenis deur 'n bepaalde gemeenskap van mense aanvaar is as geldend vir hulle". Tydens hierdie kerkregtelike binding moet gereformeerde gelowiges met groot omsigtigheid waak teen enersyds die uiterste van hiërargiese gebondenheid en andersyds teen die uiterste van independentistiese losbandigheid (Jansen, 1924:1).

Die diepste grond vir kerkverband is nie die kerkorde nie, maar die Woord van God en die belydenis waaraan die kerke hulle gesamentlik bind. Coertzen (1991:182; 1992e:724) wys daarop dat die kerkorde self aantoon (kerkorde GKSA artikel 31) dat besluite bindend is, tensy aangetoon kan word dat daardie besluite in stryd is met die Skrif en die belydenis. Kerke vorm juis met mekaar 'n verbintenis omdat hulle die Woord dieselfde verstaan en daarom 'n gemeenskaplike belydenis aanhang wat hulle daartoe bring om 'n bepaalde orde vir die kerke daar te stel deur 'n gesamentlike kerkorde op te stel.

Gelowiges behoort duidelikheid te hê oor die besondere rol wat die kerkorde binne kerkverband behoort te speel. Die grondslag vir 'n kerkorde word gevind in 1 Korintiërs 14:40 (1933-vertaling): "Laat alles welvoeglik en ordelik toegaan." Daarmee saam stel 1 Korintiërs 14:33 (1933-vertaling) dit duidelik: "God is nie 'n God van wanorde nie." Die kerk mag *en behoort* dus ordereëlings te maak wat die belangrikste riglyne uit die Woord aantoon oor die wyse waarop die kerk van Jesus Christus regeer moet word. Hyself regeer immers sy kerk deur sy Woord en sy Heilige Gees en daarom is en bly sy kerk altyd aan die Woord gebonde (Booyens, 1980:156).

Calvyn (1991:1494, 4.10.27) beklemtoon die korrekte hantering van 'n kerkorde deur op te merk: "So ver is dit daarvan dat ons die wette sou verdoem wat hiertoe bydra dat ons verklaar dat as hulle uit die kerk weggeruim word, die senuwees daarvan vernietig en die kerk heeltemal mismaak en verstrooi word. En ook kan ons Paulus se eis dat alles betaamlik en ordelik moet geskied, nie nakom tensy die orde en betaamlikheid op sekere instellings wat ons moet byvoeg asof hulle bande is, berus nie. In sulke instellinge moet ons altyd slegs die voorwaarde stel dat ons nie moet glo dat dit vir ons saligheid noodsaaklik is en ons gewetens so deur bygelowige besorgdheid bind nie; of dat dit bydra tot die diens aan God en dat godsvrug so daarin gestel word nie."

Spelstra (1989:190) sluit hierby aan wanneer hy opmerk: "Die aspekte van die Kerkorde wat direk op die Skrif berus, dra die gesag wat die Skrif daaraan verleen. Ander ooreenkomste tussen die kerke oor hoe (*modus quo*) hulle mekaar steun om dit (*quod*) wat Christus van sy kerk vra, te gehoorsaam, berus op die gesag van die ooreenkoms. Waarheid, eerlikheid en betroubaarheid bepaal dus dat die kerke afsonderlik en in hulle vergaderings hierdie ooreenkoms moet nakom. As sodanig kan op die Kerkorde as 'n regsgrond in die appèl 'n beroep gedoen word."

Ook Rutgers (1890:42-43) doen moeite om aan te toon dat die kerkorde nie 'n rigiede wetboek is nie, maar met groot omsigtigheid hanteer behoort te word. Hy wys daarop dat waar daar in sommige gevalle goeie redes en besondere omstandighede bestaan, wél van die kerkorde afgewyk kan word. Die kerke in Engeland wat op die Dordtse Sinode van 1618/19 verteenwoordig was, het byvoorbeeld telkens verklaar dat hulle nie die kerkorde in alles sou kon onderhou nie. Tog het hulle die openlike verklaring afgelê. Hierdie hantering van die toepassing van die kerkorde het geensins ingehou dat kerke maar op 'n individualistiese en "kerkbederwende" wyse hul eie koppe kon volg nie. Die uitgangspunt was steeds dat die kerkorde nagekom moes word en dat elke uitsondering en afwyking van die kerkorde onderling gereël moes word. Sodanige uitsonderings moes die belang van die kerke vooropstel en verseker dat daar selfs nog beter orde gehandhaaf kon word. Dit moes 'n geval wees waar nakoming van die besondere artikel die vryheid van die plaaslike kerk of sy uiterlike vrede of innerlike rus en welstand ernstig sou benadeel en die afwyking tot minder besware sou aanleiding gee. Daarmee saam moes in

sodanige uitsonderlike gevalle nie aan die kerkorde self verander word nie. Indien iemand gemeen het dat sodanige afwyking wesentlik was, het die weg van kerkorde GKSA artikel 31 steeds oopgestaan om 'n moontlike kerkskeurende afwyking reg te stel. Sodoende het daar ruimte bestaan om binne die grense van die kerkorde te kon afwyk sonder dat daar in willekeur en subjektivisme verval sou word. Afwyking in die kerkorde in middelmatige sake kon dus deur die kerke onderling "gereël" word, terwyl die kerke egter konsekwent en onverswak vasgehou het aan die eenheid in Skrif en belydenis wat ononderhandelbaar vir kerklike eenheid is.

Bouwman (1934:38) dui die aangewese weg aan waarvolgens gelowiges veranderings in die onderlinge ooreengekome kerkorde kon aanbring soos ooreengekom te Wesel (1568). Hy toon aan dat die apostel Paulus (1 Kor. 14:40) daarop aandring dat alles in die kerk "ordelik en welvoeglik" moet geskied. Daarom mag 'n kerk nie sommer nuwighede invoer wat die ander kerke in die kerkverband kan raak nie. Sodra enige plaaslike kerk reëls wil invoer wat die hele kerkverband raak of ingrypende veranderinge wil aanbring aan die onderlinge reëlings waaroor die kerke in hul kerkorde ooreengekom het, moet hy eers hierdie sake vooraf by die ander kerke toets en hom aan hul gesamentlike besluitneming daarvoor onderwerp.

5.4.5. BINDING AAN ANDER KERKLIKE BESLUIE

Gelowiges binne kerkverband verbind hulleself aan mekaar op grond van die Skrif, belydenis en kerkorde aan die besluite wat die kerke gesamentlik tydens kerklike vergaderings neem. Jooste (1958:196) toon uit die geskiedenis van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika aan dat hierdie kerke vashou aan die reg van kerklike vergaderings om as regerende vergaderings bindende besluite volgens die Woord te mag neem. Kruger *et al.* (1966:230) wys daarop dat die weiering om die besluite van kerklike vergaderings te aanvaar (om hulle daaraan te bind) "in teorie reeds verbreking van die kerkverband" is.

Hierdie manier van optrede is 'n vasgelegde gereformeerde wyse van optrede sedert kerke in kerkverband getree het. Plaaslike kerke wat byeen gekom het in kerkverband maak gebruik van die raad en die steun van die ander kerke en erken die gesag van daardie kerke wanneer hulle gesamentlike besluite neem. Daardie gesag word ook in die Woord self gegrond. Daarom is die besluite wat die kerke in

meerdere vergaderings oor die leer, die orde en die tug neem, bindende besluite vir al die betrokke kerke (Bouwman, 1934:49).

In die hantering van die besluite van kerklike vergaderings, behoort die gelowiges ook aan mekaar ruimte te gee. Daar moet gewaak word teen die gedagte dat alle besluite van kerklike vergaderings rigied tot op die letter van elke woord nagekom moet word. Aan die ander kant moet die gedagte dat kerke willekeurig mag besluit aan watter besluite van kerklike vergaderings hulle hulself as gebonde beskou, ook afgewys word.

Jansen (1924:50-51) toon aan dat daar veral ten opsigte van besluite oor "middelmattige sake" aan mekaar ruimte gegee behoort te word. Hy wys daarop dat dieselfde geld vir sake wat "toevallig" en "veranderlik" is. Ter staving haal hy die besluit van die sinode van Dordrecht 1618/19 se twintigste sitting aan waar dit gaan oor die kandidate wat tot die diens van predikant in die kerke toegelaat wil word: *"Maar zij heeft ook besloten dat deze dingen niet zoo strikt aan alle kerken opgelegd zouden moeten worden, maar dat het voldoende was, indien zij ernstig zullen worden aanbevolen."* Dit is duidelik dat sommige dinge net aanbeveel word en ander slegs as goeie raad deurgegee word. Ander dinge weer word aanbeveel omdat daardeur onaangename nagevolge voorkom kan word. Aan sekere kerke word daar weens hulle omstandighede sekere toegewings gemaak, alhoewel die wysiging nie algemeen is vir al die kerke nie. Oor ander sake word daar besluit, maar nie sodanig dat geen uitsondering moontlik is nie. Jansen (1924:51) som die saak soos volg op: "Zoodat ik met dit woord wil zeggen, dat niet alle synodale besluiten en bepalingen inzake middelmattige en voorbijgaande dingen fundamentele en evenmin strafbare wetten der kerkregering zijn, hoewel ze terecht bepaald zijn."

Gelowiges se optrede teenoor mekaar moet in die wyse waarop hulle hulself as gebonde beskou aan die besluite van kerklike vergaderings, getuig van liefde, waarheid, opregtheid, eerbaarheid, getrouheid en eenheid. Bouwman (1928:8) wys tereg op die belangrikheid van die liefde wat nooit los van die reg mag geskied nie, aangesien liefde wat nie die reg in ag neem nie, geen ware liefde is nie. Die reg sluit ook nie die liefde uit nie. En alhoewel die reg bindende gesag het, wil die reg nie deur dwang regeer nie, maar wil gelowiges oproep om hulle uit liefde vir Christus aan sy wil te onderwerp. (Vergelyk ook Coertzen, 1999:6.)

Die beginsels vir die nakoming, asook vir die verandering van besluite en ooreenkomste wat gelowiges op kerklike vergaderings geneem en teenoor mekaar onderneem het, word vervat in die wyse waarop kerkorde GKSA artikel 86 hanteer behoort te word. Spoelstra (1989:470) toon aan dat artikel 86 soos volg toegepas moet word: "Die Bybel lê op so baie plekke nadruk op die bindende krag van 'n ooreenkoms of verbond tussen partye. Twee wat met mekaar wil saamloop spreek af en waarheid en trou vereis dat elkeen sy onderneminge en beloftes teenoor sy naaste gestand doen. Hierdie beginsel kan 'n mens duidelik agter die bewoording van artikel 86 opmerk. Dit sny na twee kante toe. Aan die een kant bind dit diegene wat die kerkorde onderskryf en met mekaar aangegaan het. In die tweede plek bind dit diegene wat die bepalinge van die kerkorde wil verander. Kragtens die liefde moet die kerke mekaar trou bly in die ooreenkoms waarop hulle mekaar erken, ondersteun en bystaan in die kerkregering om hulle roeping van ware kerkwees uit te leef (vgl Calvyn *Inst* IV.10.xxxi). Wat hulle saam ooreengekom het, kan hulle ook net saam verander."

5.4.6. SAMEVATTING

- Binding deur gelowiges aan kerklike besluite (wat die binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde insluit) is geen gedwonge binding nie, aangesien gelowiges hulself vrywilliglik aan mekaar verbind.
- Gelowiges wat hulle aan mekaar verbind het, is verplig om die binding aan die besluite van kerklike vergaderings te honoreer.
- Die fondament waarop die binding deur gelowiges aan die besluite van kerklike vergaderings staan, is dieselfde geloof in die Drie-enige God en in sy Woord.
- Gelowiges binne kerkverband verbind hulleself aan mekaar op grond van hul binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde aan die besluite wat die kerke gesamentlik tydens kerklike vergaderings neem.
- Gelowiges behoort aan mekaar ruimte te gee in die hantering van die besluite van kerklike vergaderings.
- Gelowiges se optrede teenoor mekaar ten opsigte van die wyse waarop hulle hulself as gebonde beskou aan die besluite van kerklike vergaderings, moet getuig van liefde, waarheid, opregtheid, eerbaarheid, getrouheid en eenheid.

5.5. GELDIGE EISE EN VERPLIGTINGE WAT VOORTVLOEI UIT DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE

5.5.1. GEEN WILLEKEURIGE OPTREDE NIE

Onder *willekeur* word verstaan "eiesinnigheid, wispelturigheid en 'n handelswyse wat in stryd is met wat reg is" (HAT, 1976:1055).

Die besondere aard van kerkwees mag nooit deur die willekeur van kerke of individue in die gedrang kom nie. Die kerk van die Here staan op sy fondament, Jesus Christus (Matt. 16:16-18) en leef volgens die geopenbaarde waarheid van God se Woord (2 Tim. 3:16-17) wat hy saamvat in sy belydenisskrifte en (in die geval van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika) ordelik toepas en uitleef aan die hand van sy vasgestelde kerkorde.

Gelowiges voeg hulle by 'n plaaslike kerk van die Here op grond van die eenheid van hul geloof in die Drie-enige God wat Hom in en deur sy Woord bekend maak. Plaaslike kerke voeg hulself weer saam in 'n kerkverband, omdat hulle dieselfde belydenis as grondslag aanvaar. Die eenheid in die geloof (wat gebou word op die waarheid van die Woord) moet dus gehandhaaf en uitgebou word in elke plaaslike kerk, asook in die bepaalde kerkverband. Geloofseenheid wat op die Woord as grondslag bou, sny alle menslike willekeur by die wortel af.

Waar die eenheid in die geloof én die waarheid van die Woord nie in kerke gehandhaaf word nie, sal willekeur en uiteindelik geestelike verval en agteruitgang die gevolg wees. Waar willekeur in die kerk toegelaat word, sal die geloofseenheid verbrokkel. Calvin (1991:1275, 1281) beskryf die optrede van diegene wat deur hul eiewillige en onverantwoordelike optrede die geloofseenheid versteur en daartoe aanleiding gee dat die kerk van die Here skeur, as verfoeilik (1991:1275, 4:1.5) en as die werk van die duiwel (1991:1281, 4:1.9).

Coertzen (1991:192) toon aan dat selfs waar 'n saak (hier word spesifiek verwys na die geval waar 'n artikel van die kerkorde ondersoek word) as gevolg van 'n appèl behandel word, daar steeds nie willekeur by lidmate mag wees oor die binding aan sodanige besluit (artikel) nie: "... dit bly van krag totdat dit verander is. Die formele

gesag van 'n kerkorde, wat dit inderdaad op teologiese gronde het, behoort in die kerk egter ook altyd gedra te word deur die wete dat 'n lewe van dankbaarheid ook 'n lewe van gehoorsaamheid is, dat gehoorsaamheid aan die Woord van die Here ware vryheid meebring en dat daar altyd rekening gehou moet word met die res van die liggaam van Christus: as een lid eiewillig optree dan ly die res van die liggaam daaronder."

5.5.1.1. SAMEVATTING

- Die besondere aard van kerkwees mag nooit deur die willekeur van kerke of individue in die gedrang kom nie.
- Waar die eenheid in die geloof én die waarheid van die Woord nie meer in kerke gehandhaaf word nie, sal willekeur en uiteindelik geestelike verval en agteruitgang die gevolg wees.

5.5.2. GEREGVERDIGDE VERWAGTINGE TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Gelowiges moet help sorg dra dat die onderlinge geloofseenheid wat op die waarheid van God se Woord rus, gehandhaaf word. Enersyds moet die geloofseenheid in stand gehou word. Andersyds het die individuele gelowige die Godgegewe verantwoordelikheid om te sorg dat daar voor die Koning van die kerk en voor sy Woord gebuig word.

Wanneer daar in die kerk onderlinge verskille ontstaan, moet daardie verskille op die regte (onderling ooreengekome) wyse hanteer word. Die kerke stel in hul kerkorde die wyse van optrede vas waarvolgens kerke en individue onderlinge verskille behoort te hanteer. Daardie wyse van optrede moet gehonoreer word.

Waar dit gaan om die eer van God en om die heil van die kerk van die Here, sal kerke of individue nie om onbenullighede of om redes wat persone raak (waar dit nie gaan om die beginsels wat staan op die Skrif, belydenis en kerkorde nie) die eenheid versteur en die kerk laat skeur nie. Calvyn (1991:1284, 4.1.13) verwys na Filippense 3:15 wanneer hy sê dat tweedrag oor nienoodsaaklike dinge nie "stof tot twis onder Christene behoort te wees nie" en "dat ons nie die kerk vanweë sekere rusietjies

onbesonne moet verlaat as die leer waarop ons saligheid ongeskonde berus, daarin net veilig en ongedeerd behou word, en die gebruik van die sakramente wat deur die Here ingestel is, daarin bewaar word nie”.

Calvyn (1991:1284, 4:1.13) vat dit soos volg saam: “Hieruit is dit duidelik dat elke lidmaat van die kerk opgedra word om hom na die maat van sy genade te beywer vir die openbare stigting (van die kerk) mits hy dit paslik en ordelik doen. Dit beteken dat ons nóg die gemeenskap van die kerk mag opsê, nóg, as ons daarin bly, die vrede en behoorlik geordende tug daarvan mag versteur.” Hierdie uitgangspunt stel die raamwerk waarbinne kerke of individuele gelowiges teenoor mekaar behoort op te tree. Gelowiges bely immers volgens die Apostoliese Geloofsbelydenis (Anon, 1987:482) “die gemeenskap van die heiliges”. Die Heidelbergse Kategismus Sondag 21, vraag en antwoord 55 (Anon, 1987:538-539) verklaar hierdie gemeenskap as “dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Christus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het” en “dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend”.

Die vraag kom egter na vore: Wat staan kerke of individuele gelowiges te doen wanneer kerkrade of meerdere vergaderings besluite neem waarmee hulle nie saamstem nie? Moet hulle daardie besluite uitvoer of kan hulle daardie besluite voorlopig ignoreer totdat hulle appèl oor die bepaalde saak voor die betrokke meerdere vergadering gedien het?

Die Generale Synode van die Gereformeerde Kerke in Nederland (Acta 1940-1943:270) het soos volg besluit: “Het kerkelijk samenleven laat wel toe, dat een kerk kerkrechtelijke bezwaren heeft tegen genoemde synodale besluiten, en ook, dat ze deze op een volgende generale synode indient; maar *niet*, dat men deze besluiten vooralsnog niet als bindend aanvaardt; veeleer is zulk een kerk intusschen bij behoud van haar bezwaar, tot *de facto*-als-bindend-aanvaarden verplicht.”

Bouwman (1934:53) meen dat kerke binne een kerkverband wat gesamentlik (deur hulle afgevaardigdes) besluite in onderworpenheid aan Christus en sy Woord geneem het, daaraan gebonde is om daardie besluite te onderhou. Hy gaan verder deur aan te toon dat waar daar `n beswaar van ernstige aard is, `n persoon nie gedwing moet word om teen sy gewete op te tree nie, mits daardie persoon hom nie

openlik of in die geheim teen sodanige kerklike besluite verset nie (1934:54). Die reël bly dat besluite wat met meerderheid van stem geneem is, vas en bindend is, tensy bewys kan word dat daardie besluite stry teen die Woord van God of teen die kerkorde.

Daar rus gevolglik 'n swaar onus op meerdere vergaderings om die besluite wat hulle neem, met groot omsigtigheid te neem, sodat daar nie onnodige laste (Hand. 15:28) op die gewetens van gelowiges gelê word nie. Elke besluit wat geneem word, moet die toets van die reg en die liefde deurstaan. Die mag in die kerk moet dan ook nie sodanig wees dat die meerderheid die minderheid dwing nie of dat die besluite van 'n meerdere vergadering 'n mindere vergadering of plaaslike kerk of individu tiranniseer nie. Die mag in die kerk is immers nie gelykstaande aan die mag van die owerheid nie (Bouwman 1934:56).

Daarmee saam rus die onus op kerke en op individuele gelowiges om besluite wat meerdere vergaderings neem, na te kom. "Het ligt in den aard der zaak, dat de afgevaardigden gebonden zijn aan Gods Woord, aan de belijdenis en de kerkenordening. Deze zijn accoord van het kerkelijke leven. Wie niet volgens dit accoord wil handelen, kan niet als lid van de kerkelijke vergadering worden erkend ... De kerken moeten dus in hare afvaardiging verklaren, dat zij zullen handelen naar de kerkenordening, zooals Art. 31 verklaart dat, hetgeen door de meeste stemmen goedgevonden is, voor vast en bondig zal gehouden worden. Trouwens anders is ook geen vergadering mogelijk, en kunnen er geen bindende besluiten genomen worden. Dan kan men wel een conferentie houden, maar geen kerkelijke vergadering. Ook zou op die wijze de eenheid der kerken verloren gaan. En toch om de eenheid der kerken in het uitwendige te instituëeren was het doel geweest van de organiseering der kerken op de synode te Emden" (Bouwman, 1934:60).

Coertzen (1991:190) vat dit soos volg saam: "Wanneer 'n kerk op 'n bepaalde orde besluit het, is hulle dit ook as lede van die liggaam aan mekaar verskuldig om die orde te eerbiedig. 'n Kerk moet met baie groot verantwoordelikheid optree as hy bepalinge formuleer wat nie direk op die Skrif steun nie, maar wanneer hulle geformuleer is, is hulle bindend op die lede van die betrokke kerkverband."

Wat behoort gelowiges dan van mekaar te kan verwag? Hulle behoort van mekaar te kan verwag om die waarheid volgens God se Woord (soos dit saamgevat is in die belydenis) en die reg volgens die Woord (soos vervat in die kerkorde) na te jaag (Praamsma, 1946:39).

5.5.2.1. SAMEVATTING

- Die kerke stel in hul kerkorde die wyse van optrede vas waarvolgens kerke en individuele gelowiges onderlinge verskille behoort te hanteer. Daardie wyse van optrede moet gehonoreer word.
- Waar dit gaan om die eer van God en om die heil van die kerk van die Here, sal kerke of individuele gelowiges nie om onbenullighede of om bloot persoonlike redes die eenheid versteur en die kerk laat skeur nie.
- Daar rus 'n swaar onus op meerdere vergaderings om die besluite wat hulle neem met groot omsigtigheid te neem, sodat daar nie onnodige laste (Hand. 15:28) op die gewetens van gelowiges gelê word nie.
- Kerke binne een kerkverband wat gesamentlik besluite in onderworpenheid aan Christus en sy Woord geneem het, is daaraan gebonde om daardie besluite te onderhou.

5.5.3. DIE HANTERING VAN AFWYKENDE OPTREDES TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

5.5.3.1. AFWYKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE EN DIE INDIVIDU OF PLAASLIKE KERK

5.5.3.1.1. UITGANGSPUNT

'n Besluit wat 'n kerklike vergadering neem wat in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde behoort gewysig te word, aangesien die binding aan kerklike besluite daardeur in die gedrang kan kom en bowenal omdat sodanige besluit die reg en orde van Christus in sy kerk kan versteur. (Vergelyk Feenstra, 1947:10 & Kruger *et al.*, 1966:194.)

Die vertrekpunt in die kerkreg is dat besluite wat kerklike vergaderings met 'n meerderheid stemme geneem het, bindend is, tensy bewys word dat daardie besluite in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde (kerkorde GKSA artikel 31; Kleynhans, 1985:161). Roeleveld (1972b:54, 59) wys daarop dat kerkorde GKSA artikel 31 *nie* sê dat die besluite van kerklike vergaderings bindend is *totdat* die besluit herroep, ter syde gestel, ingetrek of nietig verklaar word nie. Sodanige sienswyse sal volgens hom onvermydelik tot hiërargie in die kerk lei. Hy maak onderskeid tussen "vernietigbare" besluite en besluite wat van die begin af "nietig" of ongeldig is. Besluite in stryd met die Woord is *altyd* ongeldig, al het dit "*de uiterlijke schijn van geldigheid*".

Die uitgangspunt van kerkorde GKSA artikel 31 (dat daar teen besluite van kerklike vergaderings geappelleer mag word) is juis die feilbaarheid van die besluite van kerklike vergaderings. Die besluite van kerklike vergaderings is wel bindend, maar daardie besluite is nie noodwendig volmaak nie. Daarom moet die moontlikheid gelaat word (soos daargestel deur kerkorde GKSA artikel 31) dat besluite in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde getoets en indien nodig, gewysig kan word.

Meijer (1995:88) toon aan dat kerkorde GKSA artikel 31 nie altyd op dieselfde wyse hanteer en interpreteer word nie. Navolgers van die een interpretasie meen dat 'n besluit gehandhaaf moet word (dat gekonformeer moet word) *totdat* die besluit gewysig word. 'n Ander interpretasie van kerkorde GKSA artikel 31 is dat *self* besluit moet word of die besluit in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde (ratifikasie). Wanneer geoordeel word dat dit "in stryd met die daargestelde grens (is – JHH)", is die besluit nie bindend nie en kan die persoon nie gedwing word om te konformeer nie. In hierdie studie word die reg tot ratifikasie van kerklike besluite verwerp, aangesien dit na my (JHH) mening in sy wese die kiem van independentisme met hom saamdra. (Vergelyk par. 5.3.5 & Kruger *et al.*, 1966:196.)

In die kerk moet God se reg volgens sy Woord geld. Daarom moet die wil van die Koning van die kerk, Jesus Christus, geskied deurdat die kerk deur sy Woord regeer word (Coertzen, 1992e:724). Dit mag dus wees dat God se reg, in stryd met die oordeel en stryd van die meerderheid op 'n kerklike meerdere

vergadering, aan die kant van 'n enkeling of die minderheid is. Die kerke uit die Reformasie erken dat wysigings en verbeterings aan belydenis en kerkorde wel moontlik is, maar dat dit op die ordelike en wettige ooreengekome wyse aangebring moet word (Rullmann, 1917:235). Waar 'n kerkraad byvoorbeeld bloot sou weier om 'n kerkordelike bepaling na te kom, sonder om die kerklike weg te loop totdat (*donec*) daardie bepaling gewysig is, tree sodanige kerkraad *de facto* uit die kerkverband, aangesien hy "'n bepaling in die ooreenkoms tot kerkverband" verwerp. (Vergelyk ook Kruger *et al.*, 1966:505; Monsma, 1967:126 & Rutgers, 1889:241, 246, 494, 506.)

5.5.3.1.2. REG EN PLIG VAN DIE BESWAARDE

Waar meerdere vergaderings eis dat gewetensbindende besluite uitgevoer of aan gehoor gegee moet word, kan beswaardes op verskillende wyses reageer: Hulle verkrag hulle gewetens en buig voor die besluite van die meerdere vergadering (wat beteken dat hulle eendag voor God verantwoording sal moet doen) óf hulle appelleer teen die besluite óf (indien hulle besware geïgnoreer word en hulle appèl afgewys word) hulle moet uit die kerkverband tree eerder as om teen God se Woord en hul eie gewetens op te tree (Bouwman, 1934:56).

Die enkeling of minderheid het dus die *reg* en die *plig* om teen 'n besluit, wat in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde en ander besluite van meerdere vergaderings, beswaar te maak of te appelleer, aangesien alleen die Woord die gewete mag bind en geen menslike hiërargie in die kerk toegelaat mag word nie (Roeleveld, 1972b:56; Sadler, 1991:47). 'n Meerdere vergadering kan dus foute maak en swak of verkeerde besluite neem. Die moontlikheid van swak of verkeerde besluite is egter kleiner as waar die individu op sy eie besluit, aangesien meer kerke, wat meer gawes verteenwoordig, saam uit die Woord besin (Duvenage, 1971:27; Spoelstra, 1992:909 & Van Rooy, 1997:8).

Die beswaarde moet goed daarop let dat 'n beswaar of appèl nie ten diepste oor die handhawing van sy reg as persoon behoort te gaan nie, maar ten diepste die eer van God en die heil, opbou en voordeel van God se kerk op aarde ten doel moet hê. Liefde vir die Here, sy Woord en sy kerk moet altyd die dryfveer wees om as geroepe kind van die Here op te staan vir sy reg in die kerk. (Vergelyk ook

Jansen, 1952:147; Roeleveld, 1972b:61; Sadler, 1991:54, 56; Van der Linde, s.a.:69; Van der Merwe, 1969:37; Venter, s.a.:41 & Visser, 1999:335.) By die beoordeling van verskille gaan dit altyd om die reg van die Koning van die kerk (Pienaar, 1987:4; Maré, 1991:108 & Coertzen, 1993a:242). Tydens die beoordeling van verskille deur 'n kerklike vergadering het die vergadering met 'n regspraak te doen waar die reg volgens God se Woord altyd die deurslag behoort te gee (Visser, 1999:145). Om oor nietige en onbelangrike sake (wat sentreer rondom die eer van mense) die tyd van kerklike vergaderings in beslag te neem, stel net die Here en sy kerk op aarde in 'n swak lig in die oë van die wêreld en dui op die soeke na menslike eer en selfhandhawing. Tog mag geen beswaarde terugdeins waar dit gaan oor sake wat die Skrif, belydenis en kerkorde raak nie. Selfs daardie sake wat as "middelmatig" geklassifiseer kan word, maar waar afwyking daarvan die orde binne die kerk in die gedrang kan bring en die eer van God aantast, behoort aangespreek en getoets te word. Daar bestaan immers 'n ordelike ooreengekome kerklike wyse waarop selfs middelmatige sake gewysig kan word wanneer die noodsaak daarvoor bestaan.

Noodwendig moet gelowiges en kerke die eenheid binne die kerk van die Here soek. Daarom is onmin, tweespalt en twis binne die kerk onaanvaarbaar. Tog mag 'n beswaarde nie alleen maar die eenheid en onderlinge vrede ten koste van die waarheid najaag en sodoende ontrou en ongehoorsaam aan die Here Jesus en aan sy Woord optree nie (Polman, s.a.b.:217).

Waar besluite van kerke of meerdere vergaderings die saak van die Here benadeel en sy reg (in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde) skend, het die gelowige die verantwoordelikheid om op te staan vir die reg van die Koning van die kerk. Teen sodanige besluite behoort daar geappelleer te word. Blote aanvaarding van besluite wat die eer van God skend en wat die stigting van sy kerk op aarde in die gedrang bring, is loutere roepingsversaking. Van Prinsterer (1948:73-74) toon aan wat die gevolg van sodanige roepingsversaking is. Die kerk verword en toon al meer die kenmerke van 'n valse kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29). Bouwman (1934:61) haal vir Voetius (Pol. Eccl. III. 294) aan wanneer hy wys op die verantwoordelikheid van die individu of kerk wanneer kerke (klassies en sinodes) besluite neem wat stry teen die Skrif, belydenis en kerkorde. Kerke mag sodanige besluite nie aanvaar nie en moet

versoek dat daardie besluite nie toegepas moet word nie. Wanneer sodanige versoek nie toegestaan word nie, moet die kwaad (in minder belangrike sake) geduld word ter wille daarvan dat die goeie orde nie verbreek word nie. Noodwendig kan sulke besluite alleen geduld word op die voorwaarde dat niemand gedwing word om iets te doen of te beloop wat teen die gewete stry of gewetensbindend is nie. Wanneer dit 'n wesentlike of gewigtige saak is, moet gelowiges openlik teen daardie besluit protesteer. Daar kan selfs gevalle voorkom waar kerke hul van sodanige kerke en hul besluite moet onttrek en dat die kerkverband met sodanige kerke verbreek moet word.

5.5.3.1.3. VERBIND TOT DIE KERKLIKE WEG

Kuyper (1879:90) wys op die eerbare weg wat 'n predikant of ander individu behoort te volg wanneer hy daarvan oortuig is dat 'n genome besluit nie die toets van die Skrif, belydenis of kerkorde slaag nie. In die eerste plek bind gereformeerde gelowiges niemand se gewete buiten aan die Skrif nie, maar vereis ook dat iemand wat deel van die kerk is en wil bly, weens die onderlinge band en binding aan kerklike besluite, homself streng sal bind aan die geestelike basis (belydenis) en orde (kerkorde) van die kerke. Dit staan 'n predikant dus vry om anders oor 'n betrokke saak te dink, maar hy mag daardie gevoel of mening van hom, wat van die aangenome leer van die kerk afwyk, nie tydens die prediking of kategeese of andersins verkondig nie. Anders "pleegt iemand verraad, schendt hij zijn eed en is hij ontrouw" (Kuyper, 1879:90). As 'n ampsdraer 'n afwykende siening van die aangenome leer van die kerk verkondig en sodanige optrede word verduur, sal die gevolg wees dat die subjektiewe individu oor die objektiewe kerk heers.

Die beswaarde het homself (met die aflegging van geloofsbelydenis en by die ondertekening van die ondertekeningformulier in die geval van ampsdraers) daartoe verbind om die voorgestelde kerklike weg te volg indien hy in sy ondersoek van die belydenis by 'n ander verstaan van die Skrif uitkom as die bestaande en tans geldige verstaan deur die kerke. (Vergelyk par. 3.2.4; Botha, 1997:1303 & Pont, 1985:544.) Met sy handtekening het die ampsdraer onderneem om, vóórdat hy sy besware bekend maak, éérs sy besware deur 'n meerdere vergadering te laat toets. Daarvoor onderneem hy om die nodige

beswaarskrif in te dien (Pont, 1985:529-534). Terwyl hy nog geen beswaarskrif teen die leer ingedien het nie, het die beswaarde homself met sy handtekening daartoe verbind om die belydenisskrifte as norm en reël vir die prediking en alle kerklike dienswerk te handhaaf. Afwyking van hierdie onderneming is "woordbreuk" of "troubreuk" wat hom ongeskik maak vir sy dienswerk (Pont, 1981:243; Sadler, 1991:4; Smit, 1999:15).

Enige gelowige het die reg om teen 'n besluit van 'n kerklike vergadering te appelleer en om aangehoor te word. Tog behoort daarteen gewaak te word om van hierdie reg misbruik te maak. Kerklike vergaderings kan maklik met allerlei onbenullige appèlsake en beswaarskrifte toegegooi word, wat groot opofferings aan tyd en koste kan meebring. Om die moontlike misbruik van die reg om beswaar te maak, teen te werk, bestaan daar in die GKSA twee meganismes. Die een word vervat in kerkorde GKSA artikel 46 waardeur gekeer word dat daar herhaaldelik en van voor af teen dieselfde saak of besluit (waaroor daar reeds deeglik besin en besluit is) geappelleer mag word. Die tweede meganisme is die vereiste waaroor die kerke onderling ooreengekom het, naamlik: dat 'n beswaarskrif volgens kerkorde GKSA artikel 46 die kerklike weg volledig moet volg vanaf die kerkraad, na die klassis, na die partikuliere sinode en uiteindelik na die nasionale (en selfs die algemene) sinode (Handelinge GKSA, 1991:526-528; 1994:53-55). Sodoende word verseker dat 'n saak deeglik deur meerdere insette behandel en geweeg word, alhoewel dit nie noodwendig afgehandel word nie. Die beginsel van die kerkorde van die GKSA artikel 30 word sodoende toegepas, naamlik dat verseker word dat sake wat 'n mindere vergadering kan afhandel, nie op die tafel van 'n meerdere vergadering beland nie.

Die beswaarde is dus verplig om in die geval van 'n appèl, die vasgelegde (ooreengekome) prosedure soos aangetoon deur die kerkorde van die GKSA artikel 31, na te volg. In die geval van 'n beswaarskrif, moet sy beswaarskrif die kerklike weg volledig loop (soos hierbo aangetoon). Kerkorde GKSA artikels 31 en 46 vereis dat die beswaarde aan die kerklike vergadering wat moet reg spreek, kennis moet gee van sy besware en daardie besware by die vergadering moet indien, sodat dit langs die ordelike kerklike weg getoets kan word (Visser, 1999:137). In hierdie proses moet hy "coöperatie" bied waar sy besware ondersoek word en homself daarvan weerhou om in dié tyd in 'n

“ordeversteurende dialoog over de waarheid Gods” betrokke te raak (Praamsma, 1946:18). Die beswaarde moet grootmoedig genoeg wees om te erken as hy `n fout gemaak het en aan die kerklike vergadering die geleentheid bied om hom (indien nodig) op sy verkeerde uitleg of interpretasie te wys (Roeleveld, 1972b:55, 60; Van der Merwe, 1971:48). Daarteenoor het die kerklike vergadering die verantwoordelikheid om aan die beswaarde die geleentheid te bied om sy saak te stel sonder om hom by voorbaat in diskrediet te bring oor die feit dat hy durf beswaar maak (Roeleveld, 1972b:60; Smit, 1995:399).

`n Persoon of kerk wat beswaard is deur `n besluit wat geneem word, moet `n beswaarskrif opstel waarin hy die besluit waarteen hy beswaar maak, tesame met sy besware in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde, duidelik aantoon. Alleen die Woord mag immers sy gewete bind en hy moet doen wat sy gewete van hom eis. Daarom moet hy biddend en diepgaande studeer vóórdat hy sy besware op die tafel van die kerklike vergadering plaas en vóórdat hy weier om besluite te honoreer (Monsma, 1967:125). Sodanige beswaarskrif moet hy uiteindelik indien by die vergadering wat die besluit geneem het waarteen hy beswaar maak (Handelinge GKSA, 1991:526-528; 1994:53-55). Indien die vergadering sy beswaar afwys (hom nie gelyk gee nie) en die genome besluit handhaaf, kan die beswaarde by `n meerdere vergadering teen die genome besluit appelleer (Visser, 1999:334). Daardie meerdere vergadering moet in die lig van die appèlgronde wat die appellant voorlê, regspraak lewer deur te oordeel of die besluit waarteen geappelleer word, in stryd is met die Skrif, belydenis of kerkorde.

In die kerk van die Here moet daar altyd met liefde en met die waarheid van God se Woord geregeer word. Daarom behoort beswaardes die geleentheid te ontvang om hulle besware teen genome besluite te opper. Die liefde dwing tot die aanhoor van besware waar dit om die saak van die Here en om die heil en opbou en stigting van sy kerk op aarde gaan. Die beginsel wat hier ter sprake is, is die sogenaamde *audi alteram partem*-beginsel. Hierdie beginsel gaan daaroor dat die ander kant van `n saak tydens `n billike verhoor aangehoor moet word om sodoende te verseker dat daar aan alle partye reg geskied (Smit, 1995:399).

5.5.3.1.4. BEWYSLAS LÊ OP DIE BESWAARDE

Die onus rus op die beswaarde of appellant om te bewys dat 'n besluit in stryd is met die Skrif, belydenis of kerkorde (Handelinge GKSA, 2000:60; Roeleveld, 1972b:54; Spoelstra, 1971a:40 & Van der Linde, 1983:130). Die beswaarde of appellant behoort uit liefde vir die Here en uit liefde vir sy kerk, die ordelike weg, soos onderling in die kerkorde ooreengekom, te loop om sy besware te hanteer (Kruger *et al.*, 1966:196; Kleynhans, 1985:161). Kruger *et al.* (1966:196) toon hierdie ordelike weg aan waarvolgens die beswaarde intussen behoort op te tree: "Gestel egter die skynbaar onskriftuurlike maar gewetensbindende besluit is deur 'n nasionale sinode geneem, moet dit regtelik (de jure) as vas en bindend beskou word, maar die praktiese uitvoering (de facta) kan opgeskort word (Hand. 4 : 19, 20), terwyl 'n beswaar (gravamen) opnuut (de novo) langs die kerklike weg (art. 30, 33 en 46 K.O.) aangevoer moet word. As die saak egter van lewensbelang (soos 'n leerkwessie) is, word aansoek om buitengewone vergaderinge (art. 41, 45, 47, 48 en 50 K.O.) gedoen."

Waar 'n kerkraad prinsipiële beswaar het teen 'n genome besluit, het hy die verantwoordelikheid om sy beswaar dadelik aan die klassis en opvolgende meerdere vergaderings (indien nodig) deur te gee sodat die ander kerke hom oor sy beswaar kan help oordeel. Dit is egter "onbehoorlik" om bloot 'n besluit wat hom nie aanstaan nie, eenkant toe te skuif (Spoelstra, 1989:195; Visser, 1999:335). Spoelstra (1989:195) wys ook daarop dat besluite oor die leer (die Drie Formuliere van Eenheid) waarop die kerkverband rus, dadelik van krag is. (Vergelyk ook Visser, 1999:137.)

5.5.3.1.5. ONDERSKEID IN DIE HANTERING VAN BESWAARDES

'n Kerklike vergadering kan soms besluite neem wat tot regskenking of tot vermeende regskenking lei. In sodanige omstandighede kan daar op grond van die kerkorde van die GKSA artikel 31 na 'n meerdere vergadering geappelleer word om die besluit van die mindere vergadering te hersien (Kruger *et al.*, 1966:191, 196-198; Spoelstra, 1989:196-197). Bestaande besluite van kerklike vergaderings kan ook in die lig van goeie gronde en redes volgens die Skrif, belydenis en kerkorde in revisie geplaas word wanneer daarteen beswaar

gemaak word, of wanneer 'n oproep tot hersiening volgens die kerkorde van die GKSA artikel 46 gemaak word (Kruger *et al.*, 1966:282-283; Spoelstra, 1989:270).

Die meerdere vergadering behoort in die geval van beide 'n beswaarskrif en 'n appèl onderskeid te maak in die hantering van 'n beswaarde of appellant se saak wat middelmatige sake raak teenoor die geval waar dit wesentlike sake raak. Waar 'n besluit gewetensbindend mag wees, moet die kerklike vergadering daarteen waak om oorhaastig op te tree (*festina lente*) of om summier verbreking met die kerkverband te suggereer (Kruger *et al.*, 1966:196; Spoelstra, 1989:192, 193, 302, 467). Die beswaarde wat *gewetensbesware* het in die lig van die Skrif en belydenis, moet tot die uiterste toe verdra en toleereer word terwyl sy beswaar of appèl nog dien. Indien 'n besluit immers teen die Woord ingaan, mag nie van 'n persoon vereis word om dit te gehoorsaam nie, aangesien God meer gehoorsaam moet word as mense (Hand. 4:19). Soms behoort gelowiges of kerke selfs reglynig *teen* 'n besluit van 'n kerklike vergadering op te tree om sodoende aan die Woord (en sodoende aan God) gehoorsaam te bly (Smit, 1995:512). Getrouheid aan die Woord en gehoorsaamheid teenoor die Here is immers die gelowige se plig en mag nie as eiewilligheid of as rewolusie gebrandmerk word nie. (Vergelyk Praamsma, s.a.:33; Rullmann, 1917:247; Sadler, 1991:48 & Spoelstra, 1989:473.) Die appellant behoort noodwendig in die lig van die uitspraak deeglik te besin of hy verder (na 'n volgende meerdere vergadering) behoort te appelleer. Waar hy oortuig is dat die reg van sy Koning nie gehandhaaf word nie, behoort hy die saak verder te neem.

Kerklike vergaderings kan in bepaalde gevalle besluit om verdraagsaam op te tree teenoor kerke of individue wat, afhangend van die uitslag van die appèl, nie sodanige besluit uitvoer nie. Die vergadering moet daarvan oortuig wees dat die nienakoming van die besluit nie tot onrus en onvrede en tot die versteuring van die orde in die bepaalde kerk, of in die kerkverband sal aanleiding gee nie.

Die kerklike vergadering mag noodwendig nie die grense van toleransie oorskry nie (Nauta, 1971:142, 143; Visser, 1986:30, 32). Terselfdertyd kan daar van die beswaarde of appellant verwag word om ten tyde van die hantering van sy saak nie kerklike onrus te stook nie, maar 'n "afwachtende houding" in te neem terwyl

hy die besluit waarteen hy beswaar het of appelleer "tijdelijk buiten werken ... stellen" (Nauta, 1971:143). Die beswaarde of appellant wat op 'n wyse en stigtelike wyse sy beswaar of appèl hanteer, sal "... in zijn praktische houding de kerk zoeken te stichten, de broederschap zoeken te bewaren, het conflict zo klein mogelijk trachten te houden, geen doorgang geven aan de juist in conflict-situaties zo gevaarlijke driften van het vlees, zich onthouden van elke 'prikkel tot zonde' teenover de vergadering". Grobler (1991:4) merk op: "'n Hovaardige houding pas nie by enige kerkvergadering nie, maar die aftakeling van die gesag van meerdere vergaderinge bevorder eweneens nie die eer van Christus en die belang van die kerk nie." (Vergelyk ook Monsma, 1967:125 & Kruger, 1986:45.)

Die reg van kerke en individue om teen besluite te appelleer, ontnem nie die besluite se geldigheid nie. Kerklike vergaderings behoort van individue en kerke te kan verwag om genome besluite te honoreer. Kerke het juis byeengekom om besluite te neem wat in die lig van meerdere kragte en gawes en onder leiding van die Heilige Gees die heil en opbou en stigting van die kerk van die Here in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde soek. Die kerk(e) en individuele gelowiges het hulleself vrywilliglik daartoe verbind om genome besluite (wat die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde slaag) van kerklike vergaderings uit te voer. Die honorering van besluite is 'n saak van eerbaarheid, getrouheid, waarheid, liefde en plig, omdat die kerke en individue binne dieselfde kerkverband hulself daartoe verbind het.

Waar dit dus nie om gewetensbindende sake (wat die Skrif en belydenis raak) gaan nie, moet die beswaarde of appellant homself by die besluit neerlê terwyl hy steeds poog om die gewraakte besluit ophef of nietig verklaar te kry. Die reg tot besluitneming en regspraak bly aan die kant van die meerdere vergadering wat die besluit geneem het (in die geval van 'n beswaarskrif) of wat die appèl ter tafel neem (soos deur kerke binne kerkverband teenoor mekaar onderneem) (Coertzen, 1995:274). Die beswaarde of appellant het die plig om met *bewyse* uit die Skrif, belydenis en kerkorde die gebreke en foute in die gewraakte besluite aan te toon (Kruger *et al.*, 1966:196).

5.5.3.1.6. REDES GEGEE VIR BESLUIT(E) DEUR VERGADERINGS OF DEUR MEERDERE VERGADERING(S)

Wanneer 'n betrokke vergadering of meerdere vergadering besluit om nie 'n bepaalde beswaar te handhaaf nie of besluit dat 'n bepaalde appèl nie slaag nie en sodanige besluit gelowiges se gewetens mag bind, behoort die vergadering *redes* vir sy uitspraak te gee en sodoende gesagvol uit die Woord en met die Woord 'n Woordgegronde uitspraak lewer (Smit, 1995:406; Spoelstra, 1989:222 & 1992:917). Sodoende verseker die vergadering homself daarvan dat sy uitspraak van onvoorwaardelike binding aan die Skrif, belydenis en kerkorde getuig. Daarmee saam verkry die beswaarde gemoedsrus dat daar gepoog is om uit en met die Woord regspraak oor sy beswaar of appèl te lewer. Smit (1995:407, 408) wys op die negatiewe gevolge waar 'n vergadering sou versuim om redes vir 'n bepaalde uitspraak te lewer: "Sonder verstrekking van die redes waarop die uitspraak gebaseer is, is dit dikwels prakties onmoontlik vir die belanghebbende om die foutiewe interpretasie van feite, verkeerde beoordeling, ongeoorloofde doel van uitspraak, of geregtigheid wat deur God se genade in Jesus Christus deurbreek het, in die kerk maar ook vanuit die kerk helder ... (te laat – JHH) skyn."

Die vergadering behoort die gebreke in die appellant se redenasies in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde aan te toon. Waar dit om wesentlike sake gaan, behoort die gebreke in die appellant se redenasie met Skrifbewys aangetoon te word. Waar dit om middelmatige sake gaan, behoort die gebreke in die appellant se redenasie met die ooreengekome artikels van die kerkorde, of op grond van kerklike usansie aangetoon te word. Kerklike vergaderings behoort hulleself in laasgenoemde geval deeglik te vergewis dat hulle nie gewetensbindende besluite neem in sake wat kerke plaaslik volgens eie oordeel tot die beste stigting sou kon hanteer nie.

5.5.3.1.7. 'N MISLUKTE APPÈL, ASOOK GEEN VERDERE GELEENTHEID TOT APPÈL NIE

Waar 'n appèl (volgens die kerkorde van die GKSA artikel 31) nie gehandhaaf word nie en daar nie meer verder teen 'n kerklike besluit geappelleer kan word

nie, kan die appellant óf konformeer óf die kerkverband verlaat (Kuyper, 1932/33:21; 1933/34:13). Indien hy konformeer, behoort dit te wees omdat die meerdere vergadering hom waarlik oortuig het van sy verkeerde uitleg van die Skrif óf belydenis óf sy verstaan van die kerkorde. Dit mag ook wees dat hy konformeer omdat die saak waaroor dit gaan, nie gewetensbindend is nie (nie die Skrif of belydenis raak nie) of bloot 'n ordereëling of saak raak waarmee hy nie noodwendig saamstem nie (Rutgers, 1921:299). Die grensgeval kan ontstaan waar 'n persoon ten opsigte van 'n "randverskynsel" in die leer (byvoorbeeld die infra- of supralapsarisme) verskil van die algemeen aanvaarde gereformeerde standpunt. In só 'n geval moet die kerklike vergadering oordeel of hy die persoon se standpunt kan tolereer sonder dat sodanige meningstoleransie skade doen in die kerklike lewe en aan die beginsel dat gelowiges gebonde is aan kerklike besluite.

Kleynhans (1985:161) stel sekere voorwaardes waaronder 'n meerdere vergadering wel sodanige optrede kan tolereer, naamlik: Waar die meerdere vergadering nie bloot van geregverdigde tugstappe terugdeins nie; waar daar goeie gronde daarvoor bestaan en waar dit met omsigtigheid en verantwoordelikheid hanteer word. Daar mag ook uitsonderlike gevalle ontstaan waartydens 'n kerkraad nie anders kan as om van die kerkorde af te wyk nie en sodanige afwyking deur meerdere vergaderings tolereer behoort te word (Coertzen, 1992e:728; Spoelstra, 1989:471). Coertzen (1991:191) meen dat daar in bepaalde omstandighede onder die volgende voorwaardes van die kerkorde afgewyk mag word: "Dit moet uitsonderlike omstandighede wees wat dit absoluut noodsaak; die afwyking moet so gering moontlik wees; die afwyking moet erken word in die duidelike wete dat dit nie 'n presedent skep vir verdere afwykings nie; die rede vir die afwyking moet in die welsyn van die kerk geleë wees en nie maar in allerlei eie oorweginge nie; die belang van ander kerke of selfs dié van die hele kerkverband moet nie skade lei a.g.v. die afwyking nie; die afwyking moet so gou moontlik aan die betrokke kerkverband bekend gemaak word ten einde ook hulle toestemming vir die afwyking te kry." (Vergelyk ook Nauta, 1971:19.)

Ook Bouwman (1934:58-59) gee sekere riglyne vir die hantering van toelaatbare afwykende optrede deur bepaalde kerke in bepaalde omstandighede. Volgens

hom moet so 'n afwyking die belang van die kerke vooropstel sodat die orde daardeur bevorder word. Dit is die geval wanneer die nougesette nakoming van 'n spesifieke besluit of ordereëling moeilik kan plaasvind en die vryheid van die kerk, sy uiterlike vrede, innerlike rus, of welstand nie in gevaar kom nie en wanneer sodanige afwyking minder besware tot gevolg het. Aan die kerkorde moet daar niks verander word nie, sodat die afwyking nie as't ware aan die ander kerke opgedwing word nie (kerkorde GKSA artikel 86). So 'n afwyking van genome besluite mag noodwendig in sommige omstandighede nie geduld word nie. Kerkorde van die GKSA artikel 31 stel die beginsel, naamlik dat indien daar verskil van mening bestaan oor die noodsaaklikheid en nuttigheid van 'n afwyking, daarteen geappelleer kan word. Sodoende is daar ruimte, binne sekere grense en reëlmaat, sonder dat daar formalisme is. Daar is vryheid, sonder dat dit op losbandigheid en willekeur uitloop. Só word daar selfs met die hantering van 'n afwyking aan die doel van die kerkorde voldoen.

Monsma (1967:125) wys op die uitsonderlikheid van sodanige omstandighede: "Only in those rare instances in which the party or parties involved would feel themselves to be sinning against God could they be expected to be excused from rendering such temporary submission." In middelmatige sake ("minor matters") behoort daar, volgens die eis van Romeine 14 'n groot mate van verdraagsaamheid te wees (Monsma, 1967:126). Toleransie en verdraagsaamheid mag in uitsonderlike omstandighede toegelaat word ten opsigte van die binding aan kerklike besluite oor die Skrif, belydenis en kerkorde waar die afwyking nie die gewetens van die meerderheid belas of 'n bedreiging inhou vir die onderlinge stigting en die orde binne die grense van die plaaslike kerk of kerkverband nie (Nauta, 1971:146).

Waar wesentlike sake (wat die Skrif of die leer of die *ius constituendum* van die kerkorde raak) in die gedrang kom, kan toleransie nie 'n opsie wees nie (Nauta, 1971:149). 'n Kerkraad of mindere vergadering kan immers nie 'n persoon of kerk dwing om teen sy gewete te konformeer en om ten alle koste van sy beswaar af te sien nie (Nauta, 1971:146; Praamsma, 1946:18). Aan die ander kant mag nie toegelaat word dat 'n minderheid, op grond van hul afwykende siening en eiewillige optrede ten opsigte van die binding aan kerklike besluite wat

rus op die Skrif, belydenis en kerkorde, oor die meerderheid heerskappy voer nie (Nauta, 1971:149; Van der Linde, 1983:277).

Indien 'n vergadering sou oordeel dat toleransie nie moontlik is nie, moet hy sy besluit deurgee aan die plaaslike kerk wat verantwoordelik is om die tug toe te pas totdat só 'n lidmaat konformeer of uiteindelik uit die kerk afgesny word met die sleutels van die hemelryk. (Vergelyk Kleynhans, 1985:161; Monsma, 1967:125, 126; Sadler, 1991:53, 57; Jansen, 1952:151 & Van der Linde, 1983:129.)

5.5.3.1.8. WAAR 'N KERK OF KERKVERBAND NIE DIE KENMERKE VAN DIE WARE KERK VERTOON NIE

Waar 'n individuele lidmaat of plaaslike kerk(e) oortuig is dat die betrokke kerkverband nie meer die kenmerke van die ware kerk vertoon nie (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29) het hy die plig om homself aan te sluit by daardie kerk waar die Here getrou gedien word en die kerk volgens sy Woord geregeer word (Feenstra, 1947:10; Handeling GKSA, 2000:399 & Van der Linde, s.a.:69). Daar mag selfs van die beswaarde(s) verwag word om in die uiterste gevalle tot nuwe kerkstigting oor te gaan (Booyens, 1980:157; Kuyper, 1934/35:10 & Van der Linde, s.a.:69). Küng (1978:276, 288) wys daarop dat daar diepgaande selfondersoek moet wees voordat tot afskeiding of nuwe kerkstigting oorgegaan mag word en dat die eerlike oortuiging moet bestaan dat enigiets anders 'n verloëning van die Evangelie van Jesus Christus sal wees. Hy merk ook op dat die eenheid in die kerk nie werklik gedien word deur oor te gaan na 'n ander kerkverband nie, maar veel eerder deur juis die waarheid in die eie te soek en sódoende die eenheid tussen die verskillende kerke te bevorder. Meijer (1995:98) noem die Afskeiding van 1834 as voorbeeld waar gelowiges nie anders kon as om in hul gewete voor die Here tot afskeiding en kerkstigting oor te gaan nie en kan dus nie as "skeurmakery of onskriftuurlike separasie" beskou word nie. (Vergelyk ook Rullmann, 1916:109; 1917:100, 129, 181, 247 & Deddens, 1990b:136.)

5.5.3.1.9. OPTREDE WANNEER 'N APPÈL SLAAG

Indien 'n deeglik begronde appèl slaag, kan die appellant(e) in dankbaarheid teenoor die Here weet dat sy (hul) optrede die eer van die Here en die heil van sy kerk op aarde bevorder het.

Daarmee saam het mindere vergaderings, ter wille van die reg van Christus in sy kerk, die groot verantwoordelikheid om die *konsekwensies* van sodanige besluit op eerlike wyse in werking te stel, sodat die toestand wat bestaan het vóórdat die besluit (waarteen die appèl of beswaar geslaag het) geneem is, weer in ere herstel word (Visser, 1999:145). Die reg van 'n kerklike vergadering om die konsekwensies van 'n geslaagde appèl uit te lig, kan sekerlik bevraagteken word. Het kerklike vergaderings die reg om hulself enigsins uit te spreek oor die konsekwensies van geslaagde appèlle? Die kwessie van die selfstandigheid van die plaaslike kerk is immers een van die pilare waarop die Gereformeerde Kerkreg staan. In samehang daarmee (nie in teenstelling daarteenoor nie) bind kerke hulleself vrywilliglik aan mekaar in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde. Hierdie balans tussen enersyds die eenheid en die binding in die kerk, wat andersyds alle menslike voorskriftelikheid en oorheersing uitsluit (kerkorde GKSA artikel 84), moet altyd gehandhaaf word. Daarom is dit verstaanbaar dat daar verskil van mening sal wees oor die kwessie rondom die reg van meerdere vergaderings om konsekwensies of konklusies te trek en aan kerke deur te gee indien 'n appèl teen so 'n kerk of kerke sou slaag.

Bouwman (1934:44) meen dat die saak na die mindere vergadering terugverwys moet word in die geval van kassasie (terugtrek of nietigverklaring van 'n besluit). Die konsekwensie is tereg dat die mindere vergadering die saak moet hanteer en die nodige "korreksies" behoort aan te bring waar sy besluit reeds onregmatig geïmplementeer is. Die mening dat 'n meerdere vergadering die logiese gevolge en die implikasies van 'n geslaagde appèl mag aantoon, is nie hiërargie nie, maar bloot 'n beskerming van die regte van die appellant wat die *reg* het om te eis dat sy geslaagde appèl ook in die praktyk moet lei tot 'n vernietiging van die gevolge van die gewraakte besluit. (Vergelyk Handeling GKSA, 2000:166; Sadler, 1991:56; Smit, 1995:406 & Visser, 1999:145.)

ʼn Verdere standpunt is dat die meerdere vergadering self finaal oor ʼn saak besluit en indien die appèl slaag, dat daardie besluit van die mindere vergadering daardeur nietig verklaar is (Van der Linde, 1983:132). Die probleem met hierdie standpunt is dat dit (in die praktyk) nie meer die mindere vergadering se besluit is om mee te handel (en om die saak reg te stel) nie, maar ʼn besluit wat "oor" hom geneem word. Dit kan dan maklik gebeur dat die *konsekwensies* van die vernietigde besluit, tot onreg van die appellant, nie nagegaan en herstel word nie. Gevolglik kan dit gebeur dat die appellant te gemaklik oorgelaat word aan die willekeurige interpretasie van ʼn kerklike vergadering wat (menslikerwys) veel eerder konsekwensies gaan deurtrek wat die mees voordelige vir homself is. Tog mag die voorheen verontregte party (wie se appèl geslaag het) nie daaraan oorgelewer word dat hy in sy reg gekrenk word deurdat ʼn kerklike vergadering ʼn besluit (wat in wese dieselfde is as dit waarteen geappelleer is) met enkele (oppervlakkige) wysigings "regskaaf", sonder om die wese van die saak of besluit waarteen die appèl geslaag het, reg te stel nie. Duidelike riglyne oor die konsekwensies van ʼn geslaagde appèl kan eerder die orde en vrede en rus binne die kerke in kerkverband dien, solank daarteen gewaak word om nie voorskriftelik en hiërargies op te tree nie.

5.5.3.1.10. SAMEVATTING

- Besluite wat kerklike vergaderings met meerderheid van stem geneem het, is bindend, tensy bewys word dat daardie besluite in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde.
- Die enkeling of minderheid het dus die *reg* en die *plig* om teen ʼn besluit, wat in stryd is met die Skrif, belydenis en kerkorde of die ander besluite van meerdere vergaderings, beswaar te maak of te appelleer.
- Elke beswaarde het die reg om aangehoor te word (*audiem et alteram partem*-beginsel) en om billik verhoor te word sodat hy sy beswaar of appèl openlik kan stel en kan toets.
- Waar ʼn kerkraad prinsipiële beswaar het teen ʼn genome besluit, het hy die verantwoordelikheid om sy beswaar dadelik aan die meerdere vergadering deur te gee sodat die ander kerke hom oor sy beswaar kan help oordeel.

- Kerklike vergaderings mag soms besluit om verdraagsaam teenoor bepaalde afwykings op te tree, maar mag in hul hantering van die beswaarde of appellant nie die grense van toleransie oorskry nie.
- Wanneer die vergadering meen dat 'n beswaar nie gehandhaaf moet word nie, of dat 'n appèl nie slaag nie en gelowiges se gewetens deur sodanige besluit gebind mag word, behoort die vergadering *redes* uit die Woord vir sy uitspraak te gee.
- Ten opsigte van wesentlike sake mag 'n meerdere vergadering nie afwykende optrede tolereer nie.
- 'n Lidmaat of plaaslike kerk(e) wat oortuig is dat die betrokke kerkverband nie meer die kenmerke van die ware kerk vertoon nie, het die plig om aan te sluit by daardie kerk waar die Here getrou gedien en die kerk volgens God se Woord geregeer word.
- Waar 'n appèl slaag, word die saak na die mindere vergaderings terugverwys wat weer verplig is om die *konsekwensies* van sodanige besluit op 'n eerlike wyse in werking te stel, sodat die toestand wat bestaan het vóórdat die besluit (waarteen die appèl of beswaar geslaag het) geneem is, weer in ere herstel word.

5.5.3.2. AFWYKINGS TEN OPSIGTE VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE EN MEERDERE VERGADERINGS

Binne gereformeerde geleedere is daar reeds baie geworstel oor die vraagstuk oor die gesag van meerdere vergaderings om tug te mag toepas al dan nie (Du Plooy, 1998:61, 62). Die probleem vir die gereformeerde kerkreg lê daarin dat daar 'n fyn balans gehandhaaf moet word tussen die gevaar van hiërgargie (met sy wortels in die Rooms-Katolisisme) aan die een kant en independentisme (met sy wortels in die Anabaptisme) aan die ander kant. 'n Plaaslike kerkraad en 'n meerdere vergadering het elkeen hul eie besondere "bevoegdheidsfeer" waarbinne hulle moet optree, aangesien slegs bepaalde sake op hul onderskeie tafels "tuishoort" (kerkorde GKSA artikel 30). Daarom behoort die plaaslike kerk volgens kerkorde GKSA artikel 30 daarteen te waak om sy verantwoordelikhede op die meerdere vergadering af te skuif. Terselfdertyd moet die meerdere vergadering daarteen waak om sake wat "des kerks" is (wat tuishoort op die tafel van die plaaslike kerk) wederregtelik uit die hande van die kerkraad te neem

(Coertzen, 1991:104). Van der Linde (1983:144) merk oor die gesag van meerdere vergaderings op dat hulle "die gesag oor mindere vergaderings (het – JHH) in die sin dat hulle besluite neem oor 'meerdere sake' (sake wat meer kerke raak). Die mindere vergadering is verplig om hulle aan die gesag te onderwerp". (Vergelyk ook Bouwman, 1934:27; Rutgers, 1921:261 & Van Wyk, 1990:5.)

Wanneer 'n plaaslike kerk tot die kerkverband toetree, onderwerp hy hom aan die leiding van die meerdere vergaderings en onderneem om die besluite van meerdere vergaderings te honoreer. Indien 'n plaaslike kerk die besluite van meerdere vergaderings ignoreer en nie wil uitvoer nie, verbreek hy (in stryd met sy onderneming om volgens kerkorde GKSA artikel 86 op te tree) die eenheid en orde binne die kerkverband. Waar hy nie uit die Woord kan aantoon dat sodanige besluite in stryd met die Woord is nie, tree hy revolusionêr op en is tugwaardig (Bouwman, 1934:65).

Dit kan gebeur dat 'n kerk of individu die besluite van kerklike vergaderings bloot ignoreer, maar steeds binne kerkverband geag word. Hierdie situasie kan ontstaan waar die betrokke kerk of individu sy appèl verloor het, maar steeds weier om hom as gebonde te beskou aan ('n) bepaalde besluit(e), of waar kerke, sonder om te appelleer, die besluit(e) van kerklike vergaderings ignoreer en in stryd daarmee optree. Wanneer so 'n toestand ontstaan, behoort die ander kerke binne 'n bepaalde kerkverband, wat hulself gebonde ag aan die Skrif, belydenis en kerkorde, sodanige ongebonde optrede nie bloot te aanvaar nie. Sulke optrede trek 'n streep deur die onderlinge binding aan kerklike besluite en verbreek die band wat daar tussen kerke bestaan. Die uiteindelijke gevolg van volhardende ongebonde optrede kan wees dat 'n individuele gelowige óf 'n kerk óf kerke hulleself van die kerkverband vervreem.

Bouwman (1934:56) merk op: "Wanneer het een voorwendsel blijkt, dat men verklaart bezwaar te hebben op grond van Gods Woord en de conscientie en het blijkt dat het gaat om den eisch des Woords, der belijdenis en der kerkenordering te ontkomen, dan is de meerdere vergadering verplicht disciplinair op te treden." Hierdie stelling van Bouwman moet in die regte perspektief geplaas word. Waar 'n meerdere vergadering ingryp in die sake van 'n plaaslike kerk, is die uiteindelijke gevolg waarskynlik kerkskeuring. Die gevolg

van die sinode van die Hervormde Kerk in Nederland in 1944 se optrede teen dr. K Schilder en sy medestanders deur hulle *as sinode* onder sensuur te plaas, het gelei tot die gepaardgaande skeuring van die Hervormde Kerk en die stigting van die Gereformeerde Kerke (Vrygemaak) (Bakhuizen van den Brink IV, 1968:237).

In *hoogs uitsonderlike gevalle* (vergelyk *casus negligentiae* deur 'n plaaslike kerkraad soos Kuyper (1933/1934:9, 11, 14) dit aantoon) moet 'n meerdere vergadering soms wél optree, maar dan met groot omsigtigheid en sonder om die eie-aard van 'n meerdere vergadering (wat sake hanteer wat op sy tafel tuishoort, asook sake wat nie deur 'n mindere vergadering afgehandel kan word nie) (kerkorde GKSA artikel 30) in die gedrang te bring. 'n Meerdere vergadering is geen "instituut" wat met "kumulatiewe opgehoopte" gesag van die plaaslike kerke as "hoogste liggaam" soos 'n pous oor die afsonderlike plaaslike kerke regeer nie (Jansen, 1923:141; Kruger *et al.*, 1966:188 & Spoelstra, 1989:223).

Die situasie kan ontstaan dat 'n kerkraad of kerkrade nie konformeer met die besluit(e) van meerdere vergaderings nie en hulself deur hul optrede buite die kerkverband plaas. Die betrokke meerdere vergadering (klassis, ens.) het die verantwoordelikheid om in sodanige gevalle op te tree deur duidelik te konstateer dat die kerkraad of kerkrade hulself deur hul volhardende verkeerde optrede buite die kerkverband geplaas het (Bouwman, 1934:23; Coertzen, 1991:104; Du Plooy, 1982:154, 155 & Van der Linde, s.a.:69). Waar daar getroue lidmate binne die bepaalde kerke is wat nie die beswaar of appèl of besluit van die afwykende kerkraad steun nie, moet die klassis of ander meerdere vergadering sodanige gelowiges behulpsaam wees om in die lig van kerkorde GKSA artikel 38 weer ampte te verkies en die kerk opnuut te institueer (Bouwman, 1934:56; Spoelstra, 1989:186). Die reg kom daardie party (soms is dit juis die minderheid) toe wat getrou bly aan die Skrif, belydenis en kerkorde. Die ander kerke binne kerkverband (klassis, ens.) behoort hulle in hul saak teen die meerderheid binne die betrokke kerk(e) te ondersteun. Hierdie optrede kan alleen volg op die versoek deur 'n lidmaat of lidmate aan die klassis. Op grond van sodanige versoek behoort die klassis spesiale visitasie te doen (kerkorde GKSA artikel 44) om leiding en advies aan die betrokke plaaslike kerkraad te gee. Indien die leiding en advies van die kerke verwerp word, verbreek sodanige kerkraad die onderling ooreengekome afspraak met die ander kerke binne kerkverband (kerkorde GKSA

artikel 86). Die kerke moet dan gesamentlik verklaar of konstater dat sodanige kerk(e) bande met die ander kerke binne kerkverband verbreek het.

’n Meerdere vergadering mag nie op eie inisiatief ingryp in die sake van ’n mindere vergadering om byvoorbeeld die tug oor ampsdraers (kerkorde GKSA artikel 79) toe te pas nie. Slegs in bepaalde ekstreme gevalle mag die klassis (of ander meerdere vergadering) wel optree in ’n poging om die orde te herstel deur advies te gee en ’n ernstige beroep op die kerkraad te doen om besluite te honoreer (op grond van die onderling ooreengekome binding aan kerklike besluite) en deur die betrokke kerk(e) aan te moedig om daarna terug te keer om die kenmerke van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29) te vertoon (Bouwman, 1934:25; Kruger *et al.*, 1966:505; Kuyper, 1934/35:11 & Spoelstra, 1989:186, 224). Visser (1999:130-132) noem enkele voorbeelde van sodanige uiterste gevalle en beklemtoon die feit “dat ’n klassis eers ná langdurige vermanings by wyse van visitasie, korrespondensie, en so meer tot sulke drastiese stappe mag oorgaan”. Die oomblik wanneer die plaaslike kerk weer “normaal” kan funksioneer, moet die meerdere vergadering onmiddellik terugtree sodat die gemeente voortaan weer selfstandig kan optree (Bouwman, 1934:71).

Jansen (1924:52) toon aan dat meerdere vergaderings, binne ’n gereformeerde konteks, hul mag van mindere vergaderings “ontvang” wat afgevaardigdes deputeer. Hierteenoor kan gestel word dat meerdere vergaderings nie “mag” ontvang nie, maar die “reg” ontvang om op grond van die saamkom van meerdere kennis en insig besluite te mag neem oor sake wat die mindere vergadering nie kon afhandel nie (kerkorde GKSA artikel 30). Mindere en meerdere vergaderings neem besluite met dieselfde gesag, naamlik met Woordgesag (kerkorde GKSA artikel 36). Die mindere vergadering erken met sy afvaardiging na die meerdere vergadering dat daar sake “buite sy bevoegdheidsfeer” is waaroor die meerdere vergadering, waarnatoe hy sy afgevaardigdes stuur, met meerdere insig in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde besluite behoort te neem (kerkorde GKSA artikel 31).

Die tugreg kom in die eerste plek die plaaslike kerkraad toe (Bouwman, 1934:19; Kruger *et al.*, 1966:458 & Kuyper, 1933/34:18). Wanneer ’n besluit van ’n mindere vergadering deur ’n meerdere vergadering (ná ’n appèl) uitgewys word

as in stryd met die Skrif, belydenis en kerkorde en ander kerklike besluite, behoort die mindere vergadering die besluit te kasseer (nietig te verklaar) of te wysig. Die meerdere vergadering moet 'n opgaaf van redes vir sy oordeel gee (veral waar gewetens gebind kan word) en versoek of adviseer daarmee die mindere vergadering om in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde en die ander onderling ooreengekome kerklike besluite, sy besluit daarmee te laat ooreenstem. Die meerdere vergadering mag die mindere vergadering nie op 'n hiërargiese wyse beveel of dwing nie, maar versoek of adviseer die mindere vergadering om kragtens die gemeenakkoord self sy verantwoordelikheid in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde na te kom (Rutgers, 1921:264). Die veronderstelling is dan dat die mindere vergadering aan hierdie versoek van die meerdere vergadering gehoor sal gee (Bouwman, 1934:44). Indien die mindere vergadering egter nie aan die versoek of advies gehoor gee nie, word die meerdere vergadering gedwing om 'n ander wyse van optrede te volg. Sodoende tree die vraag na die tugreg van 'n meerdere vergadering na vore.

Kuyper (1933/34:4) wys daarop dat die tugreg (*potestas iurisdictionis*) van meerdere vergaderings nie maklik regstreeks uit die Skrif af te lei is nie. Hy wys egter op die argumente van Voetius en Maastricht wat uit Handeling 15 aantoon dat ook die vergadering se vrypraak van Paulus en Barnabas (die goedkeuring van hulle optrede) deel is van die tugreg. Net só ook is die bestraffing van diegene wat die Joodse wette wou afdwing, toepassing van tugreg. Die meerdere vergadering (sinode) moet dus nie alleen uitspraak lewer nie, maar soms ook sêlf optree om te sorg dat reg geskied soos die vergadering te Jerusalem (Hand. 15) gedoen het deur deputate (wat nie apostels was nie) uit te stuur om die orde en eenheid in die kerke te herstel. (Vergelyk ook Bouwman, 1934:27, 70 & Van der Walt, 1971:29.) In die geval waar 'n predikant of kerkraadslid byvoorbeeld afwyk van die leer (volgens die Skrif en belydenisskrifte) en die plaaslike kerk tree nie self daarteen op nie, of roep nie die hulp van die klassis (meerdere vergadering) in nie, het die meerdere vergadering die reg én *plig* om op grond van die eis van kerkverband (om te bind aan kerklike besluite in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde) sêlf die saak te ondersoek en (indien die klagtes gegrond is) die kerkraad te adviseer om in ooreenstemming met die bevinding van die klassis die tug oor die bepaalde predikant(e) of kerkraadslid(lede) toe te pas. (Vergelyk

Bouwman, 1934:69, 71; Kleynhans, 1985:161; Van der Linde, 1983:125 & Visser, 1999:130.)

Waar die kerkraad weier om die advies van die klassis (meerdere vergadering) op te volg, kan die klassis (tesame met die deputate vanweë die Partikuliere Sinode) gedwing word om te konstateer dat sodanige plaaslike kerk homself deur sy optrede buite kerkverband geplaas het. Gevolglik kan die klassis reël dat die "gelowiges wat in kerkverband wil voortlewe, onder leiding van 'n konsulent ampte gaan institueer (artt 37, 38), sodat daar as't ware 'n ander kerk sigbaar word" (Spoelstra, 1989:186, 224). In die lig van die kerkorde van die GKSA artikel 84 (wat alle hiërargie in die kerke veroordeel) is dit noodsaaklik dat die meerdere vergadering (klassis) vooraf adviese gegee het (kerkorde GKSA artikel 41) en ook deur sy deputate visitasie gedoen het by sodanige kerkraad om "broederlik" te "vermaan en met raad en daad alles" te "help reël wat bevorderlik is vir die vrede, die opbou en belange van die kerk" (kerkorde GKSA artikel 44).

Die gesag van meerdere vergaderings is *nie ander* gesag of mag as Woordgesag nie (kerkorde GKSA artikel 36). Ook mindere vergaderings bedien alleen maar die gesag van Christus wat in daardie sin van die woord tóg ook weer oorspronklike gesag is (Kuyper, 1933/34:7; Van der Walt, 1971:30). Die gesag wat Christus aan sy kerk gee, is immers nie alleen aan ampsdraers (die kerkraad) van 'n plaaslike kerk toevertrou nie, maar aan alle ampsdraers wat biddend saamkom in meerdere vergaderings om onder leiding van die Heilige Gees, gebonde aan die Skrif, belydenis en kerkorde, God se eer en die opbou en beste belang vir sy kerk op aarde te soek. Die afgevaardigdes na 'n meerdere vergadering onderneem volgens hulle kredensiebriewe (geloofsbriewe) om die besluite wat in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde geneem word, as bindend te beskou en uit te voer (wat moontlike appèlle insluit teen besluite van die vergadering wat afgevaardig het) (Visser, 1999:337).

Kuyper (1933/34:12) meen, net soos Jansen (1923:141), dat meerdere vergaderings oor kumulatiewe gesag beskik. Dit skep die indruk dat 'n meerdere vergadering oor "meer gesag" as die plaaslike kerk beskik en gevolglik "oor" die plaaslike kerk regeer. Sodanige siening stry teen die kerkorde van die GKSA artikel 36 wat dit duidelik stel dat die gesag van Christus volgens sy Woord die

enigste geldige gesag in die kerk van die Here is. Kuyper (1932/33:5) meen dat sowel die plaaslike kerk as die kerke wat in meerdere vergadering saamkom gesamentlik oor die *potestas excommunicandi* beskik (kerkorde GKSA artikel 79). Hy redeneer voorts dat die toepassing van hierdie sleutel van die hemelryk deur 'n meerdere vergadering geen hiërargie is nie, maar die uitvoer van 'n liefdesdiens tot voordeel van die kerke (1932/33:18; 1934/35:16) waaraan die kerke hul op grond van hul onderlinge gemeenakkoord vrywilliglik onderwerp het (1932/33:9). Hy gebruik die optrede van die ekumeniese sinodes wat ketters geëkskommunikeer het, asook die optrede van die Sinode van Dordrecht (1618/19) wat die Remonstrantse predikante uit hul diens afgesit het, as voorbeelde uit die geskiedenis waar 'n meerdere vergadering die tugreg toegepas het (1933/34:18). Bouwman (1934:73) spreek homself sterk uit teen diegene wat die meerdere vergadering se reg tot ekskommunikasie ontken en wat meen dat 'n meerdere vergadering alleen sensuur uitoefen deur 'n kerkraad "uit het verband (te – JHH) zetten". Hy verwerp sodanige siening as "ongereformeed" en "geheel in strijd met wat onze Gereformeerde synoden en onze canonici hebben geleerd".

Kuyper (1932/33:9-11) noem voorts wanbestuur, asook wanneer daar geskille tussen twee kerke bestaan, as situasies waar meerdere vergaderings soms gedwing word om op te tree. (Vergelyk ook Bouwman, 1934:19-20.) In die geval van gemeenskaplike sake of wanbestuur of waar "verontregtes" 'n beroep doen om hulp en advies deur die ander kerke, het die meerdere vergadering die verantwoordelikheid om op te tree en aan die plaaslike kerk *hulp te verleen* om *self* sy verantwoordelikheid na te kom om die tug (waar nodig) in die lig van 1 Korintiërs 5 en Matteus 18 toe te pas (Jansen, 1924:55).

Dit mag ook gebeur dat mindere vergaderings besluite neem wat in stryd is met die besluite van meerdere vergaderings wat op grond van die kerkorde van die GKSA artikel 31 as bindend beskou behoort te word deur mindere vergaderings. Meerdere vergaderings mag sodanige optrede van mindere vergaderings nie ignoreer nie, aangesien die onderlinge binding aan kerklike besluite in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde daardeur geskaad word en die eenheid van die kerkverband daardeur in die gedrang kom (Bouwman, 1934:66).

Ook in die uitsonderlike geval waar 'n kerkraad (klassis) nie in staat is om sy verantwoordelikheid na te kom nie (*casus insufficientiae*) óf waar 'n kerkraad óf klassis nalaat of weier om sy verantwoordelikheid na te kom (*casus negligentiae*) het 'n meerdere vergadering die bevoegdheid om klagtes in die verband te ondersoek en om te probeer om die afwyking(s) in die plaaslike kerk uit die weg te ruim. (Vergelyk kerkorde GKSA artikels 41 & 44; Bouwman, 1934:35; Jansen, 1923:145 & Kuyper, 1933/34:3, 6, 9.) Bouwman (1934:579) is van oordeel dat waar daar byvoorbeeld 'n probleem is met die leer van 'n betrokke bedienaar van die Woord ('n afwyking van kerkorde GKSA artikel 53) en die plaaslike kerkraad meen die probleem is opgelos, terwyl die meerdere vergadering anders oordeel, het die meerdere vergadering die volste reg "om self deze zaak in behandeling te nemen".

Kuyper (1933/34:14) merk op dat Voetius meen dat 'n meerdere vergadering ook behoort op te tree in die geval van *casus extremae necessitas* (soos waar skeuring dreig en voorkom moet word). Voorts het 'n meerdere vergadering, tesame met die reg tot regspraak, die mag om tydens die vergadering, asook deur middel van sy aangewese visitatore, raad te gee en om te vermaan (kerkorde GKSA artikels 41 & 44; Roeleveld, 1972a:49). Noodwendig behoort die meerdere vergadering in sy optrede deurgaans daarop te let dat hy so ver moontlik geduldig optree, maar "wanneer toleransie teenoor 'n nie-konformerende minderheid onmoontlik is, sou die algemene sinode met meerderheid van stemme eis dat die minderheid konformeer of uit die kerklike gemeenskap tree" (Spoelstra, 1989:473). Die meerdere vergadering het dus te alle tye die verantwoordelikheid om met groot omsigtigheid op te tree "en die beste middelen en wege gebruik tot hulp de gemeente" om te verhoed dat hy tot die uiterste stap moet oorgaan om 'n plaaslike kerk "buite kerkverband" te stel (Bouwman, 1934:75). Die afsny van ('n) kerk(e) van die kerkverband behoort alleen te gebeur "wanneer een kerk hopeloos verdorven is, er geen middel oorblijft om een kerk te doen leven naar het recht Gods, en de kerk het oordeel der synode niet erkent" (Bouwman, 1934:75).

Die uitgangspunt bly dat 'n mindere vergadering die besluite van meerdere vergaderings moet honoreer (kerkorde GKSA artikel 31). Waar die mindere vergadering egter nie die besluite op grond van gewetensbeswaar of enige ander

gegronde rede kan uitvoer of aanvaar nie, moet hy daarteen appelleer. Indien die mindere vergadering by die punt kom dat appèl nie meer verder moontlik is nie, moet hy hom óf neerlê by die besluit óf uiteindelik bande met die kerkverband verbreek. Die kerke binne kerkverband behoort alles in hul vermoë te doen om die spesifieke kerk steeds vir die kerkverband behoue te laat bly (De Jong, 1918:122; Jansen, 1924:52). Ongebonde en versetoptrede ten opsigte van die besluite van meerdere vergaderings deur 'n mindere vergadering ('n kerkraad) is in wese niks anders as 'n verbreking van die kerkverband nie. Die meerdere vergadering behoort uiteindelik hierdie verbreking van kerkverband deur 'n mindere vergadering bloot deur sy besluit te konstateer (Praamsma, 1946:36; Visser, 1999:140).

5.5.3.2.1. SAMEVATTING

- Wanneer 'n kerk of individuele gelowige bloot besluite van kerklike vergaderings ignoreer, behoort die ander kerke binne 'n bepaalde kerkverband, wat hulself as gebonde ag aan die Skrif, belydenis en kerkorde, sodanige ongebonde optrede nie bloot te aanvaar nie.
- Die tugreg kom in die eerste plek die plaaslike kerkraad toe, maar in uitsonderlike gevalle, waar 'n kerkraad of kerkrade nie konformeer met die besluit(e) van meerdere vergaderings nie, plaas hulle hulself deur hul optrede buite die kerkverband en het die betrokke meerdere vergadering die verantwoordelikheid om hierdie feit te konstateer. Noodwendig moes die meerdere vergadering alles in sy vermoë gedoen het om sodanige optrede te verhoed deur middel van adviese en visitasie en deur sodanige kerkraad of kerkrade dringend daartoe op te roep om besluite te honoreer.
- Meerdere vergaderings ontvang nie "mag" nie, maar die "reg" om op grond van die saamkom van meerdere kennis en insig besluite te mag neem oor sake wat mindere vergaderings nie kon afhandel nie (kerkorde GKSA artikel 30).
- 'n Mindere vergadering moet die besluite van meerdere vergaderings honoreer. Waar die mindere vergadering nie die besluite op grond van gewetensbeswaar of enige ander gegronde rede kan uitvoer of aanvaar nie, moet hy daarteen appelleer. Indien hy by die punt kom dat appèl nie meer

verder moontlik is nie, moet hy hom óf neerlê by die besluit óf uiteindelik bande met die kerkverband verbreek.

5.5.3.3. ADVIES VAN MEERDERE VERGADERINGS EN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Wanneer 'n meerdere vergadering hom uitspreek oor 'n saak wat 'n mindere vergadering raak, gee hy aan daardie vergadering "advies" (Bouwman, 1934:39-41). Sodoende word die selfstandigheid van die plaaslike kerk erken deurdat hyself nou die advies moet gaan toepas (kerkorde GKSA artikels 30, 31, 41, 44, 75, 77, 79 & 86). Advies is dus geen hiërgiesie besluit deur die betrokke meerdere vergadering nie. Aan die ander kant mag 'n mindere vergadering die advies van 'n meerdere vergadering nie bloot willekeurig hanteer en self besluit of hy daarvolgens gaan optree al dan nie (Spoelstra, 1989:222). Uit die aard van die gereformeerde siening van kerkverband (in teenstelling met die independentisme) is die mindere vergadering verplig om die advies van die meerdere vergadering uit te voer en as sy eie besluit te beskou en te honoreer. Advies is dus bindend en moet opgevolg word. (Vergelyk ook Bouwman, 1934:44; Kuyper, 1933/34:14; Maré, 1991:281 & Roeleveld, 1972a:43.)

Juis op grond van die onderlinge band tussen kerke in kerkverband, mag kerklike advies daarom nie gesien word as 'n blote mening waarmee volgens eie siening gehandel kan word nie. Die advies wat kerke onderlinge aan mekaar gee in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde, het bepaald bindende gevolge. Kerke vra immers van mekaar advies (vergelyk die advies wat in die lig van die kerkorde van die GKSA artikel 44 gegee word tydens visitasie en wat ten doel het om die bepaalde kerk daarin by te staan om steeds die kenmerke van die ware kerk (Nederlandse Geloofsbelydenis artikel 29) te bly vertoon en waaroor aan die ander kerke binne die klassis terug gerapporteer word) sodat daardie advies opgevolg kan word! Indien kerke die advies van die ander kerke binne kerkverband ignoreer, dui sodanige optrede op 'n vorm van verbreking van kerkverband.

Strauss (1988:193) meen dat die advies van meerdere vergaderings ten opsigte van etiese kwessies uitsonderings op die reël is en dat meerdere vergaderings

daarteen moet waak om gewetens hierin te verkneg, maar dat die kerke ten opsigte van etiese kwessies aan mekaar die vryheid moet gun om van mekaar te mag verskil (Rom. 14:22).

Die afleiding wat uit bogenoemde gemaak word, is dat 'n mindere vergadering die adviese van 'n meerdere vergadering *selfstandig* moet toepas, maar terselfdertyd *verplig* is om daarvolgens op te tree.

5.6. DIE GEVOLGE WANNEER DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE GEHANDHAAF WORD

5.6.1. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE DIEN DIE ORDE IN DIE KERK

Die kerk van die Here mag nie sonder orde bestaan nie (1 Kor. 12-14; Matt. 18:20; 16:4 & Bouwman, 1934:52-53). Tog moet die orde niks anders as God se reg vir sy kerk daarstel nie. Daardie orde mag dus niks anders wees as die orde wat God in sy Woord eis nie (Coertzen, 1991:189).

God vereis by monde van die apostel Paulus (1 Kor. 14:40) dat alles in die kerk "gepas en ordelik" moet geskied. "Vanuit die vrede wat die mens in Christus met God het, vloeï daar 'n orde voort wat in die gemeente gehandhaaf moet word as 'n vergestaltung van die orde en vrede met God en met mekaar" (Smit, 1984:18). Kerke wat tot dieselfde kerkverband behoort, verbind hulself daartoe om die besluite van kerklike meerdere vergaderings te handhaaf (kerkorde GKSA artikel 86). Binding aan die besluite van kerklike vergaderings dien die onderlinge orde binne kerk en kerkverband en is 'n teken van getrouheid aan God se eis om orde vir sy kerk (Kleynhans, 1985:160).

Die teendeel is ook waar. Waar gelowiges hulle nie op 'n ordelike wyse bind aan die besluite van kerklike vergaderings nie, sal sodanige optrede aanleiding gee tot wanorde, twyfel en ergernis tussen gelowiges (Kuyper, 1879:114, 116; Botha, 1993:5).

Die eis om orde wat God in sy Woord stel, word dus gedien wanneer kerke hulle daartoe verbind om die besluite van kerklike vergaderings uit te voer. Polman (s.a.b.:209) stel die voorvereiste tot die ordelike verloop van sake in die kerk van die Here soos volg: "En alleen waar de ambtsdrager getrouw zijn en de gemeente de regel van Gods Woord in acht neemt, *zullen alle dingen in die kerk wel en ordelijk toegaan.*"

5.6.2. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE DIEN DIE ONDERLINGE RUS EN VREDE BINNE KERKVERBAND

Kerke binne kerkverband onderneem teenoor mekaar om die besluite van kerklike vergaderings as bindend te beskou en uit te voer. Duvenage (1971:33) wys daarop dat ampsdraers en lidmate *nie minder* gebind is aan daardie dele van die leer wat nie spesifiek op Christus betrekking het nie, anders sou relativisme en subjektivisme hoogty vier. Hier word spesifiek na die belydenis verwys, synde een van die sake waarvoor kerklike vergaderings besluite neem.

Indien gelowiges getrou is aan hulle onderlinge onderneming teenoor mekaar, sal daar onderlinge rus en vrede binne plaaslike kerke en tussen kerke binne kerkverband heers aangesien die onderling ooreengekome wyse van optrede tussen gelowiges gehonoreer word.

5.6.3. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE VERSTERK DIE ONDERLINGE EENHEID EN SAMEWERKING TUSSEN KERKE

Die eenheid van die kerk van die Here rus ten diepste op die eenheid in die geloof in Jesus Christus as Verlosser en Saligmaker. "He is the basis of the Church's unity" (Küng, 1978:271). Op grond van die eenheid in die geloof kom kerke byeen op grond van die eenheid in die verstaan van die leer (die belydenis) volgens die Woord van God. Om hierdie eenheid te dien, verbind gelowiges hulle daartoe om die besluite van kerklike vergaderings, wat getoets is aan die Skrif, belydenis en kerkorde, uit te voer. Dit hou in dat niemand maar willekeurig met die belydenis mag omgaan nie, aangesien sodanige optrede sekerlik tot die verbreking van die eenheid binne die kerk van die Here sal lei (Schotel, 1863:231).

Ter wille van die eenheid van die kerk is dit daarom belangrik dat gelowiges die binding aan die belydenis handhaaf. Kerke mag nie toelaat dat dwaalleraars en persone wat afwykende menings het, vrylik hulle leerstelling binne die kerk van die Here verkondig nie. 'n Kerk wat sy belydenis nie handhaaf en daarvolgens lewe nie, gee aanleiding tot dwaalleer wat uiteindelik lei tot kerkvernietiging. Die handhawing van die belydenis bly belangrik, aangesien die belydenis die doel het dat ketters uitgewys word, dat bedienaars van God se Woord uit een mond praat, dat skeuring onder die kerke vermy word en dat die ware leer onvervals aan die nageslag oorgelewer word. Sodra daar willekeur in die leer toegelaat word, kom daar onenigheid. Daarteenoor help *eenheid in die leer* om die eenheid en opbou van die kerk te verseker (Coetzee, 1970:21).

Op grond van dieselfde verstaan van God se Woord (soos vervat in die belydenis), kom kerke binne kerkverband ooreen om die kerkregering op 'n bepaalde wyse toe te pas. Die ooreengekome kerkregering word in 'n gesamentlike vasgestelde kerkorde vasgelê. Deurdat kerke hulle daartoe verbind om die kerkorde na te kom deur dit in die praktyk te honoreer, handhaaf hulle hul binding aan die besluite van kerklike vergaderings. Sodanige optrede versterk die onderlinge eenheid en die samewerking tussen kerke. Die onderlinge binding aan die kerkorde is dus 'n gevolg van die binding aan die belydenis. Die eenheid in die belydenis bly die bepalende faktor vir die eenheid tussen kerke. Wanneer daar eenheid in die belydenis is, vloei die daarstelling van 'n gesamentlike kerkorde gewoonlik daaruit voort (Kuyper, 1883:vi).

Waar gelowiges die binding aan kerklike besluite ignoreer, kan dit daartoe aanleiding gee dat die eenheid onder kerke verbreek word. Die uiterste gevolg van die ignorering van kerklike besluite, is dat bande met die kerkverband verbreek word en die kerk van die Here sodoende skeur.

Soms mag dit gebeur dat die eenheid binne die kerk ter wille van die waarheid van die Woord verbreek móét word om die kerk van nuuts af op grond van die beginsels van die Woord te hervestig (Smit, 1984:29; Van der Walt, 1963:54). Deur sulke drastiese optrede word die eenheid van die kerk geensins ontken nie. Daar rus intendeel op die kerke wat ter wille van die waarheid die eenheid moes verbreek die

sware verpligting om weer eenheid te soek met daardie kerke waarmee hulle tesame die waarheid volgens die Woord van God bely (Cloete, 1987:139). Daarom kan die binding aan kerklike besluite (wat geneem is op grond van Skrif, belydenis en kerkorde) tot 'n "positiewe" kerkskeuring aanleiding gee, wat later kan uitloop op 'n herstel van die eenheid tussen gelowiges op grond van die waarheid van die Woord.

5.6.4. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE DIEN DIE GETUIENISKARAKTER VAN DIE KERK TENOOR DIE WÊRELD

Die optrede van gelowiges (die kerk van die Here) gaan nooit ongemerk verby nie. En die duiwel en die wêreld probeer sover moontlik om die Here se kerk in 'n swak lig te stel (Job 1; Ef. 6:11-12). Indien kerke binne kerkverband vashou aan die onderling ooreengekome wyse van optrede teenoor mekaar, bewys die kerke se optrede dat hulle daadwerklik dieselfde glo en daarom in getrouheid hulle onderneming teenoor mekaar in die praktyk uitleef. Dan is hulle waarlik een van hart en siel (Hand. 4:32). Die onderlinge liefde tussen die kerke en die getrouheid waarmee hulle die besluite van kerklike vergaderings (wat die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan) handhaaf, kan alleen 'n positiewe getuienis van die kerk teenoor die wêreld uitstraal.

5.6.5. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE WERK WILLEKEUR TEEN

Die sogenaamde mondige mens van ons tyd wil nie gebind word deur die besluite van ander nie en ook nie deur die besluite van kerklike vergaderings nie (wat besluite in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde insluit) (Van der Westhuizen, 1982:73). Die mens wil op 'n ongebonde wyse sy eie besluite neem. Strominge soos biblisme, individualisme, subjektivisme en spiritualisme relatiewe en ondermyn die gesag van die belydenis. Gevolglik word besluite oor die gereformeerde kerkregering (die kerkorde) asook ander kerklike besluite geminag en verwerp (Hovius, 1962:24-25). (Vergelyk ook Van der Walt, 1963:45 & Du Plooy, 1991:92.)

Gelowiges onderneem teenoor mekaar en binne kerkverband om hulself wel te bind aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die belydenis en kerkorde insluit).

Sodanige binding aan kerklike besluite werk menslike willekeur en subjektivisme teen.

5.6.6. BINDING AAN KERKLIKE BESLUITE WERK DWAALLEER TEEN

Kerke kom onder andere in kerkverband byeen sodat meer gawes kan help om God se wil (volgens die Woord) vir sy kerk op aarde vas te stel. Meer gawes toets mekaar se standpunte en soek saam onder leiding van die Heilige Gees na God se wil. Saam staan hulle die gevaar teen dat enkelinge se sienings, wat nie behoorlik getoets word aan die Woord nie, tot dwaalleer in die kerk van die Here aanleiding gee. In hierdie verband speel die besluite van kerklike vergaderings oor en rondom die belydenis so 'n groot rol. "Veral wanneer dwaalleer en ligsinnigheid van vrydenkende geeste aan bande gelê moes word, was die belydenisskrif van besondere waarde" (Botha, 1997:1297). (Vergelyk ook Felix, 1854:I.) Coetzee (1970:24) gee Kuyper hier gelyk wanneer hy opmerk: "Kuyper sê tereg dat as die kerk ophou om belydeniskerk te wees, hy draer van 'n wisselende mening is en dit maak dan dat "woelsieke geeste" vrye spel kry om allerlei kwessies op te werk en telkens alle reeds vroeër afgedane ketterye te hernuwe. Dit laat ook die vaste lyne van die kerkregering verdof. Dit sit dus 'n proses van deformasie oor die hele linie aan die gang."

Waar kerke hulle nie bind aan die besluite van kerklike vergaderings nie, kan dwaalleer soveel makliker in die kerk van die Here posvat. Indien gelowiges hulle nie daartoe verbind om met die basis van die Skrif, belydenis en kerkorde besluite te neem wanneer hulle in kerklike vergaderings byeen kom nie, bestaan daar geen objektiewe maatstaf vir besluitneming en geen waarborg vir eenheid in die praktyk van die kerklike lewe nie. Van der Linde (1971:47) wys daarop dat 'n verkeerde hantering van die besluite van kerklike vergaderings tot verwarring in die kerk aanleiding gee. Daarom mag geen bedienaar van die Woord op só 'n wyse skryf of "diskusseer" dat die belydenisskrifte bevraagteken word nie.

Om die invloed en gevolge van dwaalleer sover moontlik teen te werk, bind gelowiges hulleself aan die besluite van kerklike vergaderings waartydens meer gawes saam besluite neem wat die toets van die Skrif, belydenis en kerkorde deurstaan.

5.6.7. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE WERK INDEPENDENTISME TEEN

Spoelstra (1989:12) wys daarop dat daar twee uitvloeisels van die independentisme bestaan. Hy beskryf die een been van independentisme soos volg: "Elke gemeente is radikaal onafhanklik en moet selfs nie deur presbiters oorheers word nie. Afsonderlike gemeentes kon konfereer, maar neem geen Belydenisskrifte of bindende besluite aan nie. Die gemeente regeer met meerderheid van stemme en die kerkraad voer die opdragte uit." Die ander uitvloeisel van die independentisme het wel soms sinodes gehou. Hulle was van mening dat Christus nie aan sinodes selfstandige of regstreekse gesag oor die kerke gegee het nie (Spoelstra, 1989:12). Hy wys daarop dat "die swakheid van die independentisme hulle oordrewe individualisme" is en dat "hulle die gemeente eerder as die koningskap van Christus as vertrekpunt" neem (1989:13).

Die binding aan kerklike besluite is vir die independentisme onaanvaarbaar, aangesien hierdie stroming enige vorm van hiërargie in die kerk vrees. Die gevolg van independentisme is egter dat die gawes wat die Here aan sy kerk in die geheel (ook binne 'n kerkverband) gegee het, misken word. Gevolglik kan subjektivisme, individualisme, menslike beperkinge en willekeur maklik daartoe aanleiding gee dat verkeerde besluite geneem word wat nie wyer (deur meer gelowiges met meerdere kennis en insig) aan die Woord getoets word nie en wat tot nadeel van die gelowiges binne die spesifieke gemeente strek.

Binding aan kerklike besluite verseker dat al die gawes binne die kerkverband saam meehelp om besluite te toets aan die Skrif, belydenis en kerkorde en verseker só dat daar nie op 'n independentistiese wyse besluite geneem word nie.

5.6.8. BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE BEVORDER DIE UITBOU EN VERDIEPING VAN TEOLOGIESE INSIGTE

Die Here Jesus Christus het volgens Matteus 16:18 belowe dat die poorte van die doderyk nie sy kerk op aarde sal vernietig nie. Die kerk sal met ander woorde standhou tot en met die dag van die wederkoms. En die kerk word steeds gebou op dieselfde Woord van dieselfde onveranderlike God en op die Rots, Jesus Christus. Die

werk van voorgangers in die kerkgeskiedenis wat dieselfde Woord onder leiding van dieselfde Heilige Gees ondersoek het, mag dus nie geïgnoreer word nie. Daarom is dit so belangrik dat gelowiges deeglik vertrouwd is met die kerkgeskiedenis, aangesien God Homself ook in die geskiedenis aan ons bekend maak en ons sy voorsienigheid daarin kan sien (Nederlandse Geloofsbelijdenis artikels 2 & 13). Noodwendig moet die kerk God se openbaring in die skepping altyd lees met die bril van die Skrif wat as enigste en finale maatstaf geld (Van der Merwe, 1969:37).

Die besluite wat kerklike vergaderings in die verlede in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde en onder leiding van die Heilige Gees geneem het, is net so geldend vir vandag as toe daardie besluite oorspronklik geneem is, behalwe waar aangetoon kan word (in die lig van die Skrif, belydenis en kerkorde) dat hulle verkeerde besluite geneem het. Op elke gelowige rus die plig en verantwoordelikheid teenoor God om op 'n Woordgetroue wyse verkeerde praktyke of probleme in die kerk aan te spreek, sodat die een dwaling nie tot veel groter dwalings aanleiding gee nie (Schulze, 1988:26).

In die Here se kerk word daar dus gebou op die teologiese werk van vorige geslagte, asook op die besluite wat reeds in die verlede geneem is. Brown (1988:154) wys op hierdie "voortbouwerk" aan die hand van die hantering van ou kerkordes. Sodoende word die goud van die Woord steeds meer en meer bestudeer en ontgin. Die binding aan kerklike besluite dien dus die uitbou en verdieping van teologiese insigte.

Wanneer gelowiges hulle nie bind aan die besluite van kerklike vergaderings nie, gee dit aanleiding tot appèlle en beswaarskrifte op die tafels van daardie kerklike vergaderings. Soveel tyd kan later bestee word aan die hantering van appèlle en beswaarskrifte dat die uitbou van die kerk (in die teologie) en koninkryk (deur die lig van die Evangelie in die wêreld te laat skyn) as gevolg daarvan agterweë kan bly.

5.6.9. SAMEVATTING

Wanneer die binding aan kerklike besluite gehandhaaf word:

- Is daar orde in die kerk van die Here;
- dien dit die onderlinge rus en vrede onder kerke binne kerkverband;

- versterk dit die onderlinge eenheid en samewerking tussen kerke binne kerkverband;
- dien dit die getuieniskarakter van die kerk teenoor die wêreld;
- werk dit willekeur teen;
- werk dit dwaalleer teen;
- werk dit independentisme teen, en
- bevorder dit die uitbou en verdieping van teologiese insigte.

5.7. DIE VERANTWOORDELIKHEID OM DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE UIT TE BOU EN ONDER DIE AANDAG TE BRING EN TE HOU

5.7.1. DIE WAARDE EN DIE BELANGRIKHEID VAN DIE BINDING AAN KERKLIKE BESLUIE

Aan die begin van die een-en-twintigste eeu is daar verskeie strominge waarmee ook in die teologie rekening gehou moet word. (Vergelyk par. 4.4.1 & Schulze, 1981:1-104.) Die een stroming wat tans baie prominent is, is die sogenaamde postmodernisme. (Vergelyk par. 4.4.1.5.) Wat eie is aan hierdie stroming, is dat die mens ongebonde as individu sy eie besluite wil neem sonder om daarvoor bevraagteken te wil word. Die postmodernistiese siening van Skrifhantering kom uit die volgende redenasie van Muller (2000:8) na vore: "As daar ooit 'n dekonstruksie plaasgevind het, was dit met die opstanding van Jesus. God is eenvoudig nie die God van die status quo nie. Die postmodernisme bevraagteken alles, ondermyn sekerhede en vra aandag vir paradokse. En dit is presies wat die ware evangelie ook doen. Die evangelie dwing ons weg van mensgemaakte sekerhede. Die evangelie help ons om geen struktuur, ook nie kerklike strukture nie, te ernstig op te neem nie. Die evangelie help ons om ook 'n bietjie speels met die werklikheid om te gaan, want Jesus het opgestaan en hy kan enige oomblik sorg vir 'n verrassende wending."

Só beskou die aanhangers van hierdie denkrigting die waarheid van God se Woord as relatiewe waarheid, naamlik dat dit wat as waarheid deur die een individu gesien word, nie noodwendig deur 'n ander individu as waarheid beskou hoef te word nie (Van Aarde, 1985:567-568). Hierdie stroming maak daarop aanspraak dat daar onderlinge ruimte gelaat moet word vir elkeen om te dink en te doen soos die

individu goed vind, solank daardie spesifieke persoon se optrede nie tot sigbare benadeling van ander aanleiding gee nie. Hierdie siening het noodwendig 'n effek op die wyse waarop die binding aan die belydenis hanteer word. "Die sogenaamde mondige mens van vandag wil in ieder geval op humanistiese wyse ten opsigte van die belydenisskrifte negativisties, relativisties of outokonfessionalisties vry-sinnig wees" (Van der Westhuizen, 1982:73).

Sodanige sienswyse kan maklik in die kerk ingang vind en 'n verkeerde invloed uitoefen. Die gevolg mag wees dat niemand hulself later as gebonde ag aan die besluite van kerklike vergaderings nie, aangesien elke individu volgens hierdie beskouing self besluit wat reg en wat verkeerd is.

In die kerk van die Here sal ongebondenheid aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die verstaan van die leer volgens die belydenisskrifte, die kerkorde en ander besluite wat kerklike vergaderings neem, insluit) lei tot wanorde en uiteindelik tot kerkskeuring.

Om gelowiges onder die besef van die waarde en belangrikheid van die binding aan kerklike besluite te bring, kan die volgende gedoen word:

- Gelowiges binne kerkverband behoort mekaar aan te moedig om die kerkorde van die GKSA artikel 31 na behore toe te pas.
- Tydens visitasie (kerkorde GKSA artikel 44) behoort die vraag na die binding aan kerklike besluite met elke visitasiebesoek beantwoord te word.
- Tydens die kategese behoort die belangrikheid van die binding aan kerklike besluite (wat na vore kom in die vrae wat gestel word aan persone wat belydenis van geloof aflê) benadruk te word.
- Wanneer ampsdraers bevestig word, onderneem elkeen plegtig (volgens die formulier voorgehou by die bevestiging van ampsdraers) met sy handtekening dat hy hom bind aan die besluite van kerklike vergaderings. Ampsdraers moet gewys word op die erns van hul onderneming.
- Aan die teologiese skool behoort studente onderrig te word en daarop gewys word dat die binding aan kerklike besluite belangrik is vir die bestaan en die voortbestaan van die kerkverband en vir die bestaan en voortbestaan van die kerke binne die kerkverband.

5.7.2. HONORERING VAN DIE EIS OM BINDING AAN DIE BESLUIE VAN KERKLIKE VERGADERINGS

Kerke kom byeen en vorm saam 'n kerkverband. Die eenheid wat onder die kerke binne kerkverband bestaan, moet 'n eenheid wees wat gegrond word op die waarheid van God se Woord (Coetzee, 1982:2; Meijer, 1995:35; Nauta, 1969:78 & Van der Linde, 1971:46). Daarom mag gelowiges onderling van mekaar verwag om hul te bind aan die besluite van kerklike vergaderings. Indien gelowiges hulle nie meer aan die besluite van kerklike vergaderings bind nie, sal die eenheid tussen die kerke in kerkverband verbreek word. Hierdie eenheid tussen die kerke mag egter nie verbreek word deurdat sommige gelowiges hulself op 'n onverskillige wyse aan die besluite van kerklike vergaderings bind nie, aangesien die eenheid wat daar tussen kerke bestaan en behoort te bestaan, déél is van die waarheid van die Woord (Du Plooy, 2001:7).

5.7.3. SAMEVATTING

- Daar is verskeie strominge binne die teologie waarmee deeglik rekening gehou moet word, sodat verkeerde invloede nie in die kerk ingang vind nie.
- Ongebondenheid aan die besluite van kerklike vergaderings (wat die verstaan van die leer volgens die belydenisskrifte, die kerkorde en ander besluite van kerklike vergaderings insluit) kan tot wanorde en uiteindelik tot kerkskeuring lei.
- Kerke binne kerkverband het die verantwoordelikheid om die waarde en belangrikheid van die binding aan kerklike besluite onder die aandag te bring en te hou.

5.8. SLOTSOM

Die geformuleerde definisie insake die binding aan kerklike besluite, lê groot klem op die vrywilligheid van die ooreenkoms tussen gelowiges. Tog is hierdie ooreenkoms bindend, omdat gelowiges plegtig teenoor mekaar onderneem om die gesamentlike genome besluite van kerklike vergaderings te honoreer.

Die binding aan kerklike besluite moet nie verkeerd verstaan word nie, aangesien verkeerde binding tot hiërargie óf willekeur óf ander negatiewe gevolge vir die kerk van die Here kan aanleiding gee.

Die regte binding aan kerklike besluite is 'n geloofsaak, aangesien binding aan die Skrif en belydenis lei tot binding aan kerklike besluite wat in die lig van Skrif en belydenis geneem is. Die besluite van kerklike vergaderings is dus bindend vir alle lidmate binne die bepaalde kerkverband.

Gelowiges behoort ook aan mekaar ruimte te gee rakende die wyse waarop hulle die besluite van kerklike vergaderings uitvoer. Binne die raamwerk van liefde, waarheid, opregtheid, eerlikheid, getrouheid en eenheid behoort gelowiges hulle gebondendheid aan die besluite van kerklike vergaderings daadwerklik te bevestig.

Wanneer gelowiges hul binding aan kerklike besluite daadwerklik uitlewe, dien hulle optrede onder andere die orde, vrede en eenheid onder die kerke binne kerkverband. Sodanige binding aan kerklike besluite werk daardie sake wat die kerk van die Here kan benadeel, soos willekeur en dwaalleer, teen.

Gelowiges het voorts die verantwoordelikheid om die besef van die belangrikheid van die binding aan kerklike besluite onder mekaar uit te bou. Individuele gelowiges en kerke behoort hul verantwoordelikheid in hierdie verband teenoor mekaar na te kom deur kerklike besluite te honoreer. Die optrede van 'n individuele gelowige en kerke is dan ook bepalend vir die regte wyse van binding aan kerklike besluite.

HOOFSTUK 6

FINALE SAMEVATTING

Aan die begin van hierdie studie is die kernvraag gestel of die binding aan kerklike besluite wel van belang is vir die kerke binne kerkverband. Uit die studie het dit na vore gekom dat die binding aan kerklike besluite wel belangrik is vir die bestaan, die onderlinge eenheid en die voortbestaan van die kerke binne 'n bepaalde kerkverband. Die saak van binding aan kerklike besluite is duidelik in die Skrif gefundeer. 'n Kerngevolg van belydenis, kerkverband en kerkorde is dan ook dat kerke hulle aan kerklike besluite behoort te bind.

Uit die kerkgeskiedenis kom dit duidelik na vore dat daar dikwels onderlinge stryd oor die binding aan kerklike besluite was en dat die mate van binding, telkens óf bevraagteken óf onderskryf is. Hierdie onderlinge stryd oor die mate van erns waarmee kerke die binding aan kerklike besluite bejeën, beklemtoon die feit dat die binding aan kerklike besluite belangrike gevolge het vir die manier hoe kerke binne kerkverband met mekaar saamleef.

Waar kerke en individuele gelowiges binne dieselfde kerkverband van mekaar verskil oor bepaalde sake en oor genome besluite, behoort hulle hul verskille op die onderling ooreengekome wyse (volgens die kerkorde) te hanteer en op te los. Die uitgangspunt van hul optrede behoort te wees dat kerke en individuele gelowiges die verantwoordelikheid het om die onderlinge onderneming (belofte) teenoor mekaar te honoreer.

Waar kerke (wat alle gelowiges binne die bepaalde kerkverband insluit) hulle bind aan kerklike besluite en op die kerklike ooreengekome wyse hul onderlinge verskille met mekaar opneem en oplos, kan dit alleen die opbou van die kerk dien en daartoe lei dat die Koning van die kerk vereer en verheerlik word.

BIBLIOGRAFIE

AALDERS, W.J. 1919. Bijbelsch – Kerkelijk Woordenboek. III – De Kerk. Groningen : J.B. Wolters' U.M. 330 p.

ACHTTIEN, De. 1962. Aanvaardt Elkander. Tweede publikatie in de serie 'Van Kerken tot Kerk'. Carillon – reeksnr. 26. Amsterdam : W. Ten Have N.V. 150 p.

ACTA GENERALE SYNODE GEREFORMEERDE KERKE IN NEDERLAND. 1940-1943. Brief van deze synode aan de kerk van Houwerzijl. p. 270-271.

ANON. 1987. Die berymde Psalms in gebruik by Die Nederduitse Gereformeerde Kerk, Die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika, Die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika, en Skrifberymings in gebruik by die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Kaapstad : N.G. Kerk-Uitgewers. 706 p.

ANON. 1996. "Onrus oor belydenisskrifte moet stop." Binding van ampsdraers van Ned. Herv. Kerk aan belydenisskrifte bekyk. *Algemene Kerkbode*, 3, Mrt. 8/9.

ANON. 1997. Besluit oor die manier waarop ons nagmaal vier. *In Gemeentenuus Gereformeerde Kerk Randburg*, Feb. 2.

ANON. 1997. Gewetensbinding. *Die Kerkblad*, 99(3004):6-7, Jan. 29.

ANON. 1998. Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom. 135 p.

ANON. 1999. Postmodernistiese Skrifuitleg – 'n doodloopstraat. *Die Kerkblad*, 101(3056):15-16, 24, Mrt. 24.

ARNOLD, J.J., DEDDENS, K., VINK, J.A. & ZWART, J. 1963. Vierhonderd jaar Heidelbergse Catechismus. De Heidelbergse Catechismus herdacht in een landelijke samenkomst op 19 januari 1963 te Amersfoort. Amersfoort : Comité herdenking Heidelbergse Catechismus. 39 p.

AUGUSTIJN, C. 1969. Kerk en Belijdenis. Cahiers voor de Gemeente, 7. Kampen : J.H. Kok. 74 p.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1940. De Nederlandsche Belydenisgeschriften; vergelijkende teksten. Amsterdam : Holland. 287 p.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1965. Handboek der kerkgeschiedenis, dl. 1. Den Haag : Bert Bakker, Daamen N.V. 308 p.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1965. Handboek der kerkgeschiedenis, dl. 2. Den Haag : Bert Bakker, Daamen N.V. 315 p.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1967. Handboek der kerkgeschiedenis, dl. 3. Den Haag : Bert Bakker, Daamen N.V. 315 p.

BAKHUIZEN VAN DEN BRINK, J.N. 1968. Handboek der kerkgeschiedenis, dl. 4. Den Haag : Bert Bakker, Daamen N.V. 338 p.

BAM, G. 1984. Rondom belydenis in die plaaslike kerk. (*In* Cloete, G.D. & Smit, D.J., *reds.* 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n *status confessionis* en die opstel van 'n konsepbelydenis.) Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Bpk. p. 110-122.

BAVINCK, H. 1967a. Gereformeerde Dogmatiek, dl. 1. Kampen : J.H. Kok N.V. 591 p.

BAVINCK, H. 1967b. Gereformeerde Dogmatiek, dl. 4. Kampen : J.H. Kok N.V. 759 p.

BERKHOF, H. 1950. Geschiedenis der Kerk. Nijkerk : G.F. Callenbach. 356 p.

BERKOUWER, G.C. 1963. Vragen rondom de belijdenis. *Gereformeerd Theologisch Tydschrift*, 63(1):1-41, Feb.

BINGLE, P. 1999. Oop vir insigte, beskeie oor eie. *Algemene Kerkbode*, 4, Feb. 12/13.

BOOYENS, M.J. 1980. Ons glo en bely – Die Nederlandse Geloofsbelydenis. Silverton : Promedia-Publikasies. p. 156-161.

BORCHARDT, C.F.A. 1988. Luther en Calvyn oor die feilbaarheid van kerklike vergaderinge. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 29(4):326-333.

BOS, B.A. 1974. Iets over de kerkelijke situatie in Nederland in het licht van de belijdenis en de historie. *In die Skriflig*, 8(30):27-36, Jun.

BOSMAN, H.L., HOFMEYR, J.W., SCHEFFLER, E.H., VAN EEDEN, I.J. & VAN NIEKERK, E. 1987. Die Nederlandse Geloofsbelydenis - Ontstaan, Skrifgebruik en Gebruik. Pretoria : Universiteit van Suid-Afrika. 243 p.

BOTHA, C.J. 1993. Die stand van die Gereformeerde kerkreg. *Skrif en Kerk*, 14:1, p. 1-7.

BOTHA, S.A. 1982. Die belydenis in kerkregtelike verband in die Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3):30-43.

BOTHA, S.A. 1993. Die heil, gehoorsaamheid, struktuur en kerkreg. Intreerede gelewer op 16 Junie 1993 by die aanvaarding van die Professoraat. Nuwe reeksnr. 285. Pretoria : Universiteit van Pretoria. 27 p.

BOTHA, S.A. 1997. Belydenis in kerkregtelike verband met besondere verwysing na die konsep Kerkorde 1997, Nederduitsch Hervormde Kerk van Afrika. *Hervormde Teologiese Studies*, 53(4):1290-1320.

BOUWMAN, H. 1928. Gereformeerd Kerkrecht, dl. 1. Kampen : J.H. Kok. p. 639.

BOUWMAN, H. 1934. Gereformeerd Kerkrecht – Het recht der kerken in de praktijk, dl. 2. Kampen : J.H. Kok. p. 704.

BREYTENBACH, A.P.B. 1982. Die Belydenis in hermeneutiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*, 38(2&3):45-51.

BRINK, W.P. & DE RIDDER, R.R. 1979. Manual of Christian Reformed Church Government. Grand Rapids, Michigan : Board of Publications of the Christian Reformed Church. 347 p.

BRITZ, R.M. 1993. The Formularies of Unity and the Dutch Reformed Church. A preliminary survey. *In die Skriflig*, 27(4):519-536, Des.

BROUWER, A.M. 1937. De kerkorganisasie der eerste eeuw en wij. Baarn : Bosch & Keuning. 134 p.

BROWN, E. 1988. Amp en belydenis. (*In* Rossouw, P.J., *red.* Gereformeerde Ampsbediening. Goodwood, Kaap : Nasionale Boekdrukkery. p. 153-165.)

BRUCE, F.F. 1981. Commentary on the Book of the Acts. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans Publishing Co. p. 298-320.

BYBEL. 1933. Die Bybel: dit is die ganse Heilige Skrif wat al die kanonieke boeke van die Ou en Nuwe Testament bevat. Kaapstad : Britse en Buitelandse Bybelgenootskap.

BYBEL. 1983. Die Bybel: nuwe vertaling. Kaapstad : Bybelgenootskap van Suid-Afrika.

CALVIN, J. 1984a. Commentary on a Harmony of the Evangelists , Matthew, Mark and Luke 2, vol. 1. Translated from the original Latin, and collated with the author's French version, by the rev. William Pringle. Grand Rapids, Michigan : Baker Book House. p. 292-298 & 358-360.

CALVIN, J. 1984b. Commentary upon The Acts of the Apostels, vol. 2. Edited from the original English translation of Christopher Fetherstone, student in divinity, by Henry Beveridge, ESQ. Grand Rapids, Michigan : Baker Book House. p. 31-95.

CALVIN, J. 1984c. Commentary on the Epistles of Paul the apostle to the Corinthians, vol. 1. Translated from the original Latin, and collated with the author's French version, by the rev. William Pringle. Grand Rapids, Michigan : Baker Book House. p. 352-474.

CALVYN, J. 1984d. Institusie van die Christelike Godsdiens, dl. 1. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Potchefstroom Herald (Edms.), Bpk. 348 p.

CALVYN, J. 1986. Institusie van die Christelike Godsdiens, dl. 2. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Potchefstroom Herald (Edms.), Bpk. p. 349-695.

CALVYN, J. 1988. Institusie van die Christelike Godsdiens, dl. 3. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Potchefstroom Herald (Edms.), Bpk. p. 699-1264.

CALVYN, J. 1991. Institusie van die Christelike Godsdiens, dl. 4. Vertaal deur prof. dr. H.W. Simpson. Potchefstroom : Potchefstroom Herald (Edms.), Bpk. p. 1265-1859.

CLOETE, G.D. 1984. " ... laat ons aan die belydenis vashou". (*In* Cloete, G.D. & Smit, D.J., *reds.* 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n *status confessionis* en die opstel van 'n konsepbelydenis.) Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Bpk. p. 101-109.

CLOETE, D. 1987. Die vraag na die belydende kerk in Suid-Afrika. (*In* Borchardt, C.F.A. & Botha, C.J., *reds.* Ekumenie in Suider-Afrika: referate gelewer by die sewentiende kongres van die Kerkhistoriese Werkgemeenskap van Suider-Afrika gehou op 26-28 Januarie 1987 te Helderberg-Kollege, Somerset-Wes.) Pretoria : Unisa. p. 136-147.

COERTZE, M. 2000. Hul probleem lê by Skrifgesag. *Beeld*:8, Feb. 2.

COERTZEN, P. 1987. Die bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 142(1):38-45.

COERTZEN, P. 1989. Die belydenisskrifte en ander bronne vir die beoefening van kerkreg en kerkregering. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 30(1):75-82.

COERTZEN, P. 1990. Regering, opsig en tug in die kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 31(2):182-186.

COERTZEN, P. 1991. Gepas en ordelik. 'n Teologiese verantwoording van die orde vir en in die kerk. Pretoria : Sigma-Pers (Edms) Bpk. (RGN Reeks in Metodologie nr. 24.) 292 p.

- COERTZEN, P. 1992a. Christus se gesag in die kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 33(1):37-50.
- COERTZEN, P. 1992b. Kerkorde: wetboek of draer van God se reg? *Die Kerkbode*, 149(16):4.
- COERTZEN, P. 1992c. Wat is kerkregering? *Die Kerkbode*, 150(7):4.
- COERTZEN, P. 1992d. Wat is 'kerkverband'? *Die Kerkbode*, 150(23):4.
- COERTZEN, P. 1992e. Enkele gedagtes oor 'n kerkorde. *Hervormde Teologiese Studies*, 48(3/4):717-730.
- COERTZEN, P. 1993a. Kerkverband: Kerkregtelik-teologiese voorwaardes en definisies. *Studia Historiae Ecclesasticae*, 19(2):94-112.
- COERTZEN, P. 1993b. Wetenskaplike metodologie en kerkregering. *In die Skriflig*, 27(2):231-246, Jun.
- COERTZEN, P.C. 1995. Skrif en Kerkorde. *Skrif en Kerk*, 16(2):263-276.
- COERTZEN, P. 1999. Kerkorde geld nog onverswak. *Die Kerkbode*, 163(10):6, Okt. 15.
- COETZEE, J.C. 1975. Die Blye Boodskap – Gids deur die boeke van die Nuwe Testament. Die briewe van Paulus. Potchefstroom : Pro Rege. 110 p.
- COETZEE, J.C. 1988. Gedagtestruktuurontleding en die eksegesi van die Heilige Skrif. (*In* Coetzee, J.C., red. Koninkryk, Gees en Woord: huldigingsbundel aangebied aan professor Lambertus Floor.) Pretoria : NG Kerkboekhandel. p. 19-38.
- COETZEE, P.J. 1970. Die binding van die konfessie. *In die Skriflig*, 4(16):9-27, Des.
- COETZEE, P.J. 1975. Die ekumeniese roeping van die kerk. *In die Skriflig*, 9(34):4-15, Jun.
- COETZEE, P.J. 1982. Kerklike eenheid - 'n gawe en opdrag. *Die Kerkblad*, 84(2632):1-2, Jan. 13.
- CRAFFERT, P.F. 2002. Die Nuwe Hervorming – wat, waarom, waarheen? (*In* Muller, J., red. Die Nuwe Hervorming.) Pretoria : Protea Boekhuis. p. 67-87.
- D'ASSONVILLE, V.E. 1990. Kerkgeskiedenis in 30 lesse. Potchefstroom : Marnix. 117 p.

D'ASSONVILLE, V.E. 1992. Gids vir kerkgeskiedenis. Potchefstroom : Marnix. 245 p.

DE KLERK, B.J. 1999. Verkondig die Woord ... tydig en ontydig!! – Prediking in 'n postmoderne tyd. *Die Kerkblad*, 101(3056):24-25, Mrt. 24.

DE KLERK, B.J. 2000. Gewetebinding, Calvyn en die viering van die Nagmaal. *In die Skriflig*, 34(3):333-350, Sept.

DE KLERK, W. 1997. Kerke 'arrogant' oor homoseksuele. Hulle dreig eerder as om begrip te toon. *Beeld*:13, Nov. 21.

DE WAARD, H. 1992. The unity of the church. *In die Skriflig*, 26(4):563-567, Des.

DE JONG, J. 1918. Verklaring van de Kerkenordening van de Nationale Synode van Dordrecht van 1618-1619, dl. 4. College-voordrachten van prof. dr. F. L. Rutgers over Gereformeerd Kerkrecht. Rotterdam : Libertas. 208 p.

DEDDENS, D. 1963. Vierhonderd jaar Heidelbergse Catechismus. Amersfoort : Comité herdenking Heidelbergse Catechismus. 39 p.

DEDDENS, D. 1990a. De Nederlandse Gereformeerde Kerken in de periode 1560-1816. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., reds. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.*) Kampen : J.H. Kok. p. 110-119.

DEDDENS, D. 1990b. Gereformeerde Kerken: B. De Kerken van de Doleantie. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., reds. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.*) Kampen : J.H. Kok. p. 134-145.

DEDDENS, P. 1946. De ratificering der besluiten van meerdere vergaderinge. Rede uitgesproken bij de aanvaarding van het Hoogleraarsambt aan de Theologische Hoogeschool te Kampen op Maandag 28 Januari 1946. 31 p.

DENKEMA, F. 1999. Een waarheid? Geen uitweg? Postmodernisme en Godsdiensgelykwaardigheid. *Die Kerkblad*, 101(3056):29-31, Mrt. 24.

DIJKSTRA, H. 1974. Hoe kan daar dikwels oor die Kategismus gepreek word sonder om mense weg te jaag?. *In die Skriflig*, 8(31):52-62, Sept.

DINGEMANS, G.D.J. 1990. Kerkorde als ecclesiologiese vormgeving. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., reds. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.*) Kampen : J.H. Kok. p. 207-220.

DIPPENAAR, M.C. 1992. Bybelse perspektiewe op kerkeenheid. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 33(4):538-548.

DOEKES, L. 1963. Het Credo der Kerk in de Heidelbergse Catechismus. (*In* Arnold, J.J., Deddens, K., Vink, J.A. & Zwart, J., *reds.* Vierhonderd jaar Heidelbergse Catechismus.) Amersfoort : Comité herdenking Heidelbergse Catechismus. p. 7-19.

DU PLESSIS, H. 1965. Kerkverband tot oor die nasionale grense. *Koers*, XXXIII(1):28-45, Aug.

DU PLOOY, A le R. 1979. Ekklésia en meerdere vergaderinge. Pretoria. 145 p.

DU PLOOY, A le R. 1982. Kerkverband. 'n Gereformeerde-kerkregtelike studie. Pretoria. 453 p.

DU PLOOY, A le R. 1988. Die verband tussen die Skrif, konfessie en kerkorde volgens die Gereformeerde kerkreg. Intreerede op 16 Oktober 1987. Wetenskaplike bydraes van die PU vir CHO. Reeks H: Inougurele Rede nr. 113. Potchefstroom : PU vir CHO. 26 p.

DU PLOOY, A le R. 1990. 'n Kerkregtelike verkenning van die beewing van kerklike eenheid in en oor volks- en taalgrense. *In die Skriflig*, 24(3):227-249, Sept.

DU PLOOY, A le R. 1991. 'n Inleidende bespreking oor die aard en gesag van die binding aan die belydenisskrifte. *In die Skriflig*, 25(1):71-95, Mrt.

DU PLOOY, A le R. 1995. Die grondslag en relevansie van die gereformeerde kerkreg as teologiese wetenskap. *In die Skriflig*, 29(1/2):135-160.

DU PLOOY, A le R. 1997a. Die sinodebesluit oor die Nagmaal: kerkregtelik beoordeel en verduidelik. *Die Kerkblad*, 99(3006):25-27, Feb. 26.

DU PLOOY, A le R. 1997b. The foundation and relevance of reformed church polity as a theological science. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 23(1/2):169-198.

DU PLOOY, A le R. 1998a. Inleiding op die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. (*In* Kerkordeboekie van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika soos gewysig deur verskillende sinodes.) Potchefstroom : Administratiewe Buro van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. p. 5-11.

DU PLOOY, A le R. 1998b. The keys of the kingdom as paradigm for building up the church in reformed church government. *In die Skriflig*, 32(1):53-68.

DU PLOOY, A le R. 2001. Brandpunt – Pluriformiteit en pluraliteit van die kerk. *Die Kerkblad*, 103 (3100):6-7, Jan. 31.

DU PLOOY, A le R. 2003. Kritiese analise van ratifikasie volgens die Gereformeerde kerkreg. (Rede tydens die promosieplegtigheid van die

Teologiese Skool te Potchefstroom gelewer op Woensdag 12 November 2003.) Ongepubliseerd. 13 p.

DU TOIT, T. 1999. Kerk al meer 'n minderheidsgroep? *Algemene Kerkbode*, 9, Feb. 12/13.

DURAND, J.J.F. 1984. 'n Belydenis - was dit werklik nodig? (*In Cloete, G.D. & Smit, D.J., reds. 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se afkondiging van 'n status confessionis en die opstel van 'n konsepbelydenis.*) Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Bpk. p. 39-48.

DUVENAGE, B. 1999. Hoe kan die kerk die postmoderne mens bereik? *Die Kerkblad*, 101(3056):26-28, Mrt. 24.

DUVENAGE, S.C.W. 1965. Vryheid en gebondenheid in die teologie. *Koers*, XXXII(11):561-582, Mei.

DUVENAGE, S.C.W. 1971. Onderlinge verhouding van Skrif en belydenis. *In die Skriflig*, 19:18-36, Sept.

FABER, J., MEIJERINK, H.J., TRIMP, C. & ZOMER, G. 1965. De schat van Christus' bruid. Goes : Oosterbaan & Le Cointre N.V. 65 p.

FEENSTRA, J.G. 1947. Onze geloofsbelijdenis. Kampen : J.H. Kok N.V. 500 p.

FEENSTRA, J.G. 1950. De Dordtse Leerregelen. Kampen : J.H. Kok N.V. 254 p.

FELIX, J.W. 1854. Eenige hoofdstukken van de Belijdenis der Hervormde Kerk, verklaard en ontwikkeld uit sommige plaatsen der Heilige Schrift. Bolsward : H. Bokma. 152 p.

FLOOR, L. 1981. Die Evangelie van die Koninkryk. Pretoria: N.G. Kerkboekhandel. 109 p.

FLOOR, L. 1986. Die Doleansie en die Christelike Gereformeerde kerke. *In die Skriflig*, 20(80):36-41, Des.

FLOOR, L. 1993. 'n Nuwe-Testamentiese perspektief op 1892. *In die Skriflig*, 27(2):199-213, Jun.

FOURIE, C. 1997. Gereformeerde gemeente dink weer oor kelkies. *Beeld*:8, Nov. 28.

FOURIE, D. 1989. Wanneer tree sinodale besluite in werking? *Die Kerkbode*, 144:12, p. 6.

FOURIE, P. 1997. Eenheid kán waar word! *Algemene Kerkbode*, 7, Mei.

GELDENHUYS, F.E. 'O Brien. 1951. Die regsposisie van kerkraad, ring en sinode onder die Gereformeerde stelsel van kerkregering soos toegepas in die Gefedereerde Nederduits Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Pretoria : JL van Schaik. 378 p.

GODSCHALK, L.A.F. 1975. 1945 – Voortsetting óf weerkeer? – 1975. *In die Skriflig*, 9(34):36-50, Jun.

GROBLER, H. 1991. Algemene Sinode in gedrang. *Die Kerkbode*, 147(2):4.

GROENEWALD, E.P. 1971. Die eerste brief aan die Korinthiërs. Kaapstad - Pretoria : N.G. Kerk - Uitgewers. 237 p.

GROSHEIDE, F.W., DEN HARTOGH, G.M., HARDERS, H.J., VAN ITTERZON, G.P. & NAUTA, D. s.a. Geschiedenis den kerk, dl. 1. Kampen : J.H. Kok N.V. 379 p.

GROSHEIDE, F.W. 1922. Het Heilig Evangelie volgens Mattheus. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. p. 200-220.

GROSHEIDE, F.W. 1932. De Eerste Brief van den apostel Paulus aan de kerke te Korinthe. Amsterdam : H.A. van Bottenburg. p. 402-487.

GROSHEIDE, F.W. 1948. De Handelingen der apostels, dl. 2. Amsterdam : H.A. van Bottenburg N.V. p. 7-75.

HAT (Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal.) 1976. Johannesburg : Voortrekkerpers. 1067 p.

HANDELINGE PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL. 1996a. Rapport: Sake van belang uit die onderskeie partikuliere sinodes. p. 52-53.

HANDELINGE PARTIKULIERE SINODE WES-TRANSVAAL. 1996b. Part. Sinode Noord-Transvaal: Handhawing sinode besluite. p. 146-148.

HANDELINGE VAN DIE AGT-EN-TWINTIGSTE SINODALE VERGADERING VAN DIE GEREFORMEERDE GEMEENTES IN SUID-AFRIKA IN SITTING BYEEN OP 24 JANUARIE 1945 EN VOLGENDE DAE. 1945. Klag teen prof. C.J.H. de Wet. p. 55-59, 194-197, 216-218.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE VIER-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 7 JANUARIE 1991 EN VOLGENDE DAE. 1991. Beswaarskrif oor kerklike samesprekings – kerkraad van Stellenbosch. Potchefstroom : Herald (Edms.), Bpk. p. 202-207.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE VYF-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 3 JANUARIE 1994 EN VOLGENDE DAE. 1994.

Deputate GER en Ekumeniese sake: Eerste en Tweede Rapport oor Ekumenisiteit. Potchefstroom : Herald (Edms.), Bpk. p. 193-212.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE SES-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 6 JANUARIE 1997 EN VOLGENDE DAE. 1997. Appél L.S.D. du Plessis en H.L.J. Momberg teen 'n besluit van Partikuliere Sinode Namibië (Art. 66, 193). Pretoria : V + R Drukkery. p. 61-79.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE SES-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 6 JANUARIE 1997 EN VOLGENDE DAE. 1997. Rapport deputate vir korrespondensie met ander nasionale sinodes. Pretoria : V + R Drukkery. p. 864-870.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE SEWE-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 10 JANUARIE 2000 EN VOLGENDE DAE. 2000. Rapport deputate vir ekumeniese sake. p. 206-239.

HANDELINGE VAN DIE GKSA SE SEWE-EN-VEERTIGSTE NASIONALE SINODE TE POTCHEFSTROOM OP 10 JANUARIE 2000 EN VOLGENDE DAE. 2000. Beskrywingspunte, ens. Pretoria : V + R Drukkery. p. 379-419.

HANEKOM, T.N. 1976. Die Liberalisme in ons Land. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 17(4):64-77.

HENDRIKSEN, W. 1982. New Testament Commentary. The Gospel of Matthew. Southampton : The Camelot Press Ltd. 1015 p.

HEYNS, W. 1927. Gereformeerde Geloofsleer. Sneek : J.W. Boeijenga Zonen. 360 p.

HODGE, C. 1879. The Church and its polity. London : Thomas Nelson & Sons. 532 p.

HOEDEMAKER, Ph.J. 1886. Open brief aan dr. A. Kuyper, naar aanleiding van het conflict tusschen het Classicaal Bestuur en den Amsterdamschen Kerkeraad, in zake het Beheer. Utrecht : C. van Bentum. 32 p.

HOEKSEMA, H. 1943. The Heidelberg Catechism (An exposition). The triple knowlegde, vol. 1. In the Midst of Death. Grand Rapids, Michigan : WM. B. Eerdmans. 243 p.

HORAK, R.B. 1997. Kan 'n kerk in een mens se leeftyd soveel verander? *Beeld*:12, Mei 3.

HOVIUS, J. 1962. Het verband tussen onze Belijdenis en onze Kerkorde - Enkele opmerkingen. (Rede uitgesproken bij de overdracht van het Rectoraat aan de Theologische Hogeschool der Chr. Gereformeerde Kerken te Apeldoorn op 9 oktober 1962.) Sneek : B. Weissenbach & Zoon. 38 p.

IGNATIUS. 1953. The epistles of Ignatius to the Ephesians and Magnesians. (*In Roberts, A. & Donaldson, J., reds. The ante-nicene fathers. The writings of the fathers down to A.D. 325, vol. 1. The apostolic fathers – Justin Martyr-Ireneus.*) Michigan : Wm. B. Eerdmans Publishing Company. p. 49-65.

IRENAEUS. 1953. Irenaeus against heresies. (*In Roberts, A. & Donaldson, J., reds. The ante-nicene fathers. The writings of the fathers down to A.D. 325, vol. 1. The apostolic fathers – Justin Martyr-Ireneus.*) Michigan : Wm. B. Eerdmans Publishing Company. p. 309-567.

JACKSON, N. 1999. Gay-bal bietjie te hoog geskop vir sinode. *Beeld*:2, Okt. 15.

JACKSON, N. 2000. Dominee sal nie swyg: 'hemel nie so eksklusief'. *Beeld*:13, Feb. 3.

JACKSON, N. 2001. NGK sê ja vir Nagmaal in huise. *Beeld*:4, Feb. 28.

JACOBS, D. 1927. De verhouding tusschen de plaatselijken de algemene kerk in de eerste drie eeuwen. Leiden : J. Ginsberg. 227 p.

JAFTHA, C.D. 1988. "Respons." *In die Skriflig*, 22(85):33-36, Mrt.

JANSEN, JOH. 1923. Korte verklaring van de kerkordening. Kampen : J.H. Kok. 363 p.

JANSEN, JOH. 1924. De bevoegdheid der meerdere vergaderingen. (*In Grosheide, F., De Moor, J.C. & Wielenga, B., reds. Schild & Pijl; afl. 9-10.*) Kampen : J.H. Kok. 64 p.

JANSEN, JOH. 1952. Korte verklaring van de kerkorde der Gereformeerde kerken. Kampen : J.H. Kok N.V. 410 p.

JOHNSON, T.C. 1909. Calvin's contribution to church polity. p. 58-88.

JONKER, W.D. 1993. Die moderne belydenisbeweging in Suid-Afrika – en Calvin. *In die Skriflig*, 27(4):443-462, Des.

JOOSTE, J.P. 1958. Die geskiedenis van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1859-1959. Potchefstroom : Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk. 415 p.

JORDAAN, G.J.C. 1997. Dade moet belydenis opvolg. *Algemene Kerkbode*: 7, Nov.

KITTEL, G. & FRIEDRICH, G. 1985. Theological dictionary of the New Testament – abridged in one volume. Grand Rapids, Michigan : William B. Eerdmans Publishing Company. 1356 p.

- KLEYNHANS, E.P.J. 1973. Die kerkregtelike ontwikkeling van die Nederduitse Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika 1795-1962. Stellenbosch. 362 p.
- KLEYNHANS, E.P.J. 1985. Gereformeerde Kerkreg, dl. 3: Kerkverband en kerkvergaderinge. NG Kerkboekhandel : Pretoria. 185 p.
- KLIJN, A.F.J. 1981. Apostolische Vaders I. Kampen : J.H. Kok. 276 p.
- KLIJN, A.F.J. 1983. Apostolische Vaders II. Kampen : J.H. Kok. 250 p.
- KNIPSCHEER, F.S. 1907. De invoering en de waardeering der Gereformeerde belijdenisschriften in Nederland vóór 1618. Leiden : A.H. Adriani. 208 p.
- KOOPMANS, J. 1939. De Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Amsterdam : Holland. 283 p.
- KÖNIG, A. 1966. Die Heilige Skrif en die Drie Formuliere van Enigheid. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 7(1):21-29.
- KRUGER, G.L. 1994. Dr. J.G. Geelkerken as kontroversis (1920-1926). *In die Skriflig*, 28(4):627-644, Des.
- KRUGER, L.S., DU PLESSIS, H.L.M., SPOELSTRA, B. & SPOELSTRA, T.T. 1966. Handleiding by die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk. 526 p.
- KRUGER, M.A. 1986. Diskussie: 'n Ander prosedure vir beswaarskrifte en appèlle? *In die Skriflig*, 20(79):45-48, Sept.
- KRUGER, M.A. 1993. 'n Weg uit die oorheersing van die histories-kritiese metode, fundamentalisme en genitiese teologieë. *In die Skriflig*, 27(4):583-602, Des.
- KUITERT, H.M. 1977. Wat heet geloven? Structuur en herkomst van de Christelike geloofsuitspraken. Baarn : Ten Have. 232 p.
- KÜNG, H. 1978. The Church. Surrey : Biddles Ltd. 515 p.
- KUYPER, A. 1879. Revisie der Revisie-legende, met bijlagen. Amsterdam : J.H. Kruyt. 170 p.
- KUYPER, A. 1882. Ex ungue leonem, ofte, Dr. Doedes' methode van symbool-uitlegging op een enkel cardinaal punt getoetst. Amsterdam : J.H. Kruyt. 69 p.

KUYPER, A. 1883. De drie formulieren van enigheid, gelijk die door die Gereformeerde Kerken dezer landen zijn vastgesteld op de Nationale synode van Dordrecht. Amsterdam : J.H. Kruyt. 159 p.

KUYPER, A. 1890. Acta Zending Congres. 9 p.

KUYPER, H.H. 1928/1929. Kerkrecht dictaat : cursus 1928/1929. 12 p.

KUYPER, H.H. 1931/1932. Kerkrecht dictaat : cursus 1931/1932. 41 p.

KUYPER, H.H. 1932/1933. Kerkrecht dictaat : cursus 1932/1933. 27 p.

KUYPER, H.H. 1933/1934. Kerkrecht dictaat : cursus 1933/1934. 20 p.

KUYPER, H.H. 1934/1935. Kerkrecht dictaat : cursus 1934/1935. 24 p.

LEKKERKERKER, A.N. 1971. Oorsprong en funksie van het ambt. 'S-Gravenhage : Boekencentrum N.V. 229 p.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament – based on semantic domains, vol. 1. New York : United Bible Societies. 843 p.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. Greek-English Lexicon of the New Testament – based on semantic domains, vol. 2. New York : United Bible Societies. 375 p.

Luther, M. 1966. D. Martin Luthers Werke. Kritische gesamttausgabe. (Weimarer ausgabe.) Band 7. Weimar : Hermann Böhlau. 898 p.

MALAN, C.J. 1986. Die Doleansie, Vrije Universiteit en die Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys. *In die Skriflig*, 20(80):42-49, Des.

MARÉ, R. 1991. Skrif en tradisie in vier Afrikaanse kerkordes: enkele kerkregtelike aspekte. Pretoria. 309 p.

MEIJER, J.G. 1995. U kneg hoor. Ope brief aan die Gereformeerde Kerke in die ressort van klassis Boland. Gezina : Printburo. 40 p.

MEIJER, J.G. 2001. Jy het my Woord bewaar – 'n appèl. *Waarheid en dwaling*, 7(3):2-9, Mrt.

MEIJER, G.J. 1995. Ratifikasie in die Gereformeerde Kerkreg. Potchefstroom : PU vir CHO. (Verhandeling – Th. M.) 201 p.

MEIJER, G.J. 2001. Calvyn en die Nagmaalbeker. *Waarheid en dwaling*, 7(1): 11, Jan.

- MONSMA, M. 1967. The new revised church order commentary: a brief explanation of the Church order of the Christian Reformed Church. Grand Rapids, Michigan : Zondervan Publishing House. 372 p.
- MULLER, J. 2000. Hoë eise aan kerk – Mense beweeg verby ou strukture. *Beeld*:8, Jan. 24.
- MULLER, P. 2002. Die postmoderne gelowige. (*In Muller, J., red. Die Nuwe Hervorming.*) Pretoria : Protea Boekhuis. p. 19-37.
- NAUTA, D. 1969. De verbindende kracht van de belijdenisschriften. Verhandeling over de formulierkwestie in die negentiene eeuw in Nederland. Kampen : J.H. Kok. 96 p.
- NAUTA, D. 1971. Verklaring van de kerkorde van de Gereformeerde Kerken in Nederland. Kampen : J.H. Kok. 491 p.
- NIJKAMP, M. 1991. De kerk Congregationalisme op orde – De derde weg in de kerk van de toekomst. 'S-Gravenhage : Boekencentrum B.V. 129 p.
- PAAS, S. 1996. De gemeenschap der heiligen. Kerk en gezag bij Presbyteriaanse en Separatistiese Engelse Puriteinen. Zoetermeer : Boekencentrum. 430 p.
- PLATINGA, C. 1979. A place to stand - A reformed study of creeds and confessions. 236 p.
- PLOMP, J. 1967. Beginselen van reformatorisch kerkreg. Serie Kampen cahiers; no. 4. Kampen : Kok. 19 p.
- PLOMP, J. 1969. De kerkelijke tucht bij Calvijn. Kampen : J.H. Kok N.V. 400 p.
- POLMAN, A.D.R. 1973. De outoriteit van de belijdenis. *In die Skriflig*, 7(27):6-11, Sept.
- POLMAN, A.D.R. s.a.a. Woord en Belijdenis. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Eerste Deel. 356 p.
- POLMAN, A.D.R. s.a.b. Woord en Belijdenis. Eenvoudige verklaring van de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Tweede Deel. 336 p.
- PONT, A.D. 1981. Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg. Akademiese Handboeke, dl. 1. Pretoria : HAUM. 279 p.
- PONT, A.D. 1982. Die Belydenis in historiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*. 38(2&3):1-29.

PONT, A.D. 1985. Die funksie van die belydenis en die dogma in die struktuur van die Nederduitsch Hervormde Kerk en die implikasies daarvan vir die predikant. *Hervormde Teologiese Studies*, 41(4):519-545, Okt.

PONT, A.D. 1991. Die historiese agtergronde van ons Kerklike Reg. Akademiese handboeke, dl. 2. Pretoria : HAUM. 369 p.

PONT, A.D. 1993a. Die beweging vir kerkvereniging tussen die drie Afrikaanse gereformeerde kerkgemeenskappe in die 20ste eeu: 'n vlugtige oorsig. *In die Skriflig*, 27(3):415-425, Sept.

PONT, A.D. 1993b. Oor die Kerk en die regering van die Kerk. *Die Hervormer*, 85(20):5-7.

PRAAMSMA, L. s.a. De belijdenis in de crisis. Wageningen : Zomer & Keuning. 151 p.

PRAAMSMA, L. 1946. Kerkenordening en geschiedenis. Kampen : J.H. Kok. 40 p.

PRAAMSMA, L. 1979. De kerk van alle tijden – verkenningen in het landschap van de kerkgeschiedenis, dl. 1. Franeker : T. Wever B.V. 375 p.

RAS, J.L., VAN DER WALT, T., SMIT, C.J. & VAN DER WALT, P.J. 2001. 'n Herderlike brief namens die Sinode 2000. Gedateer 20 Januarie 2000.

ROELEVELD, L. 1972. Beginselen van kerkelike rechtspraak. *In die Skriflig*, 6(21):41-51, Mrt.

ROELEVELD, L. 1972. Het recht en de taak van de bezwaarde broeder of kerkeraad. *In die Skriflig*, 6(23):54-66, Sept.

ROSSOUW, P.J. 1989. Amp by Rome: Vatikanum 11 en daarna. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 30(4):498-512.

ROTTERDAM, A. 1914. Zions roem en sterkte, of verklaring van de Nederlandsche geloofsbelijdenis. Kampen : J.H. Kok. 2 boekd.

RULLMANN, J.C. 1916. De afscheiding in de Nederlandsch Hervormde Kerk der 19^e eeuw. Amsterdam : W. Kirchner. 333 p.

RULLMANN, J.C. 1917a. De doleantie in de Nederlandsch Hervormde Kerk der 19^e eeuw. Amsterdam : W. Kirchner. 357 p.

RULLMANN, J.C. 1917b. De strijd voor kerkherstel in die Nederlandsch Hervormde Kerk der 19^e eeuw. Amsterdam : Kirchner. 383 p.

RUTGERS, F.L. 1889. Acta van de Nederlandsche Synoden der zestiende eeuw. S' Gravenhage : Martinus Nijhoff. 664 p.

RUTGERS, F.L. 1890. De geldigheid van de oude kerkordening der Nederlandsche Gereformeerde Kerken. (Rede, gehouden bij de overdracht van het Rectoraat der Vrije Universiteit, den 21 October 1889.) Amsterdam : J.A. Wormser. 104 p.

RUTGERS, F.L. 1894. Het Kerkrecht in zoover het de Kerk met het recht in verband brengt. Amsterdam : Wormser. p. 21-36.

RUTGERS, F.L. 1921. Kerkelijke adviezen, dl. 1. Kampen : J.H. Kok. 383 p.

RUTGERS, F.L. 1922. Kerkelijke adviezen, dl. 2. Kampen : J.H. Kok. 419 p.

SADLER, T.H.N. 1991a. Hoe gemak as kerkrade nie hulle sinodale plig nakom nie? *Die Kerkbode*, 147(7):4.

SADLER, T.H.N. 1991b. Kerklike appél as vorm van verset. *Studia Historiae Ecclesiasticae*, 17(1):47-58.

SCHOLTZ, A. 1992. Het die Algemene Sinode die nodige gesag? *Die Kerkbode*, 149(16):5.

SCHOTEL, G.D.J. 1863. Geschiedenis van den oorsprong, de invoering en de lotgevallen van den Heidelbergschen Catechismus. Amsterdam : W.H. Kirberger. 374 p.

SCHULZE, L.F. 1981. Teologie in stroomversnelling. Potchefstroom : Potchefstroomse Teologiese Publikasies. 104 p.

SCHULZE, L.F. 1988. Die Kategismusprediking in die krisis. *In die Skriflig*, 22(88):24-31, Des.

SCHILDER, K. & DEDDENS, P. s.a. Eerste- en tweedehands gezag. Bijdrage tot de kennis der jongste kerkelijke procedure. Groningen : De Jager. 56 p.

SMIT, C.J. 1984. God se orde vir sy kerk. Pretoria : NG Kerkboekhandel. 143 p.

SMIT, C.J. 1992. Kerkregering as 'n geestelike regeringswyse. *In die Skriflig*, 26(4):503-521, Des.

SMIT, C.J. 1995. Die kerkregtelike toepassing van die reëls van 'natuurlike geregtigheid' op grond van die Skrif. *In die Skriflig*, 29(3):395-412.

SMIT, D.J. 1984. Wat beteken *status confessionis*? (In Cloete, G.D. & Smit, D.J., reds. 'n Oomblik van waarheid. Opstelle rondom die NG Sendingkerk se

afkondiging van 'n *status confessionis* en die opstel van 'n konsepbelydenis.) Kaapstad : Tafelberg-Uitgewers Bpk. p. 14-38.

SMIT, H.J. 2000. Professor steeds NG teoloog? *Beeld*:12, Aug. 28.

SMIT, P.A. 1999. Leertug. *Die Kerkblad*, 102(3062):15, Jun. 16.

SNYMAN, G. 1992. Binnegevegte in die GKSA: verskuiwing van 'plausibility structures'? *In die Skriflig*, 26(3):351-367, Sept.

SNYMAN, PH. 1972. Die Dordtse Leerreëls ... bestry en bevestig. *In die Skriflig*, 6(23):3-16, Sept.

SPANGENBERG, S. 2002. Die Bybel en die Nuwe Hervorming. (*In Muller, J., red. Die Nuwe Hervorming.*) Pretoria : Protea Boekhuis. p. 88-111.

SPOELSTRA, B. 1967. Die gesag van meerdere Kerkvergaderings. *In die Skriflig*, 1(4):23-34, Jun.

SPOELSTRA, B. 1968. W.D. Jonker: Om die regering van Christus in sy Kerk. *In die Skriflig*, 2(5):45-49, Jan.

SPOELSTRA, B. 1971a. Die Gereformeerde Ekumeniese Sinode te Amsterdam 1968 en die vrou in die amp. *In die Skriflig*, 5(17):33-42, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1971b. Diskussie. *In die Skriflig*, 5(18):51-55, Jun.

SPOELSTRA, B. 1974a. Die begrip "Waarheidsmoment ..." Gaan dit op? *In die Skriflig*, 7(29):3-6, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1974b. Die dood in die pot met professionalisme. *In die Skriflig*, 8(30):3, Jun.

SPOELSTRA, B. 1974c. Kerkbesef in historiese perspektief. *In die Skriflig*, 8(30):4-26, Jun.

SPOELSTRA, B. 1986. Het ons kerkwees in strukture gestol? *In die Skriflig*, 20(80):4-17, Des.

SPOELSTRA, B. 1988. Kerkeenheid en meerdere kerkvergaderings. *In die Skriflig*, 22(85):37-52, Mrt.

SPOELSTRA, B. 1989. Gereformeerde Kerkreg en Kerkregering – 'n Handboek by die Kerkorde. Pretoria : V&R Drukkery. 489 p.

SPOELSTRA, B. 1990. 'n Konkrete en strukturele ordeningsmodel vir kerke in kerkverband oor volks- en taalgrense heen. *In die Skriflig*, 24(4):353-377, Des.

SPOELSTRA. 1991. Presbiteriale kerkregering en presbiterianisme. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 32(1):57-67.

SPOELSTRA, B. 1992. Op soek na 'n duidelike reformatoriese paradigma vir kerklike gesag. *Hervormde Teologiese Studies*, 48:3/4, p. 901-921.

SPOELSTRA, B. 1993. Middelpuntvliedende en eenheidsoekende kragte in die 19e eeu: Die kerkvereniging van 1892 in hervormde Nederland. *In die Skriflig*, 27(3):349-369, Sept.

SPOELSTRA, B. 1997a. Waterskeiding ... Kerkgesag het Skrifgesag vervang. *Beeld*:6, Mrt. 8.

SPOELSTRA, B. 1997b. Is Kerke onbewus? Krisis wat tot selfmoord kan lei. *Beeld*:24, Apr. 16.

STRAUSS, S.A. 1988. Ampsbediening en etiese beslissings. (*In* Rossouw, P.J., red. Gereformeerde ampsbediening. Goodwood, Kaap : Nasionale Boekdrukkery. p. 183-195.)

STRAUSS, P. 1989a. Geen kerk oor 'n ander ... soos toegepas op die samestelling van ringe en sinodes in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Acta Theologica*, 9(1):1-14.

STRAUSS, P.J. 1989b. Die Bybel: Enigste bron vir gereformeerde kerkregtelike beginsels? *Hervormde Teologiese Studies*, 45(2):461-475.

STRAUSS, P.J. 1989c. Verbreekte "bande": 'n kerkhistories-kerkregtelike beoordeling van die verhouding tussen die Nederduitse Gereformeerde Kerk en die Gereformeerde Kerke in Nederland. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 30(3):275-281.

STRAUSS, P.J. 1989d. Kerklike independentisme en/of kongregasionalisme en grondmotiewe. *Studia Historiae Ecclesasticae*, 15(2):117-127.

STRAUSS, P. 1992a. Waar kom die gesag van die Algemene Sinode vandaan? *Die Kerkbode*, 149(19):14.

STRAUSS, P. 1992b. Die sinode: 'n eie kerklike gesag? *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 33(2):188-197.

STRAUSS, P. 1997. Die krisis rondom 'meerdere' vergaderings en die Ned Geref Kerk: enkele aantekeninge en raakpunte met teologiese opleiding. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 38(3):171-179.

TRIMP, C. 1985. Moderne Schriftbeskouing. *In die Skriflig*, 19(75):16-22, Sept.

UBBINK, J.G. 1931. De nieuwe belijdenis aangaande Schrift en kerk. Wageningen : H. Veenman & Zonen. 415 p.

UBBINK, J.G. 1932. "Sola fide" (alleen door het geloof). Wageningen : H. Veenman & Zonen. 170 p.

VALLENSIS, L. 1951. De Nederlandsche Geloofsbelijdenis in het licht der H. Schrift. Zwolle : Stichting voor Gereformeerde Publicaties. 208 p.

VAN AARDE, A.G. 1985. Skrifgebruik: Hermeneutiese riglyne. *Hervormde Teologiese Studies*: 41(4):547-578, Okt.

VAN AARDE, A.G. 1989. 'n Nuwe Testamentiese begroning van die eenheid van die kerk en die eis om kerkeenheid vandag. *Hervormde Teologiese Studies*, 45(2):461-475.

VAN BRUGGEN, J. 1980. Het Amen der kerk - De Nederlandse Geloofsbelijdenis toegelicht. Amsterdam : Ton Bolland. 199 p.

VAN DE BEEK, A. 1980. Hermeneutiek van het kerkrecht. (*In* Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., *reds.* Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.) Kampen : J.H. Kok. p. 59-74.

VAN DEN BERG, M.R. 1969. De gekerkerde kerk. Amsterdam : Buijten en Schipperheijn. 140 p.

VAN DER DUSSEN, P.E. 1997. Spoelstra lê 'vinger op die pols van krisis in GKSA'. *Beeld*:12, Mrt. 12.

VAN DER LINDE, G.P.L. s.a. Kerkreg – 'n Handleiding by die studie van die Kerkreg. Potchefstroom : Teologiese Skool van die Gereformeerde Kerke in S.A. en PU vir CHO. 82 p. (Diktaat.)

VAN DER LINDE, G.P.L. 1968. Enkele gedagtes oor die nuwe teologie soos beoefen deur Gereformeerde teoloë. *In die Skriflig*, 2(7):1-11, Aug.-Sept.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1971. Diskussie. *In die Skriflig*, 5(18):45-48, Jun.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1975. Die huidige stand van die belydenis in die Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 9(33):32-39, Mrt.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1978. Die beoefening van die kerkreg in die Gereformeerde Kerk in S.A. sedert 1859. *In die Skriflig*, 12(48):52-72, Des.

VAN DER LINDE, G.P.L. 1979. Die na-oorlogse ontwikkeling van die Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 13(51):36-51, Sep.

- VAN DER LINDE, G.P.L. 1983. Die Kerkorde – 'n Verklaring van die Gereformeerde Kerkorde. Pretoria : T.G. van Wyk Drukkers (Edms.) Bpk. 278 p.
- VAN DER LINDE, G.P.L. 1986. Die Doleansie 1886 - 'n oorwinning of intermezzo. *In die Skriflig*, 20(80):18-24, Des.
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1969. Die verandering van artikel 36 van die Nederlandse Geloofsbelydenis in Nederland in 1905: Progressie of regressie? *In die Skriflig*, 3(11):3-64, Okt.
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1971. Diskussie. *In die Skriflig*, 5(18):48-50, Jun.
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1973a. Twintigste-eeuse liturgiese vernuwing. *In die Skriflig*, 7(25):3-13, Mrt.
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1973b. Twintigste-eeuse liturgiese vernuwing. *In die Skriflig*, 7(26):31-48, Jun.
- VAN DER MERWE, D.C.S. 1973c. Twintigste-eeuse liturgiese vernuwing. *In die Skriflig*, 7(27):42-51, Sept.
- VAN DER VYVER, G.C.P. 1958. Professor Dirk Postma 1818-1890. Potchefstroom : Pro Rege-Pers Beperk. 499 p.
- VAN DER WALT, B.J. 1998. Gedopte of omgedopte Doppers? *Woord en Daad*, 14-17, Somer 1998.
- VAN DER WALT, J.J. 1971. Kerk en kerkverband. *In die Skriflig*, 5(17):22-32, Mrt.
- VAN DER WALT, J.J. 1990. Die Bybel en die belydenis. *Die Kerkblad*, 92(2838):17-19, Mrt. 7.
- VAN DER WALT, S.P. 1963. Ons erfenis: die Belydenisskrifte. *Koers*, XXXI(1):39-55, Jul.
- VAN DER WALT, T. 1996. Hoekpale van Gereformeerde wees. Kernwaarhede van die Gereformeerde leer. *In die Skriflig*, 30(5):519-532, Des.
- VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1982. Die Belydenis en vernuwing of hernuwing. *Hervormde Teologiese Studies*. 38(2&3):62-76.
- VAN DER WESTHUIZEN, H.G. 1991. Kerklewe en orde. *Die Hervormer*, 84(19):3.

VAN DEVENTER, L. & KÖNIG, A. 1989. Skrifbeskouing en Skrifgebruik - verskuiwinge soos gereflekteer in die diskussie oor die plek van die vrou in die gereformeerde kerke. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 30(3):300-311.

VAN DEVENTER, H.T. 1991. Kerklike gesag moet herstel word. *Die Hervormer*, 84(15):1.

VAN DIJK, M.P. 1970. Nieuw credo - proeve van een nieuwe belijdenis. Kampen : J.H. Kok. 93 p.

VAN GENDEREN, J., HOVIUS, J. & VELEMA, J.H. 1961. Wij geloven en belijden - Over de Nederlandse Geloofsbelijdenis. Den Haag : Van Keulen. 59 p.

VAN GENDEREN, J. 1971. De reformatorische belijdenis in discussie. s' Gravenhage : Willem de Zwijgerstichting. 55 p.

VAN GENDEREN, J. & VELEMA, W.H. 1992. Beknopte Gereformeerde Dogmatiek. Kampen : JH Kok. 829 p.

VAN GOOR, N.Y. 1946. Het geloof der vaderen. De Nederlandsche Geloofsbelijdenis. Groningen : Jan Haan N.V. 386 p.

VAN LIS, P.H. s.a. De eer en het gezag der formulieren van eenigheid en byzonder van den Heidelbergschen Catechismus verdedigt, en deszelfs regt en voordeelig predikgebruik in die Hervormde Kerke, aangewezen in twee leerreden volgens 2 Tim. 1: 13. Amsterdam : N. van Welzum. 147 p.

VAN NIEKERK, R.L. 2000. Dié 'gelykheid' het geen sin. *Beeld*:8, Jan. 21.

VAN PRINSTERER, G. 1848. Het regt der Hervormde gezindheid. Amsterdam : Johannes Müller. 196 p.

VAN RENEN, A. L. 1990. Die groot kerklike debat: Kan kerkeenheid net sigbaar word deur kerkvereniging? *Die Kerkbode*, 144(23):6-7, Jun. 22.

VAN ROOY, H.F. 1997. Moet jy nou praat of moet jy swyg? Gedagtes na aanleiding van Spreuke 26:4-5. (Rede uitgespreek by die promosieplegtigheid van die Teologiese Skool Potchefstroom op 19 November 1997.) Potchefstroom. 11 p.

VAN ROOYEN, E.E. 1948. Die Nederlandse Geloofsbelijdenis, Verkennersreeksnr. 9. Stellenbosch : Pro Ecclesia-Drukkery Bpk. 325 p.

VAN'T SPIJKER, W. 1972. Goddelijk recht en kerkelijke orde bij Martin Bucer. Apeldoornse studies, nr. 3. Kampen : J.H. Kok. 40 p.

VAN'T SPIJKER, W. 1990a. De opvattingen van de reformatoren. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., reds. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.*) Kampen : J.H. Kok. p. 86-103.

VAN'T SPIJKER, W. 1990b. Gereformeerde Kerken: A. De Kerken van de Afscheiding. (*In Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., reds. Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.*) Kampen : J.H. Kok. p. 130-134.

VAN'T SPIJKER, W. 1993. Dogmatische aspecten van het voortbestaan van de Christelike Gereformeerde Kerk in 1892 - enkele notities. *In die Skriflig*, 27(2):179-197, Jun.

VAN TOORENENBERGEN, J.J. 1895. De symbolische sрифten der Nederlandsche Hervormde Kerk in zuiveren kritisch bewerkten tekst haar aangeboden tot wettig gebruik. Utrecht : Kemink & Zoon. 178 p.

VAN VEEN, S.D. 1905. De organisasie der Ned. Herv. Kerk, beskouwd in het lichte van belijdenis en geskiedenis. Utrecht : G.J.A. Ruys. 107 p.

VAN VELDHUIZEN, G. s.a. Schetsboek bij den Catechismus. Franeker : T. Wever. 98 p.

VAN WYK, B.J. 1990. Die gesag van meerdere vergaderings. *Hervormer*, 83(6):5.

VAN WYK, J.H. 1974. Die vraag na 'n nuwe belydenisskrif. *In die Skriflig*, 9(32):22-33, Des.

VAN WYK, J.H. 1968. Hoeveel kerkbegrippe is by ons in swang? *In die Skriflig*, 2(7):12-26, Aug.-Sept.

VAN WYK, J.H. 1971. Mag die kerk skeur? *In die Skriflig*, 5(17):48-75, Mrt.

VAN WYK, J.H. 1972. Voortgesette diskussie rondom kerkskeuring. *In die Skriflig*, 6(22):51-53, Jun.

VAN WYK, J.H. 1986. "Bavinck oor kerkeenheid." *In die Skriflig*, 20(79):43-44, Sept.

VAN WYK, J.H. 1988. "Kerkeenheid: 'n Perspektief op die verhoudinge in die Gereformeerde Kerke in Suidelike Afrika." *In die Skriflig*, 22(85):16-32, Mrt.

VAN WYK, J.H. 1993. Temas uit die kerkgeskiedenis. *In die Skriflig*, 27(2):281-288, Jun.

VAN WYK, J.H. 2001. Eenheidsgesprek – verskeurde kerke weerspreek belydenis. *Beeld*:8, Jul. 9.

- VAN WYK, J.H. 2003. Een Psalmboek, twee reaksies. *Die Kerkblad*, 106(3158):5-6, Des.
- VELEMA, W.H. 1981. Het rapport "God met ons ... over de aard van het Schriftgezag" van de Gereformeerde Kerken in Nederland. *In die Skriflig*, 60:4-23, Des.
- VELTHUYSEN, GC. 1982. Die Belydenis in dogmatiese verband. *Hervormde Teologiese Studies*: 38(2&3)52-61.
- VENTER, A.J. s.a. Kerk en belydenis. Potchefstroom : Herald. 67 p.
- VERGEER, W.C. 1993. Teologie en kenteorie. 'n Reaksie op die artikels van Gerrie Snyman. *In die Skriflig*, 27(4):563-582, Des.
- VERGEER, W.C. 1999. Die Postmodernisme – 'n "gevaarlike reus"? *Die Kerkblad*, 101(3056):12-14, Mrt. 24.
- VISSCHER, H. 1905. Grijpt als 't rijpt - het advies inzake het gravamen tegen art. XXXVI der belijdenis. Utrecht : G.J.A. Ruys. 44 p.
- VISSER, J. 1978. Die Nuwe Testamentiese fundering van die kerklike tug. 'n Kerkregtelike studie. Potchefstroom: PU vir CHO. 239 p.
- VISSER, J. 1986. Die tug oor ampsdraers tydens die Doleansie van 1886. *In die Skriflig*, 20(80):25-35, Des.
- VISSER, J. 1997a. Sien en hoor. *Die Kerkblad*, 99(3004):14-16, Jan. 29.
- VISSER, J. 1997b. Beker of kelkies? *Die Kerkblad*, 99(3006):27-29, Feb. 26.
- VISSER, J. 1999. Die Kerkorde in praktyk. Orkney : EFJS Drukkers. 386 p.
- VORSTER, J.M. 1992. Die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika in ekumeniese konteks. *In die Skriflig*, 26(1):15-28, Mrt.
- VORSTER, J.M. 1993. Kuyper se ekklesiologie en die interpretasie van 'kerklike sake' in artikel 30 van die Kerkorde van die Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika. *In die Skriflig*, 27(2):215-229, Jun.
- VORSTER, J.M. 1999. Die ontwikkeling van postmoderniteit. *Die Kerkblad*, 101(3056):10-12, Mrt. 24.
- WALKER, W., NORRIS, R.A., LOTZ, D.W. & HARDY, R.T. 1997. A history of the Christian church. Edinburgh : T. & T. Clarke Ltd. 756 p.

WEIJLAND, H.B. 1990. De Gereformeerde Kerkorde. (*In* Van't Spijker, W. & Van Drimmelen, L.C., *reds.* Inleiding tot de studie van het Kerkrecht.) Kampen : J.H. Kok. p. 170-175.

WIERSINGA, H. 1971. De verzoening in de theologische discussie. Kampen : J.H. Kok. 225 p.

WOLMARANS, H. 2002. Die Nuwe Hervorming. (*In* Muller, J., *red.* Die Nuwe Hervorming.) Pretoria : Protea Boekhuis. p. 63-65.

ZUIDAM, B.A. & BRITZ, R.M. 1997. Holy letters and syllables: The function and character of Biblical authority in the second century. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif*, 38(3):180-191.